

UV - UFS
BLOEMFONTEIN
BIBLIOTEEK - LIBRARY



24/58

University Free State

34300002504714
Universiteit Vrystaat

'n Kritiese ontleding van die aard en ontwikkeling
van die novelle in Suid-Sotho.

deur

JACOBUS GREYLING GILDENHUYS

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir
die graad Doktor in die Fakulteit van Lettere
en Wysbegeerte (Departement Bantoetale) aan
die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloem-
fontein.

Desember 1973.

Promotors: Prof. J.A. du Plessis
Prof. C. van Heerden

Universiteit van die
Vrystaat
BLOEMFONTEIN
08 DEC 2005
UV SASOL BIBLIOTEEK

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDEN UIT DIE
BIBLIOTHEEK VERWYDER WORD NIE

Universiteit van die Oranje Vrystaat
9-7-1974
Kl. T496,3622 Gil
101862

DANKBETUIGINGS

'n Woord van dank -

aan prof. J.A. du Plessis, my voormalige
hoof en gewaardeerde promotor, vir
sy leiding, bystand, begrip en ywer.

aan prof. C. van Heerden, mede-promotor,
by wie ek kers kon opsteek, vir sy
bereidwilligheid om raad te gee.

aan mong. J.J. Moiloa, vir sy onbaatsugti-
ge bystand in die vertaling en inter-
pretering van tekste wat probleme opge-
lewer het.

aan my gade vir haar moeite om hierdie proef-
skrif in sy finale vorm deur te gaan.

aan verskeie kollegas en vriende.

BLOEMFONTEIN

DESEMBER 1973

I N H O U D S O P G A W E

HOOFSTUK I : DIE NOVELLE:

1.	Inleiding	1
1.1	Die Rol van die Tema in die Novelle	3
1.2	Die Rol van die Intrige in die Novelle	5
2.	Bestaande Kritiese Besprekings van die Suid-Sotho-nouvelles en die gehalte daarvan	7
3.	Die Doel en Werkwyse van hierdie Studie ...	14
4.	Bronnelys	16

HOOFSTUK II : DIE AANVANGSPERIODE (1907-1926):

2.1	Inleiding	20
2.2	Die Aanvangsperiode (1907-1926)	20
2.2.1	Inleiding	20
2.3	'n Algemene Bespreking van die Aanvangsperiode	21
2.3.1	Die Uitbeelding van die christelike godsdiens	21
2.4	Skrywers in die Aanvangsperiode	25
2.4.1	T. Mofolo	25
2.4.2	E. Segoele	25

HOOFSTUK III : DIE VEERTIGERJARE (1942-1949):

3.1	Inleiding	41
3.2	'n Algemene Bespreking van die Veertigerjare	42
3.2.1	Die Uitbeelding van Tradisies	42
3.2.2	Die Uitbeelding van die Bantoe se Verhuising na blanke gebiede	44
3.2.3	Die Uitbeelding van die christelike godsdiens	46
3.3	Skrywers in die Veertigerjare	47
3.3.1	J.J. Machobane	47
3.3.2	D. Matseletsele	51
3.3.3	S. Matlosa	55
3.3.4	A. Nqheku	61
3.3.5	M.L. Maile	64

HOOFSTUK IV : DIE VYFTIGERJARE EN BEGIN SESTIGERJARE (1950-1965):

4.1	Inleiding	66
4.2	'n Algemene Bespreking van die Vyftigerjare en Begin Sestigjarige.....	66
4.2.1	Die Uitbeelding van Rituele- en ander Moorde	68
4.2.2	Die Uitbeelding van Verhoudinge tussen die Manlike en Vroulike Geslag	72
4.2.3	Die Uitbeelding van Historiese karakters ..	78

4.2.4	Die Uitbeelding van Kinders se Reaksie op hul Ouers se Opvoeding	83
4.2.5	Die Uitbeelding van die Nut en Waarde van Skolastiese Opleiding	84
4.2.6	Die Uitbeelding van Vergelding	87
4.2.7	Die Uitbeelding van Hoogmoed	88
4.2.8	Die Uitbeelding van 'n Soeke na Geluk	89
4.2.9	Algemeen	93
4.2.9.1	Die Uitbeelding van die Christelike godsdiens	93
4.2.9.2	Die Uitbeelding van Spyt oor Huisverlating	93
4.2.9.2	Die Uitbeelding van die Opheffing van Land en Volk	94
4.2.9.4	Die Uitbeelding van 'n Strewe na Gesag	97
4.2.9.5	Die Uitbeelding van Diefstal en die Gevolge daarvan	97
4.2.9.6	Die Uitbeelding van Bende-aktiwiteite aan die Rand	98
4.2.9.7	'n Moderne Volksverhaal	99
4.2.9.8	Die Uitbeelding van 'n Diereras	100
4.3	Skrywers in die Vyftigerjare en Begin Sestigjare	100
4.3.1	J.D. Chaane	100
4.3.2	B.T.N. Gugushe	101
4.3.3	S.M. Guma	102
4.3.4	B.M. Khaketla	106
4.3.5	J.T. Khalala	109
4.3.6	D.P. Lebakeng	110
4.3.7	E.P. Lebone	111
4.3.8	E.A.S. Lesoro	112
4.3.9	H.B. Lethoba	115
4.3.10	F.R. Letlala	116
4.3.11	P.M. Letsie	118
4.3.12	A.T. Maboe	120
4.3.13	J.J. Machobane	123
4.3.14	I.E. Mahloane	126
4.3.15	M.L. Maile	127
4.3.16	S.N. Majara	129
4.3.17	B. Malefane	138
4.3.18	V.S. Manaka	140
4.3.19	S.P. Masiea	142
4.3.20	B.M. Masilo	143
4.3.21	S. Matlosa	144
4.3.22	O. Mofolo	146
4.3.23	T.T. Mofolo	147
4.3.24	J.J. Moiloa	149
4.3.25	A.S. Mopeli-Paulus	152
4.3.26	R.L. Motsatse	154
4.3.27	M. Ntsala	156
4.3.28	K.E. Ntsane	158
4.3.29	F. Nqheku	161
4.3.30	L.T. Nyese mane	161
4.3.31	A.C.J. Ramathe	162
4.3.32	A. Sekoli	164
4.3.33	J.K. Thakhisi	165
4.3.34	J.I.F. Tjokosela	167

HOOFSTUK V : DIE LAAT SESTIGERJARE (1965-):

5.1	Inleiding	170
5.2	'n Algemene Bespreking van die Laat Sestig- tigerjare	170
5.2.1	Die Uitbeelding van Kontak tussen blank en Bantoe en die S.A. rassebeleid	171
5.2.2	Die Uitbeelding van die Bantoe se Verhui- sing na die Stad	172
5.2.3	Die Uitbeelding van die Kontras tussen die Hedendaagse en Tradisionele Samelewings- patrone	173
5.2.4	Die Uitbeelding van die Aanvaarding van die Christelike godsdiens	173
5.2.5	Die Uitbeelding van die Ondergraving en Ja- loesie in die Bantoe-gemeenskap	174
5.3	Skrywers in die Laat Sestigjare	174
5.3.1	S.P. Lekeba	174
5.3.2	E.A.S. Lesoro	176
5.3.3	J.J. Moiloa	179
5.3.4	C.L.J. Mophethe	180
5.3.5	K.E. Ntsane	183
5.3.6	J. Setloboko	184
5.4.	Ongedateerde werke	186

HOOFSTUK VI : DIE AARD VAN DIE SUID-SOTHO-NOVELLE:

6.1	Inleiding	190
6.2	Tema	190
6.2.1	Die Christelike godsdiens	190
6.2.2	Befnvloeding deur die Stad of Westerse ge- meenskap	193
6.2.3	Die Nut en Waarde van Skolastiese Opleiding	196
6.2.4	Die Tekening van Tradisies	197
6.2.4.1	Die Sluiting van Huwelike	198
6.2.4.2	Die Ontvoering van 'n Bruid (Tjhobediso") .	199
6.2.4.3	Die 'lobola'-stelsel	200
6.2.4.4	Bigamie	201
6.2.4.5	Die 'kenela' -gebruik	201
6.2.4.6	Inisiasie	202
6.2.4.7	Moord	204
6.2.4.8	Rituele Moord	204
6.2.4.9	Die Beesras	205
6.2.5	Historiese Temas	206
6.2.5.1	Moshweshwe I	206
6.2.5.2	Die Batlokwestam	207
6.2.5.3	Die Amabulanistam	208
6.2.5.4	Chaka	208
6.2.5.5	Mohlomi	209
6.2.5.6	'n Familielid van die Skrywer	209
6.2.5.7	Kannibalisme tydens die "Difaqane"-oorloë .	210
6.2.6	Opheffing van Land en Volk (lesotho)	211
6.2.7	Sukses word deur harde Werk verkry	212
6.2.8	'n Strewe na Gesag	213
6.2.9	Die Uitbeelding van Inherente Geesteswak- hede	214
6.2.10	Die Verhouding tussen blank en Bantoe	217
6.2.11	Die R.S.A. en Afsonderlike Ontwikkeling ...	218
6.2.12	'n Soeke na Geluk	219
6.2.13	Diefstal, Moord en die Gevolge daarvan	220

6.2.14	Vergelding	221
6.2.15	Die Uitbeelding van Moderne Volksverhale ...	221
6.2.16	Die Uitbeelding van Spreekwoorde	221
6.2.17	Opmerking	224
6.3	Die Intrige	226
6.3.1	Inleiding	226
6.3.2	Die Intrige is Eenvoudig	226
6.3.3	Die Inleiding	227
6.3.4	Die Denouement	228
6.3.5	Die Agtergrond	230
6.3.6	Die Klimaks	232
6.3.7	Konflik	234
6.3.8	Spanning	236
6.3.9	Sentiment	238
6.3.10	Die Orde	239
6.3.11	Aanbieding	240
6.3.12	Verteltrant	241
6.3.13	Didaktiese Mededelings en Passasies	242
6.3.14	Skrywers se toon	243
6.3.15	Toevallighede	245
6.3.16	Onlogiese feite en Teenstrydighede	246
6.3.17	Onnodighede	247
6.3.18	Episode-tipes	248
6.3.18.1	Die Toordokter	248
6.3.18.2	Die Bonatuurlike	248
6.3.18.3	Die Skool	249
6.3.18.4	Disharmonie tussen Man en Vrou	249
6.3.18.5	Disharmonie tussen Ouer en Kind	250
6.3.18.6	Moord	250
6.3.18.7	Aanranding	250
6.3.18.8	Diefstal	250
6.3.18.9	Tronkstraf	251
6.3.18.10	Dronkenskap	251
6.3.18.11	Huwelike	251
6.3.18.12	Kapteins	252
6.3.18.13	Werk in Myne	252
6.3.18.14	Wegloop van die Ouerhuis/Skool	252
6.3.18.15	Kinderspel en -arbeid	252
6.3.18.16	Die Geboorte van Karakters	253
6.3.18.17	Die Afsterwe van Karakters	253
6.3.18.18	Die Hele Lewe van Karakters	254
6.3.19	Slotopmerking	254
6.4	Karakteruitbeelding	256
6.5	Styl	262
6.5.1	Inleiding	262
6.5.2	Sierstyl	263
6.5.3	Eenvoudige styl	265
6.5.4	Beskrywings	265
6.5.5	Verteltrant	265
6.5.6	Gedigte en Liedere	266
6.5.7	Subjektiewe en Objektiewe Skrywe	267
6.5.8	Woordkeuses	267
6.5.9	Dialog	268
6.5.10	Struktuur	269
6.6	Opmerking	269

HOOFSTUK VII : GEVOLGTREKKINGS, SAMEVATTING EN OORSIG:

7.1	Tydvakke	271
7.1.1	Die Aanvangsperiode	271
7.1.2	Die Veertigerjare	271
7.1.3	Die Vyftigerjare en Begin Sestigerjare	272
7.1.4	Die Laat Sestigerjare	273
7.2	Die Aard van die Suid-Sotho-novelle	274
7.2.1	Die Tema	274
7.2.2	Die Episodes en Karakters waarmee die Tema uitgebeeld word	275
7.2.3	Die Gehalte van die Intrige	276
7.2.4	Opmerking	277

BIBLIOGRAFIE:

---oOo---

HOOFSTUK I : DIE NOVELLE:

1. INLEIDING:

Aangesien hierdie studie deskriptief en diachronies van aard is met die doel om die groei en aard van die Suid-Sotho-novelle te peil, moet die resultate daarvan literêr-teoreties verantwoord word. As sulks is dit nodig om kortliks en in die breë, die novelle oor die algemeen, met betrekking tot doelstelling, aard en aanbieding te bekyk, sonder om hoegenaamd 'n nuwe teorie in hierdie verband daar te stel. Die kern van die novelle waardeur dit van ander genres in die letterkunde onderskei kan word, of wat gegewe fiksie as 'n novelle kenmerk, is immers in basiese riglyne of grondbeginsels gesetel wat uniek en eiesoortig is. Dit verskaf aan die ondersoeker die nodige agtergrond waarteen 'n sinchroniese benadering van die Suid-Sotho-novelle getoets kan word. Nuanses sal altyd in hierdie agtergrondstudie bestaan soos bevestig deur die verskeie en soms uiteenlopende teorieë, wat daar in die letterkundige soeke na maatstawwe bestaan en 'n evaluering van hierdie teorieë bied 'n studieveld in sigself. So kan daar in die studie van die Bantoe-letterkunde self nuwe teorieë ontstaan en grondige riglyne aangedui word waaraan hierdie letterkunde gemeet moet word. Hier is dit egter nie die doel nie en by gebrek daaraan kan alleenlik die breëre riglyne, soos gesê, en wat in elk geval basies oor die algemeen vasstaan en ook deur geen nuwe teorie vervang sal word nie maar moontlik bloot aangevul kan word, as kriterium aangewend word.

Die roman en novelle skei sigself baie duidelik van ander genres in die letterkunde af vanweë die eie unieke aard daarvan: die doel daarmee is byvoorbeeld nie dat dit opgevoer sal word soos met die drama nie; nie dat dit 'n presiese weergawe van 'n bepaalde persoonlikheid se handel en wandel sal wees soos in die biografie nie; nie bloot 'n enkele krisismoment in 'n karakter se lewe uitbeeld soos in die kortverhaal nie; nie 'n onvolledige maar suggestiewe beskrywing, aanbieding of tekening van enigiets soos in die skets nie; nie 'n poging om 'n bepaalde onderwerp

analities, krities, verklarend en in kort te benader soos in die essay nie. Hoewel die roman en novelle, soos ander genres in die letterkunde, ook fiksie is, word dit deur die aanbieding daarvan, of die samestelling van die stof of materiaal, in 'n mindere mate die lengte daarvan, maar ook die spesifieke doel waarmee dit aangepak word (m.a.w. as mondstuk vir die skrywer om bepaalde gedagtes of idees by die leser m.b.v. sy stof tuis te bring), gekenmerk as unieke en eiesoortige letterkunde-tipe.

Die onderskeiding roman en novelle (in Engels onderskeidelik "novel and novelette") kan onder andere getref word op grond van die lengte van hierdie tipe van werke wat andersins wesenlik min van mekaar verskil. (Vgl. Funk en Wagnalls).¹ Hierbenewens moet die vorm en inhoud ook in gedagte gehou word en Luitingh en Nienaber definieer die roman en novelle onderskeidelik as volg: "Die roman is gewoonlik nie 'n enkelvoudige eenheid soos die novelle of kortverhaal nie², Met die benaming novelle word gewoonlik aangedui 'n beknopte prosaverhaal waarin daar een gebeurtenis beskryf word wat 'n ingrypende betekenis is in die lewe van die hoofpersoon of hoofpersone"³. A.P. Grové sluit hierby aan met sy definisie van die novelle: "Letterkundige vorm van beknopte omvang en streng bou. Dit verhaal, gewoonlik in prosa en dikwels by monde van 'n verteller, 'n storie waarin die handeling die karaktertekening in die skadu stel"⁴. In die Suid-Sotho-letterkunde is skrywers se verhale oor die algemeen kort, beknopt en eenvoudig en voer na 'n gebeurtenis wat die hoofkarakter intiem en nou raak sodat daar dikwels op 'n verandering van omgewing of leefwyse besluit word. Om hierdie rede en "omdat 'n roman gewoonlik 'n taamlik uitvoerige werk is"⁵ kan die Suid-Sotho-skrywer se verhale as novelles gesien word. Tog is die bou daarvan dikwels minder streng en word soms meer as een gebeurtenis in die

-
1. Vgl. Funk and Wagnalls, Standard Dictionary of the English Language.
 2. LUITINGH, M., en NIENABER, C.J.M., Woordkuns. Inleiding tot die Literatuurstudie, p.157.
 3. LUITINGH, M., en NIENABER, C.J.M., a.w., p.160.
 4. GROVÉ, A.P., Letterkundige Sakwoordeboek vir Afrikaans, pp.63-64.
 5. LUITINGH, M., en NIENABER, C.J.M., a.w., p. 158.

lewe van die hoofkarakter of sy hele lewensgeskiedenis beskryf, sodat hierdie werke wel ook kenmerke van die roman insluit.

Aansluitend by Luitingh, Nienaber en Grové, begrens van Rouendal en du Toit die roman en novelle onderskeidelik as volg: "Waar die roman 'n hele lewensgeskiedenis uitbeeld met al sy skakeringe van emosionele ontwikkeling, daar gee die novelle net een gebeurtenis, dikwels van 'n doodgewone aard, wat 'n botsing en fundamentele omwenteling in die lewe van 'n persoon veroorsaak".¹ Dit is dus duidelik dat die novelle en roman van mekaar verskil t.o.v. lengte, bouvorm en die uitbeelding van een gebeurtenis by die novelle en 'n vollediger beskrywing van 'n groter deel van 'n karakter se lewe by die roman. In die geval van die Suid-Sotho-skrywer se werke is hierdie begrensing nie so duidelik soos wat later sal blyk nie, en blyk dit dat hulle werke uitstaan as kort vertellings waarin meer as een gebeurtenis in 'n hoofkarakter se lewe geskets word. Ten spyte hiervan egter kan hierdie werke, steeds as novelles gesien word wat net minder kunstig nanteer of aangebied is, omdat dit nie so uitvoerig is nie en karakterontwikkeling minder aandag geniet. 'n Geringe aantal werke is egter meer uitvoeriger en geniet karakterontwikkeling ook meer aandag, dog hierdie werke kan weens praktiese oorwegings ook by hierdie studie ingesluit word sonder om enigsins daardeur afbreuk aan hierdie skrywers se bydraes te doen. Vgl. bv. die volgende redelik lang werke (157-195 bladsye): Mosali a Nkhola en Meokho ea Thabodeur B.M. Khaketla, Chaka en Pitseng deur T. Mofolo asook Phakoana Tsooana deur T.T. Mofolo en Senate, Shoeshoe 'A Moshoeshoe deur J.J. Machobane in 'n mindere of meerdere mate. Word die novelle as genre dan van nader beskou, blyk dit dat die volgende elemente daarin, in hegte eenheid, 'n selfgenoegsame geheel uitmaak:

1.1. DIE ROL VAN DIE TEMA IN DIE NOVELLE:

Sonder tema kan die novelle nie bestaan nie. Die

1. VAN ROUENDAL, F.J. en DU TOIT, H.A., Nuwe Afrikaanse Stylleer met Styloefeninge,, p. 155.

skrywer se doel met sy werk, is daarin te vind en die teenwoordigheid of afwesigheid daarvan lei tot die onderskeiding novelle, aldan nie. Brooks en Warren definieer tema realisties en genoegsaam as volg: "The theme is what a piece of fiction stacks up to. It is the idea, the significance, the interpretation of persons and events, the pervasive and unifying view of life which is embodied in the total narrative."¹. Dit is dus meer as die onderwerp waarvoor geskryf word; trouens uit die onderwerp is die tema juis af te lei en hierdie afleiding moet gemaak word ten einde perspektief of sinvolheid in 'n bepaalde werk te vind. Daaruit blyk dit hoe die skrywer die lewe of bepaalde fasette daarvan binne 'n gegewe milieu beskou en die volle werklikheid teken met die implikasies wat sekere sosiale, maatskaplike, godsdienstige, ekonomiese en staatsregtelike of tradisionele beginsels en/of beskouinge op die individu, volk of volkere het. Van die kritici kan dus verwag word om 'n skrywer se tema op te weeg, allereers teen die aanvaarbare norme van die algemene christelike beginsels (en sodoende sy taak binne die raamwerk van die christelike wetenskap uitvoer) en dan ingelyks die skrywer se insig en begrip van die milieu waarin hy beweeg aan korrekte interpretasie te toets, sonder om enigsins die skrywer aan bande te probeer lê weens eie vooropgestelde beskouings of interpretasies van bepaalde gebeure of neigings in 'n sekere milieu. Die skrywer mag bepaalde maatskaplike gebeure totaal anders as die kritikus interpreteer en behoort nie daarom afgemaak te word nie, maar moet daar alleenlik bepaal word in hoeverre die skrywer se beredenering sinvol is en hy in staat is tot selfstandige denke en korrekte afleidings met die nodige perspektief.

1. BROOKS, C., and WARREN, R.P., Understanding Fiction, p.273.

Hierbenewens moet die skrywer se hoofgedagte in sy werk suiwer oorgedra word en beslis gemotiveer wees. Dit kan egter alleenlik geskied indien die intrige, die wyse waarop die onderwerp behandel word, 'n logiese, samehangende geheel, ter illustrasie van die tema, vorm. Hierdie organisering van die feitemateriaal kan as die patroon in die werk gesien word en die rangskikking van die feite as die orde waarin dit gedoen word, m.a.w. 'n chronologiese opeenvolging van gebeure in tyd of nie. Soms, soos aangetoon sal word, vang 'n werk op 'n bepaalde tydstip tydens die verloop van die verhaal aan en keer die skrywer later terug om die werklike aanvang van die verhaal te skets. In so 'n geval is die orde in die werk nie 'n chronologiese opeenvolging van gebeure in tyd nie.

1.2 DIE ROL VAN DIE INTRIGE IN DIE NOVELLE:

Die intrige kan nie aan sy doel beantwoord tensy die struktuur daarvan nie uit 'n logiese opeenvolging van gebeure bestaan wat op 'n passende noot ingelei en afgesluit word nie. Netso moet die verhaal 'n stadium van ontwikkeling geniet waarin konflik ontstaan en verwickelinge logieserwys 'n intensiteitstoename tot die bereiking van krisismomente toon. Hierdie ritme moet die nodige balans en korrekte klem of aandag geniet. 'n Denouement volgepak met onnodige gegewens is byvoorbeeld oorbeklemtoon en soos mosterd na die maal. Van 'n skrywer kan dus verwag word om sorg te dra dat die elemente wat die struktuur van sy werk uitmaak, genoegsame aandag sal geniet sonder om afgeskeep te word of oorbeklemtoon te word.

Die uitbeelding van die tema geskied by wyse van die interaksie wat daar bestaan tussen karakter en gebeure. Beide moet sinvol en funksioneel wees en derhalwe logiese, samehangende verband vertoon ten einde eenheid tot gevolg te hê. Die keuse daarvan moet ook nougeset die tema illustreer en nie daarvan afwyk nie ten einde versnippering te vermy en 'n deurlopende spanningslyn tot stand te bring, waardeur die leser weer gemotiveer word om voortdurend verder te lees. Hierin sal verandering en realistiese karakterisasie

'n deurslaggewende rol vervul, terwyl die skrywer se styl ook tot die sukses daarvan sal bydra. Die korrekte plasing van gebeure en aanwending van karakters aan die een kant, tesame met die vaardige tekening van hierdie situasies en karakters aan die ander kant, is dus 'n essensiële noodwendigheid in die bereiking van sukses. Daarin moet die skrywer aandag gee aan geskikte en geslaagde karaktertekening, lewendige vertelling, funksionele aksie en motiewe, bypassende atmosfeer, sterk konflik en 'n pakkende klimaks met 'n realistiese ontknoping, indien nodig. Indien die leser byvoorbeeld nie die hoofkarakter se motiewe begryp nie en hom nie as mens leer ken nie, kan daar nie met hom meegeleef word nie. Netso, indien die situasies waarin die hoofkarakter hom bevind, geen uitdagings aan hom stel of vir hom van geen belang is nie, skort daar iets met óf realistiese karaktertekening óf passende uitbeelding van gebeure waardeur konflik tot stand kan kom. Hierdie moeilike probleem kan nie omseil word deur subjektiewe opwekking van emosie by die leser of deur oordramatisering van aksie nie, want die kern daarvan sal steeds onaangeraak en gebrekkig bly. Hieruit is dit duidelik dat situasies sodanig moet wees dat karakters daarop kan reageer en omgekeerd.

In die keuse van sy stof en die aanbieding daarvan sal die skrywer te alle tye dit voor oë moet hou vir wie hy primêr sy werke bedoel. Om 'n kind met begrippe en situasies, waarvan hy niks weet nie en nie kan begryp nie te konfronteer, is netso ongelukkig as om die volwasse leser te verveel met gebeure wat hom nie interesseer nie of sy waarnemings- of oordeelsvermoë daarmee onderskat word. 'n Kind se streke kan immers by wyse van uitbeelding en styl, vir die kind aan die een kant en dan weer vir die volwasse aan die ander kant, aangebied word, indien die leser vir wie geskryf word, se agtergrond, kennis, waardering en smaak in gedagte gehou word. Immers, die volwassene soek na onderliggende komiese, ironiese of gevoelvolle uitbeelding; terwyl die jonger leser dit mag mislyk of nie begryp nie. Hierdeur word die keuse van episodes en die aanbieding daarvan dus beperk tot die leserskring vir wie die betrok-

ke werk bedoel word.

2. BESTAANDE KRITIESE BESPREKINGS VAN SUID-SOTHO-NOVELLES EN DIE GEHALTE DAARVAN:

Oor die algemeen geniet die Suid-Sotho-novelle geen diepgaande aandag van kritici nie en bloot enkele werke en skrywers, veral publikasies wat in die aanvangsperiode die lig gesien het, is in 'n mindere of meerdere mate deegliker ondersoek as later publikasies. Sporadiese boekbesprekings en algemene gegewens rakende skrywers self kom voor in die Universiteit van Suid-Afrika se publikasie Limi, Die Bantoe-onderwysblad en African Studies. Hierdie artikels is egter beskroomd, dikwels populêr of vir die skolier bedoel soos in die Die Bantoe-onderwysblad of 'n ligtelike beskouing in die breë waarin slegs enkele gedagtes uitgespreek word; dikwels tesame met 'n opsomming van die werk self. Geen gereelde artikels of boekbesprekings word gepubliseer nie en slegs 'n klein gedeelte van die Suid-Sotho novelle het in genoemde publikasies onder die soeklig gekom. Die skrywer as persoon of sy werke as geheel geniet, met die uitsondering van T. Mofolo en B.M. Khaketla, tans egter steeds nie die aandag nie en is dit bloot A.S. Gerard¹ wat 'n bydrae in hierdie verband gelewer het maar dan ook bloot t.o.v. die volgende skrywers: S.M. Guma², B.M. Khaketla³, S.N. Majara⁴, S. Matlosa⁵, T. Mofolo⁶, T.T. Mofolo⁷, A. Nqheku⁸, K.E. Ntsane⁹, E. Segoete¹⁰, en J.I.F. Tjokosela¹¹.

Die inligting wat Gerard in hierdie verband verskaf, is self soms minimaal soos in die gevalle van T.T. Mofolo of S.N. Majara in welke gevalle hy bloot die skrywer se herkoms en geboortedatum respektiewelik verstrek.

-
1. Vgl. Gerard, A.S., *Four African Literatures*, pp. 101-180.
 2. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 177.
 3. Vgl. Gerard, A.S., a.w., pp. 150, 162, 169-174.
 4. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 155.
 5. Vgl. Gerard, A.S., a.w., pp. 159, 161.
 6. Vgl. Gerard, A.S., a.w., pp. 10, 108, 109, 116, 131.
 7. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 155.
 8. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 147.
 9. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 151.
 10. Vgl. Gerard, A.S., a.w., pp. 113, 133-137, 148.
 11. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 156.

T. Mofolo, as skrywer, is die meeste deur kritici bespreek en benewens G.H. Franz¹ se outobiografie van hierdie skrywer, word hy ook bespreek deur A.S. Gerard², J. Jahn³, D.P. Kunene en R.A. Kirsch⁴ en P.S. Groenewald⁵.

Die volgende skrywers word almal in 'n mindere of meerdere mate deur A.S. Gerard bespreek: J.I.F. Tjokosela⁶, S. Matlo-sa⁷. A.S. Mopeli-Paulus⁸, S.M. Guma⁹, S.N. Majara¹⁰, T.T. Mofolo¹¹, A. Ngheku¹², K.E. Ntsane¹³ en E. Segoete¹⁴.

B.M. Khaketla word deur benewens A.S. Gerard¹⁵ ook bespreek deur Stevens¹⁶ en Ronald Segal¹⁷.

Ten spyte van hierdie leemtes in Gerard se werk is sy boek-besprekings egter tans die mees gesaghebbende en samevat-tende werk wat die Suid-Sotho-letterkunde in sy geheel saam-vat, afgesien daarvan dat heelwat werke nie deur hom behan-del word nie, en sy gegewens nie altyd korrek is nie. Vgl. bv. G. Manyeli se vertaling van 'n Europese volksverhaal Liapole tsa Gauda wat deur hom as 'n novelle wat oor stam-oorloë handel, bestempel word¹⁸. Netso word M. Ntsala se Sekhukhuni se Bonoa ke Sebatalali in navolging van S.M. Mo-fokeng¹⁹, foutiewelik as 'n riller bestempel.

-
1. Vgl. Franz, G.H., "The Literature of Lesotho", Bantu Studies, IV, 1930, p. 168.
 2. Vgl. Gerard, A.S., Four African Literatures, pp. 10., 108-109, 116, 131.
 3. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 131 vir Geschichte, p. 107.
 4. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 132 vir The Beginning of South African Vernacular Literature, p. 45.
 5. Vgl. Groenewald, P.S., "'n Voorstudie tot O.K. Matse-pe se Megokgo ya Bjoko (1969): die vervreemding van die vertel-lerkarakter", Limi, 1.2, 1973, p.24.
 6. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 156.
 7. Vgl. Gerard, A.S., a.w., pp. 159, 161.
 8. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 162.
 9. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 177.
 10. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 155.
 11. Ibid.
 12. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 147.
 13. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 151.
 14. Vgl. Gerard, A.S., a.w. pp. 113, 133-137, 148.
 15. Vgl. Gerard, A.S., a.w., pp. 150, 162, 169-174.
 16. Vgl. Gerard, A.S. a.w., p. 173 vir Lesotho, Botswana and Swaziland, p. 163.
 17. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 169 vir Political African (Geen bladsynommer verskaf).
 18. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 154.
 19. Vgl. Mofokeng, S.M., "Book Review", African Studies, XIV, 1955, pp. 142-143.

Oor die algemeen skyn dit dat werke in die Aanvangsperiode - publikasies deur T. Mofolo en E. Segoete asook Meokho ea Thabo deur B.M. Khaketla wat eers later in 1951 gepubliseer is, benewens besprekings deur Gerard en artikels in Limi of African Studies, ook ander kritici hierdie novelles van nader betrag het: T. Mofolo se Moeti wa Botjhabela is byvoorbeeld bespreek deur P.D. Beuchat¹, P.D. Cole-Beuchat², Norton³, G.H. Franz⁴, J.M. Lenake⁵ en A.S. Gerard⁶,

T. Mofolo se Chaka is bespreek deur Sulzer⁷, D.P. Kunene⁸, Werner⁹, M. L.(eenhardt)¹⁰, S. Moena¹¹, Luc Decaunes¹²,

-
1. Vgl. Beuchat, P.D., Do the Bantu have a Literature? p. 18.
 2. Vgl. Gerard, A.S., Four African Literatures, p. 112 vir "Literary Composition", The Teaching of Southern Sotho, red. James Walton, 1961, pp. 56-58.
 3. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 122 vir Sesuto Praises of the Chiefs, p. 441.
 4. Vgl. Franz, G.H., "The Literature of Lesotho", Bantu Studies, IV, 1930, pp. 173-174.
 5. Vgl. Lenake, J.M., "A brief survey of modern Literature in the South African Bantu Languages", Limi, 6, p. 76.
 6. Vgl. Gerard, A.S., a.w., pp. 109-112, 156, 176.
 7. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 117 vir "Nachwort", Chaka der Zulu, p. 240.
 8. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 177 vir The Works of Thomas Mofolo, p. 26.
 9. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 119 vir "Some Native Writers in South Africa", Journal of the African Society, XXX, pp. 27-39.
 10. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 119 vir "Chaka. Fidélité et infidélité chez les paëns", Le Monde non-chrétien, I, pp. 346-348.
 11. Vgl. Moena, S., "Book Review", African Studies, XXIX, 1970, p. 161.
 12. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 120 vir "Une épopée bantoue", Présence Africaine, 5, pp. 883-886.

L.B. Saratovskaya¹, Mphahlele², Claude Wauthier³, G.H. Franz⁴, en A.S. Gerard⁵.

T. Mofolo se Pitseng is bespreek deur D.P. Kunene⁶, Sulzer⁷, A.S. Gerard⁸, G.H. Franz⁹, en J.M. Lenake¹⁰.

E. Segoete se Monono is bespreek deur Norton¹¹, G.H. Franz¹², A.S. Gerard¹³ en J.M. Lenake¹⁴.

B.M. Khaketla se Meokho ea Thabo is bespreek deur P.D. Cole-Beuchat¹⁵, A.S. Gerard¹⁶, en J.M. Lenake¹⁷, en S.M. Mofokeng¹⁸.

-
1. Vgl. Gerard, A.S., Four African Literatures, p. 120 vir "Periodizatsia literaty Bantu v Yuzhno-Afrikanstrom Souze (nacalniy period)", Narodi Azii i Afriki, I pp. 117-127.
 2. Vgl. Gerard, A.S., a.w. p. 120 vir African Image, p. 172.
 3. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 120 vir The Literature and thoughts of Modern Africa, p. 96.
 4. Vgl. Franz, G.H., "The Literature of Lesotho". Bantu Studies, IV, 1930, pp. 169-171.
 5. Vgl. Gerard, A.S., a.w., pp. 5, 116-131, 141, 142.
 6. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 113 vir The Works of Thomas Mofolo.
 7. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 116 vir "Der weisse Mann in schwarzer Sicht", Afrikanischer Heimatkalender, p. 66.
 8. Vgl. Gerard, A.S., a.w., pp. 113-116, 141, 142.
 9. Vgl. Franz, G.H., a.w., pp. 171-173.
 10. Vgl. Lenake, J.M., "A brief survey of modern Literature in the South African Bantu Languages", Limi, 6, p. 76.
 11. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 122 vir "Sesuto Praises of the Chiefs", p. 441.
 12. Vgl. Franz, G.H., a.w., pp. 166-167.
 13. Vgl. Gerard, A.S., a.w., pp. 64, 111, 133-135, 142, 160, 169.
 14. Vgl. Lenake, J.M., a.w., p. 75.
 15. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 112 vir "Literary Composition", The Teaching of Southern Sotho, red. James Walton, pp. 56-68.
 16. Vgl. Gerard, A.S., a.w., pp. 170-171.
 17. Vgl. Lenake, J.M., a.w., p. 76; "The more common themes and their development in Modern Southern Sotho Literature", Limi, 4, p. 52.
 18. Vgl. Mofokeng, S.M., "Book Review", African Studies, XII, 1953, p. 139.

Benewens Gerard bespreek ander kritici ook dië volgende werke:

Lilahloane deur A. Nqheku word bespreek deur G.L. Letele¹ en A.S. Gerard², M. Ntsala se Sekhukuni se Bonoa ke Sebatalali word bespreek deur S.M. Mofokeng³ en A.S. Gerard⁴; A. Nqheku se Arola Naheng ea Maburu word bespreek deur J.M. Lenake⁵; J.J. Machobane se Senate, Shoeshoe 'A Moshoe-shoe is bespreek deur M.M. Mohapi⁶, J.M. Lenake⁷ en A.S. Gerard⁸; S.M. Guma se Morena Mohlomi, Mora Monyane is bespreek deur J.M. Lenake⁹ en A.S. Gerard¹⁰; S.M. Guma se Tshehlana tseo tsa Basia is ook bespreek deur J.M. Lenake¹¹ en A.S. Gerard¹²; S. Matlosa se Molahlehi is bespreek deur J.M. Lenake¹³ en A.S. Gerard¹⁴; S.N. Majara se 'Makotulo is bespreek deur J.M. Lenake¹⁵ en A.S. Gerard¹⁶;

-
1. Vgl. Letele, G.L., "Some recent literary publications in languages of the Sotho group", African Studies, III, 1944, pp. 168-169.
 2. Vgl. Gerard, A.S., Four African Literatures, p. 147.
 3. Vgl. Mofokeng, S.M., "Book Review", African Studies, III, 1944, p. 142.
 4. Vgl. Gerard, A.S., a.w., pp. 153-154.
 5. Vgl. Lenake, J.M., "A brief survey of Modern Literature in the South African Bantu Languages, Limi, 6, pp. 76-77.
 6. Vgl. Mohapi, M.M., "Qapollo ya Dibuka", Die Bantoe-on-derwysblad, Februarie 1963, p. 20.
 7. Vgl. Lenake, J.M., a.w., p. 76.
 8. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 155.
 9. Vgl. Lenake, J.M., a.w., p. 77.
 10. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 155.
 11. Vgl. Lenake, J.M., a.w., pp. 77-78.
 12. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 155.
 13. Vgl. Lenake, J.M., a.w., pp. 76-77.
 14. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 161.
 15. Vgl. Lenake, J.M., a.w., p. 76.
 16. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 162.

B.M. Khaketla se Mosali a Nkhola is bespreek deur A.K. Putsoa¹, S.M. Mofokeng², P.C. Mokgokong³, en A.S. Gerard⁴.

Die volgende werke is slegs in Die Bantoe-onderwysblad bespreek:

Moroetsan'a Moshate deur S.N. Majara word bespreek deur M.M. Mohapi⁵ en Motwaitwai wa Lesotho deur J.T. Khalala word ook deur M.M. Mohapi⁶ bespreek. Die volgende werke is deur J.M. Lenake alleen bespreek:

Mahaheng a Matsho⁷ deur J.J. Machobane, Masoabi⁸ deur K.E. Ntsame, Lesiamo le Ema⁹ deur O. Mofolo, Tshepo¹⁰ deur A.C.J. Ramathe, Mphatlalatsane¹¹ deur J.J. Machobane. Die volgende werke is ewe-eens slegs deur J.M. Lenake bespreek:

Peleapele¹² deur J.K. Thakhisi, Mehla e a Fetoha¹³ deur J.J. Moilola en Mehlolo ke Dinoha¹⁴ deur S.P. Lekeba.

Alleenlik A.S. Gerard bespreek die volgende werke:

-
1. Vgl. Putsoa, A.K., "Qapollo ya Dibuka", Die Bantoe-onderwysblad, Oktober 1960, p. 481.
 2. Vgl. Mofokeng, S.M. "Book Review", African Studies, XV, 1956, pp. 154-156.
 3. Vgl. Mokgokong, P.C., "The Adaptation of Christianity to traditional Bantu religion as revealed in Sotho literature", Limi, 2, p. 52.
 4. Vgl. Gerard, A.S. Four African Literatures, p. 173.
 5. Vgl. Mohapi, M.M., "Qapollo ya Dibuka", Die Bantoe-onderwysblad, September 1965, p. 26.
 6. Vgl. Mohapi, M.M., "Qapollo ya Dibuka", Die Bantoe-onderwysblad, Februarie 1963, p. 20.
 7. Vgl. Lenake, J.M., "A brief survey of Modern Literature in the South African Bantu Languages", Limi, 6, p. 76.
 8. Ibid.
 9. Ibid.
 10. Ibid.
 11. Vgl. Lenake, J.M., a.w., p. 70.
 12. Vgl. Lenake, J.M., "Boekbespreking", Limi, 14, pp. 62-63.
 13. Vgl. Lenake, J.M., a.w., p. 63.
 14. Ibid.

Tsielala¹ deur F. Nqheku, O sentse Linako² deur S.N. Majara, Nna Sajene Kokobela, C.I.D.³ deur K.E. Ntsane, Tšoana-Makhulo⁴ deur I.E. Mahloane, Phakoana Tšoana⁵ deur T.T. Mofolo, Morena oa Thaba⁶ deur S.N. Majara, Mosongoa⁷ deur J.I.F. Tjokosela en Liretio⁸ deur A.S. Mopeli-Paulus.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar vandag min kritici t.o.v. die Suid-Sotho-novelle bestaan en, soos gesê, geniet slegs enkele werke besondere, hoewel nie deurtastende ondersoek nie; terwyl 'n groot deel van die novelle buite rekening gelaat is en daar t.o.v. 'n hele aantal werke slegs enkele gedagtes gelug is. Die rede hiervoor is miskien dat baie Suid-Sotho-novelles van minder goeie gehalte is soos later sal blyk en kritici dit nie die moeite werd ag om enigsins diepgaande aandag daaraan te bestee nie. Oor die algemeen is die gehalte van boekbesprekings dus onbevredigend vanweë vae en terloopse opmerkings en is dit derhalwe ook verstaanbaar dat gevolgtrekkings wat hieruit gemaak word, ewe onbevredigend en in breë trekke sal wees. Vgl. bv. J.M. Lenake⁹ se bespreking van die novelle in welke geval geen duidelike ontwikkeling van die novelle in die algemeen of 'n aanduiding van die gehalte daarvan met uitsondering van bepaalde werke en/of skrywers, gedoen kon word nie. Ook G.H. Franz¹⁰ se poging om die Suid-Sotho-letterkunde van nader en in die algemeen te beskryf, kan waardeur word en werp lig op die vroeë stadium van die

-
1. Vgl. Gerard, A.S., *Four African Literatures*, p. 161.
 2. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 162.
 3. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 152.
 4. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 155.
 5. Ibid.
 6. Ibid.
 7. Vgl. Gerard, A.S., a.w., pp. 156-157.
 8. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 159.
 9. Vgl. Lenake, J.M., "A brief survey of Modern Literature in the South African Bantu Languages", Limi, 6, pp. 75-78.
 10. Vgl. Franz, G.H., "The Literature of Lesotho", Bantu Studies, IV, 1930, pp. 145-180.

Suid-Sotho-novelle se ontwikkeling, maar ongelukkig is sy besonderhede vandag nie genoegsaam nie vanweë die talle publikasies en tydsverloop sedert 1930 toe sy artikel verskyn het. Trouens, met die aanbieding van sy artikel was slegs vier novelles in Suid-Sotho gepubliseer. Netso is A.S. Gerard¹ se algemene oorsig oor die ontwikkeling van die Suid-Sotho-letterkunde vol leemtes en meer in die algemeen, vanweë die feit dat hy al die genres in hierdie letterkunde betrek. Juis vanweë gebrekkige boekbesprekings waarop hy moes steun, kon hy slegs die aanvangsperiode, wat hy die "Goue Eeu"² noem, goed van die res van die ontwikkelingsstadia van die novelle, en van ander genres, onderskei. Na 1912 onderskei hy bloot 'n periode van "Agteruitgang en Herlewing"³ sonder om meer presiese besonderhede aan te dui. Dat sy werk nie sonder meriete staan nie, is duidelik, maar ewe-eens is dit ook opvallend dat die Suid-Sotho-novelle, trouens die hele Suid-Sotho-letterkunde, dringend groter aandag, evaluering en beskrywing regverdig.

3. DIE DOEL EN WERKWYSE VAN HIERDIE STUDIE:

Bostaande paragraaf in aanmerking geneem, blyk dit duidelik dat besprekings deur kritici van die Suid-Sotho-novelle in baie gevalle geen diepgaande studies is nie en kritiekgewings nie sodanig georden is dat dit 'n geheelbeeld van die Suid-Sotho-novelle verskaf nie. Hoewel belangriker werke en skrywers in 'n mindere of meerdere mate beskryf word, bly minder suksesvolle werke buite rekening gelaat. Ook is daar tot op die huidige geen werklik geordende en volledige beskrywing van die novelle as geheel, waarin bepaalde tendense en/of ontwikkelingsstadia onderskei kan word nie. Die noodsaak hiervoor is voor die hand liggend. Hierbenewens is die belangrikste skrywers

-
1. Vgl. Gerard, A.S., *Four African Literatures*, pp. 101-180.
 2. Vgl. Gerard, A.S., *a.w.*, p. 141.
 3. *Ibid.*

en/of werke nie uitgelig en direk teenoor minder belangrike of suksesvolle skrywers en werke gestel nie, sodat die student van hierdie genre dit moeilik vind om te bepaal watter skrywers verdienstelike bydraes tot die Suid-Sotho-letterkunde gelewer het en watter werke as relevant en van bevredigende gehalte gesien kan word. Om hierdie rede het die ondersoeker gepoog om die ontwikkeling van die novelle in Suid-Sotho na te gaan en riglyne daar te stel ooreenkomstig publikasies binne 'n bepaalde tydperk en insgelyks die gehalte daarvan aan te dui. (Vgl. hoofstukke II tot V).

Die aard van die novelle, m.b.t. die tema en intrige, het veral t.o.v. laasgenoemde baie min aandag van kritici geniet. Daar is wel aangedui waarom skrywers skryf, soos dit uit paragraaf 2 blyk, maar ook hierin het kritici nie 'n duidelike samevattende geheel verskaf nie. Derhalwe het die ondersoeker hieraan aandag probeer gee met 'n uiteensetting van die temas wat in die Suid-Sotho-novelle aangetref word. (Vgl. hoofstuk VI). Die aard en gehalte van die intrige in die Suid-Sotho-novelle is grootliks deur kritici oor die hoof gesien en derhalwe verkeer die student van hierdie genre in dié ongemaklike posisie dat hy niks meer weet as dat sekere werke as verdienstelik beskou word en andere nie. Die rede hiervoor word nie altyd en in die breë deur kritici verskaf nie. Hierbenewens kon student geen beskrywing vind van skrywers se verdienstes of leemtes in hulle intriges nie, terwyl die Suid-Sotho-skrywer se algemene swakhede en prestasies of unieke aanbieding van sy stof, ook nêrens te vinde is nie. As sulks het die ondersoeker in hoofstuk VI ook gepoog om op die swakhede of leemtes in bepaalde werke te wys, terwyl verdienstelikhede in intriges ook genoem is. Ongelukkig is die novelle oor die algemeen, veral wat die intriges aanbetref, nie van besonder hoë gehalte nie en word leemtes feitlik deurgaans, en dikwels op groot skaal, aangetref. Dit mag dus voorkom asof die ondersoeker subjektief teenoor

sy werk ingestel was, maar tog is objektiwiteit so ver as moontlik nagestreef en sal gevind word dat krediet wel waar nodig, ook gegee is.

In die bespreking van die intrige, karaktertekening en styl in hoofstuk VI, het die ondersoeker deurgaans gepoog om 'n geheelbeeld te verskaf van hoe skrywers hulle stof benader ten einde algemene swakhede, unieke en verdienstelike prestasies asook dit waaroor skrywers skryf, aan te toon; m.a.w. welke tipes van karakters en episodes interesseer die Suid-Sotho-skrywer, lê in sy ervaringsveld en word deur hom gebruik of aangewend. In hierdie verband het die ondersoeker statistiese gegewens probeer verskaf ten einde sodoende die mate waarin sekere leemtes, tipologiese kenmerke, verdienstelikhede en episode- of karaktertipes in die novelle voorkom, aan te dui. Daaruit kan die omvang van bogenoemde duideliker besef en begryp word.

Dit is dus duidelik dat die ondersoeker in sy hele bespreking van die Suid-Sotho-novelle, telkens tot gevolgtrekkings moes kom en dit so moes noem. Derhalwe is dit onnodig om al hierdie gegewens weer in die slothoofstuk te herhaal, en word in hoofstuk VII bloot 'n samevatting van die meer belangrike gevolgtrekkings verskaf.

4. BRONNELYS:

Die onderstaande is 'n lys van die Suid-Sotho-novelles wat in hierdie studie nagegaan is, terwyl dié werke wat die ondersoeker moes lees ten einde te bepaal in watter genre hulle tuishoort, buite rekening gelaat word. Dit is ook nie altyd moontlik om die eerste publikasiedatum van werke te verskaf nie, vanweë die feit dat dit nie altyd in werke aangedui word nie en hierdie ontbrekende inligting ook nêrens bekom kon word nie. Ten spyte daarvan dat tweede en derde publikasies soms bestudeer is, word die eerste publikasiedatum verskaf, aangesien daar in herdrukke meesal aandag aan ortografie en drukfoute gegee word en die eerste publikasiedatum van kardinale belang is by die plasing van 'n betrokke werk in 'n bepaalde tydvak.

1. CHAANE, J.D., Pitso ea Makhulo. (Moriya, Lesotho, 1951)

2. GUGUSHE, B.T.N., Naleli ea Meso. (Via Afrika, Bloemfontein, Johannesburg, Kaapstad, 1951)
3. GUMA, S.M., Morena Mohlomi, Mora Monyane. (Shuter and Shooter, Pietermaritzburg, 1960)
4. GUMA, S.M., Tshehlana tseo tsa Basia. (Shuter and Shooter, Pietermaritzburg, 1962)
5. KHABELE, E.S., Moiketsi ha a lleloe. (Mazenod, Lesotho, s.j.)
6. KHAKETLA, B.M., Meokho ea Thabo. (Moriya, Lesotho, 1951)
7. KHAKETLA, B.M., Mosali a Nkhola. (A.P.B., Johannesburg, Kaapstad, 1960)
8. KHALALA, J.T., Motwaitwai wa Lesotho. (A.P.B., Johannesburg, Kaapstad, 1961)
9. LEBAKENG, D.P., Sekoting sa Lihele. (Moriya, Lesotho, 1956)
10. LEBONE, E.P., Senyamo. (Via Afrika, Bloemfontein, Johannesburg, Kaapstad, 1950)
11. LEHLOENYA, P., Moiketsi oa sehong-hong. (Mazenod, Lesotho, s.j.)
12. LEKEBA, S.P., Mehlolo ke Dinoha. (Educum, Johannesburg, 1971)
13. LESORO, E.A.S., Leshala le Tswala Molora. (A.P.B., Johannesburg, Kaapstad, 1964)
14. LESORO, E.A.S., Pere Ntsho Blackmore. (A.P.B., Johannesburg, Kaapstad, 1968)
15. LETHOBA, H.B., Kgunou le Maria. (A.P.B. Johannesburg, Kaapstad, 1962)
16. LETLALA, F.R., Makoa. (Mazenod, Lesotho, 1958)
17. LETSIE, P.M., Rabahlanka kapa Molele. (Mazenod, Lesotho, 1960)
18. MABOEE, A.T., Menyepetsi ya Maswabi. (A.P.B., Johannesburg, Kaapstad, 1963)
19. MABOEE, A.T., Sebolelo. (A.P.B., Johannesburg, Kaapstad, 1962)
20. MACHOBANE, J.J., Mahaheng a Matsho. (Moriya, Lesotho, 1946)
21. MACHOBANE, J.J., Mphatlalatsane ya Sekgutlo. (Moriya, Lesotho, 1947)
22. MACHOBANE, J.J., Senate, Shoeshoe 'A Moshoeshoe. (A.P.B., Johannesburg, Kaapstad, 1954)
23. MAHLOANE, I.E., Tsoana-Makhulo. (Mazenod, Lesotho, 1961)
24. MAILE, M.L., Moiketsi. (Via Afrika, Bloemfontein, Johannesburg, Kaapstad, 1958)

25. MAILE, M.L., Ngoana ha a botsa Telejane. (Moriya, Lesotho, 1947)
26. MAJARA, S.N., Liakhela. (Mazenod, Lesotho, 1964)
27. MAJARA, S.N., Liate oa Mafika-Lisiu. (Mazenod, Lesotho, 1964)
28. MAJARA, S.N., Mafofela le Mohau. (Mazenod, Lesotho, 1963)
29. MAJARA, S.N., 'Makotulo. (Mazenod, Lesotho, 1953)
30. MAJARA, S.N., Morena oa Thaba. (Mazenod, Lesotho, 1962)
31. MAJARA, S.N., Moroetsan'a Moshate. (Mazenod, Lesotho, 1964)
32. MAJARA, S.N., O sentse Linako. (Mazenod, Lesotho, 1956)
33. MALEFANE, B., Nqalong ya Lerato. (A.P.B., Johannesburg, Kaapstad, 1963)
34. MANAKA, V.S., Lerole le lefubedu. (A.P.B., Johannesburg, Kaapstad, 1963)
35. MASIEA, P., Lisebo. (Mazenod, Lesotho, 1962)
36. MASILO, B.M., Mamello e Tsoala Katleho. (Mazenod, Lesotho, 1965)
37. MATLOSA, S., Molahlehi. (Moriya, Lesotho, 1946)
38. MATLOSA, S., Mopheme. (Willem Gouws, Johannesburg, Kaapstad, 1965)
39. MATSELETSELE, D., Ditaba tsa Tawana. (Via Afrika, Bloemfontein, Johannesburg, Kaapstad, 1949)
40. MOFOLO, O., Lesiamo le Ema. (Mazenod, Lesotho, 1963)
41. MOFOLO, T., Chaka. (Moriya, Lesotho, 1926)
42. MOFOLO, T., Moeti wa Botjhabela. (Moriya, Lesotho, 1907)
43. MOFOLO, T., Pitseng. (Moriya, Lesotho, 1910)
44. MOFOLO, T.T., Phakoana Tsooana. (Mazenod, Lesotho, 1962)
45. MOILOA, J.J., Mehla ea Fetoha. (Via Afrika, Bloemfontein, Johannesburg, Kaapstad, 1971)
46. MOILOA, J.J., Paka-Mahlomola. (Via Afrika, Bloemfontein, Johannesburg, Kaapstad, 1965)
47. MOPELI-PAULUS A.S., Liretlo. (Via Afrika, Bloemfontein, Johannesburg, Kaapstad, 1950)
48. MOPELI-PAULUS, A.S., Moshoeshe Moshwaila. (A.P.B., Johannesburg, Kaapstad, 1964)
49. MOPHETHE, C.L.J., Mofufutso wa Phatla. (Via Afrika, Bloemfontein, Johannesburg, Kaapstad, 1966)
50. MOTSATSE, R.L., Moitshepi le Moeletsi. (Via Afrika, Bloemfontein, Johannesburg, Kaapstad, 1950)

51. NTSALA, M., Sekhukhuni se Bonoa ke Sebatalali. (Moriya, Lesotho, 1954)
52. NTSANE, K.E., Bao Batho. (A.P.B., Johannesburg, Kaapstad, 1967)
53. NTSANE, K.E., Masoabi. (Moriya, Lesotho, 1952)
54. NTSANE, K.E., Nna Sajene Kokobela, C.I.D. (A.P.B., Johannesburg, Kaapstad, 1963)
55. NQHEKU, A. Arola Naheng ea Maburu. (Mazenod, Lesotho, 1942)
56. NQHEKU, A. Lilahloane. (Mazenod, Lesotho, 1944)
57. NQHEKU, F., Tsielala. (Mazenod, Lesotho, 1959)
58. NYESEMANE, L.T., Lillo tsa Mokhotlong. (Mazenod, Lesotho, 1964)
59. RAMATHE, A.C.J., Tshepo. (A.P.B., Johannesburg, Kaapstad, 1957)
60. SEGOETE, E., Monono. (Moriya, Lesotho, 1910)
61. SEKOLI, A., Lekomo la Ralitoro. (Mazenod, Lesotho, 1960)
62. SETLOBOKO, J., Monyaluo. (Mazenod, Lesotho, 1969)
63. SUPING, C., Litholoana tsa Menate ea Lefatše. (Mazenod, Lesotho, s.j.)
64. THAKHISI, J.K., Peleapele. (Educum, Johannesburg, 1971)
65. THAKHISI, J.K., Tsha ha se Mele Poya. (A.P.B., Johannesburg, Kaapstad, 1961)
66. TJOKOSELA, J.I.F., Mohale o Tsoa Maroleng. (Moriya, Lesotho, 1956)
67. TJOKOSELA, J.I.F., Mosonnqoa. (Mazenod, Lesotho, 1960)
68. TJOKOSELA, J.I.F., Sarah. (Mazenod, Lesotho, 1956)

Goue Periode genoem, skei sigself baie netjies van daaropvolgende publikasies af deurdat:

- (a) daar vir 15 jaar na die publikasie van Chaka deur T. Mofolo in 1926, geen novelles verskyn het nie;
- (b) drie uit die vier werke wat in hierdie tydperk verskyn het, christelik-filosofies van aard is¹;
- (c) al vier genoemde werke, literêr geoordeel, nooit weer geëwenaar is nie.

2.2.2 'N ALGEMENE BESPREKING VAN DIE AANVANGSPERIODE:

Die vier werke in hierdie periode gepubliseer, kan as volg saamgegroepeer word:

- (a) Moeti wa Botjabela deur T. Mofolo, Pitseng deur dieselfde skrywer en Monono deur E. Segoete, vanweë die feit dat hierdie drie werke die uitbeelding van die christelike godsdiens as kern het; en
- (b) Chaka deur T. Mofolo wat 'n historiese agtergrond het en handel oor die lewe van die eens magtige Zulu-opperhoof, Tjhaka.

2.3.1 DIE UITBEELDING VAN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS:

Hierdie periode word ingelei deur T. Mofolo met die verskyning van sy eerste twee werke onderskeidelik. As kind van christelike ouers, werknemer van sendelinge, student aan 'n Bybelskool en onderwyser² is dit dus geensins vreemd dat Mofolo hom op die skryf van novelles met 'n christelike strekking sou toelê nie. Ten spyte daarvan dat sy laaste werk, Chaka, geen filosofie oor die godsdiens behels nie, spreek enkele beginsels daaromtrent tog duidelik. Vgl. bv. die oormatige bloedvergieting, 'n oordrewe sug

1. Vgl. Mofolo T., Moeti wa Botjabela; Pitseng.
Vgl. Segoete, E., Monono.

2. Vgl. Gerard, A.S., Four African Literatures, pp. 108-109.

na mag en 'n heulery met toordokterspraktyke wat tot ondergang lei en te rym is met 'n christelike siening oor die genoemde aspekte.

Sy eerste werk het as agtergrond 'n pre-westerse kontak met die christelike godsdiens en hierin wil Mofolo dit ondubbelsinnig stel dat die Bantoe oor 'n kennis van God, en in geringer mate, van Christus beskik het voor die blanke met sendingwerk in Afrika begin het. Vgl. bv. die hoofkarakter se besef van 'n Skepper met die legende oor Senkatana en Kgodumodumo, asook 'n soeke en uiteindelijke kennismaking met Christus. Hierbenewens betrag Mofolo die christelike ideologie en praktyk soos wat dit deur die westerse beskawing tot Afrika gekom het en blyk sy gevolgtrekkings daaromtrent duidelik in hierdie werk, maar veral in Pitseng, na vore te kom. Vgl. die doelbewuste wyse waarop die christelike ideologie in die praktyk uitgevoer word deur die feitlik volmaakte karakters Fekisi, Alfred Phakoe en Aria Sebaka. In sy eerste werk bestaan daar 'n hegte eenheid tussen die christelike ideaal en die westerse beskawingsbeginsels. (Vgl. bv. hoedat Fekisi se soeke na die ware godsdiens en christelike leefwyse in Europa ten einde loop). Tog word hierdie siening in sy tweede werk verwerp as hy tot die gevolgtrekking kom dat nie-christelike praktyke en handeling via die blanke tot Suid-Sotho kom¹. Dit is dan dat Mofolo die lewe en werk van sy voormalige skoolmeester, E. Segoe², veridealiseer en die Bantoe self gebruik i.p.v. die blanke met sy westerse beskawing, om die christelike beginsels en -praktyk as eenheid te vervleg en aan sy lesers voor te hou. Tradisionele gewoontes t.o.v. hofmakery en die sluiting van huwelike word benewens die lossere sedes wat saam met die aanvaarding van die blanke godsdiens by die Bantoe posgevat het, verwerp en teken Mofolo

1. Vgl. Mofolo, T., Pitseng, pp. 41, 55.

2. Vgl. Gerard, A.S., Four African Literatures, p. 108.

deur die preke van Mr. Katse en sy twee jong skoliere se hofmakery, latere verbintenis en christelike siening en -leefwyse, die ideaal wat hy aan die uitlewing van die christelike godsdiens stel.

E. Segoeete sluit hom hierby aan in die enigste novelle wat uit sy pen in navolging van Mofolo verskyn. Anders as Mofolo besef sy hoofkarakter, Khitsane, die waarde, nut en vrede wat die christelike godsdiens bied ná 'n kennismaking met onsuksesvolle aanpassing en ongelukkige ervarings in die vreemde milieu van verstedeliking in S.A. Hierdie verskynsel wat aan die begin van hierdie eeu al hoe meer Bantoe uit die tradisionele staat gelok het en bygedra het tot die verwagting van tradisies en sterk sedelike norme onder die Bantoe, het meer as een skrywer genoop om daarteen in opstand te kom en sy volk te waarsku teen die gevare van 'n kosmopolitiese, verwesterde samelewingstruktuur - soms selfs die tradisionele lewenspatroon te veridealiseer en 'n vervloë utopia te teken waardeur die Bantoe aangeraai word om eerder te bly waar hulle is en 'n eie lewenspatroon uit te bou. Hierdie tema word deur Segoeete ingelei en beklemtoon hy dit ook dat alles wat blink nie goud is nie of dat rykdom of besittings geen sekuriteit bied nie en soos mis voor die son kan wegsmelt - aan die ander kant gee Segoeete 'n praktiese voorbeeld en vertolking van die christelike godsdiens en siening van die dood. As oplossing vir probleme en 'n doellose gejaag na niks in die moderne samelewing, bied Segoeete die aanvaarding van Christus as Verlosser aan en teken hy ook die logiese gevolg hiervan, nl. 'n vreugdevolle streef om met God herenig te word en die aardse onvolmaaktheid te ontsnap. Die skrywer se allegoriese visie tree sterk op die voorgrond as die hoofkarakter sterf en sy reis na die Hiernamaals begin, asook die ondervindings van Tim wat nie op Khitsane se sedelesse reageer nie en sy liggaam of "ou natuur" eers simbolies afsterf as hy in 'n gat toeval en daarna tot volle aanvaarding van Christus se Soenverdienste

kom wanneer hy droom dat die aarde vergaan en hy nie onder die gelowiges ressorteer nie.

Net soos Mofolo filosofer Segoete dus ook oor die christelike ideologie en bied hy praktiese voorbeelde van die praktiese uitlewing daarvan aan. Anders as Mofolo egter moes sy karakters eers die volle werklikheid van die mens se sondige natuur ervaar en skets hy die skrilte kontras tussen die verlore skepsel en geredde christen wat 'n greep uit die alledaagse en bekende lewensomstandighede voorstel.

2.3.2. DIE UITBEELDING VAN HISTORIESE KARAKTERS:

Hierdie periode word afgesluit met Mofolo se laaste werk, Chaka, waarin bogenoemde patroon onderbreek word en sommige feite rakende die christelike beginsels meer subtiel aangebied word. Terselfdertyd is hierdie werk 'n eerste poging tot die skryf van historiese romans en word hierdie genre eers weer deur J.J. Machobane¹ in 1954 voortgesit. Mofolo skets in hierdie werk die lewe en strewes van die eens magtige opperhoof van die Zulu, Tjhaka. Tog is dit geen biografie in die ware sin van die woord nie en word Tjhaka se lewensgeskiedenis gekleur met toordokterspraktyke en bonatuurlike gebeure. Aanvanklik word die sielkundige gevolge uitgebeeld van 'n kind deur sy vader en volk misken waardeur so 'n kind tot haat, vergelding en 'n sug na mag gemotiveer word. Aangevuur deur hulp van toordokters en gevolglike suksesse in hierdie natuurlike strewes, ontstaan 'n strewe na 'n oordrewe magsug, wat ook weens die toordoktersbehandeling wat Tjhaka voortdurend en reeds as kind ontvang het, nie meer vermy kan word nie. Die hoofkarakter bereik dan 'n punt waar hy sy rede inboet en deur magte buite homself

1. Vgl. Machobane, J.J., Senate, Shoeshoe 'A Moshoeshoe.

geleë, gedwing word om as tiranniese heerser die Zulustamme tot een volk saam te voeg en te regeer, terwyl ander stamme onderwerp word. Moord, bloedvergiëting, tesame met die inboet van gesonde oordeel lei dan later tot ondergang, patetiese verlorendheid en die dood.

Met hierdie werk, deur A.S. Gerard¹ as Afrika se eerste groot bydrae tot die moderne wêreld-letterkunde bestempel, word hierdie tydvak dan afgesluit waarin alleenlik T. Mofolo en E. Segoe se bydraes gemaak het. Beide hierdie skrywers verdien lof met hulle bydrae en gevolglik sal 'n kritikus moeilik kan besluit oor wie die grootste verdienste het. Beide se versienheid en skerpe insig in die christelike godsdiens en die wyse waarop dit deur blank en nie-blank uitgeleef word en dit die Bantoe se lewenspatroon op tradisionele vlak raak, kan nie betwis word nie. Netso is veral Segoe se waarnemings en afkeuring aan die invloed van 'n leefwyse buite die stamverband op die individu, relevant en raak. Mofolo se karakteruitbeelding en hantering van sielkundige probleme en/of 'n geestesgebrek, is van dieselfde hoogstaande gehalte as sy hantering en beskouings van die christelike godsdiens.

2.4 SKRYWERS IN DIE AANVANGSPERIODE:

2.4.1 T. MOFOLO:

Mofolo slaag in sy temas daarin om sy lesers stof tot nadenke te gee, te inspireer en te wys op die noodsaaklikheid om bepaalde beskouinge te hê wat as motivering vir al 'n mens se doen en late moet dien, ten einde geluk, vrede en 'n toekoms in die Hiernamaals te hê. Sy verhale verloop as volg:

1. Vgl. Gerard, A.S., Four African Literatures, p. 5.

In sy eerste werk, Moeti wa Botjhabela (1907), groei Fekisi op in 'n omgewing waar daar 'n gebrek aan liefde, waarheid en enige christelike beginsels bestaan; terwyl bloedvergieting, brassery en sedeloosheid aan die orde van die dag is. Hy begin die lewe bepeins en waarnemings wat hy in die natuur maak, bring hom tot die besef dat daar 'n god moet wees wat alles geskape het en sy skepping onderhou. Die legende oor Senkatana wat hy verneem, versterk sy vermoedens maar, aangesien hy meer oor hierdie god wil weet en niemand hom die nodige inligting kan verskaf nie, besluit hy om daarna te gaan soek. Hy reis oos, vanweë die feit dat die son oos opkom en Ntswana-Tsatsi sogenaamd oos geleë is. Na vele ontberinge, maar duidelik deur God gelei en beskerm, word hy deur blanke seevaarders in 'n uitgeputte toestand aangetref en saamgeneem Europa toe. Intussen het hy verskeie kere gedroom van 'n man met lang hare wat na hom wink en aanmoedig om te volhard. Hierdie persoon blyk later Christus self te wees van wie hy op die boot verneem as die seevaarders hom oor die christelike godsdiens inlig. In Europa word hy verder in hierdie godsdiens geskool en maak dit sy erns. Die klimaks breek aan as hy tydens 'n kerkfees, waarskynlik Paasfees, 'n erediens bywoon en 'n vreemde verskynsel teen die oostelike muur en nok van die kerkgebou opmerk. Later blyk dit die man van sy drome, en dus Christus self, te wees, wat hy waarneem en hierdie gesig vervul hom só met vreugde dat hy na die altaar hardloop terwyl hy uitroep: "My Christus, hoe verlang ek na u. Neem my tog saam na U Koninkryk"¹. Hierop hoor hy die Kruiswoorde: "Vandag sal jy saam met My in die Paradys wees"², waarop Fekisi die lewe laat, terwyl die hele gemeente hoor hoe stemme uitroep dat Fekisi tot die Hemel toegelaat is.

In die geval van Pitseng (1910), verloop die verhaal as volg:

Mr. Katse word na 'n vrugbare kom in Lesotho, Pitseng, bewoon deur mense met gebreke en sonder enige bepaalde godsdienstige strewes, gestuur om as onderwyser en prediker te arbeid in 'n skooltjie wat klaarblyklik sonder enige noemenswaardige sukses, voortbestaan. Die verhaal neem 'n aanvang met sy reis hierheen waartydens Mr. Katse se mensliewendheid en verstandigheid duidelik na vore kom. Te Pitseng blyk hy die perfekte onderwyser en prediker te wees wat die Bybel bestudeer en waarhede daarin vervat, prakties toepas. Deur hierdie leefwyse word sy skoliere en die gemeenskap ten goede beïnvloed. Twee van sy skoliere, Aria Sebaka en Alfred Phakoe, bepeins dié liefde waarvan Mr. Katse preek en begin, weens sy invloed, die christelike godsdiens of -beginsels in alle erns nastreef.

Alfred vertrek dan om verdere skolastiese opleiding te Borotse te ondergaan en hier, asook tydens die talle reise wat hy gedurende vakansietye onderneem, doen hy waarnemings m.b.t. die liefde en die mens se gedrag in die algemeen. Dit het tot gevolg dat hy sekere tradisies m.b.t. die huwelik afkeur en begeer dat die huwelik op christelike grondslag aangegaan en uitgeleef sal word. Hy verneem dat Mr. Katse die onderwys laat vaar het en is so

1. Mofolo, T., Moeti wa Botjhabela, p. 75.
2. Ibid.

ontsteld daaroor dat hy die nag droom oor Mr. Katse se werk en van Aria, wie hy nie eers ken nie, se uitlewing van die christelike beginsels. Hy doen navraag oor Mr. Katse en verneem van laasgenoemde self dat hy weens swak gesondheid uittree. In sy brief sinspeel die onderwyser op Aria as die regte huweliksmaat vir Alfred maar hy snap nie die sinspeling nie. Later begin hy te Pitseng skoolhou saam met Aria wat intussen haar ook as onderwyseres bekwaam het. Hulle raak dadelik op mekaar verlief en beplan 'n huwelik maar as Alfred verneem dat Mr. Katse nie sy bevestiging as leraar kan bywoon nie en see toe vertrek weens siekte, vertrek hy dadelik om Mr. Katse te besoek. Hy vind laasgenoemde op Molteno waar hy sy reis onderbreek het, maar is net te laat om by Mr. Katse se sterfbed te wees. Dan keer Alfred terug Pitseng toe onder soortgelyke omstandighede as Mr. Katse se eerste reis daarheen. Te Pitseng word Alfred en Mr. Katse dan onderskeidelik met Elisa en Elia geïdentifiseer en word Alfred se besoek aan Mr. Katse gesien as 'n analoog tot die mantel wat Elisa van Elia ontvang het. Hierna tree Alfred en Aria in die huwelik.

Die verhaal in Mofolo se laaste werk, Chaka (1926), verloop as volg:

Die begin van die tragiek wat Mofolo rondom Chaka weef, is geleë in sy herkoms. Hy blyk die buite-egtelike kind te wees van 'n ondergeskikte kaptein, Senzangakhona, en 'n ongetroude meisie, Nandi. Deur sy moeder se toedoen word hy reeds as baba deur 'n toordokter behandel maar aanvanklik het hierdie magiese besweringe geen uitwerking nie en word hy en sy moeder uit die kapteinstat verdryf, hoofsaaklik deur die toedoen van sy vader se ander vroue wat self na Chaka se geboorte, seuns gebaar het. Hy word by sy moeder se mense groot en word weer deur 'n toordokter behandel en moet sekere ritusse gereeld uitvoer, waartydens hy met 'n bonatuurlike waterslang kennis maak. Hier haal hy hom die gramskap van andere op die hals as hy eers 'n wolf en dan 'n leeu, manalleen doodmaak. Laasgenoemde episode lei tot 'n konfrontasie tussen hom en sy halfbroers en hy vlug om op die pad, Isanusi, 'n volgende toordokter te ontmoet. Laasgenoemde behandel hom en beloof om hom behulpsaam te wees in die verkryging van sy regmatige posisie as opvolger van sy vader Senzangakhona. Hy sluit by Dingiswayo aan wie sy vader ondergeskik was, se leërs aan en as uitvloeisel van Isanusi se behandeling, onderskei hy hom as kryger. Met die hulp van Malunga en Ndlhebe wat Isanusi as helpers aan hom stuur, red hy sy stam van uitwissing in 'n geveg met Zwide. Sy vader kom intussen te sterwe en met die hulp van Dingiswayo ontnem hy sy halfbroer, Mfokazana, die kapteinskap van sy vader. 'n Verdere ritus by die graf van sy vader volg en hy verneem dat hy die voorvaders se steun geniet. As Dingiswayo die lewe laat in 'n geveg met Zwide, beklee hy eersgenoemde se posisie as kaptein en verdelf Zwide en sy aanhangers. Isanusi besoek hom en hy erken dat hy 'n nog groter kapteinskap

ontvang het as waarop hy gehoop het, maar sy suksesse en die besweringe wat hy ondergaan het, noop hom om nog groter gesag en mag te begeer. Isanusi beloof dit, maar sy geliefde, Noliwa, se bloed moet hiervoor vloei. Chaka willig in en bring haar om die lewe - 'n daad wat hom geestelik so skok en, aangehelp deur die praktyke van Isanusi, hy so hebsugtig en magsugtig word, dat hy in 'n tiranniese heerser verander. Nie net ander stamme word deur hom uitgewis nie, maar hy moor ook onder sy eie mense wat hy tot 'n onoorwinlike stam saamgevoeg het. Aanvanklik word lafaards en swakke uitgewis maar later selfs sy eie moeder, ten einde bloed te laat vloei soos wat Isanusi hom beveel het. Hierdie praktyke lei tot ongelukkigheid en geestelike sowel as liggaamlike aftakeling, sodat hy as patetiese figuur homself nie kan verdedig as sy halfbroers hom om die lewe bring nie.

Mofolo se gedagtes word oor die algemeen besonder goed en ondubbelsinnig na vore gebring, maar soms, deur oorbeklemtoning d.m.v. persoonlike kommentaar en spesifieke tereg wysings en onderrig, aan die leser opgedring¹. Hiertoe is Mofolo baie geneig en hy gryp ook gereeld die geleentheid aan waar dit hom voordoen, om bepaalde gedragskodes te propageer en afwykings van erkende gebruike te verdoem².

Wat die intrige betref, slaag Mofolo daarin om 'n spanningslyn in sy verhale konsekwent te handhaaf, behalwe in die geval Pitseng waar alles so voor die hand liggend is en hy in langdraderige detailbeskrywing soms verveling in die hand werk. Hiertoe dra afdwaling deur die skets van episodes wat slegs in 'n geringe mate met die tema verband het, gelukkig min by³. Hy slaag dan daarin om sy episodes meesal funksioneel te hou en 'n chronologiese orde te handhaaf.

In sy beskrywings is die skrywer ook realisties en ondubbelsinnig sodat die leser se verbeelding meesal aangegryp word, maar hierdie wyse van beskrywing geld veral objekbeskrywings wat hulle natuurlik ook meer daartoe leen. Waar Mofolo trag om handeling te beskryf, gebruik hy in baie gevalle nie dialoog nie en bly sodanige handeling dikwels vaag, langdraderig en word die leser se gevoelens nie genoeg daardeur opgewek nie. In enkele

-
1. Vgl. Mofolo, T., Moeti wa Botjhabela, p. 69; Pitseng, pp. 7, 151.
 2. Vgl. Mofolo T., Moeti wa Botjhabela, pp. 5, 69; Pitseng, pp. 33, 152; Chaka pp. 1, 12.
 3. Vgl. Mofolo T., Pitseng, p.7; Chaka, pp. 133 e.v.

le gevalle hou Mofolo se episodes nie verband met die realiteit nie en waar hy die bonatuurlike byhaal, in gevalle waar die intrige se verloop goed daarsonder sou kon vorder, of hy 'n realistiese ontknoping kon gee het, boet sy algemeen goeie en noukeurige beskrywings veel in¹. Teenstrydighede kom baie min voor, maar wel in Chaka waar die skrywer sê dat Noliwa alleen was tydens die moord op haar en dit later die teenoorgestelde blyk te gewees het. So ook in Pitseng waar Aria en Alfred mekaar nie geken het nie, maar dit uit die konteks blyk dat dit wel die geval moes gewees het.

In sy agtergrondsketsing is Mofolo uniek en presteer hy, want d.m.v. 'n sierstyl word die omgewing waarin die betrokke verhaal afspeel en die mense wat hulle daarin bevind, baie duidelik en mooi geskets, sodat hy werklik daarin slaag om sy leser met die betrokke omstandighede en omgewing wat op die betrokke verhaal van toepassing is, bekend te stel. (Vgl. aldrie werke in hierdie verband.)

Die patroon van Mofolo se intriges volg 'n logiese en, in 'n mindere mate, psigologiese verandering t.o.v. beide tema en motivering, onderskeidelik. Hierdie patroon bereik hy deur 'n suksesvolle herhaling van verskillende gevarieerde gebeure wat in intensiteit toeneem en funksioneel is. Bloot in die geval van Pitseng slaag Mofolo nie daarin om die toenemende intensiteit wat in die ander werke voorkom, volkome daar te stel nie.

Die orde wat Mofolo in sy verhale gebruik is een waarin alle gebeure chronologies op mekaar volg en tot 'n klimaks opbou. Hy plaas die leser nooit midde in 'n situasie sonder dat hy vooraf vir die situasie voorsiening gemaak het nie.

Hoewel Mofolo in enkele gevalle sy karakters se gevoelens en gedagtes probeer ontleed, is hy oor die algemeen baie objektief teenoor sy materiaal ingestel.² Sommige episodes is sterk dramaties aangebied, vgl. bv. Chaka se wreedhede en sy dood, Mr. Katse se sterfte (Pitseng)

1. Vgl. Mofolo T., Moeti wa Botjhabela, pp. 30-31.
2. Vgl. Mofolo T., Chaka, pp. 58, 120.

en Fekisi (Moeti wa Botjhabela) se einde, asook sy reis. Hierin slaag hy deur 'n gepaste styl, wat later bespreek word, vir die betrokke omstandighede aan te wend en, waar nodig, 'n detailbeskrywing te gee. In die geval van Moeti wa Botjhabela oordryf Mofolo die dramatiese soms. (Vgl. bv. die sonsverduistering en Fekisi in die kerk).

Deurdat genoemde verhale taamlik baie beskrywings verg, leen hulle, hulle tot die skepping van atmosfeer. Laasgenoemde kom dan ook baie duidelik voor. 'n Atmosfeer van afwagting en meegevoel is gereeld die leser se metgesel by die lees van Chaka en Moeti wa Botjhabela, terwyl 'n atmosfeer van bewondering en diepsinnigheid deur Pitseng by die leser geskep word.

Patos spruit soms geregverdiglik uit die gegewe situasies want so word Chaka bejammer as hy sy vader se liefde en versorging ontbeer, Fekisi (Moeti wa Botjhabela), as hy moet sukkel om die ware godsdiens te vind en Mr. Katse (Pitseng) as sy gesondheid hom nie toelaat om sy goeie werk voort te sit nie. In die geval van Chaka kom die tragiese en patetiese baie sterk na vore wanneer Chaka se strewes en die bereiking van sy doel tot sy ondergang lei en hy homself, as verslane persoon, steeds wil laat geld.

Sentimentaliteit word in enkele gevalle opgewek as die skrywer kommentaar op bepaalde situasies lewer en so die leser se gevoelens wil opwek tot simpatie¹. Hierby aansluitend vind ons dat Mofolo baie dikwels van 'n verteltrant gebruik maak wat eie aan die Bantoe-verhaalaanbieding is².

Mofolo handhaaf deurgaans 'n beheersde toon in sy verhale terwyl sy werke oor die algemeen ernstige en gewigtige stof behels. Nooit skeep hy geleentheid vir vermaaklike en pittige episodes nie en waar sodanige situasies kon ontstaan, soos in die geval van Pitseng waar verskil-

1. Vgl. Mofolo, T., Pitseng, p.7; Moeti wa Botjhabela, p. 3.

2. Vgl. Mofolo, T., Pitseng, pp. 22,26; Chaka, pp. 89. 120.

lende tale vir die skoolkinders tot wanbegrip kon lei, is hy steeds beheersd en ernstig.

Die vorm en struktuur van die verskillende elemente in sy werk is altyd goed gerangskik en hou funksioneel verband met mekaar en vorm 'n goeie geheel. Sy paragrawe en hoofstukke vind oor die algemeen goed aansluiting by mekaar en in enkele gevalle eindig Mofolo 'n hoofstuk met die onderwerp van 'n daaropvolgende een af. Hierdie element wek afwagting op en dit is jammer dat hy nie meer hiervan gebruik maak nie¹. Sy verhale is geensins episodies nie en daar is 'n deurlopende lyn wat van episode tot episode strek. Tog is die beskrywing van Nongogo, in Chaka, 'n episode wat die aandag aflei.

Ironie en melodrama, paradokse en onvoldoende beskrywings word nie in Mofolo se werke aangetref nie.

Hoewel toeval aangetref word, is die rede hiervoor net nie altyd spesifiek beklemtoon nie, en kan daar gesê word dat wat baie maklik as toeval beskou kon word, in werklikheid geen toeval is nie en die leser wel daarop voorberei was, hoewel soms net subtiel; vgl. bv. Isanusi se ontmoeting met Chaka wat heeltemal aanvaarbaar is, as in ag geneem word dat Chaka deur besweringe hiervoor bestem was. Netso die oplossing van Fekisi (Moeti wa Botjhabela) se probleme tydens sy reis wat aan God se werkinge toegeskryf kan word. Hoewel in die geval van Chaka en Moeti wa Botjhabela in enkele gevalle die leser voorbereid is op wat gaan volg en die skrywer hom derhalwe 'n toekomsblik in die werk gee, is hierdie element, wat baie geslaag in 'n intrige kan wees, nie vry algemeen aangewend nie.

In alle gevalle vertoon Mofolo se karakters 'n konflik met hulle omgewing en kom interne konflik, waar 'n karakter in stryd met homself kom, nooit voor nie. Dit is jammer dat Mofolo laasgenoemde aspek nie aanwend nie, aangesien daar wel ruimte voor bestaan in die geval van

1. Vgl. Mofolo, T., Pitseng, hoofstukke 2, 3; Chaka, hoofstukke 6, 7; Moeti wa Botjhabela, hoofstukke 3, 4.

Fekisi (Moeti wa Botjhabela) en Alfred Phakoe (Pitseng). Dieselfde geld die hoofkarakter in Chaka.

Mofolo se karakters word meesal nie as simbool vir iets anders gebruik nie, maar hy maak wel van simboliese voorstellings gebruik in die geval van Pitseng en Moeti wa Botjhabela waar Alfred Phakoe, in sy droom, God se goedkeuring van Mr. Katse se werke waarneem en Fekisi Christus as die goeie, liefdevolle en vredevolle beeld, in 'n droom waarneem. In die geval van Chaka kan die hoofkarakter egter wel as simbool van die gewone mens dien wat in heersugtige magsvertoon sy ondergang vind. Tog was die bedoeling, primêr, nie simbolies nie.

Mofolo bied sy werke meesal in die derde persoon aan waar hy as alwetende verteller of skrywer die verhaal skets. Sy karakters word dan ook so geken. Dialoog kom oor die algemeen min voor, maar waar dit wel voorkom, dien dit om sy karakters verder te ontbloot en 'n dramatiese effek aan 'n bepaalde episode te gee.

Mofolo se karakteruitbeelding is oor die algemeen goed in aldrie werke. Meesal beskrywings maar ook handeling en dialoog bring sy karakters se innerlike na vore en wel tot so 'n mate dat hierdie karakters as mense van mekaar onderskei kan word. Behalwe in die geval van Chaka ondergaan geeneen van sy karakters egter 'n karakterontwikkeling nie en, veral in die geval van Pitseng, is dit steurend. Die rede vir die verskillende karakters se optredes is altyd voor die hand liggend en hulle daade hou ook gewoonlik met hulle karaktertrekke verband, behalwe in 'n enkele geval - vgl. bv. Pitseng, waar 'n mens sou verwag dat Alfred weens sy besondere persoonlikheid meer aandag aan sy ouers sou gee terwyl hy op kosskool was en hulle nie uit sy gedagtes sou wees, soos wat dit in die betrokke werk die geval is nie. Dieselfde geld Mr. Katse wat onwaarhede aangaande Aria aan Alfred skryf, terwyl sy volmaakte innerlike so 'n daad nie sou toelaat nie. Sy karakters word ook geleidelik uitgebou in die

geval van Chaka en Moeti wa Botjhabela, maar in die geval van Pitseng is die karakters uit wans uit, reeds volkome en feitlik as volmaakte mense geskep, sodat daar geen geleentheid is om enige verandering in hierdie opsig teweeg te bring nie. Die karakters is ook eenheidskeppend, aangesien verband tussen die karakters onderling en tussen die karakters en die tema en intrige, duidelik na vore kom. Hiertoe dra die enkele bykarakters wat Mofolo ook suksesvol skep, as herkenbare, menslike wesens, elk met 'n eie persoonlikheid en wat tot die nodige agtergrond of die ontplooiing van die intrige bydra, by. Hoewel die skrywer meesal sy karakters direk ontbloot, bly daar genoeg ruimte oor vir die leser om self gevolgtrekkings en afleidings te maak. Alles in ag genome is Mofolo se karakters, hoewel tipologiese karakters, suksesvol uitgebeeld.

Mofolo se styl word oorheersend gekenmerk deur sy objekbeskrywings wat d.m.v. 'n sierstyl geskied. Hier is die aanwending van veral adjektiewe en werkwoorde asook ideofone van belang. Metafore en saamgestelde woorde dra veral in die geval van Chaka hiertoe by, terwyl argafese woorde oor die algemeen vry algemeen voorkom en op gepaste plekke aangewend word. Die voorkomsbeskrywings van sy karakters word in aldie die werke dikwels deur dieselfde woordkeuses aangebied, vgl. bv.:

".... a eme ka ditlhako ..."¹

M.b.t. die verteltrant wat Mofolo aanwend word dieselfde uitdrukkings veral in Moeti wa Botjhabela en Chaka aangesit, vgl. bv.: "... a re ka re"²; "... a re ka utlwa..."³; "... a re ka bona"⁴; 'Madi o tla utloisisa hantle ..."⁵; Mmadi a ka inahanela ..."⁶; Le tla ntumela hore ..."⁷

Hoewel spreekwoorde en idiome, wat meer dikwels in Chaka voorkom, tot Mofolo se styl bydra, maak hy in sy ander werke nie so baie daarvan gebruik dat dit as 'n stylkenmerk van die skrywer uitgeken kan word nie.

-
1. Mofolo, T., Moeti wa Botjhabela, p. 43.; Chaka, p. 4.
 2. Mofolo, T., Moeti wa Botjhabela, p. 28.
 3. Mofolo, T., a.w., p. 53.
 4. Mofolo, T., Chaka, p. 151.
 5. Mofolo, T., Pitseng, p. 54.
 6. Mofolo, T., Chaka, p. 89.
 7. Mofolo, T., Pitseng, p. 26.

Prysgedigte word in die geval van Chaka en Moeti wa Botjhabela aangetref, terwyl liedere weer in Pitseng voorkom. Die doel hiervan is om bepaalde verklarings en mededelings aangaande die betrokke karakters wat geprys word, te doen, en ook om klem aan bepaalde gedagtes te gee. Die prysgedigte sluit aan by die tradisionele Bantoelewe en is dus nie net gepas nie, maar die stof wat so aangebied is, blyk afwisselend, treffend en besonder's te wees. Hierdie gebruik is 'n sierstylkenmerk en strek tot Mofolo se krediet.

Hoewel Mofolo in al drie sy werke goeie fiksie daargestel het, oortref Chaka en daarna Moeti wa Botjhabela sy derde boek wat aanbidding aanbetref, deurdat eersgenoemde meer spanningsvol en weldeurdragend en die inligting daarin baie meer raak gesê is as in die res. Die tema in Chaka leen hom egter meer daartoe om spanningsvol en dramaties te wees, wat veral nie die geval met Pitseng is nie. Hierdie werk, asook Moeti wa Botjhabela, is uit die aard van die saak ernstiger en beheersder leesstof, maar ten spyte daarvan slaag Mofolo daarin om in Moeti wa Botjhabela ook spanning op te bou en interessante ontknopings te gee. In die geval van Pitseng ontwyk die dramatiese die skrywer vanweë die feit dat sy karakters geen werklike konflik ondervind nie. Dit is jammer dat hy veral in sy laaste werk moes faal, aangesien hy met sy eerste werk heel goed aangevoer het. Daar is twyfel oor die mate waarin hierdie werk, Moeti wa Botjhabela, geïnspireer kon gewees het deur J. Bunyan se bekende Pilgrim's Progress wat reeds in 1872 in Suid-Sotho vertaal is. P.D. Beuchat¹ is van mening dat die eindtoneel in Mofolo se werk geen verband kan hê met enigiets wat hy by die sendelinge kon geleer het nie. A.S. Gerard² is egter van mening dat Mofolo wel sy inspirasie vir hierdie werk uit die Bybel en/of Bunyan se werk kon geput het. Gesien in die lig dat Mofolo ook goed in die Bybelkunde geskool was en onder sendelinge

1. Vgl. Beuchat, P.D., Do the Bantu have a Literature?, pp. 18 e.v.

2. Vgl. Gerard, A.S., Four African Literatures, p.111.

gewerk het, lyk dit heeltemal aanneemlik dat hy van Bunyan se werk kennis kon geneem het en wel daaruit, en moontlik ook uit die Bybel, inspirasie of enkele gedagtes kon gevind het wat tot sy werk aanleiding kon gegee het of daarin verwerk is.

Alles in ag genome blyk die agting wat kritici vir Mofolo se werke het, nie onvanpas te wees nie.

2.4.2 E. SEGOETE:

Hierdie skrywer se enigste novelle, Monono (1910), wat van net sulke goeie gehalte as Mofolo se werke is, verloop as volg:

Khitsane vertel sy lewensgeskiedenis aan Tim en dit blyk dat hy as jongman oor min besittings beskik het maar die begeerte gekoester het om dit te vermeerder. Hy begin dan op verskillende maniere smous maar is na elke nuwe probeerslag kaler daaraan toe. Hy ontmoet Malebaleba, toe 'n polisieman laasgenoemde wou arresteer, help hom en hulle twee vlug saam verder. Khitsane word egter gevange geneem en beland in die tronk waar hy ter dood veroordeel word. Sy vriend bevry hom egter net voor die doodvonnis voltrek word. Hierop beland Khitsane tussen moordenaars, maar ontvlug uit die kloue van die dood as 'n vrou hom betyds waarsku. Dan werk hy vir 'n ander Bantoe maar vlug weer as die betrokke konstabel, wat hy en Malebaleba eens aangeval het, in die betrokke stat opdaag. In Queenstown snel hy iemand wat aangerand word te hulp, maar word vir moord in hegtenis geneem. Tog word die ware moordenaar gevang en gaan Khitsane skotvry. Hy is egter siek aan koors en as hy van die tronk af wegstrompel, beland hy in 'n sloot waar Malebaleba, nou 'n evangelis, hom opspoor en versorg. Khitsane verloor egter sy been wat met die val gebreek het. Hy kom tot bekering en verhuis na Lesotho waar hy vol lewensvreugde, hoewel verarm, woon en Tim ontmoet. Laasgenoemde word dan deur Khitsane bearbei om hom tot die christelike godsdiens te bekeer, maar voor Tim so'n stap neem, droom Khitsane dat sy lewenstaak op aarde afgehandel is en dat 'n Engel hom meedeel dat sy sterfuur naby is. Die nag voor Goeie Vrydag kom die Engel hom haal en Tim volg hom blymoedig en vol vreugde oor die feit dat hy na die Hemel en Christus op pad is. Hierdie reis, waarin die gevaar steeds bestaan dat hy in Satan se mag kan beland en simbolies van sy lewe en die wyse waarop God bemoeienis met hom gemaak het, is, lê Khitsane egter suksesvol af.

Aanvanklik gaan Tim sy ou gang na Khitsane se dood maar as hy in 'n gat toegeval word, het hy geleentheid om sy lewe in oënskou te neem en aan Khitsane se onderrig en lewe te dink. Eers as hy droom dat 'n vlieënde skip alle gelowiges versamel en hy nie onder hulle tel nie, aanvaar Tim die christelike godsdiens en roep sy ou lewe vaarwel toe.

Segoete bied hierdie werk in drie dele aan maar slaag tog daarin om 'n hegte eenheid tussen hierdie dele te bewerkstellig en sodoende 'n verbasende vaardigheid aan die dag te lê. Die eerste deel handel oor die hoofkarakter se verhuising na die stad vanuit sy stamverband en gevolglike ontreddeering, waarmee Segoete 'n direkte waarskuwing tot sy leser rig teen die gevare wat die stadslewe vir die oningewyde inhou. Hiermee hou Segoete die tradisionele stamlewe ook voor as 'n idilliese, harmonieuse bestaan en ignoreer alle probleme wat in die tradisionele staat bestaan, totaal. (Vgl. bv. hongersnood, 'n gebrek aan inkomste, die gevare aan toordery en rituele moorde.)

Die tweede deel van sy werk handel oor Khitsane se afsterwe nadat hierdie karakter as christen hom reeds met hierdie lewensfeit vereenselwig het en selfs na die Hiernamaals en vereniging met Christus, uitsien. Segoete verskaf daarmee 'n praktiese voorbeeld en vertolking van die christelike godsdiens en siening van die dood. Hiermee word 'n tweede sedeles aan die leser verskaf. Nadat die mens hom tot God bekeer het, moet die logiese gevolg 'n vreugdevolle strewe wees om by God te wees en die aardse onvolmaaktheid te ontsnap.

Die derde deel van die werk sluit nou by die eerste dele aan en behels Segoete se tweede karakter, Tim, se reaksie op Khitsane se vertelling, strewes en voorbeeld. Hierdie karakter aanvaar self die christelike godsdiens en as hy in 'n gat toegeval word, illustreer Segoete simbolies die afsterwe van die liggaam of "ou natuur" waarna die geesteslewe tot volle bloei en gemeenskap met God opgewek kan word.¹

Dit is duidelik dat hy sy leser wil opwek tot besinning, die aanvaarding van die christelike godsdiens en die uitlewering hiervan. Dit kom ook voor asof Segoete die feit

1. Vgl. Gerard, A.S., *Four African Literatures*, /37 pp. 133-135.

propageer dat die mens in die ongereptheid van die stamverband, makliker tot ander insigte kan kom as in die verwarrende en komplekse samelewingstruktuur wat in die blanke stede aan te tref is en waar allerlei verleidinge en ongebondenheid stremmend op die mens se geesteslewe kan inwerk.

Die struktuur van hierdie werk is tweeledig. Eerstens sentreer die verhaal om die hoofkarakter, Khitsane, se lewe en ervarings in blanke gebiede terwyl die res van die verhaal, in die tweede plek, om Tim en die uitwerking van Khitsane se verhaal, geteken is. Beide dele behels hoofsaaklik 'n dialoog tussen hierdie twee karakters wat aanvang met 'n beskrywing van gebeure en eindig in allegoriese visies. (Vgl. Khitsane se gesprek met die Engel pp. 87-91 en Tim se droom pp. 102-105). Beide hierdie verhale herinner aan gelykenisse en lê Segoete klem op die feit dat rykdom of besittings geen sekuriteit bied nie en soos mis voor die son wegs melt. Sonder die hulp van God kan die mens homself nie help nie, maar gaan ten gronde, terwyl ware geluk en vrede slegs in Christus te vinde is : Vgl. Khitsane se beskouing asook die voorwoord: "Bukanyana eo ke e hlahisang ho wena kajeno e bopetswe hodima lentswe la maele a Basotho le reng: Monono ke mohodi ke mouwane".¹

Segoete slaag daarin om 'n absolute eenheid tussen tema en intrige te skep, sodat sy intrige tot die leser spreek en sy tema klinkklaer oorgedra word.

Die atmosfeer in hierdie verhaal wek genoegsame spanning en afwagting op en bly deurgaans interessant. Soms is die atmosfeer misterieus en soms simpatiewekkend, terwyl die gewigtigheid van Segoete se bespreking die leser diep raak. Segoete is baie oorspronklik in die situasies wat hy skep. (Vgl. bv. hoe Khitsane sy besittings verloor asook p. 65). Hy slaag daarin om sy situasies re-

1. Segoete, E., Monono, voorwoord, geen bladsynommer.

alisties uit te beeld en sy leser se aandag te hou. Sy toon is een van veroordeling van die sonde waarin hy ook 'n christelike leefwyse aan sy leser voorhou. Die invloed van die stad op die plattelandse Bantoe bekommer hom. Dit is derhalwe natuurlik dat Segoete didakties sal raak en aanhalings uit die Bybel en verwysings na die godsdiens kom gereeld voor, hoewel nie geforseerd nie en ook nie te dikwels nie, vgl. bv. : "Se rateng lefatshe le tshole tse ho lona¹, Hangata ka fellwa ke tshepo ya ho phela hoja e se ka E mong ya dutseng ka nngane ho maru;² tjhe, ha ke makale, ka hobane ke tseba Eo ke mo dumetseng"³. Vgl. ook sy gelykenisse soos genoem.

Dit is toeval as Malebaleba vir Khitsane in die sloot vind en die rol wat Malebaleba in hierdie sonde se bekering speel, kon netsowel deur iemand anders vervul gewees het. Tog is hierdie feit nie hinderlik nie en gee dit alleenlik klem aan die feit dat die sondige mens 'n behoefte het aan die Soenverdienste van Christus.

Van ironie is daar in hierdie novelle nie veel sprake nie, maar tog wek dit die leser se simpatie natuurlik op omdat Khitsane eers soveel moes ly en verloor voor hy werklike geluk kon vind. Dieselfde geld i.v.m. patos. Tim is 'n patetiese figuur as die sonde hom so vasvang dat Khitsane se vertellings hom aanvanklik niks baat nie en hy eers self, op die harde manier, sy afhanklikheid aan God moet besef.

Die inleiding in die verhaal is gepas en Segoete konfronteer sy lesers baie gou met die sentrale tema. Die denouement is ietwat uitgerek weens die Engel se besoeke aan Khitsane maar tog is Khitsane se dood en Tim se bekering die hoogtepunte in die verhaal wat die novelle goed afrond. Hoewel spanning en afwagting, soos gesê, in die

-
1. Segoete, E., Monono, voorwoord, p. 2.
 2. Segoete, E., a.w., p. 18.
 3. Segoete, E., a.w., p. 30.

verhaal voorkom en dit na 'n klimaks opwerk, is hierdie klimaks nie spanningsvol nie weens die aard van die intrige of tema. Eerder is dit bloot 'n ommeswaai of ommekeer, wat daar in Khitsane en Tim se lewens plaasvind.

Die agtergrond van die verhaal is goed geteken en behels episodes wat goed met 'n hedendaagse leefwyse verbind kan word, ten spyte daarvan dat die werk gepubliseer is voor 'n werklike toename in verstedeliking in S.A. plaasgevind het. Al Segoeete se episodes is elemente wat deurentyd na die sentrale probleem of tema heenwys en een groot geheel tot stand bring.

Die orde in die verhaal is een van 'n chronologiese voortsetting van gebeure (Tim en Khitsane se kontak), verbreek deur Khitsane se vertelling van sy lewensgeskiedenis in episodes wat self chronologies opeenvolg. Sy aanbieding is een deur 'n alwetende verteller in die derde persoon, onderbreek deur Khitsane se woorde in die eerste persoon: vgl. die slotwoorde van die werk : "...mme jwaleka hobane (Tim) o kgutsitse, le nna nka mpa ka kgutsa".¹

Skrywerskommentaar is uiters min en slegs in een geval onderskat Segoeete sy lesers; vgl.: "Ha ho motho ya ka lekanyang maswabi a Tim ka nako eo,"².

Segoeete se karakters vertoon geen werklike karakterontwikkeling nie, tog wel karakterverandering. (Vgl. beide Khitsane en Malebaleba, en Tim se bekering en daaropvolgende veranderde leefwyse). Hoewel Khitsane se lewe tot en met sy dood uitgebeeld word, neem dit nie by sy geboorte 'n aanvang soos wat baie skrywers geneig is om te doen nie, maar begin paslik by sy eerste struikelblokke as selfonderhoudende man. Karakters en hulle persoonlikhede pas goed by mekaar aan en hulle konflik is hoofsaaklik ekstern. Van werklike innerlike wroeging is daar geen sprake nie en botsings vind slegs tussen karakters

1. Segoeete, E., Monono, p. 107.

2. Segoeete E., a.w., p. 97.

en hulle omgewing plaas. Die leser leer hulle hoofsaaklik uit hulle handelingte ken. Tog beeld Segoete eerder situasies uit waarin sy karakters verkeer, as wat hy hom op karakteruitbeelding toelê. Hierdie situasies het almal dieselfde verloop sodat daar nie veel persoonlikheidstrekke van die karakters self af te lei is nie. Al karaktertrekke wat werklik in die verhaal nodig is, is die van 'n sondige leefwyse en 'n omneswaai tot 'n christelike bestaan. Hierdie persoonlikheidstrekke geniet genoeg aandag en is duidelik genoeg by beide Khitsane, Tim en Malebaleba, na vore gebring. Karakterverandering is altyd logies en realisties geteken.

Sy styl is eenvoudig en, hoewel ideofone, spreekwoorde en veral verdubbelings in sy werk voorkom, trag hy nie om daarmee sy styl te verfraai nie. Daar is dus geen sprake van 'n sierstyl nie.

Segoete wend slegs liedere in sy werk aan en beide het 'n godsdienstige strekking, is toepaslik en gee klem aan die bepaalde situasies waaraan hy dit koppel.

Sy dialoog vloei nie altyd baie goed nie en herinner ook baie aan die wyse van doen in die drama.

Oor die algemeen slaag hy daarin om oorspronklik, realisties, logies en objektief, asook interessant te skryf. Die allegoriese wyse waarop hy homself in die werk uitdruk, is heeltemal bevredigend.

---oOo---

HOOFSTUK III : DIE VEERTIGERJARE:3.1 INLEIDING:

Hierdie periode kan prakties van die voorafgaande en daaropvolgende tydvakke afgeskei word weens die volgende oorwegings:

- (a) Nuwe temas word daarmee ingelei wat totaal verskil van dié in die Aanvangsperiode ten spyte daarvan dat die godsdienste weereens die aandag geniet in D. Matseletse se werk en een van A. Nqheku se werke¹. Veral Nqheku se benadering hieromtrent is egter geheel anders as in T. Mofolo en E. Segote se werke.
- (b) Hoewel aansienlik meer nuwe temas in die daaropvolgende periode (1950-65) aangetref word en hierdie periode dus aansluit by die volgende afbakening wat gemaak word, word hierdie periode gekenmerk as 'n tydperk van nuwe opbloei in die publikasie van die novelle - 'n opbloei wat literêr-histories nie meteens aansienlike hoogtes m.b.t. gehalte of kwantiteit bereik nie. Trouens, juis die stadige tempo waarin publikasies die lig sien, veroorsaak deur 'n gebrek aan fondse by drukkers voor en ook na die oorlogsjare, kenmerk hierdie dekade. Alleenlik vanaf 1949, met 'n onderbreking in 1955, word Suid-Sotho-nouvelles gereeld jaarliks en in al groterwordende getalle, gepubliseer. In die loop van die veertigerjare sien nuwe publikasies alleenlik die lig in 1942, 1944, 1945, 1946, 1947 en 1949.
- (c) Hierbenewens neem hierdie periode 'n aanvang met die toetrede van die Rooms-Katolieke Pers tot die verspreiding van Suid-Sotho-nouvelles deur die werke van A. Nqheku in 1942 en 1944 onderskeidelik, waarna hierdie bron tydelik opdroog tot en met 1953 as S.N. Majara weer genoemde drukkers ondersteun. In hoofsaak bly

1. Vgl. Nqheku, A., Lilahloane.

Morija, die Protestantse drukkers in Lesotho, verantwoordelik vir al die werke in die Aanvangsperiode gepubliseer; asook vir 4 uit die 7 werke wat in die veertigerjare verskyn het. Die eerste novelle deur 'n S.A. drukker, Via Afrika, verskyn ook tydens hierdie periode as D. Matselsetsele¹ sy bydrae in 1949 maak.

3.2. 'N ALGEMENE BESPREKING VAN DIE VEERTIGERJARE:

Die temas van werke in hierdie tydperk gepubliseer, is baie uiteenlopend van aard maar tog kan daar 'n ooreenkoms tussen die volgende werke gesien word:

- (a) Mphatlalatsane en Mahaheng a Matsho deur J.J. Machobane en Ngoana ha a botsa Telejane deur M.L. Maile weens die uitbeelding van tradisies;
- (b) Arola Neheng ea Maburu deur A. Nqheku en Molahlehi deur S. Matlosa wat die verhuising van die Bantoe na die stad teken; en
- (c) Ditaba tsa Tawana deur D. Matselsetsele en Lilahloane deur A. Nqheku omdat beide werke die Christelike godsdiens betrek.

3.2.1. DIE UITBEELDING VAN TRADISIËS:

In die geval van Machobane se werke en Ngoana ha a botsa Telejane, lê die ooreenkoms op die vlak van die uitbeelding van historiese feite en/of tradisies - kannibalisme gedurende die bekende Bantoe-oorloë, "Difaqane" (1818-1834) in die geval van Mahaheng a Matsho en gebeure rondom Moshweshwe I se regime geweef, waarin 'n simboliese voorstelling gegee word van volkere se pogings om die land Lesotho van sy regmatige eienaars te vervreem, d.w.s. as Machobane se verduideliking van sy simboliek in 'n persoonlike mededeling, in ag geneem word.

1. Vgl. Matselsetsele, D., Ditaba tsa Tawana.

Weens die feit dat sy simboliese voorstellings nie vlot nie en hy nie die ware geskiedkundige feite verantwoord m.b.t. die wyse waarop die Basothovolk gekolonialiseer is en sodoende hul land en vrylike seggingskap in 'n eie inheemse bestuurstelsel verloor nie, is die ondersoeker 'n ander mening oor sy simboliese voorstellings toegedaan. Volgens Machobane beeld sy simboliese karakters Tau, Khaloli en Maphatšoe, onderskeidelik die volgende uit: die Regerende gesag, volk (asook land) en die regering. So 'n voorstelling word nie deur die intrige gerugsteun nie want Khaloli en Maphatšoe gaan ten gronde en alleenlik Tau bly oor. Histories het die Basothovolk bly voortbestaan maar sonder 'n eie regeringstelsel en eiendomlike reg op 'n vaderland. So gesien kan Tau alleenlik die Basothovolk versinnebeeld en nie die regerende gesag nie. Sou hierdie vertolking aanvaar word, stuit die ondersoeker egter steeds voor die probleem dat die Basotho hulle vryheid inboet as hul 'n nederlaag ly teen 'n aanval van buite - 'n feit wat histories nie korrek is nie. Immers, Lesotho kom onder Koloniale Bewind juis vanweë 'n eie versoek, ten einde beskerming teen aanvallers van buite te kan weerstaan. Dit is duidelik dat Machobane se simboliek mank daaraan toe is as dit in verband met die Basotho se geskiedenis gebring word. Veel eerder teken hy bloot die beesras en die Basotho se siening daaromtrent, naamlik dat dit onontbeerlik in die daaglikse bestaan is. Vgl. die waarde en nut wat die bees vir hierdie volk in bepaalde tradisies en gebruike het, soos die huwelik, kindergeboorte en begrafnisse o.a., wat beklemtoon word uit die benamings wat die Basotho vir die bees het en ook uit Machobane se werk blyk: "Modimo o nko e metsi" en "Mphatlalatsane, naleli ya Meso". So 'n vertolking van Machobane se werk blyk veel meer sinvol te wees.

Ngoana ha a botsa Telejane deur M.L. Maile sluit hierby aan, deurdat Maile ook aandag aan Basothotradisies m.b.t. huweliksluitings hierdie keer, gee. Terwyl T. Mofolo reeds

in sy werk Pitseng in 1910 die aandag vestig op die aanpassingsprobleme wat die Bantoe t.o.v. hul tradisies m.b.t. huweliksluitings na kontak met 'n westerse samelewingspatroon en -uitkyk ondervind, is Maile die eerste om hom na te volg in bogenoemde kort werkie. Tog staan hierdie twee werke lynreg teenoormekaar want Mofolo is die mening toegedaan dat christelike beginsels die basis moet wees waarop huweliksluitings aangegaan sal word. Maile weer wys op die ongeluk wat 'n kind oor homself kan bring deur in eiesinnigheid en op eie inisiatief, 'n keuse t.o.v. 'n huweliksmaat te maak sonder om die ouers se raad in ag te neem. Waar Mofolo dus die tradisie m.b.t. huweliksluitings veroordeel, beklemtoon Maile juis hierdie gebruik se voordele. Beide skrywers soek na 'n basis waardeur gesonde huwelike aangegaan kan word en huweliksdisharmonie vermy kan word en, hoewel beide oplossings vir hierdie probleem hemelsbreed verskil, het hul eenstemmigheid oor die feit dat daar 'n vaste basis moet bestaan. Terwyl Mofolo sy materiaal of menings egter verwerk in 'n volledige novelle, is Maile se werk nie veel meer as bloot voorligting aan hubares nie. As sulks verdien die werk nie veel aandag nie, behalwe dat dit aansluit by ander werke waar Basothotradisies onder die soeklig geplaas word - hetsy dit afgekeur, goedgekeur of veranderings en/of beïnvloeding daaromtrent bespreek word.

3.2.2 DIE UITBEELDING VAN DIE BANTOE SE VERHUISING NA BLANKE GEBIEDE:

Beide A. Nqheku en S. Matlosa gee aandag aan die Bantoe wat hul tradisionele tuiste verlaat en 'n heenkome elders gaan soek, maar hul benadering daaromtrent verskil hemelsbreed. Terwyl Matlosa op die gevare van die stadslewe vir die Bantoe uit sy tradisionele staat wys, bemoei Nqheku hom met wrywing tussen die Bantoe uit sy stamverband en die blanke karakters by wie hy 'n heenkome soek. Wrywing tussen ekstreme blanke en Bantoe karakters word deur A. Nqheku in sy werk Arola Naheng ea Maburu op Vrystaatse plase, geteken.

Hoewel hierdie omstandighede nie met die werklikheid strook nie, is dit tog interessant om daarop te let dat dit aanvanklik taalverskille en -probleme is wat aanleiding gee tot 'n geskil tussen Arola en 'n blanke by wie hy werk soek. As die blanke dan onnodiglik sy humeur verloor en Arola sonder enige werklike rede behoorlik afransel, is dit nie verbasend dat sy reaksie ook die perke van normale, goeie gedrag sal oorskry nie. Die gevolg is dat Arola 'n natuurlike wrok jeens die blanke opbou en homself wreek deur die man se lande aan die brand te steek. Sy handelinge is dus verstaanbaar en gemotiveerd. As hy onder gunstige omstandighede by blankes verkeer, wat hom nie doelbewus verneder nie, laat hy hulle in vrede. Hierdie karakter besef later dat sy omswerwinge hom geen geluk of voorspoed in die sak bring nie en keer dan terug huis toe na die bekende omgewing en hegtheid van die stamverband.

In navolging van E. Segoe se Monono bied S. Matlosa sy werk, Molahlehi, ook tydens hierdie periode aan en wys hy sy lesers op die gevare wat die stadslewe in Suid-Afrika inhou vir die Bantoe wat uit 'n tradisionele omgewing hierheen verhuis en 'n heenkome soek. Anders as Segoe wat veral klem lê op die christelike godsdiens en die lossers sedes wat onder Bantoe in blanke gemeenskappe voorkom, en dit aanwend om christelike beginsels te illustreer, plaas Matlosa sy klem hoofsaaklik op die ongelukkigheid wat volg op te vroeë skoolverlating en die aanknoop van buite-egtelike verhoudings in die stad. Weliswaar lei 'n godsdienstige belewenis aan die einde van Matlosa se werk daartoe dat Molahlehi weer 'n anker in die lewe vind, maar geniet hierdie gebeure veel minder aandag as wat Segoe daaraan gee. Matlosa beklemtoon die feit dat tradisionele norme en standaarde vervaag as die Bantoe buite die hegtheid van 'n tradisionele samelewingstruktuur verkeer. Groepsgebondenheid maak plek vir 'n opname in 'n kosmopolitiese massa waarin elkeen na homself omsien en aan niemand verantwoordelik

is nie. Die gevolg hiervan is bandeloosheid met gevolglike ongelukkigheid en ondervinding van 'n gevangenisstelsel wat vreemd aan die Bantoe is, totdat die enkeling weer definitiewe beginsels begin navolg. Sy werk het dus 'n didaktiese strekking en hy trag ook om Bantoeskoliere op die onontbeerlikheid van skolastiese opleiding vir 'n bestaan in 'n westerse gemeenskap te wys. Daarby aansluitend, dat die Bantoe uit sy tradisionele staat moeilik in die stad aanpas, weens die swak beïnvloeding van sedelose en beginsellose stedelinge wat, nóg die godsdiens, nóg die tradisionele normas, as anker of beginsel het. Hierdie tema word later deur ander skrywers opgevolg maar kan Matlosa uitgesonder word as die eerste persoon om werklik sy volkse jeug attent te maak op die waarde en voordele wat skolastiese opleiding iedereen bied. A. Ngheku het vroeër reeds hieraan aandag gegee in 1942 met sy werk, Arola Naheng ea Maburu, maar met veel minder klem.

3.2.3 DIE UITBEELDING VAN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS.

In 1949 publiseer D. Matselsetsele sy enigste novelle, Ditaba tsa Tawana, waarin hy in navolging van E. Segoeete en T. Mofolo dié sedeles by sy leser wil tuisbring dat die Koninkryk van die Hemele alleenlik deur 'n godvrugtige lewe beërf kan word. Vgl. hoe Matselsetsele tot dieselfde gevolgtrekking kom as Fekisi in T. Mofolo se werk, Moeti wa Botjhabela; "Ba kgopo, ba lonya ka dipelong tsa bona, Ba manyala dipelông tsa bona, ba ke ke ba kena Musong wa Mahodimo".¹ Netso wys die skrywer ook soos E. Segoeete in sy werk, Monono daarop dat rykdom of aardse skatte geen blywende waarde het nie en soos mis voor die son verdwyn: "Leruo ke ntho eo motho a ka e tshwantshang le mohodi feela, wona o tsohang o thibile, empa ha tsatsi le tjhaba o tla nyamela sebakeng; ere

1. Mofolo, T., Moeti wa Botjhabela, p. 7.

ha le re le a sa le se, le be le se le bohwenq ba ntja. Lehodimo le be le be letalana jwaleka nyooko ya tlhapi."¹ Die hoofkarakter in hierdie werk dien as simbool van die verlore mens wat in stryd met homself en sy omgewing verkeer en ten spyte van 'n kennis van God, in die sonde volhard en trag om in eie krag, vrede en geluk te vind. God se bemoeiing met so 'n mens - 'n sondaar en die feit dat die mens uit genade en nie uit eie krag nie, gered word, vorm dan hierdie skrywer se tema. Hoewel hierdie werk aansluit by A. Nqheku se novelle, Lilahloane, in soverre as wat albei werke die christelike godsdiens betrek, bestaan daar tog 'n groot onderskeid wêrens die feit dat Matselsetsele geen kerkgenootskap propageer nie en Nqheku nie soseer op die mens se sondigheid in die algemeen wys nie, maar op die geestelike krag van iemand wat tot die Rooms-Katolieke Kerk behoort en deur "afvallige" Protestante in die uitlewing van bepaalde beginsels, gestrem word. Aan die een kant veroordeel Nqheku die Kommunisme in Lilahloane maar word die Rooms-Katolisisme en Protestantisme ook teenoormekaar gestel en afgespeel. Trouens, dit is duidelik dat hierdie aanhanger van die Rooms-Katolisisme en goedgeskoolde persoon in die beginsels van hierdie genootskap, sy laaste werk bloot aanbied om sy mede-Basotho te wys op sogenaamde voordele en verlossing wat daar in die Rooms-Katolisisme te vinde is.

3.3. SKRYWERS IN DIE VEERTIGERJARE:

3.3.1 JAMES J. MACHOBANE:

Uit bogenoemde se pen het drie novelles verskyn, nl. Mahaheng a Matsho (1946), Mphatlalatsane (1947) en Senate, Shoeshoe 'A Moshoeshoe (1954). Laasgenoemde werk sal in die volgende periode bespreek word. Hy en Matselsetsele is na my mening die skrywers wat die meeste krediet in hierdie periode verdien as die gehalte van hul werk in oënskou geneem word.

1. Segoete, E., Monono, p. 11.

Daar is reeds gewys op die feit dat Machobane nie duidelikheid het oor die simboliek in die werk Mphatlalatsane nie en is dit duidelik dat hy hierdie werk geskryf het as bron van vermaak en later simboliese voorstellings bedink, wat nie altyd paslik is nie. Afgesien van die tema van hierdie werk vlot sy intriges bevredigend.

In Mphatlalatsane skets hy Tau as die eienaar van 'n besondere koei, Khaloli, wat hy buitgemaak het. As hierdie koei kalf, het hy ook 'n bulkalf wat hy deur 'n toordokter laat behandel nadat hy van laasgenoemde verneem het dat hierdie kalf, Maphatšoe, 'n geskenk van die voorvadergeeste is en deur alle nasies begeer sal word. Dit gebeur ook so en Tau se weiering om van Maphatšoe af te sien, lei daartoe dat kaptein Malobela, Tau aanval en laasgenoemde 'n nederlaag toedien. Die bulkalf wat oor sekere besondere eienkappe beskik het, is egter intussen dood en Tau bly alleen as verslae en verslane heerser en besitter van 'n eens gesogte dier, oor.

In Mahaheng a Matsho skets hierdie skrywer die lewe van Mokopela wat saam met sy vader in die hande van 'n groep kannibale val. Sy vader word om die lewe gebring en hy sluit noodgedwonge by die groep aan maar ontvlug later en sluit by Moshweshwe I aan. Intussen het 'n rusie onder die kannibale uitbreek en feitlik almal laat die lewe in 'n daaropvolgende geveg, maar nie voor hul 'n simboliese spyt oor hul daade ondervind nie. (Vgl. bv. hoe hul voorkoms verander as hul, hul daade in perspektief sien). Mokopela verneem van hierdie selfuitwissing en keer terug na die groep se woonplek ten einde Tselane, op wie hy verlief is, te soek. Hulle twee bring saam 'n nag tussen hul kamerade se lyke deur en is self spyt oor hul deelname aan mensvreterij.

Machobane slaag nie daarin om onnodige episodes in sy werke te vermy nie. In bg. werk dien die episode met Tselane as 'n toevoeging tot die verhaal aangesien Machobane nooit tydens Mokopela se verblyf by die kannibale van hulle verhouding melding gemaak het nie. Die episode met Peete, Moshweshwe I se oupa, is ook onnodig en nie funksioneel nie. Trouens, volgens oorerwering het Moshweshwe I dié kannibale na hierdie dood gevange geneem en is dit vreemd dat Machobane nie so 'n episode implementeer nie. Toevallighede kom ook

-
1. Vgl. Machobane, J.J., Mphatlalatsane, p. 29.
 2. Vgl. Machobane, J.J., a.w., p. 36.

in hierdie werk voor. (Vgl. bv. hoe Mokopela verneem dat die kannibale 'n onderlinge geveg gehad het). In die geval van Mphatlalatsane ontbreek toevallighede en onnodige episodes egter, terwyl sentiment in beide werke nie voorkom nie.

Die skrywer slaag in sy werke om 'n deurlopende spanningslyn op te bou en sodoende sy lesers se aandag te behou en na suksesvolle hoogtepunte op te werk; vgl. bv. Mphatlalatsane, die kalf se geboorte, voorspelling, Malobela se planne en die uiteindelijke geveg wat as klimaks dien. Dieselfde geld Mahaheng a Matsho; vgl. bv. Mokopela en sy vader se gevangeneming en eersgenoemde se ontsnapping. Die klimaks wat in die onderlinge geveg tussen die kannibale te vinde is, is ewe-eens 'n goeie klimaks maar ongelukkig word dit gevolg deur 'n denouement wat, soos reeds gesê, 'n blote toevoeging is.

In die geval van Mphatlalatsane is die denouement besonder kort maar tog genoegsaam; vgl. die verslae en verslane Tau na die geveg wat hy verloor het.

Machobane se werke neem telkens 'n aanvang met 'n baie kort omgewingsbeskrywing en hy draal nooit om by die kern van sy verhale uit te kom nie. Hierdie beskrywings van dele in Lesotho is baie realisties en ook 'n goeie inleiding en deel van sy agtergrondtekening. Die agtergrond in sy werke dra by tot die uitbouing van sy intriges en die skepping van 'n atmosfeer wat daarby aanpas. Vgl. veral Mphatlalatsane in welke geval die omstandighede waaronder kannibalisme in Lesotho voorgekom het, goed geteken word. In hierdie werk pas 'n atmosfeer van walging en afgryse goed by die stof aan. Sy toon is dan ook een van veroordeling van kannibalisme en simpatie met diegene wat tydens hierdie hongersnoodtydperk hulle in Lesotho bevind het. Sy trots jeens Moshweshwe I, wat 'n leidende rol tydens hierdie tydperk gespeel het, kom ook duidelik uit genoemde werk na vore. In Mphatlalatsane is sy toon duidelik een van bewondering vir die gedrag en moedigheid van Basothokapteins, terwyl sy liefde jeens die beesras ook nie uitbly nie.

Karaktertekening is egter oor die algemeen swak. Sy karakters is meesal passief en staan nie uit as indiwidue nie. Hulle ondervind alleenlik eksterne konflik maar hulle probleme intensifiseer nie tot so 'n mate dat werklike krisismomente bereik word nie. Beide sy hoofkarakters in genoemde twee werke, Tau en Mokopela, ondergaan geen karakterverandering nie, die leser leer hulle nie baie goed ken nie en beïndruk derhalwe nie as persoonlikhede nie. Alleenlik Mokopela in Mahaheng a Matsho probeer die bul by die horings pak en hom nie net na omstandighede skik nie. Dit is ook alleenlik hy wat ietwat interne konflik ondervind as sy vader deur die kannibale gedood word, maar sy reaksie daarop is van korte duur en ondervind hy geen werklike stryd om hom by die kannibale aan te pas nie. In die geval van Mphatlalatsane sê die skrywer ewemin van hoe bepaalde omstandighede sy karakters raak.

Machobane se styl word in Mphatlalatsane meer doelbewus verfraai as in Mahaheng a Matsho. In laasgenoemde werk pas sy liedere en gedigte ook goed by sy konteks aan en dra by tot die skepping van 'n bepaalde atmosfeer wat nodig is. In die geval van eersgenoemde werk is sy gedigte egter ietwat lank om werklik dramatiese effek aan die verhaal te verleen. Ten spyte daarvan dat dit by die konteks aansluit, blyk dit eerder losstaande eenhede te wees wat in sigself groot dele van die prosa kon vervang weens die feit dat die inhoud daarvan grootliks dieselfde feite meedeel as die verhaal self. Hierdie liedere en gedigte dra by tot die verfraaiing van Machobane se styl. Sy styl waarin goeie en gepaste woordkeuses voorkom, dra by tot realistiese en soms dramatiese beskrywings, wat weer daartoe lei dat spanning opgebou word, die werk gemaklik lees en die leser die geleentheid het om dit te geniet. (Vgl. bv. Mahaheng a Matsho vir die beskrywing van die geveg.¹ Netso Machobane se

1. Vgl. Machobane, J.J., Mahaheng a Matsho, p. 30.

beskrywing van Maphatšoe in Mphatlalatsane.¹)

Dialog bied die skrywer egter deurgaans aan soos wat dit gebruiklik in die drama is, en is hierdie verskynsel hinderlik. Netso is Machobane se benamings van sy hoofstukke in Mahaheng a Matsho geen bate nie en dra dit by tot die verflouing van spanning deurdat sy benamings 'n opsomming van die inhoud van bepaalde hoofstukke is.² Hoewel skrywerskommentaar ontbreek spreek Machobane sy lesers direk aan in Mphatlalatsane ten einde iets te verduidelik of die leser van iets te herinner.³


Origens is Machobane se werke interessant, verskaf genoegsame ontspanning en dra veral sy styl eerder dan die beplanning van sy werke, by tot die waarde daarvan.

3.3.2 D. MATSELETSELE:

Hierdie skrywer het een novelle gepubliseer, nl. Ditaba tsa Tawana (1949). Sy sedeles wat hy in hierdie werk by die leser wil tuisbring is goed gemotiveer en word goed deur die intrige na vore gebring. Tog is die verhaal eenvoudig.

Tawana verloor sy ouers gelyktydig en daarna al sy besittings streep-streep. As klein seuntjie probeer hy alleen 'n bestaan voer, maar slaag nie eintlik daarin nie en bring sy ongelukkige lewensverloop hom daartoe om oor die bestaan van God te filosofeer. Van 'n ou evangelis verneem hy meer van die christelike godsdiens maar as sy gebede onbeantwoord bly, vertrek hy om na sy grootouers te gaan soek. Na vele ontberinge bereik hy hulle maar word siek aan koors en uitputting. Hy droom hy kom in die teenwoordigheid van God en kom onder die besef van sy skuld as mens en dat slegs diegene wat oor goeie werke beskik, in die Hemel kan kom. Tawana herstel van sy siektetoestand en begin om die Evangelie te versprei. Hy maak nou erns met sy godsdiens en begeer om te sterf. Hy droom dat sy taak op aarde voltooi is en tydens 'n laaste diens wat hy hou, laat hy die lewe.

-
1. Vgl. Machobane, J.J., Mphatlalatsane, p. 13.
 2. Vgl. Machobane, J.J., Mahaheng a Matsho, hoofstukke III, IV, V.
 3. Vgl. Machobane, J.J., Mphatlalatsane, pp. 2, 4, 13.



Hierdie intrige bevredig nie altyd nie. As tawana vanaf sy ouerhuis vertrek, verkeer die leser onder die indruk dat hy sommer koersloos rondswerf. Immers, hy weet aanvanklik nie waarheen om te gaan nie.¹ Later blyk dit dat hy na sy grootouers op pad is alhoewel hy slegs weet waar hulle bly maar nie die pad daarheen ken nie.² Dit is jammer dat die skrywer die leser eers onder 'n valse indruk bring. Netso is dit ook snaaks dat Tawana se grootouers nie in kennis gestel is van hulle kinders se dood nie, veral aangesien Tawana alleen as weeskind agtergebly het. Op reis skrik Tawana vir 'n dier wat hy tydens 'n stikdonker nag kon sien en hierdie gebeurlikheid is ook nie realisties nie.³ As Tawana gevang word omdat hy op pad mielies steel as hy honger is, en as straf hieroor 'n skottel vol gate met water moet vul en dit 'n hele ent dra, raak Matseletsele absurd.⁴ In sy eerste droom verneem Tawana die woorde: "Wie is in staat om die Boek te lees?" en dan blyk hierdie Boek die Tien Gebooie te wees. Hierdie feit strook egter nie met die Bybelse bedoeling van genoemde Boek in Openbaring nie, aangesien slegs Christus die seëls daarvan kan breek en die inhoud daarvan dus nie Bybelse gegewens kan wees nie. Matseletsele is ook minder realisties as 'n vreemdeling met Tawana se dood 'n sekere lied aanhef en die omstanders wat geen kennis daarvan het nie, begin saamsing. So 'n gebeure is in elk geval onnodig.

Terwyl onnodighede dan in hierdie werk voorkom, bly nie-funksionele episodes ook nie uit nie. (Vgl. bv. hoe Tawana deur 'n spook aangeval word.)⁵ Toevallighede ontbreek egter in die verhaal maar melodrama is deel van Tawana se dood.

Die inleiding van die verhaal pas goed by die verloop daarvan aan, hoewel Tawana se ouer broer se siektetoe-

-
1. Vgl. Matseletsele, D., Ditaba tsa Tawana, pp. 31, 32.
 2. Vgl. Matseletsele, D., a.w., p. 41.
 3. Vgl. Matseletsele, D., a.w., p. 37.
 4. Vgl. Matseletsele, D., a.w., p. 49.
 5. Vgl. Matseletsele, D., a.w., p. 56.

stand en dood 'n onnodige episode is wat nie by die verhaal aansluit nie. Vir praktiese doeleindes kon Tawana geen broer gehad het nie of kon Matseletsele dit bloot genoem het dat hy die enigste kind was. Die denouement is nie langdraderig nie, maar sluit 'n klimaks in wat werklik nie baie spanningvol verloop nie.

Die verskeie episodes wat Tawana se reis na sy groot-ouers uitbeeld, bou genoeg spanning op maar dit word egter onderbreek na Tawana se aankoms te Madingwaneng en verkeer die leser nooit werklik weer in afwagting nie. Hoofsaaklik eksterne konflik word deur die skrywer uitgebeeld en hierin slaag hy goed, vgl. bv. Tawana se reis vol ontberinge. Die interne konflik word egter afgeskeep. Hoe hierdie reis en sy ouers se dood Tawana persoonlik geraak het, is feite wat Matseletsele buite rekening laat. Hy is weliswaar aanvanklik vol twyfel oor die christelike godsdiens veral weens die feit dat sy gebede nie beantwoord word nie, maar ook hierdie faset moes Tawana dieper geraak het as wat die skrywer meedeel.

Die agtergrond in die verhaal is Lesotho voor die begin van die 19de eeu. (Vgl. Mphako wat onder die Franse Sendinggenootskap wat in 1833 in Lesotho gevestig is, tot bekering gekom het.¹ Hierdie tydperk word goed genoeg geteken maar woorde van Afrikaanse oorsprong pas nie daarby aan nie. Vgl. bv. "fotsek"², sekotlolo,³ betere"⁴. 'n Tronk sou bv. ook tydens hierdie periode onbekend gewees het, vgl. bv. ".... ke hore tjhankaneng"⁵. In elk geval slaag Matseletsele daarin om die omgewing realisties uit te beeld en sodoende Tawana se moedigheid te beklemtoon en die leser se simpatie jeens hom, natuurlik op te wek. Hy is by uitstek 'n patetiese figuurtjie en dit is ironies dat hy nie by Mphako tot bekering kom nie en eers soveel struikelblokke moes oorkom, voor hy sy godsdienstige belewenis kon ondervind.

-
1. Vgl. Matseletsele, D., Ditaba tsa Tawana, p. 6.
 2. Matseletsele, D., a.w., p. 26.
 3. Matseletsele, D., a.w., p. 49.
 4. Matseletsele, D., a.w., p. 54.
 5. Matseletsele, D., a.w., p. 43.

Die atmosfeer in die hele werk is somber en treurig en Matseletsele slaag hoegenaamd nie daarin om hiervan af te wyk as Tawana, Christus as Verlosser aanneem nie. Die skrywer se toon is didakties en godsdienstig. Hy wil 'n sedeles by die leser tuisbring en hoewel hy slegs enkele kere doelbewus didakties skryf, is die didaktiese andersinds 'n natuurlike uitvloeisel van die tema in die intrige.¹ God se bemoeiing met hierdie seuntjie blyk duidelik uit die kere wat God beslis besig is om hom op sy reis teen allerlei gevare en natuurelemente te beskerm.

Matseletsele se styl is 'n sierstyl en hy skets situasies besonder goed. (Vgl. bv. die jagtog)². Hy wend slegs een lied aan en dit vorm 'n hegte eenheid met die bepaalde episode waarin dit voorkom en is dus goed aangepas.

Hy is egter geneig om twee sprekers in dieselfde paragraaf aan die woord te stel en hierdie verskynsel is jammer.³ Hoewel hy redelik objektief in sy aanbieding is, kan hy hom nie van skrywerskommentaar weerhou nie en word sy lesers dikwels aan voorafgaande gebeure herinner. Vgl. bv. "Ke sa tswa bolela...."⁴; Tsa hae re tla di utlwa ha re ntse re bala ho ya pele .."⁵. Die volgende verduidelikings kon bv. eerder in 'n voetnota tuisgehoort het: "Ba bang ho lona ba balang bukana ena, ha ba tsebe hore na ntlo ya motebo e jwang."⁶ Motjha ke tsela ya ditweba⁷; Qokwa ke jwang bo botle bo bolelele,.."⁸

Origens is die verhaal interessant en lees gemaklik. Dit is duidelik dat Matseletsele in navolging van T. Mofolo skryf en wel n.a.v. laasgenoemde se werk Moeti wa Botjhabela. Die gehalte van hierdie skrywer se werk is egter nie so hoog as Mofolo s'n nie en die allegoriese visie wat Tawana aan die einde van die werk ondervind,

-
1. Vgl. Matseletsele, D., Ditaba tsa Tawana, pp. 7, 11.
 2. Vgl. Matseletsele, D., a.w., pp. 24, 25.
 3. Vgl. Matseletsele, D., a.w., p. 47.
 4. Matseletsele, D., a.w., p. 5.
 5. Matseletsele, D., a.w., p. 6.
 6. Matseletsele, D., a.w., p. 8.
 7. Matseletsele, D., a.w., p. 5.
 8. Matseletsele, D., a.w., p. 4.

veel minder realisties en dramaties as in genoemde ander werk. Hoewel Matseletse se poging nie sonder verdienste is nie, is die uitbeelding van sy tema nie van hoogstaande gehalte nie en blyk hy as skrywer hoogs onervare te wees.

3.3.3 S. MATLOSA:

Matlosa het een werk in hierdie periode gelewer, naamlik Molahlehi (1946), en hierna eers weer in 1965 'n volgende novelle die lig laat sien. Soos gesê, is sy werk van belang in hierdie periode aangesien hy die eerste skrywer was om Bantoeskoliere op die belang van skolastiese opleiding te wys.

Die verhaal neem 'n aanvang met 'n uittreksel uit die hoofkarakter se vader se ongelukkige ervarings in Bloemfontein en gevolglike besluit om in 'n tradisionele gemeenskap te bly en nie weer die stad te besoek nie. Hierop word Molahlehi egter na die Kaapkolonie gestuur om verdere skolastiese opleiding te verkry, maar as hy sy vader se vermaninge oor die hoof sien en onder slegte invloed beland, word hy uit die skool verban en gaan soek hy 'n heenkome in Johannesburg. Hier ontmoet hy sy eerste vrou maar sy steek hom kort voor lank in die pad as sy geld opraak. Hy neem sy intrek by 'n tweede vrou maar sy besteel en verlaat hom. Hy begin besef dat alles in die Goudstad nie maanskyn en rose is nie, maar verandering nie sy lewenspatroon as hy 'n derde vrou onder sy sorg neem nie. Na 'n jaar is sy egter ontrou en word Molahlehi die voorwerp van 'n sameswering tussen hierdie vrou en haar kêrel wat hom om die lewe wil bring. Hy word ontvoer en kry gif in, maar beland in die hospitaal waar hy die lewe behou. Hier besef hy sy verloreheid as mens en behoefte aan God, met die gevolg dat hy 'n nuwe blaadjie omslaan en selfs beplan om na sy ouerhuis terug te keer. Sy derde vrou, Maria, vra dan per brief verskoning oor haar daad en hy vergewe haar. Tog is dit nie sy wat hom met sy ontslag uit die hospitaal ontmoet nie, maar wel sy eerste vrou wat by Maria van Molahlehi se omstandighede verneem het. Hy besef hy het haar nog lief en as hulle skynbaar rustig en tevrede saamwoon, begin sy daarop aandring dat hul-

le na sy ouers gaan en toestemming tot 'n huwelik verkry. Dan begin sy liefde taan en Sainyaka verlaat hom met die belofte dat sy sal terugkeer as hy dit sou wens. Hy begin haar egter mis en sy pogings om haar op te spoor, blyk vrugtelos te wees, waarna hy begin werk en 'n rustige lewe voer totdat hy onwetend in 'n moordpoging betrokke raak en in die tronk beland. Hy word egter vrygespreek as die werklike moordenaar te voorskyn kom en hy en Sainyaka ontmoet weer. Hy trou met haar en as hy op pad is om aan sy ouers 'n besoek te bring, beland hy voor 'n trein en laat die lewe.

Die vorm van hierdie intrige dra genoegsaam by om 'n enkele effek te verkry, maar word tog versteur deur 'n struktuur wat enkele episodes en detail behels, wat liefs ter syde gelaat kon gewees het deurdad hulle insluiting bydra tot die opwekking van verveling, langdraderigheid en onstabiliteit wat nooit verander nie. Vgl. bv. hoe Matlosa besin oor die wyse van naamgee deur die Bantoe en die feit dat baie kinders later karaktertrekke openbaar, of reageer op 'n wyse soortgelyk as dit wat sy naam sê of in werklikheid beteken.¹ Hierdie besonderhede het betrekking op die tema, maar kon elders ingewerk gewees het. Netso lei die verhale oor Louw Wepener en die man wat 'n kosbare diamant verloor het, ook tot langdraderigheid. Vgl. ook die treinreis Kaapkolonie toe terwyl Molahlehi se beïnvloeding op skool afgeskeep word. Netso word meer oor diegene wat hom beïnvloed, gesê, as hoe hy daarop reageer. Matlosa is ook onnodig uitvoerig in sy beskrywing van toordokterspraktyke. Alleenlik Masene se handelinge en gevoelens is van belang². Daar word ook onnodiglik oor 'n soen in die algemeen besin³. Die hoofstuk Lekula⁴ is net so onnodig aangesien Molahlehi reeds 'n patetiese figuur blyk te wees en die opwekking van nog verdere simpatie, ongewens is. Matlosa se hoofkarakter word na my mening in hopeloos te veel ongelukkige situasies geplaas wat nie langamerhand 'n intensiteitstoename ver-

-
1. Vgl. Matlosa, S., Molahlehi, hoofstuk 3.
 2. Vgl. Matlosa, S., a.w., hoofstuk 15.
 3. Vgl. Matlose, S., a.w., p. 34.
 4. Vgl. Matlosa, S., a.w., p. 47.

toon nie. By al sy ongelukkigheid, in 'n poging om 'n aanpassing in die stad te maak, word hy nog 'n ongeluksvoël as hy in 'n moord betrek word. Genoemde talryke onnodighede lei tot versnippering van die intrige en kon Matlosa met minder episodes wat hy meer uitbou, dieselfde, indien nie 'n beter, effek verkry het nie.

Matlosa gee ook nie altyd motivering vir karakters se optredes nie, vgl. bv. hoe Molahlehi se vriende in Johannesburg eensklaps sonder enige rede van die toneel af verdwyn. Motivering oor hoekom Molahlehi sy ouers dood waan, ontbreek ook.¹ Netso is dit nie duidelik hoekom Molahlehi Sainyaka lief het en so lank op haar bly wag nie. Dit is ook nie duidelik waarom hulle, hulle verhouding voortsit nie aangesien sake tussen hulle nooit werklik uitgepraat is nie. Hulle hereniging is dus nie gemotiveer nie. Die skrywer blyk nie sy stof baie goed te oordink nie - vgl. bv. hoe Molahlehi in 'n vasgebiede posisie gelaat word terwyl daar getrag word om 'n selfmoord na te boots².

Molahlehi ondervind wel genoeg eksterne konflik in hierdie werk en dit word realisties aangebied, maar dit neem nie in intensiteit toe nie en behels bloot die herhaling van gevarieerde gebeure waarin Molahlehi meesal passief bly en geen werklike psigologiese verandering intree nie. Hy doen nooit iets daadwerklik aan sy omstandighede nie en omdat die skrywer interne konflik oor die hoof sien, kom dit voor asof Molahlehi onversteurd is en nie werklik deur sy bepaalde omstandighede geraak word nie. Hy dink wel soms aan sy ouers se vermaninge en die bed wat hy vir homself opgemaak het, maar kom nooit sover om sy posisie in oënskou te neem en werklik handelend op te tree nie. Eers in die hospitaal kom hy tot ander insigte en vertoon hy pateties en kom die skrywer se melankoliese toon, wat die hele werk in sy geheel kenmerk, baie sterk na vore. Hoewel

1. Vgl. Matlosa, S., Molahlehi, p. 41.

2. Vgl. Matlosa, S., a.w., p.26.

die leser Molahlehi leer ken, geniet karaktertekening minder klem as die uitbeelding van situasies. Vgl. ook die melodrama in die denouement.

In een geval wend Matlosa toeval aan ten einde 'n fiksionele probleem op te los en die leser het geen ander keuse as om te besef dat hierdie bepaalde omstandighede té goed is om waar te wees nie.- Vgl. hoe die werklike moordenaar in dieselfde sel as Molahlehi beland en onderneem om die skuld, wat hom toekom, te erken sodat Molahlehi vryskot kan gaan.

Die inleiding van die werk behels 'n episode waarin Molahlehi se vader besef dat dit moeilik is om 'n aanpassing vanuit die tradisionele omgewing in die stad te maak. Anders as Molahlehi neem hy dan die wyk. Hiermee skeep Matlosa 'n kontras tussen die jeug en ouer geslag wat daartoe in staat is om gesonde oordeel aan die dag te lê en uit hoofde daarvan goeie raad aan sy kind kan gee - raad wat later weens jeugdige onvolwassenheid, totaal oor die hoof gesien word. Hierdie episode is 'n goeie aanknopingspunt en dra by tot die uitbeelding van die tema. Die denouement is na my mening te lank. Die verhaal loop in werklikheid ten einde na Maria en Molahlehi se hereniging, maar Matlosa voeg nog twee hoofstukke daaraan toe waarin hierdie twee karakters saam, weens bierbrouery, in hegtenis geneem word en Molahlehi die lewe laat. Die leser verkeer onder die indruk dat Molahlehi 'n nuwe blaadjie omgeslaan het as hy uit die hospitaal kom en is dus teleurgesteld in Molahlehi as dit voorkom dat hy geen werklike persoonlikheidsverandering ondergaan het nie en steeds op dieselfde pad voortwoeker. Die denouement vertoon dus ewe langdradig as die res van die werk met 'n voortsetting van gevarieerde episodes of elemente wat tot oordoening of oorbeklemtoning van Molahlehi se ongelukkigheid lei. Terwyl die verhaal reeds 'n klimaks bereik het, is die toevoeging van addisionele probleme dus ook onnodig.

Die agtergrond van die verhaal behels die tekening van buite-egtelikheid en bandeloosheid in blanke stede.

Eersgenoemde geniet genoeg aandag, maar Matlosa slaag hoegenaamd nie daarin om die aanpassingsprobleme van die vreemdeling in die stad realisties uit te beeld nie. Die rede hiervoor is miskien vanweë die feit dat wetteloosheid, eensaamheid, finansiële probleme en die stryd om nie deur die massa verswelg te word nie, minder aandag geniet.

Die atmosfeer in die werk is een van hartseer, teleurstelling en somberheid wat soms verlig word in beskrywings van die toordokter en Masene se kontak met die blanke. Tog slaag Matlosa nie daarin om die gewigtheid van sy tema na wense by die leser tuis te bring nie - miskien juis vanweë die verveling waarin die leser verval. Sy toon getuig van simpatie met Molahlehi en soms trag hy om dit doelbewus op te wek; vgl. bv.: "Mmadi a ka inahanela hore na maswabi a Molahlehi e ne e be a jwang."¹ Losser sedelike verhoudinge word ook deur Matlosa veroordeel, terwyl sy godsdienssin duidelik blyk uit die rol wat die godsdiens speel in Molahlehi se ommekeer. Sy benadering is dus didakties.

Matlosa slaag daarin om bepaalde feite te verberg en in 'n ontknoping, 'n goeie klimaks te bereik maar ongelukkig prikkel hy nie die leser se nuuskierigheid as hy sodanige inligting weerhou nie aangesien hy geen werklike los drade laat wat elders saamgevat moet word nie. So is die verband tussen Maria en Sainyaka nie eers raakgesien nie, omdat daar geen nodigheid hiervoor geskep is nie en lok dit in die ontknoping geensins verbasing uit nie, want ten spyte daarvan dat Molahlehi sodanige verband vermoed het, het die skrywer geen los drade gelaat waardeur verdere suspisie in hierdie verband opgewek kon word nie. Derhalwe is die ontknoping nie funksioneel nie en eerder 'n truuk waardeur dekoratiewe en sensasionele elemente die hele intrige, wat aan dramatiese wendinge ontbreek, moet verlig.

1. Matlosa, S., Molahlehi, p. 21.

Matlosa wend 'n sierstyl aan en woordkeuses is soms baie goed, gepas en beskrywend. Vgl. bv. "mokonyetsa"¹; se-kalakati²; qhanasa"³. Hy is lief om spotname aan te wend, vgl. bv. "Matswete"⁴(makgowa); Mahlakafolla⁵(Barwa)".

Matlosa is lief om eers 'n situasie in die algemeen te skets en dan sy karakters daarby te betrek. Hy stel dit dat huwelike en egskeidings in Johannesburg aan die orde van die dag is en plaas Molahlehi dan net daarna in 'n soortgelyke situasie⁶.

Die leser word dikwels ook direk aangespreek ten einde hom aan iets te herinner, iets te verduidelik of bloot 'n mededeling te doen - vgl. bv. "Taba eo ke ratang hore mmadi a e hlokomele haholo, ke lebitso la ngwana"⁷; Mmadi a utlwisise⁸; A re kgothaleng, ba heso, ditholwana tse ntle di tla ba teng,⁹.

Paragrafe en reëls sluit nie altyd by mekaar aan nie. Die laaste paragraaf in die hoofstuk Pelo ya Motswadi, sluit bv. beter by die daaropvolgende hoofstuk aan vanweë die inhoud daarvan. Netso sluit die volgende reël geensins by die konteks in daardie paragraaf aan nie: "Ka nako ena Molahlehi o ne a ena le tjhelete a sa kgathatswe ke letho"¹⁰. Die gegewens wat in die hoofstuk Pelo ya Motswadi voorkom, het bitter min met hierdie benaming te make en is genoemde opskrif dus 'n swak keuse.

-
1. Matlosa, S., Molahlehi, p. 2.
 2. Matlosa, S., a.w., p.3
 3. Matlosa, S., a.w., p. 4.
 4. Matlosa, S., a.w., p. 5.
 5. Matlosa, S., a.w., p. 10.
 6. Vgl. Matlosa S., a.w., pp. 12, 14, 21, 25.
 7. Matlosa, S., a.w., p. 7.
 8. Matlosa, S., a.w., p. 8.
 9. Matlosa, S., a.w., p. 15.
 10. Matlosa, S., a.w., p. 8.

Matlosa slaag in sy werk om die belangrikheid van formele opleiding te beklemtoon en die invloed en gevare wat die bandelose en ankerlose konglomeraat in die stad op 'n ontvanklike jeugdige se gemoed en liefdeslewe het, uit te beeld. Hierdie invloed beperk die skrywer egter tot bepaalde sosio-ekonomiese elemente en Molahlehi se lief en leed strek nooit verder as sy onmiddellike omgewing en liefdeslewe nie, sodat die leser die stad in al sy verrottenheid, soos wat Matlosa dit wou uitbeeld, nooit leer ken nie. Matlosa boet in aan gehalte vanweë die feit dat hy in hierdie kort werk nie genoegsame aandag aan al vier sy oogmerke, wat hy in sy inleiding noem, kan gee nie.

3.3.4. A. NOHEKU:

Hierdie skrywer het twee novelles, beide in die Veertigerjare, gelewer, naamlik Arola Naheng ea Maburu (1942) en Lilahloane (1944). Die gehalte van hierdie werke is t.o.v. beide tema en intrigene besonder hoog nie en derhalwe ook nie van veel belang nie, behalwe in soverre as wat kennis geneem word van die oogmerke van die Rooms-Katolieke Pers soos reeds genoem.

In sy eerste werk teken hy die koppige seun, Arola, wat weier om verder skool te gaan en wegloup om op 'n blanke plaas te gaan werk. Vir ses jaar lank is hy gelukkig maar as die lewe hom begin verveel, gaan hy verder. Hy kom in botsing met 'n volgende boer by wie hy werk soek en as hy afgeransel word, steek hy die boer se koring, uit wraak, aan die brand. By 'n volgende boereplaas vra hy water, word deur 'n hond bestorm en maak dit dood. Die gevolg is dat die boer hom agtervolg en 'n geveg ontstaan. Hy kom egter los en werk vir vyf jaar gelukkig op 'n dorp. As hy na hierdie tydperk sy tas wil hê wat hy in bewaring van 'n polisie-vriend gelos het en vind dat laasgenoemde dit verkoop het, dien hy 'n klag by die polisie in. In die hof vertel Arola sy hele verhaal en die indruk word geskep dat die magistraat Arola se standpunt insien en die boere se optredes afkeur. Hy ontvang ska-

devergoeding vir sy tas en keer terug huis toe maar steek eers nog 'n mielieland per abuis aan die brand en help om die brand te blus. Tuis besef hy dat die elf jaar tussen blankes hom niks in die sak gebring het nie en hy volg sy ouers se voorbeeld en kom tot bekering.

Hierdie intrige ontbreek aan deurlopende spanning en realistiese uitbeelding asook interessantheid. Dit stel in feitlik alle opsigte teleur. In sy geheel spreek Nqheku se werk van geen insig in die rasseprobleme van ons land nie, is sy benadering eensydig en word hierdie delikate tema geensins versigtig en met oorleg hanteer nie.

In sy tweede werk skets hy die lewe van die meisie Lilahoane vanaf geboorte tot en met haar dood. Sy word by 'n gelowige tante groot en onder dié se invloed besoek sy die Rooms-Katolieke skool en kom daar tot bekering. Intussen sluit haar ouers ook by hierdie Kerk aan maar haar vader raak later afvallig. Hy wil Lilahloane laat inisieer en, ofskoon sy en haar moeder alles in hulle vermoë doen om so 'n gebeurte te pypkan, beland sy tog in die inisiasieskool waar sy steeds haar beginsels getrou navolg. Hierna word sy in 'n huwelik met 'n Protestant gedwing en hy en haar skoonouers rand haar dikwels aan en dryf die spot met haar godsdienst. Sy word egter siek en die blymoedigheid waarmee sy die dood afwag, raak haar man en skoonouers so diep dat ook hulle tot die Rooms-Katolisisme toetree.

Hierbenewens weerhou Nqheku hom ook nie daarvan om aanvalle op die Kommunisme en veral die "Lekhotla la Bafo" ("Commoners League") te loods nie. Die intrige is nie te oninteressant nie maar die gebrek aan werklike spanning en konflik, is 'n leemte in die werk.

Beide Nqheku se werke vertoon veel leemtes t.o.v. die intrige en is sy taalgebruik ook nie vir die leser 'n hoogtepunt nie. Werklike konflik ontbreek in beide werke en spanning is nie volgehou nie. Arola se konflik met sy omgewing in Arola Naheng ea Maburu is bv. onrealisties omdat dit nie met die werklike verhoudinge tussen wit en swart in S.A. skening hou nie en die karakters in hierdie

werk buitensporig ekstrem in hulle optrede is. Lilahloane se stryd om haar beginsels uit te leef, word egter realisties genoeg uitgebeeld maar Nqheku laat haar reaksie en gevoelens totaal buite rekening.

Spanning flikker soms op maar verfbu as Nqheku sinspeel op komende gebeure¹. (Vgl. ook die benamings van sy hoofstukke wat 'n weerspieëling van die inhoud daarvan is)². Ook onnodighede kom in sy werke voor, terwyl sentimentaliteit nie uitbly nie.³

Tog is sy inleiding en denouement in beide werke geslaagd. Hy draal nêrens nie, konfronteer sy lesers gou met die sentrale probleem en as die klimaks bereik is, loop die verhaal ten einde. Veral in Lilahloane is die klimaks 'n definitiewe hoogtepunt.

Die uitbeelding van situasies en gebeure is nie baie dramaties of opwindend nie maar karakteruitbeelding is redelik goed - in elk geval is Nqheku se karakters nooit passief nie en tree altyd handelend op. Hy deel selde iets aangaande sy karakters se persoonlikhede mee, maar deur handeling en dialoog kan beide Arola en Lilahloane as individue uitgesonder word.

Die agtergrond in sy werke is realisties in die sin dat dit by sy intriges aanpas maar bestaan uit en uit, uit sedelesse en propagering van die Rooms-Katolisisme en veralgemenings m.b.t. die verhoudinge tussen wit en swart. Sy toon is dus ook veroordelend t.o.v. die blanke en die Protestantisme asook bepaalde tradisionele gebruike soos die Anisiasieskool, terwyl hy die probleem van te vroeë skoolverlating by skoliere ook effens aanraak en dit duidelik is dat hy hierdie verskynsel betreur. Trouens, dit is een van sy oogmerke om die jeug in Lesotho daarop te wys dat hul by 'n gebrek aan skolastiese opleiding, aangewys is op 'n droewige bestaan onder blankes.

-
1. Vgl. Nqheku, A., Lilahloane, pp. 38, 71.
 2. Vgl. Nqheku, A., a.w., pp. 34, 35;
Arola Naheng ea Maburu, pp. 61-64.
 3. Vgl. Nqheku, A., Lilahloane, p. 60; Arola Naheng
ea Maburu, pp. 20, 23, 33, 68.

Die atmosfeer in sy werke is somber en spreek van ongelukkigheid waarvoor hy alleenlik die Rooms-Katolisisme as teenvoeter het en gebruik.

Toevallighede ontbreek in sy werke behalwe in die geval van Arola Naheng ea Maburu waarin Arola toevallig iemand raakloop wat hom kan waarsku en behulpsaam kan wees in die ontduiking van die polisie wat na hom op soek is.

Sy styl is eenvoudig en woorde van Afrikaanse of Engelse oorsprong, terwyl Suid-Sotho-ekwivalente bestaan, kom dikwels voor. Dialoog word ook aangebied soos wat gebruiklik in die drama is, terwyl Nqheku sy lesers ook dikwels direk aanspreek. Vgl. bv.: "Hase ntho e hlokang ho boleloa hore ...¹; Kea kholoa u sa hopola hore ...²; ... re ka mpa ra re feela³; 'Mali a ke a itekanyetse e le eena⁴".

Dat Nqheku tot die aanwending van goeie temas in staat is, lei geen twyfel nie. Sy temas kan hy ook goed d.m.v. sy intriges na vore bring in soverre as wat feitlik alle elemente van sy intriges na sy temas heenwys. Tog bevredig sy intriges nie heeltemal nie en is dit duidelik dat hy veel meer ervaring nodig het voor hy vir die volwasse leser kan skryf.

3.3.5 M.L. MAILE:

Hierdie skrywer het twee werke gelewer, naamlik Ngoana ha a botsa Telejane (1945) en Moiketsi (1958). Laasgenoemde sal later meer volledig bespreek word. In die geval van sy eerste poging, handel die werkie oor advies m.b.t. 'n keuse van 'n huweliksmaat en wend Maile die episodes rondom Botle se hardkoppigheid aan om op didaktiese wyse sy lesers in sake van hierdie

-
1. Nqheku, A., Lilahloane, p.22.
 2. Nqheku, A., Arola Naheng ea Maburu, p. 60.
 3. Nqheku, A., Lilahloane, p. 30.
 4. Nqheku, A., a.w., p. 57.

aard te onderrig.

Maile is hierin deurgaans subjektief ingestel, wys die leser direk op die gevare van eiesinnigheid by kinders en die nut van berusting by ouers se keuses van huweliksmaats vir hulle kinders. Dit is dus duidelik dat dit hier nie om die intrige in die eerste plek gaan nie, maar om voorligting aan hubares te gee. As sulks kan dié werk kwalik as 'n novelle benader word, maar eerder as 'n didaktiese verhaaltjie wat geen aandag in hierdie studie verdien nie. Die werk is meer opvoedkundig van aard en 'n tipe handleiding, dan 'n fyn beplande en uitgewerkte aanbieding van leesstof vir volwassenes.

---oOo---

HOOFSTUK IV. DIE VYFTIGERJARE EN BEGIN SESTIGERJARE (1950-1965).

4.1 INLEIDING:

Hierdie periode kan bestempel word as dié tydperk waarin die meeste publikasies van novelles die lig gesien het - nie omdat dit vyf jaar langer as die Veertigerjare duur nie, maar omdat daar in die Vyftigerjare, presies twee maal soveel werke gepubliseer is as in die Veertigerjare alleen, naamlik 18. Hierdie tydvak skei sigself dus duidelik af van die Veertigerjare en Laat Sestigjare, vanweë die volgende oorwegings:

- (a) Die tempo van publikasies was in hierdie periode die hoogste en dit het weer begin afneem sedert 1966.
- (b) Aansienlik meer nuwe temas maak hul verskyning tydens hierdie periode, soos bv. 'n eerste poging om 'n spanningsverhaal daar te stel, die uitbeelding van liefdesverhoudinge en botsings tussen ouer en jonger geslagte of die opheffing van land en volk.

4.2 'N ALGEMENE BESPREKING VAN DIE VYFTIGERJARE EN BEGIN SESTIGERJARE:

Temas van novelles wat gedurende hierdie tydperk die lig gesien het, is baie uiteenlopend van aard maar tog kan sekere skrywers se werke saamgegroeper word vanweë die aard van hulle temas wat soms wel t.o.v. fynere besonderhede verskil maar, globaal gesien, dieselfde strekking het. Bykans alle temas wat in hierdie tydvak voorkom, uitgesonderd dié met 'n historiese inslag, asook J.D. Chaane en een van K.E. Ntsane se werke, is didakties van aard. Slegs in enkele werke word die volwasse leser t.o.v. besinning m.b.t. die christelike godsdiens en die pleging van rituele moorde aangespreek,

Vgl. Sekoting sa Lihele deur D.P. Labekeng, Senyamo deur E.P. Lebone en Liretlo deur A.S. Mopeli-Paulus, Mosali a Nkhola deur B.M. Khaketla, Sekhukhuni se Bonoa ke Sebatalali deur M. Ntsala onderskeidelik. Origens spreek werke tydens hierdie periode hoofsaaklik tot die skoolgaande jeug en word in enkele van hierdie werke ook die wyse waarop bepaalde gebruike van die ouer geslag die jeug raak, behandel en die hantering van sodanige novelles as sulks is dat beide die jeug sowel as die volwassene daarby betrek word. Vgl. bv. Meokho ea Thabo deur B.M. Khaketla.

In die geval van Pitso ea Makhulo deur J.D. Chaane en Nna Sajene Kokobela, C.I.D. deur K.E. Ntsane, word eerste pogings aangewend om volwasse ontspanningslektuur daar te stel sonder om doelbewus die leser tot bepaalde insigte te probeer bring. Meeste werke in hierdie periode is egter van 'n swak gehalte. Die temas pas nie altyd goed by die intriges aan nie of word nie goed genoeg deur die intriges geillustreer nie. Dikwels is die intriges ook vol onnodighede soos wat dit blyk in die geval van 22 werke in hierdie periode uit 'n totaal van 37 werke uit die novelle as geheel. Dit is dus duidelik dat hierdie leemte meer dikwels in hierdie periode voorkom as in ander periodes wat onderskei word. Karaktertekening en die tekening van konflik is ook minder suksesvol in meeste werke wat tydens hierdie periode gepubliseer is. Vier uit die sewe werke waarin skrywers, karakters se hele lewensverloop skets, is juis ook in hierdie periode aan te tref en blyk dit dus dat oor die algemeen, skrywers in hierdie periode se werke in gehalte niks beter is as dié in die vorige tydvakke nie - trouens, dat die gehalte van die novelle met die toevoeging van etlike werke, wat hieronder aangetoon sal word, eerder verswak het dan wat daar 'n progressiewe verbetering ingetree het. In elk geval blyk die werke wat in die Aanvangsperiode die lig gesien het, steeds van die belangrikste in die Suid-Sotho-letterkunde te wees. As gevolg van bostaande, bied 'n indeling volgens temas waarin alle werke tydens

hierdie periode gepubliseer, in aanmerking geneem word, nie 'n realistiese beeld van die aard van die novelle tydens die Vyftigerjare en Begin Sestigerjare nie. Bowendien geniet die aanvaarding van die christelike godsdiens weereens die aandag netsoos in alle ander periodes wat onderskei word en ook die verhuising van die Bantoe na die stad wat veral in die Veertigerjare aandag begin geniet het, word weereens as tema aangewend en hierdie tipe van novelle word ook in die volgende periode onderskei. As sulks is onderstaande paragrawe 4.2.8 asook paragraaf 4.2.9 wat uiteenlopende temas van minder belangrike werke bevat, nie kenmerkend van hierdie periode nie maar in sommige gevalle bloot 'n oorvleueling van kategorieë wat in ander periodes onderskei word, asook 'n samevatting van werke van minder goeie gehalte wat meesal deur meer verteenwoordigende werke in ander periodes verantwoord word. Vgl. bv. die uitbeelding van die christelike godsdiens wat in die Aanvangsperiode deur werke van beter gehalte as in hierdie periode verteenwoordig word. Netso word die stadstema meesal as onderdeel van ander temas in hierdie periode aangetref en waar dit as hooftema dien, is die betrokke werke nie van uitstaande gehalte nie.

Die volgende kategorieë dien dan as deurslaggewende kenmerke van hierdie periode:

4.2.1 DIE UITBEELDING VAN RITUELE- EN ANDER MOORDE:

In die geval van vier werke kom moord ter sprake. Hoewel rituele moord geen Suid-Sotho-tradisie is nie, is dit tog 'n gebruik wat aan tradisionele handeling soos o.a. die toordokter en kapteinskap gekoppel kan word en twee werke handel hieroor, nl. Liretlo deur A.S. Mopeli-Paulus en Mosali a Nkhola deur B.M. Khaketla. Beide hierdie werke is 'n reaksie op die vlaag van rituele moorde wat Lesotho in die veertigerjare beleef het en dien dit om op die nutteloosheid en gevolge van hierdie

praktyk te wys. Mopeli-Paulus se werk handel hoofsaaklik oor toordokterspraktyke waarin die rituele moord 'n onderafdeling vorm. Hy beklemtoon die feit dat diegene wat hulle tot rituele moorde wend om bepaalde be-geertes te bevredig, ook die konsekwensies en eise daar-aan verbonde, voor oë moet sien. Om op die louere te rus en toordokters se opdragte uit die oog te verloor, nadat hulle d.m.v. die bonatuurlike sekere voordele be-sorg het, lei tot ondergang en vernietiging. Hierdie skrywer sien rituele moorde, met alles wat daarmee saam-hang, as 'n gevaarlike praktyk weens die feit dat hoë eise aan die een wat daardeur bevoordeel word, gestel word, (Vgl. bv. die ritusse wat sy hoofkarakter gereeld moes ondergaan). Sou daar in hierdie eise gefaal word, word voordele só verwerf, verloor en is die behandelde persoon blootgestel aan die magte van kwaadwillig toor-dokters. Hierbenewens toon Mopeli-Paulus baie duidelik aan dat 'n bigame huwelik altyd tot onderlinge struwe-linge en haat tussen die vroue, met gevolglike probleme vir die man en kinders, lei. Sy afkeur ook hieraan word ondubbelsinnig uitgespreek.

B.M. Khaketla illustreer met sy werk, wat ook as een van die beste werke in hierdie periode bestempel kan word, die tragiek en 'n gevoel van verlorendheid of hopeloosheid van hul saak wat eens by die Basotho posgevat het tydens die vermindering van kapteinshowe in Lesotho ge-durende 1944-1945. Die korrupsie in hierdie howe en die lang pad wat met appéle gevolg moes word, noop die Koloniale regering in samewerking met die inheemse be-stuur om hierdie howe in getal te verminder, van 1340 tot 117¹. Verder dat inkomstes uit strafsake en verlore vee verkry, nie meer deur die kaptein bestee sal word nie, maar na die staatskas sal gaan². Ná hierdie reëlins sal erkende kapteins dan uit hierdie bron vergoed word vir hulle dienste ooreenkomstig die aantal belastingbe-talers onder hulle beheer³. Die gevolge van hierdie maat-

1. Vgl. Khaketla, B.M., Mosali a Nkhola, p. 30.

2. Vgl. Khaketla, B.M., a.w., p. 32.

3. Vgl. Khaketla, B.M., a.w., p. 31.

reëls was dat talle kapteins hulle oorerflike posisie in die samelewing sou verloor - sodoende sou die kaptein, sowel as sy raadslede, hul status inboet en sou 'n kaptein se inkomste drasties verminder. Die hoofkarakter in hierdie roman is 'n ondergeskikte kaptein en sy inkomste sou bv. vanaf ongeveer R14000 p.j. tot R400 p.j. daal¹.

In die lig van bogenoemde is dit te begryp dat ontevreidenheid, vrees en wanhoop onder sekere ondergeskikte kapteins, wat op die punt gestaan het om hul magsposisie te verbeur, sou posvat. Die gevolg hiervan was teenmaatreëls ten einde hul kapteinsposisie en groter inkomste te behou. Daar sodanige kapteins beswaarlik hulself deur siviele gedinge kon bevoordeel, was die enigste natuurlike oplossing geleë in die terugkeer tot en die aanwending van tradisionele gewoontes waardeur 'n kaptein sy stat en sy posisie kon verstewig. Hierdie gewoontes wat daaruit bestaan het dat 'n kaptein oor 'n medisynehoring, waarvan die inhoud uit menslike weefsels bestaan, beskik, het met die koms van die christendom begin vervaag sodat baie kapteins en hulle ouers nie meer aan die praktyk meegedoen het nie. Wanneer hierdie rustigheid versteur word en sommige kapteins hulself bedreig voel, is dit dan geen wonder dat baie na hierdie strooihalm van medisynehorings en rituele moorde gegryp het in Lesotho omstreeks 1944-1945 nie.

Teen hierdie agtergrond speel Khaketla se verhaal af en is sy tema dan die pleging van 'n rituele moord deur 'n kaptein wat aanvanklik hierdie praktyk, weens sy verwestering, skolastiese opleiding en christelike beginsels, verdoem. Met hierdie tema trag Khaketla om die aanleidende oorsake en gevolge van die pleging van rituele moorde te teken en hierin slaag by baie goed. Die verdriet en ironie verbonde aan iemand wat deur omstandighede tot hierdie praktyk gedwing word, is baie realisties geskets sodat die skrywer se werk perspektief gee aan die toename van rituele moorde in Lesotho in die veertigerjare en sy volk op die futiliteit en doelloos-

1. Vgl. Khaketla, B.M., Mosali a Nkhola, p. 36.

of nutteloosheid van hierdie praktyk gewys word.

M. Ntsala se werk, Sekhukhuni se Bonoa ke Sebetalali, het as tema die pleging van 'n moord en die gevolglike soeke na geregtigheid en die beskerming van die maatskappy teen hierdie tipe van wandaad en gevaar. Hoewel A.S. Gerard¹ Ntsala se werk as die eerste riller in Suid-Sotho beskou, is hierdie oordeel effens kras en ontbreek Sekhukhuni se Bonoa ke Sebetalali aan dié spanningsmomente en verdoeselde skrikaanjaende handelinge en vreeswekkende karakters en optredes wat dit as riller sou kon kenmerk. Trouens, Ntsala plaas sy klem op die oplossing van 'n moord en die feit dat tradisionele metodes in hierdie verband, byna-byna tot die skuldigbevinding van 'n onskuldige persoon as moordenaar lei. Nooit is die gemeenskap of enkele persone in die knelgreep van 'n moordenaar of in angstige, vreeswekkende situasies waarin lewens bedreig word en 'n stryd gevoer word om nie as prooi van 'n moordenaar om te kom nie.

In hoofsaak beeld Ntsala se werk die seëviering van geregtigheid bo ongeregtigheid uit - vgl. veral die naam van die werk en die gebruikmaking van hierdie spreekwoord. Die moordenaars se planne om Khabeli aan die pen te laat ry, lei skipbreuk weens hul eie onversigtigheid deurdat Koto toevallig hoor waar hul moordwapen begrawe is en op die begrafnis leedvermakerig lag. Hierbenevens stel Ntsala die toordokter as skurk wat sy magsposisie en agting wat hy van die gemeenskap geniet, misbruik om homself te verryk, aan die kaak. (Vgl. hoe die toordokter deur die moordenaars omgekoop word om Khabeli as moordenaar van Ramafa aan te wys). Die hantering van strafsake en die daarstelling van geregtigheid d.m.v. tradisionele gewoontes waarin die kaptein deur 'n toordokter bygestaan word, word deur Ntsala afgekeur en die westerse metodes waarin die blanke polisie skuld en onskuld deur definitiewe leidrade probeer bewys, sterk gepropageer. Hierin verskaf Ntsala min besonderhede en is dit bloot die beginsels wat vir hom van kardinale belang is

1. Vgl. Gerard, A.S., *Four African Literatures*, p. 153.

en wat hy by sy leser wil tuisbring. Eerder kan hierdie werk as die voorloper van die speurverhaal in Suid-Sotho gesien word, deurdat Ntsala daarin 'n moord oplos maar dan op 'n hoogs onervare en eenvoudige wyse, sodat Sekhukhuni se Bonoa ke Sebatalali nie deur en deur as 'n speurverhaal geklassifiseer kan word nie.

Met Nna Sajene Kokobela, C.I.D. trag K.E. Ntsane om, net soos Ntsala in bostaande werk, die oplossing van 'n moord te teken en is sy werk primêr 'n speurverhaal. 'n Moord word deur 'n geestesversteurde persoon, wat tydens die Tweede Wêreldoorlog bomskok opgedoen het, gepleeg, en as gevolg hiervan huldig hy die mening dat alle mense verrot is en in sy geestesvertreure toestand is hy van voorneme om die mensdom geleidelik uit te wis en sodoende weg te doen met die sondigheid van die mens¹. Aan die ander kant sien die speurder wat die moord moet oplos homself ook as dié persoon wat hierdie wandaad, wat juis a.g.v. die Sondeval, wat primêr voor die vrou se deur gelê moet word², op regsgronde moet uitwis en die samelewing sodoende teen hierdie tipe van misdadiger moet beskerm. As sulks bied Ntsane sy lesers nie net 'n speurverhaal waarin 'n moord opgelos word nie, maar verskaf goeie en interessante motiverings vir sy karakters se optredes waardeur sy werk in gehalte die leser bevredig. Tog is dit jammer dat die speurvermoë van die betrokke speurder swak is en, hoewel dit oor spanningsmomente in die laaste deel van die werk bevat, nie kunstig en vaardig deur die skrywer uitgewerk is nie.

4.2.2 DIE UITBEELDING VAN VERHOUDINGE TUSSEN DIE MANLIKE EN VROULIKE GESLAG:

Liefdessituasies tussen jeugdige en die botsings tussen ouer en kind in hierdie verband weens die tradisionele gewoonte dat ouers self huweliksmaats vir hulle kinders uitsoek en kinders hul nie aan hul ouers se keuses wil onderwerp nie,

1. Vgl. Ntsane, K.E., Nna Sajene Kokobela, C.I.D., pp. 84-86, 94, 95, 102, 103.

2: Vgl. Ntsane, K.E., a.w., pp. 13, 98-100.

maar vrylik 'n eie keuse wil maak, word hoofsaaklik in vier werke behandel, vgl. Meokho ea Thabo deur B.M. Khaketla, Sebolelo deur A.T. Maboeë, Lesiamo le Ema deur O. Mofolo en Nqalong ya Lerato deur B. Malefane. Khaketla en Malefane se werke is nie net die mees verteenwoordigende werke in hierdie kategorie nie, maar staan ook uit as die van die mees suksesvolle skrywers in hierdie periode.

Khaketla trag om op die leed te wys wat die ou Sothogebruik van ouers wat huweliksmaats vir hulle kinders self kies, inhou vir hierdie kinders indien hulle nie op dieselfde beskawingspeil as hulle ouers verkeer nie en 'n westerse kultuur voorstaan. Die gevolge van hierdie verskil in uitkyk en agtergrond is 'n botsing tussen die jeug en ouer geslag - 'n botsing tussen twee kulture as gevolg waarvan beide hierdie geslagte hul nie met die gebruike, argumente, beginsels of begeertes van die ander geslag kan versoen nie. 'n Aannee van die Christelike godsdiens, 'n hoër geleerdheid, kontak met 'n westerse samelewing en 'n hoë of eie inkomste, met gevolglike onafhanklikheid van ouers, lei tot selfstandigheid, met die gevolg dat die jeug hul eie sake, ook liefdessake, wil reël. Hiermee kan die ouer geslag en veral die vader met sy patriargale magte en pligte, geskoei op 'n tradisionele lees, hulleself nie versoen nie. Die gevolg is konflik wat tot ongelukkigheid lei en waarvoor daar skynbaar geen kompromie bestaan nie. Khaketla probeer ook geen oplossing vir hierdie probleem vind nie. Sy intrige geniet die grootste klem en die werk skyn hoofsaaklik vermaak, dan ook pitkos te wees.

A.T. Maboeë se tema is tradisioneel en benewens die klem wat hy gee aan die noodsaak van skolastiese opleiding en godsdiensstige onderrig, keur hy die tradisionele gewoontes van bigame-huwelike, inisiasie en die ontvoering van 'n bruid deur 'n jongman ook sterk af, terwyl hy op die leed wys van jongmense wat teen hulle sin en wil in 'n huwelik ingedwing word. Tog be-

nadruk hy ook die onverbreekbaarheid van beloftes wat d.m.v. die 'lobola' aangegaan is en wys hy daarop dat oneerlikheid of geringskatting van die 'lobola', aan alle partye betrokke, verdriet kan meebring. Die tema in sigself dien om tradisionele gewoontes wat nie met die christelike godsdiens strook nie, te verwerp, terwyl bepaalde elemente wat nie daarmee in botsing is nie, aangetoon word. Elemente soos eerlikheid, agting vir instellings en teenoor meerderes, getrouheid, hulpvaardigheid, die nakoming van beloftes en vredeliewendheid, is elemente wat toevallig met 'n christelike siening ooreenkom, maar tradisioneel ook bestaan en dieselfde waardering geniet.

Maboee se tema is relevant in 'n tydperk waarin tradisionele gewoontes kwyn of aan die verouder is. Hiermee herinner hy sy leser aan die tweestryd en konflik wat die lede van 'n volk ondervind indien dit besig is om 'n nuwe beskawing aan te neem. In sy werk is daar voortdurend die botsende elemente van geleerdes met 'n christelike godsdiens en uitkyk teenoor aanhangers van die tradisionele wat die moderne verwerp - 'n konflik wat waar is en oraloor verdriet en aanpassingsprobleme tot gevolg het. Die enkeling wat hom van die tradisionele wil losmaak en godsdienstig en skolasties wil ontwikkel, het met velerlei probleme en teenkanting wat vir hom 'n opdraende stryd skep, te doen. Daarom geniet diesulkes Maboee se simpatie en aanmoediging en maak bepaalde sedelesse deel van die tema uit. Hierdie tema is besonder goed en op 'n interessante, onderhoudende en pakkende wyse in die intrige verwerk.

O. Mofolo wil dit by sy leser tuisbring dat die liefde ook pyn en hartseer kan meebring, veral as dit nie ouerlike goedkeuring wegdra nie. Wanneer Ema en Lesiamo se liefde vir mekaar nie tot 'n huwelik kan lei nie, volg konflik, teleurstelling tussen die verliefdes en hulle omstandighede. Dit gee weer aanleiding tot konflik tussen ouer en kind. Ongelukkig oorheers die hoofkarakter se omswerwinge en werks- en skoolprobleme sodat hierdie kon-

flik eers teen die einde van die werk sterk op die voorgrond kan tree.

Botsings binne die huwelik word ook in drie werke behandel, nl. 'Makotulo deur S.N.Majara, Mosali a Nkhola deur B.M. Khaketla en Lillo tsa Mokhotlong deur L.T. Nyesemane. In eersgenoemde werk tree vervreemding in vanweë noodwendige skeiding tussen die egpaar as die eggenoot die huis verlaat om as trekarbeider elders te gaan werk. Die vrou weier om alleen tuis te bly en na die huis en 'n kind om te sien en as sy by haar man wil aansluit en laasgenoemde weens praktiese oorwegings dit nie kan toelaat nie, verlaat die vrou haar man en begin 'n buite-egtelijke lewe voer. Ongelukkig oorheers buite-egtelikheid hierdie verhaal en beklee die probleme tussen man en vrou weens skeiding a.g.v. die trekarbeidstelsel, 'n minder belangrike posisie.

In die geval van L.T. Nyesemane se werk, ontstaan konflik in die huwelik hoofsaaklik weens agtergrondverskille m.b.t. algemene beginsels en skolastiese opleiding. Dit is duidelik dat Nyesemane daarteen gekant is dat mense wat skolasties en opvoedkundig nie op dieselfde vlak verkeer nie, met mekaar sal trou. So 'n stap sien hy as dwaasheid en probeer dit as sulks by die leser tuisbring. Mishandeling van die vrou deur haar man en dronkenskap by die vrou, word ewe-eens as motiewe vir ongelukkige huwelike aangebied en is dit duidelik dat hierdie skrywer trag om na die grondliggende oorsake van ongelukkige huwelike te soek, maar ongelukkig verskaf hy hierdie enkele oorsake duidelik, maar bly in gebreke om die twee huwelike wat hy betrek, individueel as jammerlik, vol konflik en 'n mislukking, te teken. R.L. Motsa-tse se werk Moitshapi le Moeletsi sluit hierby aan as die skrywer die wrywing en gebrek aan eenstemmigheid tussen verloofdes skets as hulle nie dieselfde beginsels handhaaf nie. Hierdie paar se probleme spruit daaruit dat die man, 'n vrek, ook 'n baie hoë dunk van homself en sy skatte het, op sy naaste neersien en geen naasteliefde skyn te hê nie. Die meisie, daarenteen, vertoon presies die teenoorgestelde beginsels te openbaar en as gevolg daarvan lei hulle verhouding skipbreuk totdat Donald tot

ander insigte kom. Ook in hierdie geval word die botsings tussen man en vrou, vanweë verskillende uitgangspunte in hulle beginsels, geteken en Motsatse doen dit baie realisties.

In die geval van Mosali a Nkhola deur B.M. Khaketla teken die skrywer ook twee karakters wat in die huwelik nie op dieselfde peil beweeg nie en die vrou wat oor gebrekkige skolastiese opleiding beskik en maklik beïnvloedbaar is t.o.v. ou tradisies wat nie vir haar man aanneemlik is nie, ingespan word om die eggenoot subtiel te verlei, om sy beginsels prys te gee en 'n rituele moord te beplan. Die ongelukkigheid wat hierdie handeling van die vrou tot gevolg het, raak ten slotte die hele huisgesin baie diep en moet die eggenoot vir sy wandaad die hoogste tol betaal en sy kind vaderloos in skande opgroei. Ook in Mopheme deur S. Matlosa verloop die hoofkarakter se bigame huwelik nie vlot nie vanweë die tweede vrou se jaloesie op haar man se ander vrou en kind. Later loods hierdie vrou 'n moordpoging op haar man en sy seun ten einde al sy besittings vir haarself, in te palm. Die vader word vermoor en die seun ontsnap om later vergeldingsmaatreëls op die moordnares en haar helpers toe te pas. Met hierdie subtema illustreer Matlosa dit duidelik dat bigame huwelike tot oneindige hartseer en struwelinge in die gesin kan lei.

Volgens A.S. Gerard¹ trag J.I.F. Tjokosela om vervloë gebruike in perspektief te stel en die leser se waardering en begrip daarvoor in sy werk, Mosonngoa, te vind. Na my mening is dit hoegenaamd nie die geval nie, aangesien Tjokosela juis op die jammerlikheid en gevolge wys van handeling wat christelik, sowel as ooreenkomstig Bantoegebruik, afgekeur kan word. Primêr gaan dit oor 'n stiefmoeder se uitbuiting en houding jeens haar stiefkind omdat die stiefmoeder nie op tradisionele 'kenelwa'-wyse tot die gesin betrek is nie. Trouens, die eie moeder is

1. Vgl. Gerard, A.S., Four African Literatures, p. 156.

oorlede en aanvanklik het die vader 'n buite-egtelike verhouding en neem hierdie vrou in sy huis sonder dat 'n huwelik aangegaan is. Dit is duidelik dat hierdie skrywer in hoofsaak die soeklig laat val op probleme binne 'n buite-egtelike verhouding en die invloed daarvan op die kind wat in hierdie atmosfeer moet opgroei en nie in die sluiting van 'n huwelik of enige tradisie nie. Weliswaar word 'n huwelik deur genoemde stiefkind later aangegaan maar hierdie gebeurtenis is, asof in 'n bygedagte, aan die verhaal toegevoeg.

Buite-egtelikheid word ook in 'Makotulo' deur S.N. Majara, Lisebo deur S.P. Masiesa en Kqunou le Maria deur H.B. Lethoba, afgekear.

In die geval van Majara en Masiesa se werke geniet die vrou as hoofkarakter wat buite-egtelike verhoudinge aanknoop, die aandag, terwyl Lethoba weer die soeklig laat val op die man wat op buite-egtelike wyse saam met vroue leef. In al drie hierdie werke keer die hoofkarakter soos die 'Verlore Seun', óf terug na die ouers toe, óf na 'n eggenoot, nadat daar tot die besef gekom is dat buite-egtelikheid geen bevrediging of ware geluk bied nie. Hierdie besef ontstaan egter eers nadat die betrokke in die steek gelaat is, afgeransel is deur 'n jaloerse vrou, of die minnaar en finansiële probleme opduik as een van die twee deelnemers aan hierdie praktyk weier om vir die ander een te sorg. Masiesa se werk is van baie swak gehalte en die tema word uiters onsuksesvol uitgebeeld. In Lethoba se werk beeld hy hoofsaaklik die invloed van die stad op die ontvanklike gemoed van die jeug uit en is buite-egtelikheid dus ondergeskik aan hierdie tema, of vorm deel daarvan. Dieselfde geld Majara se werk, maar hy gee baie meer aandag aan die ongelukkigheid van sy hoofkarakter en haar onstandvastige leefwyse en probleme om weer met haar man herenig te word. As sulks word die gevolge van 'n vrou wat haar man verlaat en elders op die gunste en gawes van buite-egtelike minnaars aangewys is, baie realisties en tragies uitgebeeld.

In die geval van Liate oa Mafika-Lisiu deur S.N. Majara behéls die laaste deel van die werk 'n liefdestema waarin 'n huwelik aangegaan word en die vrou getrou aan haar man bly as hy later dood gewaan word. Die werk sluit af met 'n verrassingselement as hierdie eggenoot terugkeer en yind dat sy eggenote te alle tye, ten spyte van versoeking, aan hom getrou was. Majara poog om daarmee die eerlikheid, getrouheid en ideale verhouding tussen man en vrou te teken waarin die liefde en huwelik as kragtige, samebindende faktor, die eise wat daaraan gestel word, kan weerstaan. Ongelukkig pas die twee dele van die patroon van hierdie werk nie goed bymekaar aan nie en is die eerste deel eenvoudig en meer vir kinders bedoel, terwyl die laaste deel meer as volwasse lektuur na vore tree; vgl. bv. Liate se kinderjare, skoolbywoning en talle gesondheidsleerlesse wat in detail weer-gegee word.

4.2.3 DIE UITBEELDING VAN HISTORIESE KARAKTERS:

Nege werke met historiese temas of die uitbeelding van historiese gebeure en/of karakters is in hierdie periode aan te tref. Vier hiervan handel oor die lewe en tye van Moshweshwe I, nl. Senate, Shoeshoe 'A Moshóeshoe deur J.J. Machobane, Moroetsan'a Moshate deur S.N. Majara, Moshweshwe Moshwaila deur A.S. Mopeli-Paulus en Morena oa Thaba deur S.N. Majara. S.N. Majara se werk oor Moshweshwe I en S.M. Guma en T.T. Mofolo se werke wat nie oor Moshweshwe I handel nie maar ook 'n historiese agtergrond het, blyk die mees suksesvolle werke in die kategorie te wees. In elk geval verdien beide Majara met Moroetsan'a Moshate en Guma met sy twee novelles, ook vermelding as van die skrywers wat in die periode onder bespreking werke van noemenswaardige gehalte gelewer het.

Machobane se werk weef hy rondom Moshweshwe I, opperhoof van die Basotho en sy probleem met 'n

opvolger vir sy opperhoofskap. Die tema is interessant en ontplooi goed terwyl Machobane goed daarin slaag om geskiedkundige feite met verdigsel só te vermeng dat sy resultaat geen biografie is nie en ook nie deur geskiedkundige feite oorheers word soos dit soms met ander skrywers die geval is nie. Sy intrige ontwikkel bevredigend tot en met Moshweshwe se dood, waarna gebeure en historiese figure mekaar sneller opvolg en die hoofkarakter en veral die voortsetting van Moshweshwe se opperhoofskap, ietwat in die agtergrond tree.

In Moroetsan'a Moshate trag Majara om op simboliese wyse die kontak tussen wit en swart in Suidelike Afrika te teken. Die Bantoe word aanvanklik in sy tradisionele staat uigebeeld m.b.t. onderlinge gevegte oor die land Lesotho. Hierna tree die Boeremagte op die toneel en ten einde laaste vind Lesotho beskerming by die Britse Kroon, neem die westerse beskawing oor en kom daar 'n einde aan geskille oor hierdie land wat Majara, Moshate, noem. Majara se simboliek in hierdie werk is versluier sodat dit duidelik is dat hy vir die volwasse leser, wat self afleidings kan maak, skryf. Tog laat hy genoeg leidrade vir die leser om af te lei dat kaptein Kelello in werklikheid die opperhoof Moshweshwe I, uitbeeld. Vgl. hoedat hy 'n nuwe vesting betrek, geskenke aan Nodumehlezi stuur ten einde laasgenoemde se hulp teen Malatela te verkry, padkos aan diegene stuur wat die onderspit teen hom delf. Hierdie feite herinner aan Moshweshwe I. Kaptein Kopano se seun, Ramosoeu, is blank en veg met gewere. Kelello vra 'Makhotso om hom teen Ramosoeu te beskerm. Bogenoemde feite dui daarop dat Ramosoeu die inwoners van die Unie van S.A. voorstel. Nodumehlezi dui Chaka aan, aan wie Moshweshwe geskenke gestuur het en van wie groepe weggebreek het om ook o.a. in Lesotho plundertogte uit te voer. Die vrouekaptein 'Makhotso wat kaptein Kelello se dogter (Lesotho) vir haar seun as bruid wil hê en 'n bondgenootskap met Kelello sluit en hom teen Ramosoeu beskerm, stel simbolies koningin Victoria voor. By haar is ook die beskawing aan te tref wat in die landstreek Moshate ontbreek.

Moshweshwe Moshwaila deur A.S. Mopeli-Paulus is 'n historiese roman gebaseer op die lewe van Moshweshwe I - dit strek vanaf 'n tydperk kort voor Moshweshwe se gebodte tot en met die aankoms van die Franse Sendelinge te Thaba-Bosiu in 1833. Hierdie tema is egter nie baie goed verwerk nie, deurdat die skrywer se geskiedkundige feite oorheers en daar van 'n verhaal nie veel sprake is nie - sou die verteltrant waarin die verhaal aangebied is, ontbreek, sou die werk niks anders as 'n historiese feite-werk wees nie. Die skrywer is die alwetende verteller in hierdie werk en hy tree na vore as iemand wat die totstandkoming van die Basotho-volk vanuit die huidige betrag. Van 'n karakter wat dit meegeleef het of van die aanwending van geskiedkundige feite in 'n roman waarin spanning opgebou word tot 'n klimaks, is daar nie sprake nie. Dit is dus geen verhaal met 'n geskiedkundige agtergrond nie, maar bloot 'n geskiedkundige relaas opgehelder deur dialoog. Ook Mopeli-Paulus se saaklikheid hierin ry die sukses wat die verhaal kon gewees het, in die wiele.

In Majara se werk Morena oa Thaba geniet die baie geskiedkundige feite in die uitbeelding van die lewe en tye van Moshweshwe I, ook die grootste klem en word min aandag aan die skepping van 'n novelle gegee. Trouens, bogenoemde twee werke kan beswaarlik as novelles gesien word maar eerder as 'n relaas oor historiese gebeure in die Suid-Sotho-volk se geskiedenis en nie eers as goeie biografieë nie.

Die res van die werke met 'n historiese agtergrond in hierdie tydvak het uiteenlopende karakters as sentrale, historiese figure. So beeld S.M. Guma in Tshehlana tseo tsa Basia die lewens van twee belangrike Basia-vrouefigure en die rol wat hulle in die Batlokwastam vervul, voor en tydens die 'Difaqane'-oorloë gedurende die vorige eeu uit. Hierdie tema is interessant en spanningsvol en die hoofkarakters se wel en wee soms aandoenlik. Dat hierdie vroue beide onder moeilike omstandighede die

leiding van die Batlokwestam op hulself kon neem, daardeur sorg dat die erflike kapteinskap aan hulle kinders - die wettige erfgename daarvan oorgaan, is aangrypend en prysenswaardig. Dit kan nie betwis word dat hierdie dade, veral weens die feit dat dit deur vroue vervul is, 'n belangrike geskiedkundige feit in die Batlokwa se bestaan behels nie. Veral aangesien die Batlokwa se voortbestaan en linie van kapteinskap daardeur geborg is. As sulks maak Guma 'n goeie keuse wanneer hy hierdie interessante en uitstaande stukkie geskiedenis in 'n novelle verwerk.

Hierdie tema ontplooi heel goed in 'n intrige met genoegsame gevarieerde gebeure wat die sentrale tema rugsteun en uitbou sodat die skrywer daarin slaag om die geskiedkundige feite netjies en interessant aan te bied. Trouens, Guma slaag uitmuntend daarin om die historiese so in te klee dat karakters en hulle gevoelervaringe, 'n verhaal waarmee die leser kan meeleeft, vorm. Klein insidente wat in wese niks met die historiese te make het nie, dien tot genoemde verlewending en gevoelvolle aanbieding.

Die lewe en herkoms van die legendariese kaptein van die Batlokwa en kruiedokter van faam, Mohlomi, beeld Guma in Morena Mohlomi, Mora Monyane uit. Dat Guma probeer om sy geskiedkundige feite so korrek en volledig as moontlik te hou, kan nie betwyfel word nie. Volledigheidshalwe word die eerste ses hoofstukke aan hierdie figuur se herkoms gewy en hoewel ook hierdie aspek oor interessante en aanskoulike momente beskik, blyk dit as inleiding eens te omvangryk te wees. Kaptein Monaheng se kinderloosheid, wat deur die kruiedokter Ngwepepe opgelos word, die latere geboorte van 'n tweeling, Mokgeseng en Monyane, en die probleem rondom hierdie tweeling se voortbestaan, nl. moet een van die tweeling ook volgens Bantoegebruik gedood word of verdien 'n kaptein se tweeling beide die lewe, Mokgeseng, oom van die hoofkarakter se lewe en streke is alles inderdaad irrelevant in hierdie novelle of dan die detail-

gegewe in hierdie verband onnodig. Dat die hoofkarakter Mohlomi, 'n onnosel vader, Monyane, een van 'n gespaarde tweeling waardeur die voorvadergeeste se toorn moontlik steeds kon ontvlam, gehad het, sluit aan by die tema van die verhaal maar hierdie gegewens kon, veel korter aangebied, steeds dieselfde doel en nut gehad het. Dit is dus duidelik dat hoewel Mohlomi en sy ervarings as tema van hierdie novelle dien, Guma ongelukkig buite hierdie veld beweeg het en sodoende ook die feit versterk dat die Bantoeskrywer soms hopeloos te veel tyd aan agtergrondsketsing bestee en daardeur aan die wesentlike in 'n verhaal klem laat inboet.

T.T. Mofolo bespreek in Phakoana Tsooana die wel en wee van die Amabulani wat uit splintergroepe, wat onder Chaka se regime van hierdie opperhoof weggebreek het en hulself oorkant die Sambezi onder kaptein Bulani se beheer, gaan vestig het, bestaan het. Chaka se wreedhede, bloeddorstighede en 'n gebrek aan vrede onder sy regime, was die aanleidende oorsaak van hierdie vlug en vestiging te Zolweni. Hier word 'n vredesryk opgebou totdat die Shangaans 'n aanval op die Amabulani loods en die onderspit delf.

Mofolo beperk hom tot hierdie enkele historiese feite maar brei dit in sy intrige so uit dat die leser 'n detailbeskrywing van hierdie stam het, terwyl persoonlike elemente, soos bv. die lewe van Tulani en Tandiwe, nie net 'n deurlopende lyn in die verhaal bewerkstellig nie, maar ook tot die tekening van heldedade en 'n mooi liefdesverhouding, wat die hele verhaal ophelder, lei. Mofolo slaag uitmuntend daarin om historiese gebeure, wat in sigself nie vreeslik interessant is nie, realisties te teken en 'n persoonlike kleur daaraan te gee sodat die leser die werk geniet en daarin meeleeft. Die rede hiervoor is omdat Mofolo geskiedkundige feite in sy agtergrond gebruik maar 'n eie unieke verhaal skets.

In die geval van Makoa deur F.R. Letlala trag hy volgens

sy voorwoord om die omstandighede waaronder sy oupa die lewe gelaat het, te skets. Die werk behels dan die lewens van 'n tweeling, Makoa en Makoanyane. Eersgenoemde is die hoofkarakter wie se lewe teen die agtergrond van die Bantoe-oorloë ('Difaqane') en gevegte tussen die Boeremagte en Moshweshwe geteken word. Hierdie tema het geen didaktiese strekking nie maar is ook geen biografie in die ware sin van die woord nie. Hoeveel feite waarheid is en hoeveel verdigsel, is moeilik te bepaal. Tog beweeg Letlala met sy verhaal teen 'n groter agtergrond van historiese gebeure en kan alleenlik kleiner episodes hierin, indien nodig, bevraagteken word. Dit kan aangeneem word dat Letlala oor enkele interessante gegewens rakende sy oupa Makoa beskik het en hierdie feite in 'n deurlopende verhaal te boek wou stel. Vandaar 'n historiese tema wat soms mank daaraan toe is omdat gapings in Makoa se lewensverhaal voorkom en die skrywer soms groter klem aan gebeure, waarin hierdie karakter geen prominente rol vervul nie, gee. Netso is die geveg met die waterslang geen feit nie maar verdigsel wat moontlik in die oorlewering van feite sy oorsprong het. Sien ook die wyse waarop sy hul hom van die waterslang red. Dit is jammer dat Letlala hierdie feite nie in die regte perspektief stel nie. Sy tema word grootliks bederf deur die feit dat hy dit noem dat die hoofkarakter sy eie oupa was. Daarsonder kon die hoofkarakter goed inpas by dié fiktiewe feite wat Letlala aanwend.

4.2.4 DIE UITBEELDING VAN KINDERS SE REAKSIE OP HUL OUIERS SE OPVOEDING:

In die geval van twee werke, Leshala le Tswala Molora deur E.A.S. Lesoro en Mafofela le Mohau deur S.N. Majara waarin eersgenoemde van beter gehalte as laasgenoemde werk is, trag die skrywers om in 'n mindere of meerdere mate aan te toon hoedat kinders nie altyd reageer op die goeie opvoeding wat hulle van hulle ouers ontvang nie. In Lesoro se werk maak die vader skolasties en ekonomies 'n sukses van sy lewe onder moeilike omstandighede

en is dan in staat om sy seun finansieel by te staan en alle hulp tot die verkryging van skolastiese opleiding en die voer van 'n bestendige en suksesvolle lewe te verleen. Tog het hierdie voorbeeld en bystand geen invloed op die betrokke seun nie en volg hy nie in sy vader se voetspore nie maar strek hom alleenlik tot skande en verdriet. Ook in Mafofela le Mohau deur S.N. Majara geniet die kind alle voorregte wat sy ouers hom kan bied en ook vanweë die feit dat hy bederf word en nooit teëgegaan word nie, ontaard hy in 'n ontredende swakkeling sonder enige besef van wat reg en verkeerd is en beswaarlik tussen opgevoede en onopgevoede gedrag, korrekte en afkeurenswaardige optredes, kan besluit. As gevolg van 'n gebrek aan sterk beginsels kan hierdie seun ook nie sy lewe doelgerig inrig nie en strek ook sy ouers tot skande en verdriet.

J.J. Moilola illustreer met Paka-Mahlomola presies dieselfde omstandighede maar toon dan aan dat die ouers se voorbeeld en goeie opvoeding wel later vrugte afwerp as die kind na sy dwaashede tydens die puberteitsjare, tot inkeer kom. As sulks lê hy klem op die feit dat ouers se ontberinge en opofferings in die opvoeding van hulle kinders, nie altyd vrugteloos is nie.

Hierdie temas getuig van fyn waarneming en insig in die opvoedingsprobleme van die jeug en is daarom 'n goeie bydrae tot die Suid-Sotho-letterkunde en 'n poging om die opgroei-proses van 'n kind en sy reaksie op opvoeding tuis, sowel as op vreemde invloede van buite die huisgesin, te deurgrond. Tog geniet beide die jeug en ouers se konflik en geestelike belewenisse nie genoegsame aandag nie en is die hantering van hierdie probleme nie veel meer as 'n oppervlakkige benadering nie.

4.2.5 DIE UITBEELDING VAN DIE NUT EN WAARDE VAN SKOLASTIESE OPLEIDING:

Hoewel daar in twaalf werke episodes op skool betrek word waarmee skrywers op die nut en waarde

van skolastiese opleiding en die ongelukkigheid van diegene wat nie erns met hulle studies maak nie, wys, is die verkryging van skolastiese opleiding nie altyd die sentrale tema nie maar soms bloot 'n onderafdeling daarvan. In die geval van Moiketsi deur M.L. Maile en Mamello e Tsoala Katleho deur B.M. Masilo, wat as hooftema die nut en waarde van skolastiese opleiding het, besef die skolier vroegtydig dat hy sy geleentheid verspil en slaan dan 'n nuwe blaadjie om, om 'n sukses van die skoolloopbaan te maak. (Vgl. hoe die hoofkarakter in laasgenoemde werk geskors word maar dan vir sakgeld werk en verder studeer en sy finale eksamens aflê). In genoemde werk van Maile staan die hoofkarakter gevaar om weens misdrywe geskors te word maar onder die invloed van een van sy onderwysers staak hy sy afkeurenswaardige gedrag en bekwaam hom selfs as onderwyser. Tog het hierdie karakter geen werklike psigologiese verandering, soos die hoofkarakter in Masilo se novelle, ondergaan nie.

In die geval van Liate oa Mafika-Lisiu deur S.N. Majara, besef die hoofkarakter gou die nut en waarde van skolastiese opleiding en is dit veral die lesse oor higiëne wat haar belangstelling prikkel en later daartoe bydra dat sy haar skoolloopbaan suksesvol voltooi en die verpleegstersberoep begin beoefen. Tog is hierdie deel van die tema losstaande van die liefdestema wat later in die werk volg.

In die geval van O sentse Linako deur S.N. Majara, Tshepo deur A.C.J. Ramathe, Menyepetsi ya Maswabi deur A.T. Maboee, Moiketsi deur M.L. Maile en Mamello e Tsoala Katleho deur B.M. Masilo, behandel hierdie skrywers die probleem van te vroeë skoolverlating en wangedrag op skool, waaronder stokkiesdraaiery, drankmisbruik, parrmantigheid en hofmakery die deurslaggewende rol speel, meer pertinent. In hierdie gevalle word die jeug of skolier se gedrag bespreek wat daartoe lei dat daar van die skoolloopbaan geen sukses gemaak word nie en as gevolg hiervan die betrokke karakters elders ook geen goeie aanpassing maak

of sukses behaal nie. Maboe se werk is verteenwoordigend van genoemde werke met hierdie strekking en hierdie skrywer vind dit tragies dat baie Bantoekinders om een of ander rede die skool verlaat en dan ook terselfdertyd hulle ouerhuse, om elders op eie bene te probeer staan en 'n heenkome te soek. Weens voortvarende jeugdigheid en onvolwassenheid word avontuur buite die stam, gemeenskap, ouerhuis of stamverband gesoek en besef so 'n kind eers later dat die lewe elders nie so rooskleurig is as wat dit aanvanklik gelyk het nie. Sonder die nodige voorbereiding, ervaring, kennis en skolastiese opleiding blyk sekuriteit die skoolverlater en kind wat uit sy ouerhuis weggeloop het, voortdurend te ontwyk. Hierna word berou ondervind, maar gedane sake het geen keer nie en dikwels is dit net nie moontlik om die bande, of gevolge van wetteloosheid, sumier af te werp en huiswaarts te keër nie. Die gevolg is 'n maalkolk waarin die jeugdige hom bevind en waarin hy ontredder heen en weer geslinger word weens omstandighede, óf buite sy beheer, óf deur eie toedoen a.g.v. onvolwassenheid en gebrekkige kennis van die mens en die lewe in die algemeen.

Maboe is baie duidelik gekant daarteen dat kinders op jeugdige ouderdom die skool verlaat en hierdie didaktiese strekking van sy temas word aangevul deur didaktiese passasies wat vry algemeen voorkom. Sy toon is dan 'n veroordeling van losbandige fortuinsoekery ten koste van skoolopleiding waarvan die nut nie onmiddellik besef of raakgesien word nie.

Hoofkarakters maak redelik maklik 'n sukses van hulle skoolloopbaan in die geval van Meokho ea Thabo deur B.M. Khaketla, Liate oa Mafika-Lisiu deur S.N. Majara, Sebolelo deur A.T. Maboe en Masoabi deur K.E. Ntsane. Laasgenoemde werk se tema is verteenwoordigend van bogenoemde werke en Ntsane oorskou daarmee die grootwordproses van 'n kind en die wyse waarop die gehoorsame en vlytige skolier 'n sukses van hierdie loopbaan maak om later 'n suksesvolle beroep te volg. In die geval van

Leshala le Tswala Molora deur E.A.S. Lesoro is dit die vader wat buitemuurs studeer en só 'n sukses daarvan maak dat hy later ook 'n graad behaal.

In die geval van Masoabi deur K.E. Ntsane en Tsha ha se Mele Poya deur J.K. Thakhisi word die wangedrag van onderwysers onder die soeklig geplaas. In eersgenoemde werk verloor 'n onderwyser, wat selfs as prinsipaal aangestel is, sy werk weens drankmisbruik, terwyl in Thakhisi se werk wat die verkryging van skolastiese opleiding as hooftema het, 'n prinsipaal se jaloersheid op 'n suksesvolle onderwyser uitgebeeld word en ook die korrupsie aan 'n bepaalde Bantoeskool, hoofsaaklik deur die skoolkomitee se inmenging, geteken word. Hierbenewens beeld Thakhisi die probleme uit wat die Bantoe soms het om voldoende skolastiese opleiding, weens finansiële probleme, te bekom.

R.L. Motsatse, A.T. Maboe en L.T. Nyesemane teken onderskeidelik in Moitshepi le Moeletsi, Sebolelo en Lillo tsa Mokhotlong, die radikale verskil in opvoeding en beginsels en kennis wat daar bestaan tussen diegene wat oor 'n skolastiese opleiding en agtergrond beskik en diegene wat daaraan ontbreek.

4.2.6 DIE UITBEELDING VAN VERGELDING:

Hoewel slegs een werk vergelding as tema het, moet hierdie kategorie onderskei word vanweë die feit dat S. Matlosa se Mopheme 'n baie goeie poging is om interessante spanningslektuur daar te stel en die werk van redelik goeie gehalte is. Matlosa teken in hierdie werk 'n bigame huwelik met gevolglike onmin en ongeluk wat die eggenoot homself en sy jongste seun, die hoofkarakter in die verhaal, hierdeur op die hals haal. As die vader vermoor word en die hoofkarakter se erfdeel hom ontnem word, tree vergelding op die voorgrond ten einde die regmatige erfdeel van die moordenaars en diewe af te neem. Hierdie tema word baie oor-

spronklik deur die skrywer hanteer in 'n intrige wat baie nou by die Bantoe se geloofs-, sedelike- en kultuurlewe aanskakel. Die tema is 'n alledaagse lewenswerklikheid en die middele wat Matlosa aanwend om dit in fiksie uit te beeld, is nie net interessant, vindingryk en weldeurdag nie, maar ontbreek aan sentimentaliteit en oorbeklemtone van die christelike aspekte wat so 'n tema kon behels. Deur natuurkragte en die mens se verstandelike vermoë om, om die bos te lei en om die bos gelei te word, aan te wend, word die tema op 'n pakkende wyse in die intrige opgeneem sodat die leser met lus lees. Teen die einde van die werk maak vergelding plek vir vergewensgesindheid as daar liefde op die spel kom en blyk dit dat diegene wat onreg pleeg wel later daarvoor boet, maar dat haat geen doel dien nie en die liefde 'n emosie of ondervinding is wat haat en vergelding uit die weg kan ruim. As sulks is hierdie tema ook opvoedkundig van aard en gee Matlosa aan sy lesers genoeg stof tot nadenke.

4.2.7 DIE UITBEELDING VAN HOOGMOED:

Ook in hierdie kategorie is daar slegs een werk aan te tref, nl. R.L. Motsatse se Moitshepi le Moeletsi. Hierdie werk is egter van baie goeie gehalte en die skrywer beeld daarmee slegs 'n enkele greep uit sy hoofkarakter se lewe uit en die intrige speel in die bestek van slegs een nag en die daaropvolgende oggend af. As sulks lui Motsatse 'n nuwe era in die Suid-Sotho-letterkunde in waarin verhale oor die algemeen, soos later gesien sal word, dikwels die hele lewe, of altans die grootste gedeelte daarvan, dek. Vanweë die belang van hierdie werk en die feit dat Motsatse as een van die belangrikste skrywers in hierdie periode gesien kan word, verdien sy tema om in 'n afsonderlike kategorie bespreek te word ten spyte daarvan dat geen enkele ander werk hierby aansluit nie en ook nie onder hierdie hoof te berde kan kom nie.

In sy inleiding skets Motsatse die omstandighede wat tans in Lesotho heers - 'n land en 'n volk wat snel besig is om te ontwikkel t.o.v. die verkryging van geleerdheid en die aanvaarding van westerse beginsels en standarde. Die gevolg hiervan is dat sommige Suid-Sotho-gewoontes verwerp word en 'n gees van hoogmoedigheid en selftrots posvat as gevolg waarvan daar dan op ander neergesien word.¹ Die ontwikkeling van klassestande, gekenmerk deur die besit of gebrek aan skolastiese opleiding en lewensmiddele, is vir die skrywer 'n doring in die vlees wat nie te rym is met die Suid-Sotho se tradisionele norme en wedersydse agting en respek vir mekaar nie. Materiële voorspoed het vir 'n deel van die Lesotho-bevolking immateriële wanbegrippe meegebring wat Motsatse graag deur sy werk wil regstel. Die deugde van vrygewigheid, hulpvaardigheid, nederigheid en respek teenoor andere is beginsels wat hy by bevoorregte geleerdes en rykes soek, terwyl dit ook vir hom essensieel is dat hierdie persone 'n navolgingswaardige voorbeeld aan hulle medemens moet stel.

Hierdie tema is verfrissend en getuig van goeie waarnemings, het 'n didaktiese strekking - 'n oproep waardeur die Suid-Sotho-leser geestelik kan baat. Sy tema word op baie interessante wyse in die intrige na vore gebring en bestaan daaruit dat die skrywer Moitshepi, oftewel Donald, se veragtelike en hoogmoedige houding en leefwyse skets, totdat Moeletsi in 'n droom hom verneder en die pyn en gevolge van sy handeling laat besef, waarna Donald sy lewe en houding teenoor andere totaal verander. Van daar die naam van die werk : Moitshepi le Moeletsi.

4.2.8 DIE UITBEELDING VAN 'N SOEKE NA GELUK:

'n Paar werke word aangetref waarin die soeke na geluk elders, gewoonlik weg van die huis af, geteken word. Ook werke met 'n stadstema waarin hierdie geluk in die stad gesoek word, kan onder hierdie kategorie tuishoort. Die hoofkarakters

1. Vgl. Matsatse, R.L., Moitshepi le Moeletsi, p. 7.

in vier werke verlaat die huis om hulle geluk elders as in die tradisionele omgewing te soek. Ongelukkig is feitlik alle werke in hierdie afdeling nie van veel letterkundige waarde nie en kan bloot S.N. Majara se 'Makotulo en A.T. Maboe se Menyepetsi ya Maswabi as die belangrikste werke uitgesonder word.

In hierdie kategorie kan drie tipes van novelles onderskei word n.a.v. waar hierdie geluk gesoek word, nl. eerstens in die stad, tweedens bloot weg van die huis of stamverband af en derdens in die natuur. Die verhuising van die Bantoe na die stad, wat veral in die Veertigerjare aandag begin geniet het, word weereens as tema aangewend en hierdie tipe novelles word ook in die volgende periode, die Laat sestigerjare, aangetref. Tog is dit in hierdie periode dat die meeste hoofkarakters hulle vanaf die platteland of tradisionele omgewing in die stad bevind en aldaar meegesleur word deur 'n losbandige leefwyse waarna hul tot besinning kom en besef dat die lewe tuis veel meer voordele en rustigheid bied. Werke met hierdie temas ressorteer egter nie onder die beste publikasies in hierdie periode nie vanweë allerlei swakhede in die intrige, karakteruitbeelding en uitbeelding van die tema. Bloot S.N. Majara se 'Makotulo bevredig die leser in 'n groot mate. Tog vorm die hoofkarakter se ervarings in die stad bloot 'n onderafdeling van die werk en lê Majara meer klem op die gevolge van sy hoofkarakter se eiesinnigheid, buite-egtelikheid en huisverlating as wat maatskaplike en sosiale invloede in die stad onder die soeklig kom. As sulks is hierdie werk nie verteenwoordigend van die stadstema nie. In die geval van Lisebo deur S.P. Masiea, Kgunou le Maria deur H.B. Lethoba en Lekomo la Ralitoro deur A. Sekoli gee skrywers meer aandag onderskeidelik aan sedeloosheid in die eerste twee werke en wetteloosheid in die derde werk en is hierdie werke die enigste waarin die stadslewe as hoofsaaklike agtergrond in die intrige aangewend word. Ongelukkig is hierdie drie werke nie van uitstaande gehalte nie en handel Sekoli se novelle ook nie primêr oor die lewe in die stad nie maar oor die feit dat mis-

verstande en wrywing in die samelewing nie deur Kommuniste nie, maar alleenlik deur die aanvaarding en uitlewing van die christelike godsdiens, uit die weg geruim kan word. In die geval van Motwaitwai wa Lesotho deur J.T. Khalala, vertrek die hoofkarakter stad toe om daar kennis op te doen en sy finansiële posisie te verbeter waarna hy as leier na Lesotho terugkeer en sy statsgenote opvoed. In Mohale o Tsoa Maroleng deur J.I.F. Tjokosela, beeld die skrywer sy hoofkarakter se verslegting in die Goudstad uit, maar hoe hierdie gebeure by die tema aansluit waarin die hoofkarakter, land en volk wil ophef, is nie duidelik nie.

In die geval van O sentse Linako deur S.N. Majara, Tshepo deur A.C.J. Ramathe en Rabahlanka kapa Molele deur P.M. Letsie, bring die hoofkarakters slegs 'n deel van hulle lewe in die stad deur en is die primêre doel ook nie om die invloed van die stadslewe op die jeug, wat vanaf 'n tradisionele omgewing in die stad 'n heenkome soek, uit te beeld nie. In Majara se werk teken hy hoofsaaklik die eiesinnigheid van 'n jongman wat die ouerhuis verlaat en dan as swerwer geen geluk, heenkome of standvastigheid vind nie en deur omstandighede genoop word om huiswaarts te keer. In die geval van Ramathe se werk illustreer die skrywer 'n vader se soeke na sy kapteinskap elders, wat later na hierdie man se dood, deur die seun gevind word. Dog die seun moes as kind saam met sy moeder in die stad vertoef en sodoende beseft dat die finansiële voordele wat 'n stadslewe oplewer, nie vergoed vir die geestelike lyding en verswakking in beginsels wat noodgedwonge volg nie. As sulks kan die behoudende, vreedvolle en rustige leefwyse in die stamverband waardeer word. In hierdie werk wend Ramathe die invloed van die stad bloot aan ten einde 'n kontras met die lewe in die stamverband te vorm en handel sy werk primêr oor die ontdekking van die kapteinskap waarna die vader gaan soek het. Deur die hoofkarakter vir 'n tyd na die stad te verplaas, word die waarde en voordele van 'n lewe in die stamverband onderstreep en die soeke na genoemde kapteinskap geregverdig.

In die geval van A.T. Maboe se Menyepetsi ya Maswabi, beland sy hoofkarakter weg van die huis op blanke pla- se onder die invloed van diewe en word hy by hulle ak- tiwiteite betrek maar ontvlug as die polisie op hulle toeslaan. Hierna ontmoet hy 'n ander bendelid en ge- samentlik voer hulle 'n lewe van bedrog totdat hy in die tronk beland. Na die uitdiening van sy straf werk hy vir 'n rukkie maar begin weer 'n wettelose lewe voer as hy homself as blinde bedelaar voordoën, dog beland weer in die tronk. Hierna trou hy, word deur die vrou om die bos gelei en besteel. Hierdie besonderhede word in navolging van E. Segoe se Monono aan 'n jeugdige vriendjie vertel ten einde laasgenoemde te beweeg om nie van die huis af weg te loop nie, maar sy skoolloopbaan te voltooi. Met hierdie tema trag Maboe duidelik om op die nut en waarde van skolastiese opleiding te wys, maar toon hy ewe-eens aan dat avontuurlustigheid dikwels tot die voer van 'n wettelose en bandelose lewe, waarin geen geluk, bestendigheid of 'n versekerde inkomste te vind is nie, lei.

S.N. Majara se werk, O sentse Linako, illustreer presies dieselfde gedagte en ook sy hoofkarakter se omswerwinge bring hom slegs verdriet en spyt in die sak.

In die laaste werk in hierdie kategorie, nl. Pitso ea Makhulo deur J.D. Chaane, skets die skrywer in sy kort novelle sy eie soeke na skynbare geluk en vrede in die natuur - skynbare geluk en vrede, aangesien dit nooit duidelik word wat die skrywer motiveer om op reis te gaan en waarna hy werklik soek nie. Die tema is dus vaag en die intrige 'n vertelling sonder enige werklike sin of betekenis.

Chaane skets sy eie belewenisse soos wat hy in sy voor- woord meld - belewenisse in die natuur nadat hy, sonder dat enige rede daarvoor gegee word, só deur die natuur aangelok word dat hy eenvoudig 'n reis aanpak sonder om te weet waarheen hy op pad is. Hy reis oos en die vertes

lok hom steeds. Soms in die stilte van die buitelug dink hy aan die lewe en die wonder van die Skepping sonder om enigsins werklik daaroor te filosofer.

4.2.9 ALGEMEEN:

Enkele werke wat in hierdie periode gepubliseer is en waarin die temas uiteenlopend van aard is, is nie van besondere gehalte nie en verdien nie om in 'n afsonderlike kategorie bespreek te word en sodoende die periode onder bespreking te kenmerk nie. As sulks word hierdie werke saamge-groeper onder die hoof 'Algemeen'. Die volgende werke kan hier onderskei word:

4.2.9.1 DIE UITBEELDING VAN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS:

In hierdie periode geniet die aanvaarding van die christelike godsdiens met A. Sekoli se Le-komo la Ralitoro, F. Nqheku se Tsielala, E.P. Lebone se Senyamo en D.P. Lebakeng se Sekoting sa Lihele weer eens die aandag netsoos in alle ander periodes wat onderskei word. In eersgenoemde twee skrywers se werke word die Rooms-Katolisisme as enigste saligmakende kerk van Christus beskou, in navolging van A. Nqheku se werk, Lilahloane, wat in die Veertigerjare verskyn het. E.P. Lebone se novelle, Senyamo, is 'n versugting - een waarin hy bepaalde ideale vir die Basothovolk m.b.t. die uitlewing van die christelike godsdiens koester. In Sekoting sa Lihele deur D.P. Lebakeng, word die Duiwel en sy engele asook hulle werksaamhede sedert die Sondeval uitgebeeld. Hierdie werke wat as tema die christelike godsdiens het, is egter van swak gehalte en vervul geen prominente plek in die periode onder bespreking nie.

4.2.9.2 DIE UITBEELDING VAN SPYT OOR HUISVERLATING:

In twee werke verlaat die man of vrou die huisgesin vanweë geskille en soek dan in die stad'

'n heenkome; vgl. bv. Lekomo la Ralitoro deur A. Sekoli en 'Makotulo deur S.N. Majara. Laasgenoemde werk is, uit 'n letterkundige oogpunt gesien, van beter gehalte as die van Sekoli en ook meer verteenwoordigend van hierdie kategorie, aangesien die huisverlater in Majara se werk, spyt oor haar handeling is en begeer om weer in die betrokke huisgesin opgeneem te word. In Sekoli se werk geniet hierdie aspek geen aandag nie en keer die eggenoot bloot terug huis toe as hy deur omstandighede in die stad daartoe gedwing word. Met 'Makotulo teken Majara die berou wat die eggenote ondervind vanweë haar sondige leefwyse weg van die huis en is haar stryd om weer met haar huisgesin herenig te wees simbolies van haar straf en boetedoening vir haar buite-egtelikheid, die moord wat sy pleeg en die feit dat sy haar man en dogter in die steek gelaat het. Hierdie gedagte geniet die meeste klem in die werk en slaag Majara daarin om dit by sy leser tuis te bring dat impulsiewe besluite in die huwelik en begeertes om ongebonde te wees, alleenlik ongeluk en spyt tot gevolg het.

4.2.9.3 DIE OPHEFFING VAN LAND EN VOLK:

In die geval van drie werke word die opheffing van land en volk as sentrale tema ingespan; vgl. Naleli ea Meso deur B.T.N. Gugushe; Mohale o Tsoa Maroleng deur J.I.F. Tjokosela en Motwaitwai wa Lesotho deur J.T. Khalala. Gugushe trag om dit by sy leser tuis te bring dat een man deur volharding, ywer en 'n goeie voorbeeld, die omgewing of statsgenote saam met wie hy hom bevind, tot voordeel kan strek en sodanig kan beïnvloed dat daar in sy voetspore gevolg word. Die ekonomiese onderontwikkeltheid van die land Lesotho is 'n probleem wat die inwoners daarvan tot kommer moet strek en die hoop laat koester dat iemand - Gugushe sien so iemand as 'n mōrestêr - hierdie probleem daadwerklik sal

aanpak en deur voorbeeld en met eie krag, omwentelinge teweeg sal bring. So 'n omwenteling moes in 1951, toe Lesotho onder Kolonialistiese bewind van Engeland was, die strewe van menige Mosotho, soos dit byvoorbeeld uit Khalala se werk blyk, gewees het.

Hierdie tema ontplooi goed in die verhaal behalwe dat:

- (a) Gugushe nie daarin slaag om in sy inleiding die statjie Tsitsong werklik so agterlik te skets soos wat hy sy leser meedeel dat dit die geval is nie;
- (b) Nadat die hoofkarakter sy geleerdheid bekom het, word sy invloed op sy statsgenote slegs meegedeel en geen episode of gebeurtenis staaf dit nie.

Daar is geen sprake van 'n jong seun wat uit die duisternis van sy omgewing uitstyg om die 'môrestêr' te wees in 'n agterlike, verarmde en ongeletterde omgewing soos Gugushe dit wou hê nie. Die rede hiervoor is dat hierdie omgewing waarin die hoofkarakter groot geword het, nie realisties genoeg uitgebeeld is nie en die hoofkarakter self ekonomiese selfstandigheid bereik maar geen werklik direkte pogings aanwend om sy statsgenote dieselfde posisie te besorg nie. Weliswaar beïnvloed hy Tsitsong se mense om geleerdheid vir hulle kinders na te streef (op nie baie oortuigende wyse uitgebeeld nie) maar hierdie is 'n langtermyn verandering wat sy vrugte eers oor baie jare sou toon. Dat dit voorspoed so gou aan hierdie statjie kon bring, soos die skrywer dit wil hê, is natuurlik onaanvaarbaar. Tjokosela gee in die voorwoord van sy werk, Mohale o Tsoa Maroleng, die tema van sy werk aan, nl. bewaar Lesotho se bodem en sit die erosie wat aan die inwoners, sowel as aan hierdie land vreet, stop. Van hierdie goeie tema kom egter min te reg in hierdie werk. Die intrige handel eerstens nie oor die bodem van Lesotho nie. Vanaf pp. 1-21 word die hoofkarakter se vader wat 'n boer is, bespreek en die skrywer meld dat hy ag slaan op Landbouvoorligtingsbeamptes se raad en derhalwe sukses met die boerdery behaal. Ook skets die skrywer die stat, Boithabelo, die

uitleg daarvan en die goeie wyse waarop dit bestuur word. Vanaf pp. 72-78 (die einde van die werk) besin die skrywer oor hoe Leballo, die hoofkarakter, sy ou, slegte weë afgesweer het en later 'n verteenwoordiger van sy volk in die parlement word. Die skrywer meld ook hoedat hy 'n voorbeeld aan sy statsgenote stel t.o.v. gedrag en boerderymetodes. Hierdie feite word slegs gemeld en nie uitgebeeld nie. Weliswaar beeld die skrywer Leballo se verslegting in die Goudstad uit maar nêrens sê hy hoe hierdie feit Lesotho raak nie. Trouens, geen oproep word op die Basotho gedoen om sorg te dra dat hul kinders nie na die Republiek gaan en daar die pad in die kosmopolitiese samelewing byster raak nie en hul swak gedrag daar verwerf, in Lesotho voortsit nie. Nee, Tjokosela meld slegs dat die hoofkarakter hom daarvoor beywer dat voedsel opgeberg word, die besparing van geld, die versorging van Lesotho se fonteine en die versterking van die polisiemag. Hy meld ook dat geleerdes verhoed moet word om Lesotho te verlaat en 'n heenkome in die Republiek te seek. Tjokosela merk tereg op dat Lesotho se bodem a.g.v. swak boerderymetodes verwaarloos en dat die Mosotho, wat Lesotho verlaat om 'n heenkome elders te seek, sodanig beïnvloed word dat hul tradisionele normes en sedes skade ly. Tog word hierdie twee sake nêrens in verband met mekaar gebring nie sodat sy intrige nie sy tema weerspieël nie. Ook Khalala slaag nie daarin om deur sy hoofkarakter se aktiwiteite werklik daadwerklike pogings tot die opheffing van land en volk te teken nie. Sy hoofkarakter streef deurentyd hierna maar die enigste sukses wat hy bereik is, om 'n jongeliedevereniging in Lesotho tot stand te bring en orkeste af te rig. As sulks kom dit voor asof hierdie skrywers die noodsaak besef dat die Basotho self iets aan die opheffing van land en volk moet doen, maar is dit nie vir hulle duidelik watter bydrae gelewer kan word nie. Om hierdie rede is die betrokke hoofkarakters se pogings power en inderdaad geen besondere bydraes wat stukrag aan 'n hervorming of opbloei in die ekonomiese of maatskaplike lewe in Lesotho

kan gee nie. Vgl. bv. hoe Mokhehle, by wie Khalala se hoofkarakter navraag doen oor wat hy vir sy land en mense kan beteken, geen bevredigende antwoord kan verstrek nie.

4.2.9.4 DIE UITBEELDING VAN 'N STREWE NA GESAG:

P.M. Letsie in Rabahlanka kapa Molele teken 'n jongman wat na gesag streef en dit byna-byna verkry a.g.v. die baie bloed wat deur sy dade vloei. Hierdie tema bevredig egter nie, soos later aangetoon sal word, weens die feit dat die simboliek wat die skrywer aan sy hoofkarakter se dade heg, nie heeltemal duidelik is nie en kwalik met rituele moorde, soos wat hy dit duidelik wil hê, in sy verwysings na die parallel tussen sy werk en S. Matlosa se drama, Katiba, in verband gebring kan word. Eerder teken hy die handeling van iemand wat geestelik ontwrig is sonder dat hierdie persoonlikheidsverandering gemotiveer word. In so 'n geestestoestand sien die hoofkarakter homself as iemand aan wie alle persone ondergeskik is en geniet hy dit om almal die skrik op die lyf te jaag en 'n skrikbewind te voer, waardeur mens en dier op die vlug gaan en verongeluk. Sy gewete begin hom egter later hinder, maar voor hy tot enige positiewe optrede kan kom, verongeluk hy self.

4.2.9.5 DIE UITBEELDING VAN DIEFSTAL EN DIE GEVOLGE DAARVAN:

V.S. Manaka se kort novelle, Lerole le Lefubedu, het volgens die skrywer as tema die knellende droogte van 1933, vgl. die inleiding - vandaar die titel van die werk. Myns insiens is die tema van die verhaal diefstal, moord en die gevolge daarvan, aangesien slegs die eerste hoofstuk van hierdie werk aan genoemde droogte

gewy word en hierdie toestand nêrens weer uigebeeld word nie, behalwe dat karakters terloops na die droogte en hongersnood verwys. Laasgenomde word egter ook nêrens as motivering vir die diefstalle en moord gegee nie. Die tema van diefstal blyk met genoeg afwagting, spanning en interessantheid insigself geteken te wees en die inkleding daarvan in die intrige blyk ook 'n sukses te wees. Beide hierdie tema en die intrige pas goed vanaf hoofstuk 2 bymekaar aan en, behalwe vir enkele leemtes in die intrige wat mettertyd bespreek word, verloop die verhaal goed. Tog is Manaka se werk ook nie van hoogstaande gehalte nie en geen besondere bydrae tot die Suid-Sotho-letterkunde nie.

4.2.9.6 DIE UITBEELDING VAN BENDE-AKTIWITEITE AAN DIE RAND:

In die geval van Liakhela deur S.N. Majara beeld die skrywer die bandelose en wettelose bende-groepe aan die Rand en Vrystaatse Goudvelde uit. Die oorsprong van hierdie leefwyse is volgens Majara geleë in die onsedelikheid en buite-egtelikheid wat in die kosmopolitiese Bantoe dorpe aan die Rand heers. Kinders onder hierdie omstandighede gebore, vertoon 'n gebrek aan vastigheid of rigting in die lewe en neig tot die voer van 'n bandelose en ongebonde lewe wat tot die ontstaan van die tsotsi-probleem lei. Hierdie euwel het tot gevolg dat onskuldiges ly - aanrandings, diefstalle en selfs moord kom voor en die gevolg is dat die gemeenskap in groepe organiseer om hierdie terreur die hoof te bied. Dit lei tot gevegte tussen bendes en optrede deur die polisie om hierdie gebeure aan bande te probeer lê. Voorts is daar ook wrywing tussen die verskillende rasse-groepe in hierdie gebiede veral in die tydperk 1948-1959 aan te tref,¹. Hierdie wrywing lei ook tot onderlinge gevegte en die organisering van verskillende rasse-groepe wat voortdurend met mekaar haaks

1. Vgl. Majara, S.N., Liakhela, p. 70

is en o.a. mekaar se vroue buit. Hierdie bendes se aktiwiteite ontaard algaande al hoe meer sodat dit nie net meer om die beveiliging van die eie of wraakneming op ander bendes gaan nie, maar selfs 'n stryd gevoer word oor watter grondgebied deur watter bende beheer word. Selfs diegene wat in hegtenis geneem word, word in 'n openlike konfrontasie met die gereg, bevry. Verhoging van bustariewe lei tot ontevredenheid onder die Bantoe en word deur die bendes aangegryp om die rus verder te versteur en die gemeenskap tot 'n boikot van die busdiens te dwing. Polisiestiklopjagte op onrusstokers, bierbrouers en onwettige bewoners van hierdie gebiede, asook werksku Bantoe, het telkens tot gevolg dat hierdie kookpot in toom gehou word en met die uitwissing van een van die grootste bendes, die Marashea, is hierdie wetteloosheid finaal gebreek en word vrede en rus bewerkstellig.

Dit is duidelik dat Majara dit goedkeur dat een bende, i.p.v. die polisie, oproere onderdruk en in werklikheid voortgaan om self wetteloos en ordeloos te leef. Trouens, klopjagte deur die polisie uitgevoer, geniet sy afkeur en lê sy simpatie by die wettelose Suid-Sotho-bende, die Liakhela.

4.2.9.7 'N MODERNE VOLKSVERHAAL:

I.E. Mahloane se werk, Tšoana-Makhulo, is 'n moderne volksverhaal en behels gebeure rondom die ondier, Paruparu, gesetel. Dit herinner aan die legende van Kgodumodumo, deurdat ook hierdie ondier die mensdom bedreig maar origins is daar geen verband nie. Simbolies kon Paruparu die werksaamhede van die Bose voorstel deurdat diegene wat deur hierdie ondier gebyt word, abnormale gedrag vertoon - m.a.w. gedrag wat afwyk van dié wat God oorspronklik vir die mens bedoel het. Maar aan die ander kant kan die optrede, herkoms en omstandighede van Thuso, wat die ondier uit die weg ruim, nie na Christus herlei word nie. As sulks kan geen simboliese verband aan die besonderhede

in die verhaal geheg word nie en dien Tsoana-Makhulo bloot as vermaak.

4.2.9.8 DIE UITBEELDING VAN 'N DIERERAS:

J.I.F. Tjokosela se werkie, Sarah, het as tema die wel en wee van 'n donkie. Tjokosela verhef die swakhede van hierdie diereras tot deugde en in 'n eerste-persoon-verteltrant, vertel Sarah van haar en haar moeder en twee ander donkies se lewe.

D.m.v. hierdie dier se persoonlikheidstrekke, houding, voorkoms en die rol wat dit in die Bybelse geskiedenis vervul het, spreek die skrywer tot die leser en toon aan hoedat die mens as kroon van die Skepping aan sommige christelike eienskappe, wat by hierdie nederige dier gevind kan word, ontbreek. Vgl. bv. eienskappe soos sagmoedigheid, geduld, nederigheid, liefde, arbeidsaamheid en berusting. Die donkie gaan sy eenvoudige gang en murmureer nie ten spyte van die feit dat die mens hom soms afskeep en mishandel.

4.3. SKRYWERS IN DIE VYFTIGERJARE EN BEGIN SESTIGERJARE:

4.3.1 J.D. CHAANE:

Hierdie skrywer se werk, Pitso ea Makhulo (1951), bevredig nie, veral omdat dit meesal oninteressant is en motiewe vir die hoofkarakter se handeling ontbreek. Dit verloop as volg:

Die hoofkarakter word deur die natuur en vertes gelok en reis dan daarheen om in die ongereptheid van die natuur te vertoef. Alhier doen hy waarnemings en filosofeer 'n bietjie oor die Skepping en God se skepsels op aarde. Hierdie reis kom tot 'n einde as hy by 'n stat uitkom waar hy enkele maande vertoef en op 'n meisie verlief raak waarna hy besef dat niks hom verder lok nie en hy terugkeer huis toe sodat 'n huwelik gereël kan word. Tuis aange-

kom, vind hy dat sy moeder en suster intussen oorlede is en na die voltrekking van sy huwelik hunker hy soms na die stilte van die natuur en as sy behoefte hieraan te sterk word, breek hy soms weg om weer tot rus te kom.

Chaane is soms sentimenteel en huil a.g.v. geluk, die prag van die natuur en verlange, sonder dat die situasie werklik vir trane voorsiening maak.¹ Soms is hy onrealisties² en is die fisieke pyn wat hy a.g.v. die skoonheid van die natuur ervaar, oordryf. Sy werk bevat ook onnodighede soos die episode met sy esel, sy ondervinding met die leeu wat toe 'n hond skyn te wees, asook sy ondervinding met die skedel. 'n Klimaks ontbreek in die werk. Die uitbeelding van situasies verdien geen vermelding nie en die skrywer se styl is eenvoudig, terwyl swak konstruksies soms voorkom. Vgl. bv. "... ke ne ke se ke lebetse hore ke shoeloe"³ wat eerder as volg kon gelui het: "... ke ne ke se ke lebetse hore ke se ke shoele".

4.3.2. B.T.N. GUGUSHE:

Gugushe we werk, Naleli ea Meso (1951), is nie 'n veel beter poging as Chaane se werk nie. Dit behels die volgende:

Na 'n beskrywing van die statjie Tšitsong volg die hoofkarakter se geboorte, sy kinderjare en stoutighede asook skolastiese opleiding. Later verlaat hy die skool weens 'n tekort aan fondse maar ontmoet 'n ryk man wat hom oor hom ontferm en hy voltooi sy onderwysstudies. Hierna keer hy terug huis toe en begin skoolhou en is 'n eenoog-koning onder die blindes of 'mōrestêr', soos die skrywer hom beskryf. Die voorbeeld wat hy gestel het, noop sy statsgenote om geleerdheid vir hulle kinders te begeer en dit nie meer soos voorheen te verdoem nie.

Die skrywer is slegs in een geval direk didakties⁴. Onlogiese feite en toeval kom ook in

-
1. Vgl. Chaane, J.D., Tsoana-Makhulo, pp. 11, 23, 35, 45.
 2. Vgl. Chaane, J.D., a.w., p. 5.
 3. Chaane, J.D., a.w., p. 23.
 4. Vgl. Gugushe, B.T.N., Naleli ea Meso, p. 77.

die werk voor, terwyl geen situasie werklik opwindend, realisties en spanningsvol geteken word nie, sodat 'n klimaks ook teleurstel. Ook karaktertekening is nie besonder geslaagd nie.

Die skrywer se styl is eenvoudig en woorde van Afrikaanse oorsprong pas hoegenaamd nie by die agtergrond aan nie. Sametrekking is 'n kenmerk van Gugushe se styl. In sy geheel gesien is hierdie 'n eenvoudige werk sonder enige noemenswaardige hoogtepunte en is uit 'n letterkundige oogpunt gesien, nie veel werd nie.

4.3.3. S.M. GUMA:

Hierdie skrywer het twee novelles, beide met 'n historiese agtergrond, in hierdie periode gelewer, nl. Tshehlana tseo tsa Basia (1962) en Morena Mohlomi, Mora Monyane (1960). Eersgenoemde werk verloop as volg:

Die kern van die verhaal is die lewens van Ntlokgolo en Mmanthatsi - beide Basia-vroue word by wyse van 'n huweliksluiting in die Batlokwestam opgeneem. Montwedi, opvolger van sy vader se kapteenskap en Ntlokgolo se man, kom te sterwe en Ntlokgolo vlug met hul kind, Mokotjo, ná 'n aanslag op hul lewe en keer later terug om die kapteenskap vir hom op te eis. Hy kom ook later te sterwe en sy vrou, Mmanthatsi, volg in haar skoonmoeder se voetspore ten einde die kapteenskap vir haar seun, Sekonyela, te bewaar. Sy tree egter anders as Ntlokgolo as regentes op. Die verhaal loop met Mmanthatsi se sterwe, nadat sy haar stam deur vele ontberinge gelei het, ten einde.

Die verhaal oor Mohlomi se lewe behels die volgende:

Mohlomi se herkoms word volledig in die eerste ses hoofstukke bespreek waarna hierdie karakter se kinderjare aandag geniet en sy belangstelling in die praktyke van kruiedokters geteken word. Dan begin hy hierin opleiding ontvang en praktiseer later as uitstekende kruiedokter wat toordokters as bedrieërs aan die kaak stel en talle reise na verafgeleë landstreekte onderneem om sy medemens oraloor in hierdie opsig tot diens te wees. Sy besoeke aan mensvreters en honde-eters sonder om sy lewe in te boet, lei veral daartoe dat hy later as 'n legendariese figuur bekend begin staan.

Beide Guma se werke is gebaseer op historiese gebeure in die geskiedenis van die Basia-, Batlokwa- en Bakwena-stamme in 'n tydperk voor die blanke se trek na die binneland en selfs voor die bekende Bantoe-oorloë die 'Difaqane'. Hiermee begeef Guma hom op 'n terrein wat nog heelwat braak lê en 'n skrywer noop om

- (i) navorsing oor bepaalde geskiedkundige feite te doen; en
- (ii) hierdie feite só aan te wend dat dit gesamentlik een greep uit die verlede vorm.

Guma slaag daarin om hierdie enkele hoogtepunt-fasette in die vroeë geskiedenis van die Basotho so saam te bind en uit te beeld dat dit gesamentlik bepaalde persone se lewensverloop en ondervindings vorm. A.S. Gerard¹ stel dit duidelik en tereg dat sy werke 'n verbeeldingryke analise is van dié faktore wat tot die ontstaan van politieke groeperinge onder dié Sotho en verwante stamme wat hul in die gebied, tans as Lesotho bekend, bevind het, gelei het. Tog bly sy karakteruitbeelding in beide werke ietwat vaag - miskien vanweë die feit dat die hoofkarakters kwalik met lewende persone in die skrywer se gedagtes geïdentifiseer kon word. Die feite rondom Ntlokolo en Mmanthatisi in Tshehlana tseo tsa Basia, asook rondom Mohlomi in Morena Mohlomi, Mora Monyane, asook hoogtepunte in hulle lewens, vorm grotendeels die verhaal. Guma trag om deur bykarakters 'n bepaalde leefwyse en die uitbeelding van eksterne konflik in die gewone alledaagse omgang (veral in die eerste werk), hierdie eentonige aanbieding van geskiedkundige feite te verbreek, maar slaag egter nie heeltemal daarin nie. Vgl. bv. dialoog in beide werke, die duikerjagtog en Mohlomi se gesprek met sy vrou by die honde-eters in Morena Mohlomi, Mora Monyane. In sy eerste werk kan as voorbeeld dien Ntlokolo se aankoms by haar ouers, Montwedi se gesprekke met Moepi en die vergaderings wat die volk gehou het. Hoewel die leser Guma se karakters leer ken t.o.v. enkele fasette van hulle persoonlikhede wat relevant is, staan hierdie karakters onbegryplik koud teenoor die eksterne konflik waarin hulle verkeer en die omstandighede waarin hulle, hulle soms bevind.

1. Vgl. Gerard, A.S., *Four African Literatures*, p. 155

Weliswaar reageer hierdie karakters handelend op sodanige probleme, maar die leser is teleurgestel as hierdie karakters koud teenoor sodanige konflik bly. Vgl. bv. Mmanthatisi wat innerlik moes gebreek het na haar man se dood. Sy besluit onwrikbaar om die kapteinskap vir haarself op te eis en hierna verdwyn hierdie vasberadenheid. Mohlomi vertoon nooit enige gevoel, hetsy vreugde, hartseer of skok in die hele werk nie. Dit is jammer dat Guma sy karakters nie meer laat ontluik nie - trouens die leser kry die gevoel dat Guma se karakters soos konings optree - persone wie se gevoelens vir ander se oë verberg moet word - terwyl juis hierdie aspek (nl. interne konflik en innerlike belewenisse) sy karakters kon laat 'leef'. Die skrywer weerhou hom in albei werke daarvan om karakters se voorkomste eenmalig en in detail te gee. Dit is treffend dat hy op ander liggaamsdele konsentreer en totaal ander wordeskat aanwend as wat meeste ander skrywers doen as hy bv. Monyaduwe se voorkoms in Tshehlana tseo tsa Basia skets.¹ So-ook die Basotho-meisies in Morena Mohlomi, Mora Monyane.² In enkele gevalle vul hy later op gepaste plekke hierdie beskrywings aan en maak hy nie net bloot van mededelings gebruik nie, maar word karakters se waardering van mekaar ingespan om detail te verskaf. Vgl. bv. wat 'n onbekende Mosotho van Mmadiepollo se skoonheid in Morena Mohlomi, Mora Monyane sê.³

Die episodes in Guma se werke volg chronologies op mekaar in tyd behalwe in die geval van Tshehlana tseo Tsa Basia waarin Guma trag om sy leser midde in 'n situasie te plaas met Ntloggolo se aankoms by haar ouers en dan die voorafgaande gebeure te skets. Ongelukkig het Guma hierdie tegniek nie onder die knie nie en slaag hy nie daarin om die gewenste spanning op te bou nie. Trouens, die opbou van spanning en die handhawing daarvan in beide werke is nie geslaagd nie. Veral in

1. Vgl. Guma, S.M., Tshehlana tseo tsa Basia, p. 38

2. Vgl. Guma, S.M., Morena Mohlomi, Mora Monyane, p. 79.

3. Vgl. Guma, S.M., Morena Mohlomi, Mora Monyane, p. 80.

die geval van sy laaste werk is daar 'n groot gebrek hieraan, terwyl spanning in Tshehlana tseo tsa Basia soms opflikker en dan weer kwyn. (Vgl. die 'pottegeveg' die geveg op p. 94 en vergaderings).

Guma onderskei hom egter as iemand wat oor redenasievermoë beskik en sy beskrywings van vergaderings in beide werke verloop suksesvol en interessant. Hier slaag hy daarin om spanning op te bou, sprekers aan die leser te teken en besprekingspunte suiwer van mekaar te skei, elk met sy eie klem.

Guma vermy didaktiese passasies, geslaagd, behalwe in een geval in sy eerste werk.¹ Tog spreek hy die leser soms hinderlik direk aan ten einde klem te lê, op te som en duidelikheidshalwe 'n saak op te helder².

Onnodige episodes duik veral in sy laaste werk op en so het Kiritle en Raboshabane se wedervaringe weinig met die verhaal te make. Dit dien wel ter illustrasie van die bepaalde omstandighede waartydens die hoofkarakters geleef het, maar geen verband tussen die hoofkarakters en hierdie persone is gelê nie.

In beide werke is die denouement geen klimaks nie, maar bloot 'n stilstand wat intree na die hoofkarakters se afsterwe. Die agtergrondtekening of inleiding neem in beide werke 'n groot omvang aan. In Tshehlana tseo tsa Basia word twee hoofstukke aan 'n inleiding bestee en in sy ander werk ses hoofstukke. Hierdeur belas die skrywer die leser met onnodige feite en is dit moeilik om reeds aan die begin te bepaal wie as hoofkarakters in hierdie werke optree. Hierdie feit werk verveling in die hand. Andersinds is sy intriges goed beplan en aangebied. Teenstrydighede ontbreek en episodes is goed georden en sluit bymekaar aan om 'n enkele effek tot gevolg te hê; behalwe genoemde episodes wat as onnodig aangedui is. Afwagting flikker dan tog wel soms op,

1. Vgl. Guma, S.M., Morena Mohlomi, Mora Monyane, p. 29.

2. Vgl. Guma, S.M., a.w., pp. 57, 76;
Tshehlana tseo tsa Basia, pp. 6, 13, 29.

maar ly skipbreuk. 'n Atmosfeer van statigheid, roem, eerlikheid en 'n patetiese strewe na orde, veiligheid en selfbehoud, wat kenmerkend is van die tydvak waartydens die verhaal afspeel, word goed verkry. Sentimentaliteit ontbreek en die ironiese spreek vanself. Guma wend in beide werke 'n sierstyl, gekenmerk deur spreekwoorde, metafore en vergelykings aan. In hierdie opsig sluit hy by ander skrywers aan. Opmerklik is egter sy grootskaalse aanwending van 'n wye verskeidenheid van ideofone en die gebruikmaking van 'n saamgestelde verlede tyd wat selde in Suid-Sotho aangetref word, bv. "hoo ba neng ba batle".¹

Voorts skryf Guma vloeiend en lees sy werke gemaklik. Hy dra ook sy gedagtes suiwer, raak en ondubbelsinnig oor. Dit is ook opmerklik dat hy sy lewenservaring aanwend en die sigbare tekens van verliefdheid by Monyaduwe en Mokotjo (Tshehlana tseo tsa Basia) baie reël uitbeeld.

Dat Guma tot groot hoogtes as skrywer in staat is, kan nie betwis word nie. Dit is duidelik dat hy oor kennis van die letterkunde beskik en dit is my oortuiging dat hy met meer ervaring in die skryfkuns, nuttige werke tot die Suid-Sotho-letterkunde kan voeg. Sy eerste twee novelles staan nie sonder waarde nie en beskik oor genoeg positiewe elemente waardeur dit as sulks interessante leesstof bied.

4.3.4 B.M. KHAKETLA:

Uit hierdie skrywer se pen het twee novelles gevloei, nl. Meokho ea Thabo (1951) en Mosali a Nkhola (1960):

In eersgenoemde werk teken hy die jeugjare van Moeketsi en Fumane wat mekaar nie ken nie maar beide goed op skool presteer. Beide kwalifiseer ook as leerkragte. Moeketsi raak egter in sy finale studiejaar op Thakane verlief en hulle besluit om te trou maar sy oom weier dat hy hierdie huwelik aangaan en hy loop weg Durban toe. Thakane se ouers dwing haar egter om met hulle keuse te trou en haar en Moeketsi se romanse loop

1. Guma, S.M., Tshehlana tseo tsa Basia, p. 69.

dood. Intussen reël Fumane se ouers ook vir haar 'n huwelik maar sy weier om met die keuse van haar ouers, sonder dat sy hierdie persoon hoegenaamd ontmoet het, te trou. As sy met vakansie in Durban is, loop sy en Moeketsi mekaar raak en raak verlief waarop hulle besluit om te trou, maar Fumane stel dit as voorwaarde dat hul ouers in hierdie saak geken word. Hierop blyk dit dat Moeketsi en Fumane juis die bruidspaar is op wie hul ouers aanvanklik besluit het en die verhaal loop op 'n gelukkige noot ten einde.

In die geval Mosali a Nkhola neem Mosito, 'n geletterde persoon, sy vader se kapteinskop oor as laasgenoemde sterf. Hy weier egter dat hierdie kapteinskop d.m.v. 'n medisynehoring verstewig word. Dan blyk dit dat die regerende gesag in Lesotho besluit dat Mosito weens die vermindering van kapteinshowe sy status gaan verloor en sy vrou beïnvloed hom dermate dat hy instem om sy status te probeer behou deur 'n medisynehoring te laat voorberei. 'n Rituele moord word gepleeg maar die polisie los hierdie moord op en Mosito word gevange geneem en moet tereggestel word. In die tronk besef Mosito dat hy boet weens die feit dat sy vrou hom verlei het om teen sy beterwete te handel.

Khaketla se werk, Meokho ea Thabo, is vol swakhede en veral toeval speel deur die hele werk en ook in die klimaks 'n groot rol sodat dit nooit sinvol is nie. Die ervarings van jong kinders op skool is vir die volwasse leser oninteressant en pas hoegenaamd nie by 'n liefdestema aan nie. Onnodige episodes en sentimentaliteit is ook aan te tref terwyl karaktertekening ook veel te wense oorlaat ten spyte daarvan dat beide eksterne en interne konflik aandag geniet. Moeketsi vertoon eerstens 'n swakkeeling te wees wat nie probeer om die probleem waarvoor hy te staan kom, enigsins die hoof te bied nie. Hy gee die stryd dan ook gou gewonne en selfmoord skyn vir hom die maklikste uitweg te wees. As hy Thakane verloor, wend hy ook so 'n poging aan. Hierdie teleurstelling kom hy baie gou te bowe en oor die algemeen ondergaan hy geen werklike karakterverandering of word hy as karakter uitgebou nie.

Fumane stel die leser ook in die tweede helfte van die werk teleur. Aanvanklik skets Khaketla haar as 'n plattelandse meisie met goeie persoonlikheidstrekke, maar as sy in die stad kom, ondergaan sy 'n metamorfose. Dan is sy modern, selfversekerd en gesofistikeerd - houdinge wat geensins by haar persoonlikheid pas nie.

Die jeug se probleme, teleurstellings en verdriet geniet groter klem as die ouers se konflik. Moeketsi se moeder en oom se handeling word weliswaar na Moeketsi se vlug beskryf, maar die interne konflik wat hulmpes ondervind het, is heeltemal agterweë gelaat. Ver- al Moeketsi se moeder oortuig geensins as karakter nie.

Hoewel die intrige van hierdie werk swak is, is dit tog interessant en het Khaketla 'n begin gemaak met die skryf van populêre leesstof - iets wat tot nog toe in die Suid-Sotho-letterkunde ontbreek.

Sy tweede werk bevat minder leemtes en veral Khaketla se argumente en teenargumente t.o.v. die rituele moord, is logies en realisties. Spanning word goed opgewek en behou terwyl karaktertekening ook bevredigend is. Khake- ta slaag daarin om die karakterverandering wat Mosito ondergaan, realisties te teken, hoewel die leser tog te- leurgestel is in die passiwiteit wat hy later, tydens en na die hofsak, vertoon. Voorheen was hy 'n gesag- draer wat gesag uitgeoefen het, maar teen die einde van die werk verander hy in iemand sonder enige veggees wat gelate sy veroordeling aanvaar en nie eers om versagten- de omstandighede, weens die feit dat sy vrou hom mislei het pleit nie.

In beide werke is Khaketla se styl eenvoudig en hy trag nooit om dit doelbewus te verfraai nie. Dialoog word baie vrylik aangewend, terwyl alle episodes in detail aan- gebied word en situasies realisties genoeg uitgebeeld word. In Meokho ea Thabo maak Khaketla van Engelse liedere en aanhalings uit die Engelse poësie gebruik, Origens wend hy relatief min gedigte en liedere aan. Hoofstukke word altyd op interessante wyse aangevang en val Khaketla nie sommer dadelik met die deur in die huis nie.

Sy laaste werk is na my mening meer geslaagd as die eerste. In beide werke is die intrige van groter belang as die tema, deurdat die tema nie juis pitkos vir die

leser inhou nie en Khaketla bloot situasies skets soos wat hy dit in die maatskappy waarneem en die uitsonderlikheid van sy intrigemateriaal, die leser moet boei. Tog besit Khaketla die vermoë om goeie werke te lewer en kan hy uit sy werke geoordeel, as een van die paar belangrikste Suid-Sotho-skrywers gereken word.

4.3.5 J.T. KHALALA:

Hierdie skrywer se enigste werk, Motwaitwai wa Lesotho (1961), sien as volg daaruit:

Heel vroeg in sy lewe ontwikkel Thunthung 'n begeerte om sy volk te dien maar weet net nie hoe nie. As hy politieke geskifte begin lees, is hy ontsteld en begin die blanke verag. Op skool vorder hy goed maar sy vader weier om hom op skool te hou. Hy loop later weg Maseru toe met die hoofdoel om Khaketla, redakteur van 'n koerant, asook Mokhehle, wat verbintnisse met die Pan-Afrikanisme het, te gaan spreek. Bogenoemde kan hom geen werklike aanduiding gee van hoe hy sy volk kan dien nie. Op p. 47 ontwikkel hy 'n begeerte om self 'n vereniging te stig en 'n orkes daar te stel nadat hy met die Pan-Afrikanistiese beweging in aanraking gekom het. Hiervoor het hy geld nodig en aangesien hy by die Mazenod Drukkers te min verdien, word hy deur 'n myn gewerf om later weens 'n swak hart afgewys te word. Hy werk as kok by die mynwerkers en later as bode en telefonis by 'n Staatsdepartement in Lesotho. Hier tree hy as luistervink op en deel sy mense mee wat die blankes oor Lesotho besin. Steeds is sy inkomste gering en verkry hy 'n betrekking in Durban as tikker waarna hy na sy ouerhuis terugkeer en te Qacha's Nek die vereniging stig wat hy van voorneme was om te doen. Hierop trou Thunthung en na sy ses kinders hul geleerdheid van hom ontvang het en hy afgeleef is, kom hy te sterwe.

Hoewel Khalala koersvas skryf en situasies in alle detail beskryf, laat sy werk vele leemtes as gevolg waarvan tot die gevolgtrekking gekom kan word dat hy onervare in die tegniek van novelle-aanbieding is. Sy tema en intrige pas nie goed bymekaar aan nie, hy slaag nie daarin om spanning op te bou of goed te behou nie en sy werk ontbreek aan interessantheid. Hy is langdraderig, verskaf teveel detail en laat sy leser geen eie

gevolgtrekkings toe nie. Khalala se toon in hierdie werk is 'n patetiese veroordeling van die blanke en 'n oordrewe vaderlandsliefde en hy poog om aan te toon hoe jong Basothoseuns hierdie land van diens en nut kan wees. Laasgenoemde oogmerk word bewonder en waardeer, maar ongelukkig slaag die skrywer nie daarin om hierdie oogmerk te vervul nie.

Hy is oordrewe bitsig teenoor die blanke maar weet nie mooi hoe om hierdie betrekkinge, wat vir hom so belangrik is, tot sy werk se voordeel aan te wend nie.

Die skrywer hou daarvan om sy eie kennis mee te deel maar slaag nie daarin om sodoende sy lesers se respek vir homself af te dwing nie, maar wek die leser se simpatie jeens 'n skynbare minderwaardigheidskompleks en verkeerde vertolking van wrywing tussen blank en Basotho. Vgl. sy mededelings oor die ontdekker van die stoomenjin, 'n lys van 'n rits geleerde boeke en Moshweshwe I se onderhandelings met die Britse Kroon asook sy eensydige benadering van kontak tussen blank en Basotho.

Sy styl is eenvoudig en bied geen opwinding vir sy leser nie. Hierdie novelle word ook gebruik om sy talle gedigte en liedere onder die aandag te bring - beide nie van veel betekenis nie en onvanpas. Dat hy egter tot beter werke in staat is, word nie betwyfel nie, maar oor die algemeen gesien, is sy debuut as skrywer 'n powere poging.

4.3.6 D.P. LEBAKENG:

In hierdie kort werkie, Sekoting sa Lihele (1956), beeld Lebakeng die hel, die Duiwel en sy engele uit asook hulle werksaamhede sedert die Paradys. Die boekie is in werklikheid geen novelle nie maar bloot 'n storie met baie dialoog en 'n hoofsaaklik didaktiese strekking. Die skrywer trag om sy lesers bewus te maak van die werksaamhede en die magte van die Bose en doen op die sondaar 'n beroep tot bekering en 'n godvrugtige lewe.

Dialoog word hoofsaaklik tussen Satan en sy eng-

ele gevoer, nl. o.a. Hoogmoed, Twyfel, Dronkenskap, Luiheid, Plesier, ens. Aanvanklik gaan dit oor die suksesse van hierdie leër waarvan ons in die Bybel ook lees en dan illustreer Lebakeng hulle werksaamhede t.o.v. 'n groepie mense in die hedendaagse samelewing nadat Satan 'n beroep op sy engele gedoen het om meer siele te verlei. Hierna stry die engele oor wie van hulle die belangrikste is, waarna die werk tot 'n einde kom.

Lebakeng illustreer die hel aan die hand van teksverse uit die Bybel en sy letterlike vertolking daarvan en oordeel oor die uiteinde van Bybelse figure is beslis teologies aanvegbaar aangesien sy werk geensins simbolies is nie. Vgl. bv. Judas Iskariot wat hom ook in die hel bevind¹, Satan se vrees dat sommige uit die hel mag wegloop², en die vuur wat Satan voortdurend stook asook die kopbene waarop gesit word.

Die werk het geen spanning nie en 'n klimaks ontbreek ook totaal, terwyl daar van karakteruitbeelding feitlik geen sprake is nie. Dialoog word soos in die drama aangebied, hoofstukke begin soms baie swak sonder enige inleiding³ en sommige paragrawe sluit ook hoegenaamd nie bymekaar aan nie. (Vgl. p. 21 die eerste nuwe paragraaf en die voorafgaande een). As sulks is hierdie werk in sy geheel swak beplan en uit die gesigsveld van die Suid-Sotho-novelle, van geen belang hoegenaamd nie - veral aangesien die feite in die werk nie goed verwerk is nie. Alleenlik Lebakeng se oorspronklikheid kan waardeer word.

4.3.7 E.P. LEBONE:

Hierdie skrywer se enigste novelle, Senyamo (1950), sien as volg daaruit:

Die christenmeisie, Morongoenyane, word by haar ouma groot maar werk later by 'n heiden, 'Mutsoe, waar sy haar christelike beginsels uitleef en haar gereelde antwoord in die speletjie "Senyamo" is: "Se monna ea shoeleng batho"⁴. Sy stel hoegenaamd nie in mans belang nie en sien haarself as bruid van Christus. Die gevolg is dat sy weier

-
1. Vgl. Lebakeng, D.P., Sekoting sa Lihele, p. 14.
 2. Vgl. Lebakeng, D.P., a.w., p. 16.
 3. Vgl. Lebakeng, D.P., a.w., p. 8.
 4. Lebone, E.P., Senyamo, p. 7.

om met haar werkgewer se seun te trou en weglou. By Masetla woon sy lekker totdat hy in haar belangstel en 'n poging aanwend om haar as bruid te ontvoer, waarna sy weer vlug. Na vele ontberinge bereik sy 'n sendingstasie en word gedoop. Na tien gelukkige jare hier word sy versoek op 'n wyse wat baie sterk herinner aan die wyse waarop Christus deur Satan versoek was. Sy weerstaan egter hierdie versoeking en kom te sterwe nadat sy in 'n droom haar gereelde antwoord in die "Senyamo"-spel gee.

Morongoenyane se houding en beginsels herlei die skrywer tot die Suid-Sotho-volk en spreek die wens uit dat hierdie volk haar sal navolg. Waar die Basotho vandag groter kennis van die christelike godsdiens het en hierdie kennis nie meer, soos vroeër, tot enkelinge beperk is nie, is dit Lebone se wens dat die Basotho as 'bruid' vir die Hemelse Bruidegom na vore sal tree, dat die Basotho soos die maagd, Morongoenyane, ongeskonde en verlos van die sonde op Christus en 'n Ewige Lewe sal hoop. Hierdie tema word baie goed en op interessante wyse in die verhaal geteken.

Lebone se intrige is spannend en vertoon weinig swakhede. Sy styl is eenvoudig maar tog goed en die natuurlike aanwending van gepaste spreekwoorde wat met die agtergrond verband het, verryk sy styl. In sy geheel gesien is hierdie 'n geslaagde werk en is dit slegs jammer dat Lebone dit nie meer uitgebrei het nie.

4.3.8 E.A.S. LESORO:

Die intrige in Lesoro se werk, Lehala le Tswala Molora (1964), behels die afsterwe van Ramailane se ouers op een dag waarna hy as weeskind deur sy oom, Mosala, versorg word. Laasgenoemde het self drie kinders en bevoordeel hulle bo Ramailane wat hongerly en nie die skool mag besoek nie. Die eienaar van die plaas by wie hierdie gesin woonagtig is, merk hierdie feite op en besluit om Ramailane aan te neem veral ook vanweë die feit dat hy 'n verpligting teenoor die kind voel omdat sy ouers lank en getrou vir hom gewerk het. Na die aanneming van Ramailane woon hy by Mnr. Wilkensen in en gaan skool. Hier presteer hy baie goed en geniet hy ook landbouopleiding. Intussen word Mnr. Wilkensen siek en Ramailane neem die boerdery oor en bedryf dit baie suksesvol.

1. Vgl. Lebone, E.P., Senyamo, p. 31.

'n Nuwe onderwyseres word aangestel by die skool wat op die plaas bestaan en Ramailane raak op haar verlief en hulle trou. Hy besluit om 'n einde aan sy 'blanke bestaan' te maak en nie meer tussen blankes te woon nie, maar tussen sy eie mense, die arbeiders op die plaas. Die egpaar het een seun, Teboho, en laasgenoemde is van vroeg af 'n teleurstelling vir sy ouers. Hy vorder swak op skool en is geneig tot diefstal. As kompensasie vir hierdie teleurstelling begin Ramailane oor die pos studeer en behaal die grade B.A., LL.B. asook 'n diploma. Tog bly hy op die plaas aan. Intussen weier sy seun om verder skool te gaan en loop weg myne toe. Toe hy na ses maande terugkeer, ontvoer hy 'n bruid en loop weer weg myne toe, terwyl die vrou by die ouers agterbly. As sy ouers hierdie huwelik gefinaliseer het, keer Teboho terug, maar raak in 'n rusie met sy vrou betrokke en loop weg Kaap toe. Sy vrou volg hom hierheen en Teboho huur 'n paar mans om haar om die lewe te bring, maar hulle kry haar jammer en laat haar gaan terwyl hulle Teboho meedeel dat die moord gepleeg is. Hierop skryf Teboho aan sy ouers en deel hulle mee dat sy vrou daar aangekom het en aan haar hart dood is. Die ouers wat van hierdie leun bewus is, vra hom om huis toe te kom en as Teboho daar sien dat sy vrou steeds in die lewe is, sterf hy weens skok. Mnr. Wilkensen is ook kort gelede oorlede en die naamgenote, oupa en kleinkind, word op die plaas begrawe, terwyl Ramailane en sy vrou na die Transvaal verhuis.

Lesoro se verhaal bevat 'n lewenswaarheid soos uit die tema blyk, wat die leser se simpatie jeens Ramailane natuurlik opwek sodat die atmosfeer van die werk een van simpatie, beskroomheid, ongelukkigheid en gewigtigheid is. Lesoro se toon verskil nie veel hiervan nie - weeskinders geniet sy simpatie en so-ook ouers wat deur hulle kinders teleurgestel word, terwyl die lamsak Teboho, sy veragting en veroordeling geniet. Integrasie word afgekeur en die konsekwensies daaraan verbonde besef, maar 'n gelukkige samesyn tussen hierdie rasse as 'n moontlikheid gesien, indien daar van beide kante eerlike pogings daartoe aangewend word.

Die aanneming van 'n Bantoe deur 'n blanke is in S.A. nie moontlik nie en Lesoro kon so 'n gebeurtenis vermy het. Dit is ook jammer dat die hoofkarakter, Ramailane, hom alleenlik tussen sy eie mense vestig omdat hy probleme vir sy 'vader' Mnr. Wilkensen voorsien as hy en sy gesin by die blanke gesin sou woon. Dat hierdie kontak en inwring ook vir Ramailane probleme sou oplewer, word totaal deur Lesoro misgekyk - dit ten spyte daarvan dat Ramailane se eie mense se bespotting en siening van hom,

duidelik uit die benaming "boamporebase" blyk. Situasies is heeltemal goed uitgebeeld hoewel geen dramatiese tekening van gebeure voorkom nie. Spanning verhoog plek-plek maar neem dikwels af vanweë die baie feite wat meegedeel word - twee mense se lewensgeskiedenis word gedek. Hoofstuk I en III word baie goed afgesluit met inligting wat spanning en afwagting opwek. Die klimaks in die verhaal kom vinnig sonder dat sake werklik gekompliseerd geraak het en derhalwe is hierdie krisismoment nie baie intens nie. Origens is die verhaal tog interessant en veral Lesoro se tekening van die natuur baie realisties.

Karaktertekening is oor die algemeen goed. Geeneen van Lesoro se karakters ondergaan karakterverandering nie, maar veral Ramailane word realisties uitgebeeld hoewel sy konflik meer aandag kon geniet het. Trouens, die uitbeelding van konflik geniet nie veel aandag in die werk nie. Ramailane se konflik as kind word egter realisties uitgebeeld en daarna vind die leser dat sy seun se streke en mislukkings hom motiveer om self verder te studeer; 'n teken wat op sterk interne konflik, waaraan origens geen aandag gegee is nie, dui. Netso word Teboho uitgebeeld as iemand wat heeltemal gelukkig is oor sy omstandighede en nooit tot die besef kom dat hy sy lewe verknoei nie en hy spyt is oor die verloop daarvan nie. Alleenlik skaamte word deur hom ondervind as hy sy vrou, wat hy dood gewaan het, in die lewe vind en dan aan skok sterf.

Lesoro se styl is eenvoudig en die elemente wat gewoonlik 'n sierstyl kenmerk, vloei heel natuurlik en ongedwonge sodat die werk gemaklik lees. Sy taalgebruik is goed. Lesoro wend sy talent as digter in hierdie novelle aan en maak van drie gedigte gebruik wat goed by die konteks aanpas en funksioneel aangewend is.

Klem word deur 'n herhaling van goeie woordkeuses pragtig verkry as Lesoro die donker skets na die engel, wat Ramailane in sy drome sien, vertrek het, vgl. bv.

"..... ya fetoha lefifi la bonkatjana; lefifi le letsho; lefifi la nkgo; lefifi la mmoto!"¹

Oor die algemeen gesien is hierdie werk 'n sukses en sou die leser graag meer nouvelles uit Lesoro se pen wou sien verskyn.

4.3.9 H.B. LETHOBA:

Hierdie skrywer het een novelle, nl. Kgunou le Maria (1962), gelewer en die verhaal sien as volg daaruit:

Kgunou voltooi sy onderwysstudies maar tot tyd en wyl hy 'n betrekking bekom, gaan soek hy na sy broer wat in die stad vermis is. In die stad aangekom, vergeet hy die doel van sy reis daarheen en leef buite-egtelik saam met Maria wat hy op sy reis daarheen ontmoet het. As hy egter deur Maria onderhou moet word en in gebreke bly om 'n betrekking te vind, jaag sy hom weg. Hy vind 'n betrekking en trek by Nkosasana in, waarna hy begin drink. Sy slaan hom met 'n vuuryster en hy beland in die hospitaal en verloor ook sy werk. Hierdie vrou verlaat en besteel hom en hy gaan woon by 'n Mosotho-egpaar wat onwettig bier verkoop. Hier help hy sy gasvrou met haar onwettighede, word gevang sonder identiteitsdokumente nadat tsotsis dit vroeër van hom afgeneem het en beland in die tronk. Hy aanvaar werk as huisjong by 'n bejaarde egpaar en onder hulle en vriende se goeie invloed begin hy 'n sukses van sy werk maak.

Intussen is Maria spyt dat sy hierdie man weggejaag het en probeer hom opspoor. Sy kom onder valse voorwendsels met hom in aanraking en nadat sy hom om vergiffenis gevra het, stem Kgunou in dat hulle trou. Hy verneem intussen dat sy vader baie siek is d.m.v. 'n brief waarin sy oom hom slegs om die bos probeer lei sodat Kgunou huis toe kon gaan. Hy pak hierdie reis aan en vind albei sy ouers steeds in die lewe en dat 'n vet bees, net soos in die gelykenis van die 'Verlore Seun', vir hom geslag is.

Lethoba se tema word in detail in die werk se voorwoord bespreek en Lethoba slaag daarin om 'n eenheid tussen tema en intrige te smee. Hy dwaal selde hiervan af en skets die stadslewe goed ter-

1. Lesoro, E.A.S., Leshala le Tswala Molora, p. 17.

wyl 'n ophoping van episodes, wat dieselfde feit illustreer, goed vermy word. Spanning word nie goed opgewek of behou nie, terwyl karakteruitbeelding soms mank daaraan toe is en onnodighede ook voorkom. Tog is dit duidelik dat die skrywer met meer ervaring goeie werke kan lewer, aangesien sy denouement en inleiding beide geslaagd is, terwyl sy tema altyd uit die intrige spreek en hy trag om ook interne konflik in sy intrige te betrek.

Die skrywer se styl is eenvoudig maar ongelukkig slaag hy nie daarin om dramatiese effek aan sekere episodes te verleen nie, terwyl sy Suid-Sotho baie duidelik deur Tswana en Noord-Sotho beïnvloed is.

4.3.10 F.R. LETLALA:

Letlala se verhaal, Makoa (1958), behels 'n geveg tussen 'n tweeling se vader, kaptein Ratelu, en 'n groep Matebele waartydens die hele stam uitgewis word en slegs die tweeling dit oorleef. Hulle begrawe hulle ouers en vind 'n bul wat nie deur die vyand meegevoer is nie waarna hulle besluit om by Moshweshwe I, van wie hulle gehoor het, aan te sluit. Na 'n suksesvolle reis, waartydens die bul hulle teen 'n leeu beskerm, bereik hulle Moshweshwe te Thaba-Bosiu. Hy gee hulle sy beskerming en hulle onderneem om vir hom te werk. Hier raak Makoa op Puleng verlief maar as hy dink dat sy, sy broer verkies, is hy woedend en teleurgesteld. Hy besluit om sy lewe te waag en die waterslang wat die stat pla, uit die weg te ruim ten einde sodoende roem deur sy wapens te verwerf. Hy dood die slang nadat sy bul hom te hulp gesnel het en die slangspreek 'n seënwenis oor hom uit. Hierna is hy almal se held en hy vra Moshweshwe om 'n afdeling tydens 'n geveg met die Boeremagte aan te voer. Hy besoek die Boerelaer, lei hulle om die bos deur aan hulle 'n kluitjie te vertel en toe die Boere die nag gerus gaan slaap, roep hy sy makkers wat almal om die lewe bring. Hierna gaan hy 'n strafekspedisie tegemoet en val die Boere aan. Laasgenoemde vlug en Makoa en sy impi agtervolg hulle tot op 'n plaas. Hier word twee blankes wat weggekruip het, vermoor. Sy dapperheid lei daartoe dat Makoa almal se held is. Hy verklaar sy liefde aan Puleng en luister 'n groepie Matebele af toe hy in die nag na sy bul soek. Hulle smee saam om Moshweshwe om die lewe te bring. Hy word gevang en vasgebind maar sy bul kom egter uit die bosse en die Matebele slaan voet in die wind as hulle

meen dit is 'n leeu. Die bul haak sy horings deur die toue waarmee Makoa vasgebind is en neem hom huis toe. Hierop lê Makoa die Matebele voor en slaan hul leier katswink as laasgenoemde Moshweshwe in sy hut aanval. Tog laat Moshweshwe albei gevange neem en hulle word verhoor. Makoa word aanvanklik tot die dood veroordeel maar kom los as een Letebele in sy guns getuig. Hierna versoek Makoa om alleen met 12 Matebele af te reken en hy oorwin hulle almal. Makoa en Puleng trou hierop. As die Boeremagte weer 'n aanval op die Basotho loods, lei Makoa hul weereens om die bos en maak al hul ammunisie buit. Hierna vind 'n geveg tussen die Boere en die Basotho plaas en Makoa laat die lewe.

In hierdie werk slaag die skrywer net nie daarin om volgehoue spanning te bewerkstellig nie. Geluk is altyd aan Makoa se kant sodat hy hoegenaamd geen werklike konflik ondervind nie. Konflik flikker effens op as Makoa en Puleng se liefdessake wil skeefloop en die Basotho deur die Boeremagte aangeval word, maar dit is nooit intens en 'n stryd nie. Die gevolg is 'n teleurstellende klimaks waarin konflik en spanning grootliks ontbreek.

Die inleiding behels 'n vervelige beskrywing van Lesotho maar in hoofstuk 2 word die leser gou met die sentrale tema gekonfronteer en word spanning ietwat opgewek. Die denouement is baie kort en Makoa se dood is die einde van die verhaal. Die skrywer se verduideliking dat Makoa die Basotho uit die Boere se hande gered het, is onnodig¹. Die agtergrond is soms interessant en Letlala trag om sy verhaal te verlewendig en gebeure realisties voor te stel.

Letlala se verhaal is uit en uit 'n vertelling en die skrywer spreek die leser dikwels aan. Soms is Letlala ook sentimenteel². Karakteruitbeelding is nie baie goed nie veral omdat die skrywer nie daarin slaag om Makoa altyd as sentrale figuur te teken nie. Hy is 'n 'plat' karakter wat die leser nie leer ken nie en met wie die leser nie meeleeft in die verhaal nie. Die rede hiervoor

1. Vgl. Lethala, F.R., Makoa, p. 81.

2. Vgl. Lethala, F.R., a.w., pp. 10, 28-29.

is miskien omdat Makoa nie self meeleeft in alle verwickelinge nie en hy meesal koud teenoor alle gebeurlikhede staan. Soos gesê, slaag hy nie daarin om die gapings in sy oupa se lewe, waaroor hy baie moontlik nie inligting het nie, voldoende met fiktiewe feite te vul en hom sodoende as mens met bepaalde persoonlikheids-trekke en gevoelens voor te stel nie. Die skrywer poog beslis om fiksie teen 'n historiese agtergrond aan te bied maar dit is jammer dat sy hoofkarakter nie altyd op die voorgrond tree nie.

Die skrywer se styl is sy grootste bate. Hy wend 'n sierstyl aan en is 'n lewendige verteller. Meeste episodes is verbeeldingloos geteken en dit is alleenlik sy taalgebruik wat 'n realistiese kleur daaraan verleen. 'n Uitstaande kenmerk van sy styl is sy aanwending van ideofone en veral geluide word dikwels treffend nagemaak. Verdubbelings is ook volop en netso kom saamgestelde woorde ook dikwels voor. Idiome en spreekwoorde word ook vrylik aangewend maar metafore is skaars en die skrywer is lief om klem, deur die aanwending van opeenvolgende sinonieme, te gee. Hy wend twee gedigte en twee liedere in sy werk aan en bewerkstellig daarmee klem en verskaf ook addisionele gegewens. Die werk is swak afgewerk. Oor die algemeen is Letlala in staat tot die aanwending van mooi en goeie taalgebruik, maar as skrywer hoogs onervare. Sy poging om sy verhaal teen 'n historiese agtergrond uit te beeld en nie bloot historiese feite te verskaf nie, moet egter waardeur word.

4.3.11 P.M. LETSIE:

Rabahlanka kapa Molele (1960) is Letsie se enigste werk en sy verhaal verloop as volg:

Die hoofkarakter word as kind bederf en loop later van die huis af weg om in 'n myn te gaan werk. Hier ly hy sy maats 'n vreeslike lewe en begin wild en wakker bevele gee en weier om bevele te ontvang met die gevolg dat almal hom begin vrees. As sy dienstydperk verstryk, kommandeer hy almal op om hom te bedien en selfs iemand om hom per motor huis toe te neem. Sy nukke word deur blank sowel as deur nie-blank verdra. Tuis neem hy sy vader se perd en begin van stat tot stat ry waar hy almal die skrik op die lyf

jaag en dier en mens op die vlug slaan en verongeluk. Dit alles a.g.v. die magiese invloed wat hy uitoefen. Die gevolg is dat hy deur selfs die polisie gesoek word en as hy daarvan verneem, belooft hy die kapteins dat hy die skurk sal vang. Dog sy gewete begin hom hinder. Een nag skrik sy perd egter vir sy flits en gaan op loop. Molele volg hierdie perd en val homself ook dood.

Hierdie intrige is baie kort, 25 bladsye en vol leemtes. Spanning ontbreek totaal en die klimaks, Molele se dood, kom as 'n verrassing sonder dat dit werklik 'n hoogtepunt is en is derhalwe teleurstellend. Onnodige episodes, sentimentaliteit en toeval ontbreek in die verhaal, maar nóg patos nóg ironie kom voor.

Molele se handeling word nie gemotiveer nie en is ongeloofwaardig, terwyl die leser ook geen simboliese voorstellings daarin vind nie.

Aanvanklik is Rabahlanka se gedrag byvoorbeeld binne perke van die aanvaarbare en as dit skielik verander as sy dienstydperk op die myn verstreke is, begryp die leser nie sy handeling nie.

Die inleiding in die verhaal bestaan uit die parallel wat Letsie tussen sy en Matlosa se werke trek en hierdie inhoud is ongehoord as inleiding en kon hoogstens in 'n voorwoord tuisgekome het; afgesien van die skrywer se vergelyking wat nie begryp word nie. Die denouement bestaan uit Rabahlanka se vader se besef dat hy sy seun verkeerd opgevoed het maar die skrywer stel hier teleur as hy Rabahlanka se eienaardige gedrag aan die wyse waarop hy opgevoed is, wil toeskryf. Letsie spreek sy leser dikwels aan en onderskat ook sy vermoë om self tot gevolgtrekkings te kom. Hierdie verduidelikings raak kleinere besonderhede van die intrige en kon veel eerder Rabahlanka se

motiewe behels het.

Die skrywer se styl is eenvoudig en hy slaag nie daarin om sy episodes of karakters realisities uit te beeld nie. Sy styl word veral gekenmerk deur die vrye gebruik van woorde van Afrikaanse of Engelse oorsprong. Sy werk is geen sukses nie en die rede daarvoor is miskien ook geleë in die feit dat Letsie so vinnig oor sy materiaal beweeg en die elemente wat beide die intrige en tema uitmaak, nie goed oordink is nie. Dit het myns insiens min letterkundige waarde.

4.3.12 A.T. MABOEE:

Hierdie skrywer het twee werke gelewer, naamlik Sebolelo (1962) en Menyepetsi ya Maswabi (1963):

Die verhaal in eersgenoemde werk behels die huweliksreëlings tussen Paki en Sebolelo wat met hulle ouers se goedkeuring geskied en die 'lobola' reeds gestuur is. Die kaptein van die betrokke gemeenskap vra egter om Sebolelo se hand vir sy seun wat ongeletterd is en nie oor dieselfde agtergrond as Sebolelo beskik nie. Haar ouers stem toe weens die status wat hul hele gesin hierdeur kan verkry maar Sebolelo weier om met hierdie jongman te trou en haar ouers wil ook nie besef dat Kantini 'n dronklap en niks-werd is nie, terwyl die geletterde Paki 'n veel beter skoonseun sal wees nie. Hierop versoek die kaptein dat Sebolelo gefinisieer word maar sy weier, waarop die kaptein opdrag gee dat sy deur sy seun ontvoer word. Intussen wys Paki se ouers, Sebolelo se ouers op die onverbreekbaarheid van beloftes deur die 'lobola' aangegaan, maar hulle bly doof vir hierdie argument. 'n Toordokter behandel Sebolelo en Kantini ook sodat hulle 'n liefde vir mekaar sal ontwikkel, maar geen sukses word behaal nie. Nadat Kantini 'n tweede poging aanwend om Sebolelo te ontvoer, vlug sy na haar tante toe en hy na Durban om by sy vrou aan te sluit. Dan blyk dit dat hy reeds getroud is. Paki keer hierop terug en aanvaar in dieselfde omgewing 'n betrekking as prinsipaal en hy en Sebolelo tree in die huwelik, soos wat aanvanklik besluit was.

In die geval van Menyepetsi ya Maswabi, verlaat Monakodi die skool op vroeë ouderdom omdat hy opmerk dat die gemeenskap geleerdes nie maklik aanvaar of in hulle geleedere opneem nie. Hy loop weg en op 'n boereplaas kom hy onder die invloed van 'n bende wat veediefstalle pleeg. Hy sluit by hulle aan en neem aan hulle aktiwiteite deel

maar ontsnap as die polisie die bende in 'n hinderlaag lei. In Kokstad ontmoet hy Toni wat ook eens lid van hierdie bende was en hulle vlug verder tot in Pietermaritzburg waar Toni as toordokter begin praktiseer en Monakodi sy handlanger is. Hulle lei talle mense om die bos maar as die polisie op hulle toeslaan, ontvlug Toni en beland Monakodi in die tronk. Hierop werk hy by 'n blanke maar leef later van bedel en net voor hy huiswaarts sou keer, word sy maskerade ontdek en dien hy weer tronkstraf uit. Hierna werk hy weer by sy ou werkgewer en tree ook in die huwelik met 'n vrou wat hom later besteel en verdwyn. Hy spoor haar op en rand haar en haar vriend aan maar word self afgeransel. In die hospitaal ontmoet hy die speurder wat vroeër saam met die bende gewerk het ten einde getuienis teen hulle in te win en onder laasgenoemde se invloed besluit hy om terug te keer huis toe. Hy stel egter vas dat sy ouers oorlede is. Hierdie verhaal vertel Monakodi as bejaarde aan sy jong vriend Sobi, wat dit self oorweeg om weg te loop maar onder Monakodi se invloed en vertelling, daarteen besluit.

Maboe se temas is relevant en aktueel, getuig van 'n begrip van die Bantoesamelewing se probleme en word op baie interessante, pakkende en realistiese wyse in die intrige na vore gebring. Beide sy temas het 'n didaktiese strekking.

Maboe se detail is in beide werke goed deurdink, logies en interessant aangebied, terwyl episodes, asook karakters, goed geteken word. Eksterne konflik is veral in Sebolelo goed uitgebeeld, terwyl in Menyepetsi ya Maswabi die hoofkarakter meesal passief bly. Interne konflik geniet egter geen aandag nie behalwe dat in laasgenoemde werk die hoofkarakter se spyt oor sy jeugjare soms na vore tree. Werklike gewetenswroeging en innerlike tweespalt is egter afwesig.

'n Atmosfeer van afwagting en spanning is in beide werke aan te tref en intrige-elemente intensifiseer probleme deurgaans sodat suksesvolle hoogtepunte bereik word.

Ironie is in beide werke aan te tref terwyl Sebolelo soms onnodighede bevat en toeval dikwels 'n rol in

beide werke speel.

Terwyl die inleiding in Menyepetsi ya Maswabi kort en veral deur die gedig waarmee die verhaal aanvang, gekenmerk word, is die inleiding in Maboee se eerste werk veels te lank en langdraderig en vol onnodighede wat met die tema niks te make het nie. Netso is die denouement in Sebolelo veels te lank, uitgebrei en oninteressant, terwyl in Menyepetsi ya Maswabi die skrywer 'n gaping laat tussen die bejaarde se jeugjare en die stadium waarin hy sy verhaal vertel.

In beide werke weerhou Maboee hom daarvan om persoonlikheidstrekke mee te deel en leer die lesers sy karakters ken aan hulle handeling wat veral deur dialoog na vore kom. Hulle persoonlikhede hou altyd verband met hulle handeling en ontplooi sodanig dat die lesers hul goed genoeg leer ken om te kan voorspel wat hulle optredes in sommige gevalle sal wees.

In beide werke word een volksverhaal aangetref waarmee die skrywer 'n parallel tussen die hoofkarakter en die held in die volksverhaal trek. Hiermee word die hoofkarakter se lewende deels opgesom, en op heel interessante wyse beklemtoon.

Dialoog word in beide werke, maar veral in Sebolelo, aangebied op die wyse wat dit gewoonlik in die drama voorkom. Origiens is Maboee baie objektief, raak selde sentimenteel en spreek sy lesers nooit direk aan, of som op, of herinner hulle aan wat reeds gebeur het nie. Maboee se styl is plek-plek 'n sierstyl en plek-plek eenvoudig. Veral in Sebolelo begin hy met 'n sierstyl maar hou dit nie vol nie. Die sierstyl wat hy aanwend, is egter 'n doelbewuste verfraaiing van sy taalgebruik en kom dit geensins natuurlik nie. Na my mening het Maboee talent en is veral sy temas en intriges van waarde. Met sy werke het hy 'n goeie bydrae tot die Suid-Sotho-letterkunde gelewer.

4.3.13 J.J. MACHOBANE:

Een werk van hierdie skrywer word in hierdie periode gepubliseer, nl. Senate, Shoeshoe 'A Moshoeshoe (1954). Die intrige daarvan sien as volg daaruit:

Moshweshwe I droom dat sy voorvaders dit aan hom opdra dat hy moet sorgdra dat sy opperhoofskap deur 'n gewenste persoon na sy en sy oudste seun, Letsie, se dood voortgesit word. Hy besluit op Senate, sy kleinkind, en wys haar as opvolger van Letsie aan maar besluit dat sy nie mag trou nie. Sy raak egter verlief en ook swanger. Moshweshwe besluit dan dat sy na die geboorte van haar kind weer 'n kind moet baar in 'n verhouding met Josef en dat hierdie kind sy opvolger sal wees. Dan baar sy hierdie kind, 'n seun, en Moshweshwe kom te sterwe. Na sy dood word die stryd tussen Lesotho en die Koloniale regering oor die Basotho se besit van gewere gevoer en Jonathan, een van Letsie se kleinseuns, kom steel Tsoenyane ten einde hom as middelman in 'n stryd met 'n broer, Joël, te gebruik. Laasgenoemde word verslaan en Jonathan geniet dan die inwoners te Leribe se onderhorigheid. 'n Stryd word egter ook tussen Tsoenyane en Jonathan want eersgenoemde meen dat die kapteinskap hom toekom soos wat Moshweshwe besluit het en sy vader Josef se mense nie deur sy oom Jonathan regeer kan word nie. Tsoenyane verloor egter hierdie stryd. Hierna gee sy moeder aan hom Moshweshwe se armband en 'kapteinsklip' maar hy weier om laasgenoemde te ontvang omdat hy nie weet wat om daarmee te maak nie. Die gevolg is dat hy dan begin swaar leef en sy gesondheid hom las gee. Dan kom Senate te sterwe en voor Jonathan die lewe laat, neem hy Tsoenyane na Griffith, Lerotholi se seun, wat die huidige opperhoof van Lesotho in die verhaal is. Griffith beveel dat Tsoenyane vir Jonathan as ondergeskikte kaptein sal opvolg waarmee die opperhoofskap finaal by Tsoenyane se neus verby is. Ook hy kom later te sterwe.

Uit bogenoemde blyk dit dat die intrige na Moshweshwe se dood nie geslaagd ontwikkel nie. Die skrywer sit met die probleem dat Tsoenyane, wat Moshweshwe as opvolger van Letsie aangewys het, ooreenkomstig die geskiedenis nie hierdie opperhoofskap kan erf nie. Dit los hy dan op deur Tsoenyane op die agtergrond te skuif, of hom dan in botsings tussen

Jonathan en Joël te betrek terwyl Letsie en later Lerotholi regeer. Die leser sou verwag dat 'n geskil om hierdie opperhoofskap tussen Lerotholi en Tsoenyane na Letsie se dood sou plaasvind. So 'n gebeurtenis vind egter nie plaas nie en Machobane sê niks van Letsie se regime nie en hoe dit gekom het dat Griffith klaar opperhoof is nie. Geskiedkundig is Letsie deur Lerotholi en toe deur Letsie II opgevolg waarna Griffith die opperhoofskap op sy skouers geneem het. Hierdie feite word nêrens vermeld nie. Hierbenewens los Machobane die vermyding van Moshweshwe se opdrag dat Tsoenyane, Letsie moet opvolg, swak op. Weliswaar motiveer Machobane homself in hierdie verband. (Vgl. hoe Tsoenyane liggaamlik en geestelik siek en afgetakel raak as hy nie Moshweshwe se 'kapteinsklip' aanvaar nie). Die rede vir die feit dat Tsoenyane nie sy volk se aanhang geniet nie en nie die opperhoofskap verkry nie, is hierin geleë. Dit wil voorkom asof Senate te lank gesloer het om Moshweshwe se besittings aan haar seun, soos wat sy versoek was, te gee. 'n Rede hiervoor ontbreek en daarin is die swakheid van Machobane se motivering geleë. Eerder kon sy hierdie armband en klip tydens Letsie se regime of net na sy dood aan hom oorhandig het en hy dán die klip van die hand gewys het. Machobane het dus die konfrontasie tussen Tsoenyane en Letsie as opvolger, te lank uitgestel. Die historiese feite m.b.t. Jonathan en Joël is dan heeltemal onvanpas.

Origens is die intrige goed. Toevallighede, sentiment en onnodige episodes, behalwe bogenoemde, ontbreek. Konflik tussen Tsoenyane en die opperhoof Griffith geniet te min aandag, terwyl geen karakter enige interne konflik ondervind nie. Die leser sou byvoorbeeld graag die uitwerking van Senate se eerste swangerskap en die feit dat sy nie meer vir die opperhoofskap geskik is nie, op beide haar en Moshweshwe sou wou sien. Hulle reaksie ontbreek totaal. Netso die reaksie van Tsoenyane en Senate as Tsoenyane nie die opperhoofskap bekleë nie.

Machobane se karakters is deurgaans almal passief en is dit slegs Jonathan, wat in sy konfrontasie met Joël, werklik konflik ondervind en die bul by die horings pak.

Spanning kom egter soms voor en die skrywer bereik dit telkens deur 'n nuwe probleem te skep as dit wil voorkom asof 'n voorafgaande een opgelos is.

Karaktertekening bevredig, behalwe in soverre as wat Machobane se karakters, passiewe karakters is. Geen karakterverandering vind plaas nie en veral Moshweshwe word baie goed geteken as vredeliewende, genadige, regverdige, vergewensgesinde en stoere leier wat tekens van 'n godsdienstige lewe vertoon. As karakter is hy imposant en beïndruk die leser.

Machobane se styl word nie doelbewus en oormatig verfraai nie. Goeie spreekwoorde, ideofone, verdubbelings, vergelykings en metafore is goed versprei en kom natuurlik en ongedwonge na vore. Machobane oordoen nie in hierdie gevalle nie. Klem word deur herhaling bewerkstellig. Situasies en gebeure word altyd baie realisties beskryf en Machobane laat ook nie na om soos baie ander skrywers, sy leser direk aan te spreek nie. Dialoog word ongelukkig soos wat gebruikelik in die drama is, aangebied.

Die werk word egter oormatig met die gebruikmaking van liedere en gedigte verfraai. Hoewel hierdie elemente goed inpas by 'n historiese novelle, is dit soms heeltemal te lank om paslik te wees en nie die leser se aandag af te lei nie. (Vgl. bv. een gedig wat oor 7 bladsye strek)¹. In sy geheel gesien is die werk interessant en ontplooi die intrige goed t.o.v. die eerste helfte. Hoewel hierdie werk in gehalte nie dieselfde as Mofolo se Chaka is nie, het dit wel verdienste as 'n goeie bydrae tot die Suid-Sotho-letterkunde en is dit veral Machobane se oorspronklikheid wat opval.

1. Vgl. Machobane, J.J., *Senate Shoeshoe 'A Moshoeshoe*, pp. 79-85.

4.3.14 I.E. MAHLOANE:

Mahloane se werk, Tsoana-Makhulo (1961), is 'n moderne volksverhaal wat as volg verloop:

Thuso se ouers vlug vir die ondier Paruparu wat met sy geskree alle mense in sy nabyheid verlam en as hy hulle dan byt, raak hulle van hulle verstand af. Tydens 'n jagtog loop hy in die nuwe omgewing, waar sy ouers hulle gevestig het, sy oom raak wat op pad is om met 'n geweer, wat hy elders in die hande gekry het, hierdie ondier uit die weg te ruim. Hierdie man word egter deur lees verskeur en versoek Thuso om sy sending te voltooi, wat inderdaad gebeur. Hy verbrand die ondier en as hy die as daarvan in water gooi, verander dit in 'n klip. As hy hierdie klip stukkend gooi, herstel al Paruparu se slagoffers en word Thuso as kaptein bevestig.

Simbolies kon Paruparu die werksaamhede van die Bose voorstel, deurdat diegene wat deur hierdie ondier gebyt word, abnormale gedrag vertoon - m.a.w. gedrag wat afwyk van dié wat God oorspronklik vir die mens bedoel het. Aan die ander kant, kan die herkoms en omstandighede van Thuso wat die ondier oorwin, egter nie na Christus herlei word nie en blyk dit dat 'n simboliese verband kwalik aan die besonderhede in die verhaal geheg kan word.

Aangesien die intrige spanning, afwagting en interessante wendinge bevat, slaag Mahloane daarin om 'n suksesvolle klimaks te bewerkstellig. Dit is slegs jammer dat die skrywer die klimaks ietwat uitstel met onnodige episodes ná Thuso en Paruparu se ontmoeting. Mahloane is ook baie oorspronklik en slaag daarin om misterie rondom Thuso se vader se dood en die bestaan en uiteinde van die bobbejaan-mens te weef, terwyl hy hom in alle omstandighede van kommentaar, verklarings en didaktiese mededelings weerhou. Netso is hy nooit sentimenteel nie en ontbreek toevallighede ook geheel en al. Toeval aan die ontmoeting met sy oom in die bos verbode, is funksioneel en

geensins steurend nie.

Mahloane lê klem op gebeurlikhede in hierdie werk en karakters en persoonlikheidstrekke vervul 'n heel ondergeskikte rol. Die gevolg is dat konflik min aandag geniet. Thuso verkeer weliswaar in konflik met sy omgewing as hy in die bos jag op 'n vreemdeling maak en later op die ondier, maar hierdie konflik het hoegenaamd geen uitwerking op hom nie. Hy is passief en dit is ook nie nodig dat hy anders sal wees nie. Die verhaal handel immers in die eerste plek nie oor hom nie, maar oor die ondier en sy verwoestingswerke. Thuso se rol is bloot om meer oor hierdie diër te wete te gee en sy uiteinde te teken. As sulks is daar van karakteruitbouing of -verandering nie sprake nie en die skrywer deel geen persoonlikheidstrekke mee nie.

Wat Mahloane se styl aanbetref, is daar min wat die leser opval. Hy skryf eenvoudig en sy taalgebruik is nie swak nie. Nêrens' trag hy om dit doelbewus te verfraai nie. Dialoog word sonder aanhalingstekens en soos wat dit in die drama gebruiklik aangebied word, deur Mahloane aangewend. Sy taalgebruik is lewendig en hy slaag daarin om situasies realisties, pakkend en interessant, sonder 'n groot omhaal van woorde, uit te beeld.

4.3.15 M.L. MAILE:

Maile se enigste werk in hierdie periode is die novelle Moiketsi (1958):

Van kleins af blyk hierdie seuntjie wederstrewig te wees en aan allerlei stoutighede deel te neem. Op skool is hy parmantig maar presteer goed. As hy begin drink en met meisies lol, neem die onderwyser, Matthiase, hom onder sy beskerming maar sy raad en hulp word nie waardeer nie. Tog voltooi hy sy skoolloopbaan en begin skoolhou maar onder die invloed van Rosina, op wie hy verlief raak, begin hy weer drink en verloor sy werk waarna hy stad toe trek. Hier verloor hy weer sy werk weens drankmisbruik en beland onskuldig in die tronk. Dan keer hy na sy ouers terug en 'n

huwelik word met Pulane gereël maar hy laat haar in die steek en loop met Rosina weg stad toe. As hy Letia ook in sy huis wil bring, verlaat Rosina hom en dan is hy spyt om hierdie vriendin te verloor. Hy begin as toordokter praktiseer en mense om die bos te lei maar word siek waarop hy 'n berouvolle brief aan sy vader skryf. Voor hy dit kan pos, loop hy een nag in sy slaap en val hom in 'n sloot dood.

Bogenoemde intrige is bloot 'n vertelling sonder enige fynere afwerking. Die verhaal is oninteressant en selfs vervelig want die een ongelukkige situasie in Moiketsi se lewe volg bloot chronologies op die ander, sonder dat verwickelinge werklik intensifiseer, afgagting/spanning bewerkstellig word en daar na 'n klimaks opgewerk word. Trouens, die klimaks, Moiketsi se dood, is onverwags, skielik en sonder enige spanning aangebied - die een oomblik is Moiketsi nog besig om as toordokter te praktiseer, met Rosina te onderhandel en aan sy ouers te dink en die volgende is hy dood, waarna die verhaal tot 'n einde kom.

Maile slaag nie daarin om situasies werklik reël te teken nie en soos gesê, is die verhaal uit en uit 'n vertelling eerder dan 'n afgewerkte novelle. Die skrywer is deurgaans subjektief en onderskat sy leser aangesien kommentaar en opsommings baie algemeen voorkom. Hoewel nie te dikwels nie, raak Maile tog soms didakties as hy as volg skryf: "Ho tšabeha hakakang ha mohlalefi ea kang Moiketsi a fetoha sena Ho bohloko hakaka'ng ha ngoana ea rutiloeng joaleka Moiketsi a hlaba lipelo tsa batsoali"¹.

Rosina blyk nie baie goed Engels te verstaan nie en in stede dat die skrywer die rede hiervoor in een sin verskaf, wy hy 'n hele paragraaf daaraan. Toe Moiketsi, Pulane met hul troue in die steek laat en hy met Rosina wegloop, maak die skrywer van toeval gebruik om Moiketsi se verdwyning aan sy ouers op te klaar. Twee foto's, van hom en Rosina word deur 'n vreemdeling

1. Maile, M.L., Moiketsi, p. 79.

wat self toevallig by die bruilof opdaag, opgetel en die foto's, aan sy vader getoon. Hierdie episode is uiters swak beplanning. Die rede waarom Matthiase, Moiketsi onder sy vlerk neem as laasgenoemde op skool onder die invloed van drank raak, ontbreek en die leser voel dat Maile hier afwyk van normale verwagte optrede. Moiketsi se optredes volg sonder werklike voorbereiding daarvan op mekaar en hiermee slaag Maile toevallig daarin om 'n karakter te teken wat hom na alles skik, nie leer uit sy foute nie, en impulsief handel. Die feit dat hy so goed op skool vorder, is 'n situasie wat kwalik met sy persoonlikheid te rym is. Sy werklike gevoelens ontbreek geheel en al en dit is ook nooit duidelik hoekom hy op sy ingeslane lewenskoers volhard nie. Dit is onverstaanbaar dat die skrywer wonder¹ oor hoekom Moiketsi, aangesien hy 'n toordokter is, nie daartoe in staat is om Rosina m.b.v. sy medisynes te laat terugkeer nie - hy was immers geen werklike toordokter nie.

Maile handhaaf 'n sierstyl in hierdie werk en verdubbings, saamgestelde woorde, ideofone, metafore, spreekwoorde en idiomatiese uitdrukkings kom vry algemeen voor. Hy verskaf 'n sleutelindeks ter opklaring van baie van hierdie uitdrukkings en is dit dus ook duidelik dat hierdie verhaal met die oog op gebruik deur skoliere, geskryf is. Enkele gedigte en liedere is in die werk aan te tref en veral in een gedig word Moiketsi se gedagtes oor sy leefwyse goed saamgevat.² Oor die algemeen blyk Maile as skrywer onervare te wees en behalwe vir sy taalgebruik, het die werk as sulks weinig pit of waarde.

4.3.16 S.N. MAJARA:

Hierdie skrywer het sewe werke in hierdie tydvak gelewer, nl. 'Makotulo (1953), O sentse Linako (1956), Mafofela le Mohau (1963), Liate oa Mafika-Lisiu (1964), Moroetsan'a Moshate (1964) en Morena oa Thaba (1962), asook Liakhela (1964):

1. Vgl. Maile, M.L., Moiketsi, p. 83.

2. Vgl. Maile, M.L., a.w., p. 84.

In die geval van eersgenoemde werk is die vorm van die intrige een waarin die hoofkarakter, 'Makotulo, haar lewensgeskiedenis aan haar twee kleindogters vertel met die oog daarop om een van hulle, wat klaarblyklik ongewende neigings vertoon, indirek op te voed. Die verhaal dien om hierdie meisie op die futuliteit van losse verhoudings en hofmakery te wys asook die belang van skolastiese opleiding. Hierin slaag sy met-tertyd.

Dit blyk dat 'Makotulo as jong vrou haar man se besittings verkoop, haar kind by familie laat en haar eggenoot na die stad volg. Hier is hy ontevrede oor haar handelinge en sy loop met 'n Kleurling weg Johannesburg toe. Hier knoop sy die een buite-egtelike verhouding na die ander aan, vermoor haar baba wat gebore word en beland in die tronk. Sy vertrek met 'n vriend na Natal en werk as kinderoppaster op 'n plaas maar vlug as hierdie kind onder haar toesig wegraak. Haar gewete begin haar pla en sy besluit om terug te keer Lesotho toe en hierdie reis voltooi sy na vele ontberinge om te vind dat haar wettige man intussen met 'n ander vrou getroud is. Sy rand hierdie vrou aan en as laasgenoemde vlug en sterf, is sy en haar man weer herenig.

In die geval van O sentse Linako is Abel as kind onbeheerbaar en op skool presteer hy swak sodat hy wegloop stad toe. Hy hou nie van die werk in die myne nie en as busbestuurder verloor hy sy werk as hy oneerlik is en 'n ongeluk maak. In Rhodesië verloor hy sy werk in 'n mynkantoor as hy astant raak en begin dan as skrywer vir 'n Morotsekaptein werk. Hy besluit om hier te trou maar laat die meisie in die steek waarop hy vlug as die vader hom agtervolg. Dan sluit hy by 'n bende moordenaars en diewe aan, maar loop weg en beland op 'n plaas waar hy 'n vragmotor bestuur. As hy hierna teen vee bots, vlug hy verder en werk as houtkapper en later as transportryer. Hy word gevang omdat hy nie identiteitsdokumente het nie en beland in die tronk. Hierna droom hy van sy moeder en besluit om terug te keer huis toe. Op pad Lesotho toe is hy nogeens 'n veewagter, dan 'n kombuisjong en dan weer 'n plaaswerker. In Lesotho kom hy na 'n afwesigheid van 15 jaar aan en merk op dat sy vroeëre skoolvriende 'n sukses van hulle loopbane maak en begeer om weer te studeer. Fondse ontbreek egter en hy is op blote handarbeid toegewys ten einde 'n bestaan te maak.

Uit bogenoemde blyk dit dat hierdie verhaal baie episodes is en geen episode word in detail of werklik realisties geteken nie.

Die tema in Mafofela le Mohau word in 'n ewe lang, vervelige en episodiese intrige uitgebeeld:

Mafofela word gebore en ontvang sy naam van sy oupa, terwyl sy vader hieroor nie gelukkig voel nie aangesien hy daarin glo dat 'n slegte naam 'n voorteken is van die draer daarvan se lewe. Mafofela word baie deur sy ouers bederf en is voortdurend by ander in die sop oor sy onderduimsheid en swak gedrag. Sy vader betaal egter gereeld skadevergoeding aan diegene wie Mafofela skade berokken het, sonder om ooit te besef dat sy kind werklik besig is om swak of ongewenste persoonlikheidstrekke te ontwikkel. Sy stoutighede as kind ontgroei hy nooit nie en dit word later 'n hele leefwyse wat bestaan uit diefstal, agterbaksheid, ongehoorsaamheid, skelmagtigheid, verneukery en selfs moord, terwyl hy altyd daarin slaag om homself uit die moeilikheid uit te praat en dus ook voortdurend lieg. Hierdie persoonlikstrekke illustreer Majara tot op p. 127 wanneer Mafofela gevang word, in die hof beland en veroordeel word tot lewenslange tronkstraf weens 4 moorde en 32 diefstalle.

Intussen is Mohau ook gebore en hy word as vrygewige persoon, wat selfs klere en ook geld aan andere weggee, groot. Hierdeur roei hy sy vader feitlik uit en kry gereeld slae oor sy gedrag maar troos hom met die gedagte dat hy tog wel eendag ryk sal wees. Later werk hy in 'n myn en is hy ook die persoon wat Mafofela gevange neem. Sy moeder hou aan dat hy moet trou en onder invloed van Anna, met wie hy gesels, gaan kuier hy vir Utloang met wie hy later getroud is. Hulle is besonder gelukkig, dog op 'n dag word Mohau in 'n skietongeluk gedood en blyk dit dat hy sy rykdom waarop hy altyd gehoop het, gevind het - nl. die Ewige Lewe. Sy vrou droom dat hy haar kom haal en trek haar huweliksklere aan waarop sy op wit beddegoed gaan lê en die lewe laat.

In die geval van Liate oa Mafika-Lisiu teken Majara, Liate as sy begin skoolgaan en die meisie Ntsoaki begin idealiseer. Hierdie meisie se netheid en gedrag veral, maak op haar 'n groot indruk. Sy presteer op skool en begin later verpleeg. Van hierdie beroep maak Liate 'n groot sukses. Dan trou sy met Sera en hy vertrek om aan die Tweede Wêreldoorlog deel te neem. As Liate verneem dat die boot waarop hy vermoedelik gereis het, gesink het, stort haar hele lewe in duie. Tog ruk sy haarself later reg, wys alle huweliksaansoeke van die hand maar besluit tog om weer te trou. Sy is egter onseker hieroor aangesien sy geen definitiewe bewys het dat Sera omgekome het nie. 'n Maand voor die beplande huwelik keer Sera terug en hul beker van geluk loop oor.

Behalwe vir die interessante wending in die verhaal teen die einde, is die res swak en sluit die liefdestema, in

die laaste gedeelte, hoegenaamd nie by die tekening van episodes op skool in die eerste gedeelte, wat juis vir kinders bedoel is nie, aan.

Moroetsan'a Moshate het 'n simboliese tema en hierdie werk blyk sy beste bydrae tot die Suid-sotho-letterkunde te wees. Dit blyk dat kaptein Kelello (Moshweshwe I) 'n dogter (Lesotho) het in wie omringende kapteins almal belangstel. Kelello wys egter alle huweliksaansoeke van die hand en verslaan hierdie kapteins in gevegte wat om sy dogter se hand ontstaan. Splintergroepe van stamme deur Nodumehlezi (Chaka) verslaan, sluit by Kelello aan en hierdie kaptein betrek, net soos Moshweshwe I, 'n nuwe vesting en stuur ook geskenke aan Nodumehlezi. Soos Moshweshwe I stuur Kelello ook aan sy verslane vyande padkos. Dan kom Ramosoeu op die toneel en is hulle kontak simbolies van die kontak tussen Moshweshwe en die Boeremagte. Hierna vra 'Makhotso, 'n vrouekaptein, om Kelello se dogter se hand vir haar seun en 'n bondgenootskap word gesluit, terwyl Kelello, 'Makhotso se hulp vra om die lastige en magtige Ramosoeu uit die weg te ruim. Hierdie gebeure is simbolies van die Engelse regering se kontak met Moshweshwe I. Hierna besoek 'Makhotso se seun die landstreek Moshate en die beskawing in 'Makhotso se land word geteken. Dan word die 'lig' vanaf hierdie beskawing na Moshate uitgedra maar Morusu, die seun van Kopano (die Unie van S.A.), begin ook in Kelello se dogter belangstel, dog sy planne word gefnuik deur die huwelik tussen Kelello en 'Makhotso se kinders.

Majara se simboliek is trefferdaangebied en hy onderskat sy lesers nooit deur te sinspeel op die voorstelling van sy karakters en gebeure nie.

In die geval van Morena oa Thaba, poog Majara om 'n historiese novelle te lewer waarin die tye van Moshweshwe I uitgebeeld word. Tog geniet die baie geskiedkundige feite die grootste klem en word baie min aandag aan die skepping van 'n novelle daarmee gegee. As sulks bevredig die werk hoegenaamd nie.

Spanning ontbreek feitlik geheel en al en weens die verskaffing van baie detail t.o.v. geskiedkundige gebeure en persoonlikhede in 'n relatief kort werk, (voor Moshweshwe se geboorte in 1786 tot die huidige), faal Majara om realisties en verbeeldingryke episodes te teken en aan sy leser meer te bied as bloot 'n relaas of biografie van Moshweshwe se lewe. (Vgl. bv. die kontak met die blanke). Voorts word die laaste 35 bladsye van die werk aan Moshweshwe se nageslag gewy - dit het nie direk betrekking op Moshweshwe, die Bergkaptein, nie en is as denouement of afsluiting van hierdie karakter se bestaan,

veels te lank. Dit strek vanaf 1870 tot die datum van die skrywe van die werk.

Karaktertekening geniet ook baie min aandag sodat die leser Moshweshwe nie eers as karakter leer ken nie. Trouens, dit kom beslis voor asof Majara nie poog om hierdie karakter se persoonlikheid doelbewus uit te beeld nie maar slegs bekende feite aangaande sy bestaan en regime meedeel. Vgl. hoe Majara oor Mohlomi persoonlik uitwy,¹ terwyl die kontak tussen hom en Moshweshwe veel minder aandag geniet. Netso word die ervarings van kinders in die algemeen bespreek² terwyl Moshweshwe as karakter eintlik hierin uitgesluit is.

Die werk is geen biografie nie, maar beslis ook geen geslaagde novelle nie en as sulks is 'n verdere bespreking daarvan onnodig. Daar kan slegs genoem word dat Majara se styl eenvoudig is en hy vrylik van kort gedigte gebruik maak.

Met sy werk, Liakhela, teken Majara die wyse waarop bandelose en wettelose bendegroepe aan die Rand mekaar terroriseer. Die episodes in hierdie werk is meesal losstaande en 'n deurlopende spanningslyn ontbreek. As sulks word die werk nie verder bespreek nê en kan nadere inligting in paragraaf 4.2.9.6 verkry word.

Majara se intriges is oor die algemeen vervelig, ontbreek aan konflik en interessante wendinge, terwyl hy nooit daarin slaag om sy materiaal algaande te intensifiseer en tot 'n krisismoment op te bou nie. Die klimaks in al sy werke, behalwe Liate oa Mafika-Lisiu, stel teleur. Veral Mafofela le Mohau, O sentse Linako en Moroetsan'a Moshate en Liakhela is baie episodies. Hierdie werke bestaan grotendeels uit die herhaling van die een na die ander kort episode sonder dat afwisseling plaasvind. Met veel minder episodes en 'n meer realistiese en interessante verwerking daarvan, kon Majara steeds sy tema illustreer, maar hierbenewens, verveling vermy het en ook meer afwagting by die leser opgewek het. Tog slaag hy daarin om enkele episodes realisties uit te beeld. Vgl. Abel se vlug uit Borotseland in O sentse Linako en 'Makotulo se reis te voet deur die onherbergsame Lesotho in 'Makotulo. Sulke beskrywings is egter skaars in sy werke.

Die leser staan meesal koud teenoor Majara se materiaal en karakters en wek die atmosfeer in sy werke feitlik

-
1. Vgl. Majara, S.N., Morena oa Thaba, pp. 25-27.
 2. Vgl. Majara, S.N., a.w., pp. 18-23.

deurgaans onvergenoegdheid en belangeloosheid by die leser. Die leser vereenselwig hom nooit met sy karakters nie en slegs 'Makotulo in 'Makotulo geniet 'n mate van die leser se simpatie.

Majara se toon wissel van veragting, veroordeling, simpatie en bewondering, afhange van die materiaal in die verskillende werke. Hy is soms godsdienstig, soos gesê, en soms het sy werke 'n didaktiese strekking, soos reeds gemeld, terwyl hy soms doelbewus 'n sedeles aanbied en trag om sy leser op te voed. (Vgl. bv. in Liate oa Mafika-Lisiu waar Majara twee gesondheidsleerlesse aanbied). Soms is Majara se toon egter ook lig en grappig. (Vgl. bogenoemde werk en ook O Sentse Linako). In geeneen van sy werke slaag hy daarin om werklik 'n toon van gewigtigheid te vertoon nie. (Vgl. bv. Mafofela le Mohau, 'Makotulo en O sentse Linako). Soms is Majara ook sentimenteel, vgl. veral Mafofela le Mohau waarin Mohau se vrou op melodramatiese wyse die lewe laat nadat Mohau in 'n ongeluk omgekom het. In Liate of Mafika-Lisiu is Liate ook ietwat sentimenteel in die brief wat sy aan haar doodgewaande man skryf.

Toeval speel 'n belangrike rol in 'Makotulo en O sentse Linako waaruit duidelik blyk dat Majara nie in staat is om logiese en aanvaarbare oplossings vir sy probleme te vind nie.

Soms is hy ook onlogies. (Vgl. Mafofela le Mohau vir Mafofela se straf na 4 moorde en 32 diefstalle). Dit is ook onlogies dat hierdie karakter sy tronkstraf in die R.S.A. uitdien, terwyl hy in Lesotho gevonniss is. Voorts is die verbod om weeluisse in die tronk dood te maak 'n flagrante onsinnigheid. Netso die feit dat 'Makotulo in die werk 'Makotulo, gemartel word en as vrou maandeliks drie houe met 'n kats in die tronk ontvang.¹ Die veragting vir die R.S.A. en die slegte lig waarin Majara hierdie land se gevangenisdiens doelbewus probeer stel, is jammer. Verhoudinge tussen wit en swart in S.A. word

1. Vgl. Majara, S.N., 'Makitulo, pp. 47, 48.

egter met rus gelaat maar in O sentse Linako stel hy dit onomwonde dat Abel die blanke skofbaas moes aangerand het nadat laasgenoemde hardhandig teenoor hom opgetree het toe hy onder die indruk verkeer het dat Abel die spot met hom gedryf het. Eers verklaar Majara die blanke se optrede realisties en logies en dan maak hy 'n onlogiese en onvanpaste stelling.¹

Majara se insig in en hantering van die oplossing van rampokkerbendes aan die Rand, is onrealisties en gebrekkig. Die rol wat die polisie hierin behoort te gespeel het, word onderskat. Trouens, hy stel dit duidelik dat die Bantoewoonbuurtes vrede ondervind as die polisie daar wegbly.² Hy is wel reg in dié sin dat wetteloosheid dan voortduur en diegene wat hul daaraan skuldig maak, rustig en sonder vrees kan voortwoeker. Maar hierdie feit, wat sy Suid-Sotho-bende, die Liakhela, die geleentheid gee om die wet in eie hande te neem, is 'n swakheid in die werk.

Majara se agtergrondtekening getuig nie van veel moeite om homself op hoogte te bring van sekere omstandighede waaroor hy skryf nie. Sy kennis van Rhodesië in O Sentse Linako en die verpleegstersberoep in Liate oa Mafika-Lisiu is byvoorbeeld uiters beperk en ontbreek feite wat die leser graag in die episodes wat alhier afspeel, sou wou sien.

Die inleidings in sy werke is gewoonlik kort en draal Majara nie met sy probleemstelling nie. Drie werke begin met die geboorte van sy hoofkarakter, vgl. Liate oa Mafika-Lisiu, Mafofela le Mohau en O sentse Linako. Ten spyte hiervan weerhou Majara hom daarvan om vervelige besonderhede rakende hierdie karakters se kinderjare te verskaf. Eersgenoemde werk handel vir 'n groot deel oor die lewe van 'n kind, maar in laasgenoemde twee romans word slegs enkele feite oor sy hoofkarakters se kinderjare verstrekk. Slegs in Mafofela le Mohau word die hele lewe van sy hoofkarakter, naamlik Mohau, uitgebeeld - geboorte tot afsterwe. Die inleiding in Liate oa Mafika-

1. Vgl. Majara, S.N., O sentse Linako, p. 38.

2. Vgl. Majara, S.N., Liakhela, p. 26.

Lisiu, het geen aansluiting by die res van die werk nie. Vgl. die vermoede dat Liate as baba 'n varkie kwyt is en haar ouers se pogings om haar deur 'n toor-dokter suksesvol behandel te kry.

Die denouement is in al sy werke ook baie kort maar bevredig nie altyd nie. In Liakhela pas dit hoegenaamd nie by die verhaal aan nie deurdat besonderhede oor die land Lesotho verskaf word, terwyl die verhaal aan die Randkompleks afspeel. Majara bied sy lesers nooit die geleentheid om self te besin oor die uiteinde van sy verhaal nie en sluit dit altyd volledig af. Slegs in O sentse Linako word die verhaal afgesluit met die probleem waarvoor Abel te staan kom, nl. dat hy nie skolas-ties noemenswaardig opgelei is nie, nie sodanige opleiding meer kan bekom nie en alleenlik op hande-arbeid, waarvan hy niks hou nie, aangewys is. Of hy hierdie probleem gaan oorbrug of nie, is 'n feit wat vir die leser weerhou word en waaroor hy self kan dink. Drie werke sluit met sedelese of aanhalings uit die Bybel af waardeur Majara die les wat hy deur sy werk by die leser wou tuisbring, saamvat en beklemtoon. Vgl. O sentse Linako 'n aanhaling uit Spreuke 25:12 waaruit dit blyk dat kennis veel werd is en Majara sy leser aanspoor om geleenthede te benut en dit nie soos sy hoofkarakter te verspil nie. Aan die einde van Liate oa Mafika-Lisiu sluit die skrywer af met die beklemtoning van die feit dat Liate altyd aan haar man getrou was en verwysings na Psalms 23 en 24 wat vroeër in die werk volledig aangehaal is.

Karaktertekening is oor die algemeen swak en nie baie realisties uitgebeeld nie. Majara se hoofkarakters is meesal passief teenoor hulle omstandighede ingestel en verkeer hul nie altyd in realistiese, eksterne konflik nie. Geeneen van sy karakters ondervind 'n werklike stryd wat oorkom word nie. Vgl. hoe Abel in O sentse Linako gewillig was om vir 15 jaar rond te swerf eer

hy besef dat hierdie leefwyse hom niks in die sak bring nie, maar alleenlik ongelukkigheid, armoede, honger en onstandvastigheid tot gevolg het. Majara slaag nie daarin om sy hoofkarakters, in die algemeen gesproke, uit te bou tot individue wat goed deur die leser geken word nie. Sy karakters ondervind ook min interne konflik en dan brei Majara nie hierop uit nie. Vgl. bv. 'Makotulo en Liate oa Mafika-Lisiu. Twee moorde word deur Majara se karakters, een in elk van hierdie werke, gepleeg. In nie een van hierdie gevalle ondervind hierdie karakters hoegenaamd enige sielewroeging daarvoor nie - 'n onlogiese feit wat nie met die betrokke karakters se persoonlikhede in verband gebring kan word nie. Hy deel sy lesers meesal mee wat sy karakters se persoonlikheids-trekke is en illustreer nie altyd hierdie feite nie sodat die betrokke karakters dus vaag bly. In die geval van Mafofela le Mohau is beide sy hoofkarakters se persoonlikhede ekstrem en hou hulle handeling nie met die volle werklikheid verband nie. Vgl. bv. Mafofela wat uit en uit sleg, sonder enige goed is en Mohau wat net die teenoorgestelde is. 'Makotulo ondergaan 'n karakterverandering in die werk 'Makotulo maar Majara teken dit baie onrealisties en onoortuigend. Abel begin bv. in O sentse Linako tot so 'n mate van drank misbruik maak dat hy sy werk verloor. Hierdie persoonlikheidsverandering word bv. nie volgehou nie. Nérens lees die leser weer dat hy hierdie gewoonte volhou nie. Trouens, die meeste van sy handeling hierna is bloot aan omstandighede te wyte en gebeur dit selde dat hy self werklik in ongewensde gedrag verval. Majara se styl is eenvoudig en bied die leser selde die geleentheid om sy taalgebruik te geniet. In die geval van Moroetsan'a Moshate neig hy soms daartoe om sy styl doelbewus te verfraai maar hou dit nie vol nie en is alleenlik Liakhela feitlik deurgaans in 'n sierstyl geskryf. Hy is bv. lief om woorde te herhaal en sodoende klem te bewerkstellig. Ideofone word ook baie realisties en vrylik aangewend in Liakhela en Moroetsan'a Moshate. Die gedigte en liedere wat Majara in sy werke aanwend is min en gewoonlik baie kort.

Dialogoos word meesal soos gebruiklik in die drama aangebied en is dit alleenlik in Liakhela wat dit nie die geval is nie. Die rede hiervoor is dat in laasgenoemde werk enkele karakters nooit optree nie en dialogoos oor die algemeen dus min voorkom. Woordes van Afrikaanse en Engelse oorsprong kom gereeld in sy werke voor.

Majara tree deurentyd as alwetende verteller in sy werke op en word dit hoofsaaklik in die derde persoon aangebied. Sy verteltrant tree dikwels na vore en Majara spreek sy leser ook dikwels aan om hom aan iets te herinner of verduidelikings te verskaf. Die gebruik van die werkwoord "Re itse" kom algemeen voor.

Oor die algemeen blyk Majara, ten spyte van die onder-vinding wat hy met die skryf van sewe novelles opgedoen het, steeds baie onervare in die inkleding van sy temas te wees. Sy grootste swakheid is geleë op die gebied van die intrige en die afronding van sy werke. Sy werke is nie altyd suksesvol nie en vertoon ook geen verbetering nie. Waardering kan alleenlik uitgespreek word vir die feit dat hy gereeld publiseer, terwyl Moroetsan'a Moshate miskien as sy beste werk, met 'Makotulo in dieselfde kategorie, vermelding kan geniet.

4.3.17 B. MALEFANE:

In hierdie skrywer se enigste werk, Nqalong ya Lerato (1963), teken hy die karakter Mahlomola wat op skool presteer en hom van alle hofmakery distansieer. Tog raak hy verlief op Matshediso maar sien van haar af as hy besef dat haar ouers reeds gereël het dat sy met iemand anders in die huwelik moet tree en hy sit sy studies voort. As hy met Matshediso gesels, word hulle deur die voor-genome bruidegom en sy vriende aangerand en Matshe-diso vlug na 'n meisieskool waar sy haar skolas-tiese opleiding voltooi en as verpleegster kwalifiseer. Hierdie twee karakters ontmoet weer as

Mahlomola sy graad ontvang en hulle sit hulle verhouding voort. Tog duik 'n verdere probleem op: Matshediso het intussen 'n verhouding met dr. Mvimbi aangeknoop en nadat sy reeds aan Mahlomola verloof is, raak sy ook aan hom verloof daar die moed haar ontbreek om hom van Mahlomola, wat weer in haar lewe gekom het, te vertel. Tog verbreek sy later die verlowing en dr. Mvimbi probeer haar ontvoer as sy op pad huis toe is, maar sy slaag daarin om Mahlomola ongedeerd te bereik en hulle word in die huwelik bevestig.

Malefane se hele werk het 'n didaktiese strekking en hy trag om sy mede Basotho aan te spoor om die waarde van geleerdheid te besef en nie afbreuk daaraan te doen deur vas te hou aan 'n uitgediende tradisie soos die inisiasieskool nie. Ouers se keuses van huweliksmaats vir hulle kinders en die verontagsaming van hulle kinders se geluk hierin terwyl die onverbreekbaarheid van beloftes deur die 'lobola' hoër geag word, is 'n probleem wat Malefane deurskou en deur middel waarvan hy die Basotho aanspreek. Netso word onvolwasse liefdesverhoudingsten koste van geleerdheid of sukses in studies deur die skrywer verdoem en trag hy om sy leser in dier voege op te voed. Hy erken die bestaan van Basotho wat volgens tradisies leef, sommige wat op blanke plase in die Republiek of in die blanke stede werk en hul land en volk ontgroei het. Daarom wakker hy 'n patriotiese gevoel aan en staan 'n ontwaking uit die vashou van sekere nuttelose tradisies voor. In die plek van laasgenoemde moet geletterdheid, arbeidsaamheid en 'n nugtere besef van die liefde en aard daarvan kom. (Vgl. bv. die droom oor die vier mans¹ en Mahlomola en Matshediso se probleme, gevoelsleuens en handeling). Tog pas Malefane se patriotisme en kritiek op burgers buite Lesotho nie by sy tema aan nie. Groter klem word in sy tema aan die liefde gegee as wat die verkryging van geleerdheid en vaderlandsliefde of diensbaarheid aan land en volk geniet.

Behalwe bogenoemde swakheid sluit Malefane se tema goed by die intrige aan en slaag hy daarin om sy leser se aandag te behou en genoegsame spanning en interessantede aan te bied. Die intrige het baie min leemtes terwyl Malefane se styl onderhoudend, lewendig en ge-

1. Vgl. Malefane, B., Nqalong ya Lerato, pp. 36-38.

voelvol is. Tog is dit eenvoudig en is daar van 'n sierstyl geen sprake nie. Met hierdie werk het Malefane 'n suksesvolle bydrae tot die Suid-Sotho-letterkunde gelewer.

4.3.18 V.S. MANAKA:

Lerole le lefubedu (1963) handel oor 'n groep diewe wat 'n veepos aanval, die hut aan die brand steek en skape steel, terwyl die veewagter, Nthabiseng, ontkom. Terwyl die diewe die skape skeer en sommige slag, jaag hierdie veewagter hulle die skrik op die lyf, neem 'n perd en probeer daarmee vlug. Hy word egter gevang en meegevoer. Intussen vind die veewagter se vader van die diefstal uit en soek hulp by sy kaptein, maar aangesien Nthabiseng verdwyn het, is daar nie sekerheid of diefstal wel regtig gepleeg is nie. Terwyl die diewe by hul bymekaarkomplek fees vier, vind hul uit dat een van hul makkers, Mxabaniso, onder 'n misverstand verkeer het toe hy by hulle aangesluit het en nie met hul optredes tevrede is nie. Hierop word hy vermoor en Nthabiseng ontvlug terwyl die diewe met die moord doenig is. Hierop val Tlebere en van sy makkers 'n reisiger aan en pers drie sakke mielies van hom af. Op pad huis toe loop Nthabiseng hom vas, eers in Ramakgibitla en later weer in Tlebere, maar slaag daarin om te ontkom en alarm te maak. 'n Soektog word na die diewe op tou gesit en hulle word gevange geneem en veroordeel; behalwe Ramakgibitla wie nooit aangekeer is nie.

Manaka se verhaal is logies maar enkele episodes bevredig nie:

- (a) Dat Nthabiseng se perd wat lank gerus het so gou moeg kon word dat hy moes afklim en daarop deur die diewe gevang word, is swak beplanning van die skrywer om die veewagter weer in die diewe se hande te laat beland;
- (b) Nthabiseng gaan die kraal binne waar die veewagter met die skape doenig is en soek vir hom 'n perd uit, maar gewaar nooit vir Ramakgibitla wat daar wegkruip nie en laasgenoemde probeer ook nie om die seun te vang nie. Hierdie gebeure is onlogies;
- (c) Mxabaniso is 'n Mokone en op p. 39 stel die

skrywer dit dat hy nie goed Suid-Sotho kan praat nie. Tog is die dialoog daar-
 onder, waaraan hierdie karakter deelneem,
 in suiwer Suid-Sotho;

- (d) Na die moord keer Tlebere en sy groepie medepligtiges terug na hulle bymekaarkom-
 plek en vind Ramakgibitla en Diphapang
 weg. 'n Rede hiervoor ontbreek aangesien
 al die diewe, met die uitsondering van
 Seabo, op Mxabaniso se hulpkrete na die
 moordtoneel storm en al die diewe daar saam
 was en dus saam moes teruggekeer het;
- (e) Die rede waarom die kaptein al sy onderdane
 beveel om na die toneel te gaan waar die
 diewe die hut aan die brand gestee het,
 word nie verskaf nie en is dus 'n onlogiese
 toevoeging;
- (f) Op p. 51 stel die skrywer dit bloot dat die
 diewe gevang is sonder om in besonderhede in
 te gaan. Die leser vind hierdie situasie
 snaaks, aangesien die skrywer wel 'n situa-
 sie skets waarin daar na die diewe gesoek
 word.

Tog is die verhaal interessant genoeg en word
 spanning opgebou hoewel nie volgehou nie. Ntha-
 biseng se gevangeneming, sy ontsnapping en die
 episodes waarin hy hom weer in sommige van die
 diewe vasloop, bou definitief spanning op. On-
 gelukkig eindig die spanning by genoemde episo-
 des en is daar van 'n werklike klimaks geen sprake
 nie, want in werklikheid is Nthabiseng se ontsnap-
 ping ook die begin van die denouement. Manaka
 beeld situasies besonder goed en realisties uit.
 Hoofstukke is goed ingedeel maar ongelukkig blyk
 hoofstuk 13 onnodig te wees en geen funksie in die
 verhaal te vervul nie. Die patroon van die ver-
 haal behels ook gepaste elemente wat beslis 'n

groter geheel tot stand bring.

Die skrywer se karakters ondergaan geen karakterverandering of -uitbouing en -ontwikkeling nie en hulle vertoon slegs eksterne konflik maar geen interne konflik nie. Nie een van die karakters kan as hoofkarakter uitgesonder word nie en dit is miskien ook die rede waarom Manaka se karakters vaag bly.

Manaka se styl is interessant en sy beskrywings raak en gevoelvol. Hy maak van vele ideofone, soms geforseerd, gebruik. Spreekwoorde en idiome kom ook dikwels voor en oor die algemeen is Manaka se taalgebruik goed. Enkele woorde van Afrikaanse oorsprong is egter hinderlik. In sy geheel gesien is Manaka se werk 'n goeie poging om 'n spanningsverhaal te skep en dra veral sy styl baie by tot die sukses van sy verhaal. Die leemtes in die werk is nie van so 'n omvang dat die werk as sulks sonder waarde is nie.

4.3.19 S.P. MASIEA:

Hierdie skrywer se werk, Lisebo (1962), handel oor die invloed wat die stadslewe op 'n jong meisie het en haar verslegting en deelname aan die een buite-egtelike verhouding na die ander, tot sy deur 'n jaloerse vrou afgeransel word en terugkeer huis toe.

Die intrige is absoluut swak en die werk nie van goeie gehalte nie. Die dialoog tot op p. 29 het niks met die tema of Disebo se verslegting te make nie. ~~Hier~~na vlot die werk effens as Disebo haar verhaal in die eerste persoon vertel, maar dit ontbreek aan spanning, bevat geen werklike klimaks nie en is 'n blote vertelling - 'n stuk prosa wat hoegenaamd nie as novelle beskou kan word nie.

Die werk bevat baie dialoog wat soos in 'n drama aangebied word en woorde van Afrikaanse en Engelse oorsprong kom algemeen voor. As skrywer verdien Masiea nie besondere krediet nie.

4.3.20 B.M. MASILO:

Die verhaal in Mamello e Tsoala Katleho (1965) handel oor die geboorte en jeugjare van Molise, 'n seun wat sy vader eers op gevorderde leeftyd kry nadat die ouerpaar lank kinderloos was. Aanvanklik is hy bederf maar as hy later by familie tuisgaan, ten einde die skool te kan besoek, ontgroeï hy sy ongehoorsaamheid en verander in 'n gehoorsame en vlytige seun. Sy vader ontval hom, sy moeder en 'n jonger suster, voordat hy begin skoolgaan, sodat sy moeder al haar hoop op hom vestig om na die gesin se belange om te sien. Daarom stuur sy hom later na 'n hoërskool toe maar hier word hy weens wangedrag gevra om die skool te verlaat. Hy het egter steeds die begeerte om verder te leer maar sy moeder verkies dat hy nou tuisbly en na hulle boerderybelange omsien. Hiervoor is Molise nie te vinde nie en loop weg om sakgeld te gaan verdien ten einde verder te kan leer. Sy moeder versoek hom egter om terug te keer en 'n huwelik te doen, maar Molise weier, waarop sy haar seun opsy stoot en weier om enigiets met hom te doene te hê. Die seun keer weer terug skool toe en nadat hy sy finale eksamens afgelê het, begin hy as tolk werk. Sy moeder se bure se bewondering vir hom, asook die feit dat hy begin om vir sy moeder en suster te sorg, het tot gevolg dat sy haar, in Molise begin verheug en beoog om hom met 'n huwelik behulpsaam te wees. Hy laat sy moeder weet as hy 'n geskikte lewensmaat gevind het en nadat sy die nodige reëlings getref het, tree Molise in die huwelik en die verhaal loop ten einde.

Masilo slaag nie daarin om sy tema en intrige bymekaar te laat aanpas nie en hoewel die tema, wat uit die werk na vore tree, insigself interessant is, is die intrige self verbeeldingloos en oninteressant. Hy slaag nie daarin om sy hoofkarakter in konflik te laat verkeer nie en kan ook geen spanning opbou en derhalwe 'n klimaks tot stand bring nie.

Masilo se styl is eenvoudig, maar hy slaag nie daarin om sy karakters en situasies werklik realisties en aanskoulik uit te beeld nie. Uit sy voorwoord is dit af te lei dat Masilo sy mede Basotho wil bemoedig en tot die besef wil bring

dat aanhouer wen. Hy probeer die besef by die leser tuisbring dat dit niks baat om die handdoek in te gooi nie, maar dat ywer, deursettingsvermoë en volharding, wel sukses tot gevolg kan hê. Hierbenewens beklemtoon hy dit ook dat 'n begeerte om sukses te behaal in sigself nie van veel waarde is nie, as dit nie ook met ywerige inspanning gepaard gaan nie. Hierdie sedeles is tans aktueel en derhalwe is Masilo se raad d.m.v. hierdie werk geensins onvanpas nie.

Die werk op sigself beoordeel, het Masilo nie 'n novelle van enige letterkundige belang gelewer nie en beloof ook nie om sodanig te presteer nie.

4.3.21 S. MATLOSA:

Matlosa het een werk in hierdie periode gelewer, nl. Mopheme (1965), waarin die vader bigamie pleeg en die tweede vrou hom en sy seun so sleg behandel dat hy besluit om reëlings te tref om hierdie kind se erfdeel te beveilig. Sy boesemvriend wat hy hierin vertrou en sy tweede vrou, Baratang, is egter kop in een mus en die vader word vermoor terwyl sy seun, Tshitso, ontvlug. Hy word dan verder by 'n gesin wat hom versorg groot en begin dan om sy erfdeel stelselmatig terug te steel en is hy soos die draaijakkals (mopheme) nie te vang nie. 'n Persoonlike stryd ontstaan hierin tussen hom en Sekgwahla en wanneer Mopheme, oftewel Tshitso, hom ook as die geestelik versteurde Metsi voordoen, is hy altyd bewus van alle planne wat teen hom gesmee word. Teen die einde van die werk het hy al sy besittings terug gesteel en raak op Sekgwahla se dogter verlief, waarna hy sy vergeldingstogte staak en Baratang en haar trawante hulle misstap vergewe as hul as verarmde persone, in patetiese onmag om enige besittings te behou, verkeer. Mopheme erken dan sy streke en begin om vir Baratang te sorg, terwyl hy ook vee wat hy wederregtelik van ander gebuit het, terug gee en die verhaal loop ten einde.

In die geval van hierdie werk ontbreek sentimenta-
liteit en oorbeklemtone van die christelike as-
pekte wat die betrokke tema kon kenmerk. Tog word
die nie-christelike eienskappe soos moord, hebsug
en onderduimsheid verwerp en lei 'n natuurlike

vergelding, wat ontdaan is van haat en gekenmerk is deur vergewensgesindheid en liefde, tot die straf en inkeer van die skurke. Hierdie gedagtes word besonder goed en effektiëf na vore gebring deur 'n intrige wat tot die leser spreek en ontbreek aan persoonlike kommentaar deur die skrywer. Matlosa slaag daarin om 'n spanningslyn te handhaaf, deurdat hy sy lesers as intelligent benader, los drade laat en die leser sodoende in twyfel plaas en die geleentheid bied om self oor 'n uiteindelijke verloop te besin. Hierdeur bou hy 'n klimaks op en het hy geleentheid tot 'n ontknoping, hoewel hy in laasgenoemde verband die denouement te lank uitrek en nie meer die leser se aandag kan hou nie.

In sy agtergrondtekening is Matlosa in hierdie werk spesifiek en leer die leser ook die omgewing waarin die verhaal afspeel, grootliks ken. In hierdie verband wend hy 'n sierstyl aan.

Onnodighede bly egter nie uit nie, soos bv. Matlosa se vraag t.o.v. Lesokolla se houding aan die lesers¹ en die lied wat die jongmans sing as hul, hulle kaptein se uitnodiging tot sy mense rig².

Die patroon van sy intrige volg 'n logiese en in 'n mindere mate psigologiese verandering. Die orde in sy werk is een van 'n chronologiese opeenvolging van gebeure wat tot 'n klimaks en ontknoping opbou en hy plaas sy leser nooit in 'n situasie sonder dat hy vooraf vir hierdie situasie voorsiening gemaak het nie en dit is 'n kenmerk van sy styl om eers in die algemeen 'n situasie te teken en daarna sy karakters sodanige ondervindings te laat ondervind.³ Simpatie spruit natuurlik uit die gegewe situasies teenoor die tragiese lewensverloop van sommige karakters voort. Waar ander karakters pateties voorkom is die patos egter nie oorbeklemtoon nie. Sy toon is ook spottend as Mopheme se teenstanders rojaal op laasgenoemde se erfdeel geleef het en daarna a.g.v. vetsug swaarkry as hulle 'n eie potjie moet krap.

-
1. Vgl. Matlosa, S., Mopheme, p. 14.
 2. Vgl. Matlosa, S., a.w., pp. 87, 88.
 3. Vgl. Matlosa, S., a.w., pp. 5-9.

Konflik kom goed na vore behalwe dat dit te veel detail geniet in die geval van Mopheme en Sekgwahla se stryd met mekaar. Langdraderigheid word hier dus nie suksesvol vermy nie.

Matlosa trag ook om die Bantoeverteltrant in prosa te handhaaf maar ongelukkig is hierdie tegniek gebrekkig en steurend aangesien dit op 'n manier wat die leser se intelligensie onderskat, aangewend word.¹ So word Baratang se houding teenoor Tshitso meegedeel terwyl hierdie houding en elk geval uit die intrige self af te lei is. Netso is die kommentaar dat die rede vir Mopheme se agtervolging van Mokopu later sal blyk ook steurend, aangesien die leser dit aanneem dat 'n ont-knoping moet volg.

'n Sierstyl kenmerk Matlosa se werk maar hy oortref homself in hierdie werk deur die aanwending van metafore en die langdraderige manier van die Bantoe om eers aan te voor en daarna werklik te sê wat gesê moet word.² Hierdie tegniek verfraai nie net Matlosa se styl nie, maar bring die Bantoe se prosa in ooreenstemming met sy kenmerkende taalgebruik as hy onderling kommunikeer.

Argafese woorde kom algemeen voor, terwyl die passief oor die algemeen skaars is. Tussenwerpsels en ideofone word vry algemeen aangewend, asook spreekwoorde en idiome wat besonder talryk is. Dertien gedigte en een lied word in hierdie werk aangetref en Matlosa beeld kort dele van die intrige by wyse van afwisseling daarmee uit terwyl dit ook sy styl verfraai.

Weens sy styl, interessante stof en beter ontplooiing van die tema in die intrige blyk hierdie werk van beter gehalte as Matlosa se eerste werk te wees.

4.3.22 O. MOFOLO:

Hierdie skrywer het een werk gelewer, nl. Lesiamo le Ema (1963). In die verhaal ontmoet hierdie twee karakters mekaar in 'n winkel. Lesiamo is onmiddellik verlief maar weet nooit werklik waar hy aan of af met Ema is nie. Later raak beide

1. Vgl. Matlosa, S., Mopheme, pp. 11, 14.

2. Vgl. Matlosa, S., a.w., p. 16.

verlief op mekaar maar as Lesiamo 'n ander kêrel by Ema vind, raak hy moedeloos. Sy vertel hom egter dat haar ouers reeds met die kêrel se ouers gereël het dat hulle twee sal trou, maar belooft om Makhele af te sê. Sy doen dit ook maar beide Lesiamo en Ema se ouers weier egter om die feit te aanvaar en die twee verliefdes sien van mekaar af. Terwyl Lesiamo hom weer op skool bevind, kom Ema die nag voor haar troue met Makhele te sterwe en die verhaal loop ten einde.

Hierdie liefdesintrige word onderbreek deur Lesiamo en Molai se gesprekke met mekaar wanneer Lesiamo laasgenoemde van sy omswerwinge en jeugjare op skool, as vee-wagter en boer, in Durban, in die steenkoolmyne en in Johannesburg, vertel. Hierdie feite is vervelig, soos reeds gesê.

In 'n bespreking van die liefdesdriehoek is Mofolo nie soetsappig of sentimenteel nie, maar ongelukkig word sy tema oorheers deur 'n reeks gebeure of vertellings oor Lesiamo en die hoofkarakter se jeugjare voor sy romanse met Ema - episodes wat niks met die verhaal te make het nie. Die intrige is in sy geheel swak en hy slaag nie daarin om karakters sowel as situasies realisties en goed uit te beeld nie. Spanning word feitlik eers teen die einde van die werk opgebou, sodat die werk deur 'n atmosfeer van verveeldheid en langdraderigheid gekenmerk word.

Karakteruitbeelding is ook nie baie goed nie en Mofolo se styl lewer geen hoogtepunte op nie - trouens is eenvoudig. As skrywer is Mofolo hoogs onervare en ten spyte daarvan dat hy 'n begrip van sy probleem wat hy bespreek vertoon, is die werk teleurstellend.

4.3.23 T.T. MOFOLO:

Mofolo het een novelle gelewer, nl. Phakoana Tsooana (1962) en die intrige daarvan verloop as volg:

Kaptein Bulani verneem dat die Shangaan 'n aanval op hom beplan en berei sy leër hiervoor voor. Goduka word as aanvoerder van hierdie leër aangestel, maar Tulani onderskei homself so in 'n eerste geveg m.b.v. 'n strydbyl uit 'n renosterhoring, wat hy manalleen gedood het, gemaak het, dat hy Goduka se posisie verwerf. Hierdie feit, asook die feit dat beide hierdie karakters op dieselfde

meisie, Tandiwe, verlief is, gee dan aanleiding tot konflik en as Tulani verneem dat Goduka beplan om Tandiwe te ontvoer, ontvoer hy haar self en versteek haar in 'n grot. Goduka stel egter vas waar hierdie grot geleë is en hy en sy trawante raak in 'n geveg met haar bewakers betrokke waartydens Tandiwe ontsnap.

'n Tweede geveg tussen die Shangaans en Amabulani vind plaas waarin eersgenoemde totaal verslaan word en Tulani as opvolger van kaptein Bulani aangewys word. Dit noop Goduka, wat intussen verdwyn het, om weer op die toneel te verskyn en Tulani daag hom tot 'n geveg uit. Hierdie geskil word buite die stat besleg en beide Goduka, Tandiwe en Tulani laat die lewe.

Mofolo se verhaal is interessant en besit ook genoeg spanning wat tot 'n suksesvolle klimaks opwerk en eindig in 'n tragedie - die dood van die hoofkarakters. Hierdie wending is onverwags en baie spanningsvol aangebied. Mofolo slaag daarin om die probleme in hierdie roman algaande te intensifiseer en die leser in afwagting te hou sodat die werk boei. Eksterne konflik is realisties uitgebeeld en elke element daarvan dra by tot 'n suksesvolle groter geheel. Die verliefdheid tussen Tulani en Tandiwe word baie goed geskets. Trouens alle episodes is besonder goed, lewendig en realisties uitgebeeld. Hoofstukke is ook goed geplaas en veral hoofstuk 7 vang baie spanningsvol aan. Mofolo val nie sommer met die deur in die huis as hy 'n nuwe hoofstuk begin nie, maar gee altyd goeie agtergrondtekening wat die aandag van die leser opwek. Hy is baie objektief teenoor sy materiaal en karakters ingestel en weerhou hom van sentiment. Goduka stel hy as patetiese figuur, wat teen die prikkels skop en wie se handeling niemand, nie eers homself, bevoordeel nie, voor.

Dit is ironies dat Tulani en Tandiwe asook Sandile moet sterf nadat Goduka se mag gebreek is, die Shangaan onderwerp is en 'n gelukkige en suksesvolle lewensverloop vir hulle voor die deur gelê het. Ook hierdie feit is objektief benader en ontbreek aan sentiment.

Die inleiding in die verhaal behels 'n skets van die Amabulani en hulle vestiging te Zolweni. Mofolo is saaklik

in die mededeling van hierdie feite en verveel sy leser nie. Hy slaag gou daarin om 'n probleem te stel en die leser se belangstelling te prikkel. Die denouement is ewe geslaagd en bestaan grotendeels uit 'n roubeklag. Dit rond die werk suksesvol af.

Die agtergrond van die verhaal waarteen die hoofkarakters se konflik en handeling afspeel, is die historiese tekening van die Amabulani se konfrontasie met die Shangaan. Hierin is Mofolo realisties en, hoewel hy nie veel feite verstrekkend nie, gebruik hy die enkele, relevante gebeure tot 'n goeie agtergrond en word dit in detail weergegee. Onnodige episodes ontbreek, terwyl toevallighede ook nie voorkom nie. Voorts is Mofolo nooit didakties nie.

Soms onderskat hy sy lesers met onnodige verduidelikings.¹ Tekens van 'n verteltrant kom ook dikwels voor en die leser word ook soms aan voorafgaande gebeure herinner. T.o.v. karaktertekening is Mofolo konsekwent en sy karakters se handeling pas altyd baie goed by hulle persoonlikhede aan. Geen karakter ondergaan karakterverandering nie, maar al die hoofkarakters word algaande uitgebou sodat die leser hulle goed genoeg leer ken. Mofolo se styl is deurgaans eenvoudig en sy taalgebruik goed. Hy wend slegs een gedig aan en hiermee gee hy klem en misterie aan die episode met die toordokter.

Oor die algemeen boei hierdie roman, lees gemaklik en vertoon die intrige weinig leentes, sodat hierdie poging heeltemal 'n sukses blyk te wees. Karaktertekening, veral t.o.v. Goduka en Tandiwe, kon egter groter aandag geniet het.

4.3.24 J.J. Moiloa;

Moiloa het een novelle in hierdie tydperk die lig laat sien, nl. Paka-Mahlomola (1965):

Sy verhaal, wat in 'n landelike en stedelike omgewing afspeel, betrek 'n tradisionele Bantoeleefwyse, beïnvloed deur losser norme en stan-

1. Vgl. Mofolo, T.T., Phakoana Tsooana, p. 55.

daarde eie aan die stedeling en plattelandse Bantoe wat homself hiermee identifiseer en afwyk van tradisionele gewoontes en beginsels. Hy skets die lewe van 'n gesin wat a.g.v. die onbeheerbaarheid van een seun, Mahlomola, in disharmonie verval met gevolglike verslapping in dissipline en orde. Hierdeur vervaag die goeie opvoeding waaraan die kinders onderhewig was en met die uitsondering van een seun, Manola, slaan Mafatle en Mmamafahla se kinders 'n koers in wat die gesin tot skande en verdriet strek. Tog laat die skrywer die beslag wat 'n goeie voorbeeld en opvoedingsproses wat hierdie kinders aanvanklik gehad het, seëvier in Mahlomola se wegkeer van 'n onbevredigende en ongelukkige lewenskoers. Die leser word ook aan die einde van die werk in dié situasie geplaas dat hy wonder of Dijeng en Dijelweng, wat ook hul ouers se raadgewinge en voorbeeld, soos Mahlomola, gering geag het, deur behoudende elemente in hul opvoeding daartoe gelei sal word om hulle ongelukkige lewensverloop af te skud, al dan nie.

In hierdie werk lewer Moilola bewys dat hy in staat is om prosa van goeie gehalte te lewer. Beide die tema, intrige en styl hanteer hy goed, hoewel sy styl miskien die meeste krediet moet kry. Hy slaag daarin om 'n maatskaplike probleem, wat 'n hele huisgesin se toekoms diep raak, op interessante wyse uit te beeld, uit te hou en aan die leser te stel. Hy sien die huisgesin en opvoeding wat daar aan kinders gegee word as die kern of oorsprong van goeie sosiale aanpassing en wyk af van die rigting wat baie ander skrywers inslaan om die kontaksituasie tussen blank en nie-blank in die kosmopolitiese samelewing as hoofsaaklike oorsaak en bron van maatskaplike disharmonie te stel. Hiermee lewer Moilola bewys dat hy daartoe in staat is om letterkundige werk, i.p.v. storievertelling, te lewer - veral as ook sy stylgebruik in berekening gebring word. Hy slaag uitmuntend daarin om situasies en gebeure lewendig en werklik te skets deur 'n sierstyl waarin hoofsaaklik goeie woordkeuses die belangrikste rol speel. Vgl. Mahlomola se streke en sy reis terug huis toe in hierdie werk. Hy is ook oorspronklik in die keuse van episodes wat die intrige uitmaak en slaag daarin om met hierdie elemente 'n geheel te vorm wat altyd na die sentrale probleem uitwys.

Die denouement in hierdie werk is egter te lank uitgerek

en die leser se aandag gaan sodoende verlore. Tog bied Moiloa die leser tereg stof tot nadenke en strek dit tot sy krediet dat hy in hierdie werk nie alle probleme oplos nie maar die leser geleentheid bied om daaroor te wonder of Dijeng en Dijelweng, soos Mahlomola, tot inkeer sou kom. Hy weerhou hom ook van skrywerskommentaar, hoewel die Bantoeverteltrant tog nie van sy werk los te maak is nie. Tog is hy terughoudend in hierdie verband, maar in enkele gevalle weerhou hy hom nie daarvan om self te spreek nie, vgl. die laaste paragraaf van hoofstuk 8 asook die einde van die eerste paragraaf van hoofstuk 11.

Hy bly egter op 'n ingebakende koers en dwaal selde af, terwyl onnodighede skaars voorkom. Hierdeur is dit duidelik dat Moiloa wel oor insig en weldeurdagtheid beskik - 'n feit wat tot die sukses van sy werke bydra.

Soos by sommige ander Bantoeskrywers gevind, slaag Moiloa nie daarin om die sensasionele suksesvol te vermy nie, vgl. Mahlomola se bewusteloosheid en drome. Die bonatuurlike bly vir hom ook 'n interessante verskynsel en die enigste uitweg om innerlike konflik mee te dek. Dit is jammer dat hy aan interne konflik nie ook op ander maniere aandag verleen nie.

Moiloa is in staat tot goeie karaktertekening. Dit is egter jammer dat ook hy in detail 'n karakter se voorkoms teken en dan daarvan vergeet, sodat dit as losstaande eenheid 'n onnodigheid vorm. Sekere voorkomstrekke kan soms goed by persoonlikheidstrekke pas en hierdie faset benut hy nie. So herhaal hy ook nie sy karakters se uiterlike voorkoms nie en versprei dit ook hoegenaamd nie in die werk nie. Andersinds pas sy karakters se persoonlikhede goed by hulle handelinge aan. Oorspronklikheid en styl is dan hierdie skrywer se bate en met meer ervaring behoort hy gevoelvolle kuns te lewer.

4.3.25 A.S. MOPELI-PAULUS:

Beide hierdie skrywer se werke word in hierdie periode gepubliseer. In sy eerste werk, Liretlo (1950), sien die verhaal as volg daaruit:

Kaptein Lelume gaan 'n bigame huwelik aan en sy eersgebore seun se moeder is die tweede vrou. As die eerste vrou daarop ook 'n seun baar, ontstaan die vraag, wie hierdie kaptein moet opvolg. Sy eersgeborene is sy oogappel en 'n haatveldtog, onderskraag deur toordokterpraktyke, word teen hom georganiseer sodat die vader hom wegstuur ten einde hom te beskerm en op die kapteinskap m.b.v. 'n toordokter te laat voorberei. Tog verkeer die seun steeds in gevaar en stem die vader in tot die pleging van 'n rituele moord ten einde die seun teen kwade invloede van buite te beskerm. Hy moet egter voortdurend bepaalde ritusse ondergaan maar verslap hierin as sy vader sterf en hy as kaptein aangestel word. Hy knoop, ooreenkomstig Bantoegebruik, seksuele verhoudinge met sy vader se vroue, jonger as sy eie moeder aan, en onenigheid tussen die vroue ontstaan waarop hy 'n nuwe stat aanlê en 'n nuwe medisynehoring daarvoor benodig. Nog 'n rituele moord word uitgevoer maar Ranne en sy helpers word aan die kaak gestel en om die lewe gebring.

In die geval van Moshweshwe Moshwaila (1964), sy tweede werk, handel die intrige oor bekende geskiedkundige gebeure m.b.t. Moshweshwe I, opperhoof van die Suid-Sotho. Dit strek vanaf hierdie karakter se ontmoeting met en raadgewinge wat hy van Mohlomi ontvang tot en met die aankoms van die eerste sendelinge te Thaba Bosiu in 1833. Die kruin van Moshweshwe se regime, toe hy die Basotho in 'n verenigde front teen die Boeremagte lei, ontbreek in die werk en as denouement bied die skrywer 'n laaste hoofstuk aan wat uitsluitlik oor Mohlomi, genoemde kruiedokter, handel. Dit spreek vanself dat die verhaal hier onderbreek word en die laaste hoofstuk as anti-klimaks kom - immers, Mohlomi is lank voor hierdie tydperk oorlede en die werk handel oor Moshweshwe I.

Mopeli-Paulus vertoon 'n skrywer te wees wat die aktuele in die Bantoesamelewing opmerk en in sy prosa hieraan aandag skenk. Met die verskyning van sy eerste werk laat hy 'n waarskuwende stem

hoor en vermaan sy mense om af te sien van die pleeg van rituele moorde, asook bigamie. Die aanbieding van Mopeli-Paulus se stof laat in beide werke egter leemtes. In die eerste instansie slaag hy nie daarin om spanning op te bou en deurgaans te behou nie. Veral in sy jongste werk is daar weinig sprake van spanning. In Liretlo kom die klimaks, Ranne se ondergang en dood, as 'n on-aanskoulike antiklimaks - bloot 'n mededeling sonder dat die skrywer die leser op 'n krisismoment voorberei. In sy jongste werk is daar hoegenaamd geen sprake van enige klimaks nie. Moshweshwe se sendelinge kom te Thaba Bosiu aan en die verhaal, wat Moshweshwe betref, loop hier ten einde, terwyl die leser steeds wag op Moshweshwe se kontak met die Engelse en Boeremagte.

Terwyl die denouement in Liretlo baie kort, in die vorm van 'n gedig is, behels dit in die laaste werk 'n hoofstuk oor Mohlomi se lewe - 'n beskrywing wat geensins in die werk tuishoort nie.

In beide werke is Mopeli-Paulus nooit didakties nie en toevallighede en sentimentaliteit ontbreek. Hy is deurgaans objektief en uiters saaklik. As gevolg hiervan is bitter min episodes in sy werke aanskoulik, reël of op interessante en pakkende wyse aangebied ten spyte daarvan dat tekens van 'n sierstyl wel opduik. Veral in sy laaste werk is Mopeli-Paulus geneig om sy lesers direk aan te spreek en verduidelikings te gee of die leser aan iets te herinner.

Sy werke word in 'n verteltrant aangebied en 'n alwetende verteller bied die verhaal in die derde persoon aan. Dialoog kom ook baie min in beide werke voor.

Myns insiens is Liretlo 'n groter sukses as sy jongste werk, veral weens die feit dat Mopeli-Paulus weens sy saaklikheid hom hoofsaaklik by geskiedkundige feite bepaal en daar van 'n werklike verhaal min sprake is. Dit is jammer dat hierdie skrywer, Moshweshwe I se lewe nie interessanter, aanskouliker, lewendiger, spanningsvoller en met kleiner besonderhede, wat dit kon ophelder en hom as mens voorstel, aangebied het nie. Gebrek aan voldoende dialoog lei in enige werk tot die

ontbering van dramatiese effek en dit word hier weereens bewys. As Suid-Sotho-skrywer beïndruk Mopeli-Paulus nie veel nie, maar behoort beter werke te kan lewer.

4.3.26 R.L. MOTSATSE:

Die verhaal in hierdie skrywer se enigste werk, nl. Moitshepi le Moeletsi (1950), verloop as volg:

Donald en Elsie word deur dieselfde moeder grootgemaak en by haar sterfbed dwing sy van hulle 'n belofte af dat hulle sal trou. Daar kom egter niks hiervan nie en die welvarende Donald vertoon swak persoonlikheidstrekke deurdat hy vrekkerig is en op ander met veragting en hoogmoed neersien. Een aand verbreek Elsie haar verhouding met Donald en sy en haar tante vertrek na 'n konsert waarheen Donald hulle nie wil vergesel nie. 'n Armoedige werksoeker, wat later Elsie se vader blyk te wees, daag dan by Donald wat weier om hom in diens te neem of herberg vir die nag te gee, op. Donald gaan dan slaap en hy droom hy is Moitshepi terwyl die werksoeker as Moeletsi in onverbiddelikheid van voorneme is om hom 'n les te leer. Hy vergesel Moeletsi in sy droom na genoemde konsert en sien hoe gesellig Elsie met 'n vriend verkeer en daar van sy swak gedrag gepraat word. Hy weier om die waarheid van hierdie beskuldigings te aanvaar. Hy droom ook dat Moeletsi hom dwing om behulpsaam te wees in 'n ongeluk wat plaasvind en aan die beseerde vrou geld te skenk. Naasteliefde ontbreek egter steeds by Moitshepi en dan droom hy dat die Poskantoor met al sy geld afgebrand het. Hierdie feit hinder Moitshepi steeds nie en hy maak staat op sy sertifikate wat veilig tuis bewaar is, dog sy huis raak aan die brand. Aanvanklik weier hy om behulpsaam te wees in die uitblus van hierdie brand totdat hy besef dat dit sy eie eiendom is wat afbrand. Nou besit Moitshepi niks en hy ontmoet die werksoeker weer en gesamentlik vee hulle 'n pad in die hoop dat hulle 'n aalmoes sal ontvang. Die werksoeker word siek en as Moitshepi by 'n vriendin om hulp vra, word hy verwilder. Dan keer Moeletsi terug tot die toneel en op sy bevel vind Moitshepi 'n rol note in sy sak. Uit dankbaarheid gee hy die helfte aan sy vriend, die werksoeker, en ondergaan as sulks 'n persoonlikheidsverandering.

Dan word Donald wakker, is spyt oor sy verlede en maak nuwe voornemens. Hy kry die geleentheid om dit uit te voer as 'n buurman se huis aan die brand raak. Terwyl hy hulp verleen, keer Elsie

van die konsert af terug en vind 'n veranderde Donald waarop hulle, hulle vroeëre verhouding voortsit en in die huwelik tree. Die werksoeker daag weer op en herken Elsie as sy dogter.

Hierdie intrige is na my mening besonder goed en geslaagd aangebied en daar is min leemtes. Die atmosfeer in die verhaal is een van spanning, afgagting en interessante verwickelinge. Die skrywer gee aan sy lesers pitkos wat tot nadenke stem. Hoewel spanning deurgaans voorkom, is die klimaks egter teleurstellend. Die skrywer deel mee dat Donald, Elsie wantrou en hierdie probleem los hy nie op nie - hulle is net eenvoudig skielik getroud.

Motsatse spreek sy lesers twee keer aan¹ om 'n onnodige verduideliking te gee waardeur sy lesers se intelligensie onderskat word. Verder deel hy sy lesers aan die einde van die werk mee dat hierdie verhaal aan hom vertel is en sekere gebeure kortgeknip of uitgelaat is weens Elsie se weiering dat hul huislike aangeleenthede alles op die lappe kom. Ook hierdie mededelings is onnodig en ongewens. Sien ook hoe sentimenteel die skrywer hier raak as hy sê dat Elsie en Donald se lewensverloop hom tot trane dwing.² Ook dat hy nou moeg geskryf is.

'n Hinderlike onnodigheid wat baie afbreuk aan spanning en afgagting doen, is die feit dat Motsatse dit ondubbelzinnig stel dat die werksoeker Elsie se vader is.³ As hy die leser hiermee in twyfel gelaat het, kon hy 'n goeie klimaks en ontknoping bewerkstellig het.

Situasies is baie goed en lewendig uitgebeeld en die rede hiervoor is miskien die aanwending van baie dialoog waardeur 'n sterk dramatiese effek verkry word. Karakteruitbeelding is ook goed en die leser leer Donald veral uit sy handeling en gesprekke ken. Konflik in die huisgesin is goed uitgebeeld terwyl Donald ook voort-

1. Vgl. Motsatse, R.L., Moitshipi le Moeletsi, pp. 40, 67.

2. Vgl. Motsatse, R.L., a.w., p. 92.

3. Vgl. Motsatse, R.L., a.w., pp. 30, 32, 67.

durend in konflik met Moeletsi verkeer. Van interne konflik kom egter min tereg.

Motsatse se styl is eenvoudig en hy verfraai dit nie doelbewus nie. Goeie spreekwoorde en idiome word deur hom, heel gepas, aangewend. Verdubbelings kom ook dikwels voor. Dialoog word deurgaans soos wat dit gebruiklik in die drama is, aangebied.

In sy geheel gesien het hierdie werk verdienste t.o.v. veral tema en intrige, terwyl die taalgebruik van die skrywer ook goed is. As sulks het Motsatse 'n goeie bydrae tot die Suid-Sotho-letterkunde gelewer.

4.3.27 M. NTSALA:

Die verhaal in Ntsala se enigste werk, Sekhukhuni se Bonoa ke Sebatlali (1954), verloop as volg:

Khabeli, 'n vyand van Pitsa en Senare, merk hierdie twee persone vroeg een oggend op as hul op pad na Ramafa is en hy hoor hoe laasgenoemde sê: "Joo! Pitsa ke entse eng?"¹ Hierna word Ramafa vermis en sy lyk later ontdek waarna die kaptein 'n toordokter laat kom om die moordenaar aan die kaak te stel. Intussen hoor Khabeli se neef, Koto, 'n gesprek tussen Pitsa en Senare, die werklike moordenaars, aan en hierdie leidraad lei later tot die oplossing van die moord. As die toordokter sy werksaamhede, waarvoor hy ontbied is, begin, is die hele stam vergader en wys hy die onskuldige Khabeli as moordenaar aan. Voor hy gevonnies word, vertrek sy familie om hulp by 'n ander toordokter te soek en sy neef Koto verdwyn. Hierop vind 'n verdere stamvergadering plaas en terwyl daar geredeneer word oor watter straf Khabeli opgelê moet word, daag Koto en blanke polisie op. Laasgenoemde dryf die toordokter in 'n hoek deur twyfel te saai oor hierdie man se vermoë om 'n moordenaar, maar nie die moordwapen nie, uit te ruik. Toe die moordwapen gevind word, grootliks n.a.v. die sinsnede wat Koto by Pitsa en Senare afgeluister het, swig die toordokter en lap alles uit. Dit blyk dat Senare

1. Ntsala, M., Sekhukhuni se Bonoa ke Sebatlali, p. 12.

en Pitsa die moordenaars is en hierdie toordokter gehuur het om Khabeli as skuldige aan te wys. Hiermee verloop die verhaal ten einde.

Ntsala se intrige is eenvoudig, kort en sonder komplekse verwickelinge en veel aandag aan karaktertekening. Wie die werklike moordenaars in die verhaal is, is geen verrassing nie. Ntsala laat leidrade as motivering hiervoor, maar is myns insiens te opsigtelik in hierdie verband. Ntsala wek alleenlik spanning op as Khabeli van 'n moord beskuldig word wat hy nie gepleeg het nie, maar dit is jammer dat die leser hieroor nie in twyfel verkeer nie. Ook as hy teregstaan word spanning opgewek maar onderbreek met die polisie se koms voor 'n werklike krisismoment aangebreek het. Van sterk interne of eksterne konflik is daar dus nie veel sprake nie.

Onnodige episodes ontbreek en Ntsala bepaal hom streng by slegs die allernoodsaaklikste. Die huwelik wat geluktydig met die moord en ondersoek gepaard gaan, is funksioneel en dien om natuurlike, alledaagse gebeure met die hoofelemente te vermeng en sodoende die verhaal in 'n werklikheidsituasie te plaas. Sentiment ontbreek ook en simpatie jeens Khabeli en sy gesin word natuurlik en onoordrewe opgewek.

Toevallighede, soos bv. Khabeli se aanhoring van die vermoorde se laaste vraag en Koto se afluistering van die moordenaars se gesprek oor hul moordwapen, is funksioneel en dien as leidrade tot die oplossing van die moord. Tog kon Ntsala, soos gesê, hierin meer subtiel gewees het.

Patos ontbreek geheel en al maar dit is ironies dat die moordenaars alleenlik deur eie toedoen aan die kaak gestel word deurdat hul in oorgerustheid belangrike leidrade nalaat. Sodoende bewys Ntsala die waarheid van die spreekwoord wat as titel van sy werk dien.

Die inleiding in die verhaal is kort en Ntsala konfronter sy leser dadelik met relevante feite. Onnodige lang beskrywings oor die omgewing, as inleiding, ontbreek. Netso is die denouement kort en die leser word toegelaat om self te besin oor die werklike moordenaars se uiteinde. Tog is Ntsala se hantering van sy stof hier uiters onbevredigend want, hoewel dit nie gesê word nie, blyk dit dat die polisie die moord oplos, maar die moordenaars in die kaptein se hande laat. Dit is ook onlogies dat polisie uit 'n blanke gebied 'n moordsaak in 'n Bantoegebied sou ondersoek. Vgl. paragraaf 6.3.16.

Woorde van Afrikaanse oorsprong word onnodiglik, terwyl goeie Suid-Sotho woorde bestaan, aangewend. Baie min vergelykings en metafore kom voor, terwyl spreekwoorde en idioome tot die minimum beperk is. Geen gedigte en liedere kom voor nie. Sy taalgebruik vertoon geen besondere element wat vir Ntsala krediet verdien nie. Dit is eerder soms swak. Hoewel die intrige baie eenvoudig is, word die tema goed genoeg daardeur gerugsteun en bied Ntsala sy leser genoeg ontspanning met hierdie werk.

4.3.28 K.E. NTSANE:

Ntsane het een werk in hierdie periode gelewer, nl. Nna Sajene Kokobela, C.I.D. (1963). Hierdie verhaal sien as volg daaruit:

Sersant Kokobela kry opdrag om 'n moord te ondersoek en hy vertrek met twee konstabels na die statjie waar die moord gepleeg is. Hy gaan by 'n vriend tuis maar laat niemand, behalwe die vermoorde se weduwee, van sy sending kennis neem nie. Hy merk op dat hierdie vrou se trane nie eg is nie. Op pad terug loop hy drie vroue raak en ook een van hulle, asook Mafethe wat later op pad ontmoet word, wek sy agterdog. Hierop luister hy die weduwee en Mafethe af en verneem ondubbelsinnig uit hul gesprek wie die moord gepleeg het. Mafethe besef hy word afgeluister en 'n geveg tussen hom en die

sersant ontstaan maar laasgenoemde ontsnap sonder dat Mafethe hom kon herken. Dan soek Kokobela na bewyse wat hy nooit vind nie en los die moord alleenlik op as een van die moordenaars se helpers teen Mafethe getuig as hy deur die sersant afgepers word. Dan konfronteer Kokobela die weduwee met sy kennis maar sy ontken alles. Hierop poog Mafethe om die sersant in 'n hinderlaag te lei maar die boodskapper wat hom kom roep, word gevang en hardhandig behandel sodat hy alles op die lappe bring. Dan agtervolg Kokobela, Mafethe tot in 'n grot, word deur laasgenoemde gevang maar kom los en neem Mafethe in hegtenis. Op pad Maseru toe verskaf Mafethe sy motiewe vir die moord.

Ntsane slaag in hierdie werk om sy tema deur 'n speurverhaal na vore te bring en motivering vir die speurder se houding of aandeel aan hierdie situasie word reeds aan die begin van die werk gegee, terwyl die moordenaar se motivering tot die ontknoping ontstaan en daar dan sodoende 'n verband en ooreenkoms tussen die twee karakters se uitkyk, nl. dat beide ongeregtigheid wil uitroei maar elkeen uit eie oortuiging en op 'n eie wyse, gebring kan word. Behalwe die skrywer se vergissing t.o.v. die vrou se aandeel in die tema, nl. dat die vrou die oorsprong en bron van alle kwaad is, vertoon die tematiese struktuur genoeg verrassingselemente en motivering om die patroon daarvan suksesvol te laat verloop. Min elemente word aangetref wat slegs spanning opbou en met die verhaal self niks te make het nie soos bv. die geval waar die sersant drie vroue langs die pad ontmoet en een van hulle in verband met die moord bring sonder dat dit werklik die geval is of selfs later as vergissing genoem word.¹ Onnodighede bestaan in die sersant se diskoerse met sy vrou, wat geen duidelike verband met óf die tema óf die intrige het nie. Verdere onduidelikhede is o.a. hoekom die speurder se gasheer nie eers bewus was van die feit dat Mafethe die speurders in een van sy hutte toegesluit het nie; dit ten spyte van gewerskote wat gevuur is. Hoekom Topisi se vrou

1. Vgl. Ntsane, K.E., Nna Sajene Kokobela, C.I.D., pp. 24, 25.

in die moord betrek word, is ook nie duidelik nie aangesien Mafethe goed sonder haar hulp kon klaargekom het. Hoe Kokobela geweet het waar die grot is waar Topisi se lyk gevind is, sonder dat iemand die plek aan hom uitwys of dit gemeld word dat hy bekend met die omgewing was, is ook 'n ongelukkige flater deur Ntsala. Netso is die rede waarom een van die speurders Mafethe se seun Maseru toe stuur, sowel as die rede waarom die sersant aan Sankwela 'n leë pistool gee, onduidelik en word nie verklaar nie. Hierdie elemente moes duidelik slegs spanning opwek en is nie funksioneel nie.

Skrywerskommentaar is volop in die werk maar dien veral om die speurder se spoggerigheid en hoë dunk van homself te illustreer.

Karakteruitbeelding is nie baie goed nie en veral die speurder blyk te selfversekerd, maar ook te onervare, in sy werkte wees. Karakters hou egter goed verband met mekaar en met hulle handeling onderling. Ntsane se styl is vloeibaar en sy werk lees gemaklik. Bloot in die beskrywing van persone se voorkoms wend hy 'n sierstyl aan, maar origens is sy styl eenvoudig en sy taalgebruik goed, terwyl sy woordkeuses soms verbasend gepas en mooi is. Vgl. bv. die gebruik van die ideofoon om Mafethe se vuisslanery op te helder.¹ Dieselfde geld ook werkwoorde.² Woorde van Afrikaanse oorsprong kom ook dikwels voor. Dialoog kom vry algemeen voor en dra by tot die ontbloting van karakters se innerlike en dramatiese weergawes van gebeure. Tog word dit soms soos gebruiklik in die drama is, aangebied. Vier gedigte word deur Ntsane ingespan en dit sluit baie goed by sy konteks aan.

Oor die algemeen het Ntsane met hierdie werk bevredigen-

1. Vgl. Ntsane, K.E., Nna Sajene Kokobela, C.I.D., p. 88.

2. Vgl. Ntsane, K.E., a.w., p. 66.

de spanningslektuur gelewer en is dit slegs jammer van al die onnodighede en die feit dat sy tema en intrige nie heeltemal bymekaar aanpas nie.

4.3.29 F. NOHEKU:

Hierdie skrywer se werk, Tsielala (1959), is baie kort, eenvoudig en van swak gehalte. Die tema word aan die hand van Tsielala se lewe gefillustreer:

As kind is hy nuuskierig oor die vorm van die aardbol en die dood. Niemand kon hom egter antwoord nie en as hy die dood nie goed begryp nie, besluit hy om nooit te sterf nie. Hy word egter flou en God wys hom hiermee dat hy wel sterflik is. As hy by twee geleenthede in die moeilikheid is, roep hy tot God en belooft om vir Hom te werk. Tog hou hy nie sy belofte nie. As hy weer in die moeilikheid beland, hinder sy gewete hom só dat hy in die nag droom dat die Apostel Johannes aan hom die Rooms-Katolieke Kerk uitwys as die plek waar hy tot bekering moet kom en vir God moet werk. Hy sluit by hierdie kerk aan en vertrek om eers by die goudmyne en toe by 'n diamantmyn te werk. Hierna pla sy gewete hom as hy nog nie vir God werk nie en tydens 'n vergadering van die Rooms-Katolieke Kerk wat hy bywoon, verneem hy dat hy nie sy lig onder 'n maat-emmer moet verberg nie. Die gevolg is dat hy 'n ywerige werker vir die Rooms-Katolieke Kerk word.

Hierdie werk bevat geen spanning nie en die klimaks is baie swak. Baie relevante feite ontbreek en die skrywer wil 'n té groot greep in te min woorde behandel sodat 'n spanningslyn totaal ontbreek. Die werk verdien geen lof nie en kan eerder as 'n langerige opstel, as 'n novelle wat met vaardigheid afgerond is, gesien word.

4.3.30 L.T. NYESEMANE:

Die intrige in Nyese mane se enigste novelle, Lillo tsa Mokhotlong (1964), is vervelig en die verhaal verloop langdradig. Die inleiding behels Philip se stoutighede en kennismaking met die seuns se hofmakery en briefwisseling met meisies, waarna hy self begin meedoen en die skrywer met sy tema begin. Geen besondere gebeurtenis word in die inleiding aangetref wat werklik die leser se belangstelling prikkel nie. Terwyl Philip besig is om sy liefde aan Matsiliso te verklaar, daag Lekhotla op die toneel op en Philip gooi hom met klippe. Hierna reël Lekhotla dat 'n toor-

dokter Philip om die lewe bring maar die toordokter vertel Philip hiervan en laasgenoemde se vader bied hom 'n groter beloning aan as hy Lekhotla om die lewe bring. Dit gebeur dan ook so. Hierna gaan Philip buite Lesotho by 'n blanke op 'n plaas werk. Na tien maande vertrek hy Durban toe en op die trein word hy om die bos gelei deur 'n meisie wat haar dooie baba in 'n koffer aan hom gee om te dra en dan self verdwyn. Hy maak vriende met iemand wat deur 'n toordokter behandel word en ongesiens baie suksesvolle diefstalle pleeg. Sonder enige rede deel hierdie vriend sy geld met Philip. Dan keer Philip terug huis toe en hy en Matšiliso tree in die huwelik. As Philip haar eendag oor haar bierdrinkery aanspreek, loop sy weg en kom te sterwe. Hierop vertrek Philip na Johannesburg waar hy hom aan die slegtigheid oorgee. Later keer hy terug huis toe as 'n siek man en sterf.

Hand aan hand met hierdie verhaal skets die skrywer op soortgelyke wyse die romanse en huwelik van 'Manyeoe. Ook hierdie huwelik loop op die rotse en 'Manyeoe laat die lewe.

Hierdie intrige is vol onnodighede en langdraderige beskrywings wat aan interessanthede ontbreek en die weinig realistiese uitbeelding ook nie veel aandag geniet nie. Nyesemane se karakters is 'plat' en hoewel hoofsaaklik Philip in 'n mindere mate 'n karakterverandering ondergaan, is geen karakter werklik tot 'n individu met 'n bepaalde eie persoonlikheid, waarvan die fasette daarvan deur die leser geken word, uitgebou nie.

Ook Nyesemane se styl is swak, sluit grammatikale flaters en swak woordkeuses in, terwyl situasies nooit realisties, opwindend of aantreklik uitgebeeld word nie.

Dat Nyesemane baie onervare in die skryfkuns is, is duidelik. Sy werk is geen sukses nie en geen krediet tot die Suid-Sotho-letterkunde nie. Alleenlik die keuse van sy tema is goed en dit is baie jammer dat hy nie daarin kon slaag om hierdie tema na wense in sy intrige te verantwoord nie.

4.3.31 A.C.J. RAMATHE:

Ramathe se verhaal in Tshepo (1957), sy enigste novelle, behels die romanse tussen Tshepo se ouers,

hulle trek na Malapanama in die noorde, Fanyane en die ouma se dood op pad en die vader se siektes en sy dood. Tshepo se geboorte en sy moeder se vestiging te Malapanama volg en hierop trek sy na Johannesburg en haar dogters en sy werk by blanke gesinne. Tshepo se stoutighede, sy vriendskap met die deugniet en verleier, Sebolai, en sy uiteindelijke opname in die hospitaal, word geteken. Hierna gaan hy na 'n skool in Natal maar word na twee diefstalle gevra om die skool nie weer te besoek nie. Hy drink en word gevang nadat hy in 'n biersaal betrap is, terwyl hy as busbestuurder diens moes doen. Hy dien tronkstraf uit en werk later by 'n meule waar hy beseer word en in die hospitaal beland. Hierna gaan werk hy by 'n blanke, Mnr. de Lowle, wat 'n plaas naby Malapanama het. Hy word hier van deelname aan 'n moord beskuldig en beland in die tronk. Later ontvang hy sy erfdeel van hierdie werkgewer en verkas met 'n vriend onwettig en sonder paspoort en reiskaartjies na Amerika waar hy gevang en in die tronk gestop word. Hier kom Tshepo tot bekering en keer huis toe waar hy as kaptein in die plek van die kaptein wat te sterwe kom en by wie hy en sy moeder vroeër gewoon het, verkies word. Dit blyk dat hy die wettige opvolger van hierdie kaptein is en dat hy die kapteinskap beklee wat sy vader aanvanklik gesoek het - sy skurkery ten spyte, beskou die skrywer hom as 'n goeie keuse vir hierdie amp en dit is duidelik dat die Bantoe se siening van tronkstraf en die voer van 'n rampokker bestaan radi-kaal van die van die blanke verskil. As kaptein kwyt hy hom goed van sy taak, maar kom later weens ouderdom te sterwe sodat ook Ramathe, soos baie ander skrywers, 'n karakter se hele lewe en selfs gebeure voor sy geboorte, teken.

Hierdie intrige is baie teleurstellend. Ramathe slaag hoegenaamd nie daarin om spanning op te bou nie en skryf langdraderig en onnodige episodes in sy verhaal aan te tref. Hy boei sy leser nie en is verbeeldingloos. te veel en te lang episodes is hiervoor verantwoordelik asook die feit dat hy nie in staat is om hom by sy tema te bepaal nie.

Soms raak Ramathe sentimenteel en onderskat sy leser, terwyl sommige episodes in hierdie werk onlogies is. Sy algemene kennis wat hy soms meedeel, terwyl dit geen verband met die tema of intrige het nie, is ook onnodig.¹ Die werk vertoon ook ander onnodige episodes sodat dit duidelik is dat Ramathe hom nie by die sen-

1. Vgl. Ramathe, A.C.J., Tshepo, pp. 18, 123.

trale tema kan bepaal nie.

Sy werk is vol woorde van Afrikaanse en Engelse oorsprong en soms word Afrikaanse of Engelse sinsnedes of woorde netso, sonder aanhalings, gebruik. Die eerste drukproef is nie deur hom nagesien nie en die werk wemel van drukfoute.

In sy geheel gesien is hierdie poging van hom uiters swak en is sy styl sonder enige hoogtepunte - selfs situasies word kleurloos uitgebeeld.

4.3.32 A. SEKOLI:

Ook hierdie skrywer het slegs een novelle gelewer, nl. Lekomo la Ralitoro (1960);

Die verhaal bestaan uit die lewe van Ralitoro wat in vyandskap met sy vrou leef en haar verlaat om 'n heenkome in die stad te soek. Hier sluit hy by 'n bende aan, doen homself eers as predikant en dan as 'n toordokter voor. Hy beproef ook goëlery maar loop hom telkens vas met hierdie onderduimshede. Dan sluit hy by 'n Kommunistiese sel aan en presteer daarin maar moet vlug as sy makkers op hom jaloers begin raak. Tuis vind hy dat sy vrou haar tot die christelike godsdienst bekeer het en verbrand haar christelike lektuur en begin droom. In sy eerste droom, droom hy van God en dat Kommuniste nie in Hom glo nie. In sy tweede droom hou die diere vergadering soos in E. Sekese se Pitso ea Linonyana en lug hul griewe teenoor mekaar, terwyl Ralitoro as oplossing vir wrywingsvraagstukke die Kommunistiese ideologie het en derhalwe nie die probleme ondervind wat die diere openbaar nie. In 'n tweede droom is dit voëls wat op dieselfde wyse as die diere vergader en as hy hulle nader met sy beskouings, word hy verwerp. 'n Volgende vergadering volg in 'n droom maar dan is dit die mensdom wat vergader en die bestaan van Christus bespreek. Ralitoro weier egter om van die Kommunisme af te sien en in 'n volgende droom vergader die diere, voëls en mense en word deur 'n gesant van God toegesprek waarop 'n Kommunist, wat die vergadering bywoon, tot bekering kom.

Hierna word Ralitoro wakker, is baie siek en besef dat hy as Kommunist die kerk van God op aarde vervolg het. Hy laat 'n priester kom en kom tot bekering waarna hy te sterwe kom.

Die intrige in hierdie werk bevat leemtes t.o.v. die inleiding en denouement wat vol onnodighede is, toevallighede wat voorkom, swak karaktertekening, die afwesigheid van werklike konflik en spanning wat intens tot 'n klimaks opwerk, aanskoulike episode-uitbeelding en baie eenvoudige taalgebruik. Tog wend die skrywer simboliek baie treffend en interessant aan deurdat die voëls en diere se onderlinge twiste en struwelinge met mekaar, simbolies van die mensdom se leefwyse is. Hy slaag goed daarin om die mens in die algemeen as iemand met probleme te teken - probleme wat hyself nie in staat is om op te los nie en 'n Hoër Hand se genade benodig. Uit genoemde vergaderings blyk die mense se probleme op alle lewensterreine voor te kom en is dit dan baie jammer dat die didaktiese tereg wysings slegs op die vlak van die huwelik en skool lê en Sekoli ander wrywingsvraagstukke ignoreer. Weliswaar word die christelike godsdiens as oplossing vir alle probleme gestel, maar tog word hierbenewens meer oor die oplossing van probleme in die huwelik en skool gegee, terwyl ander deugde of raad oor rassedisharmonie of wrywing tussen mense in die algemeen, geen aandag geniet nie. Dit is jammer, veral aangesien sodanige wrywing wel deur hom geteken word.

In sy geheel gesien beloof Sekoli om goeie werke te lewer en sou die leser graag wou sien dat hy meer ervaring opdoen.

4.3.33 J.K. THAKHISI:

Thakhisi het een werk in hierdie periode gelewer, nl. Tsha ha se Mele Poya (1961):

Die intrige behels Mamello, 'n onderwyser, wat in die Republiek skoolhou en later afgedank word. Hy aanvaar 'n betrekking aan 'n skool op 'n plaas van 'Fannereke' waar jaloerse en nydige opsieners van die skool (eers Mathula en Nonobare en later Nyemotsa en Janaware), wat in die plek van 'n skoolkomitee fungeer, telkens in 'n stryd met sommige onderwysers gewikkel is. Die kinders

ly onder hierdie beheerbeamptes en die onderwysers en prinsipaal se taak word deur hulle bemoeilik, sodat die onderrigmetodes en -omstandighede, 'n grootse warboel sonder dissipline is. Die beheerbeamptes het geen begrip of insig in die funksie en taak van 'n skool nie en wil alles self reël. Onder hierdie omstandighede begin Mamello sy studies voortsit en slaag st.10. Hy begin met sy B.A.-studies en voltooi dit later as hy by 'n ander skool 'n pos aanvaar.

In vele episodes probeer Thakhisi hierdie korrupsie teken - hierin slaag hy, maar slaag nie daarin om hierdie deel van die tema met sy hoofkarakter te verbind nie. Die intrige is egter swak beplan en episodes staan meesal los van mekaar en dui nie altyd op 'n sentrale tema nie. Al samebindende faktor is die hoofkarakter en selfs dít geld nie deurgaans nie. Baie episodes in die werk het in wese niks met die hoofkarakter te make nie sodat die leser dikwels wonder waaroor alles gaan en soms selfs twyfel of Mamello werklik die sentrale figuur in hierdie werk is. Dit is duidelik dat Thakhisi nie daarin slaag om sy hoofkarakter goed by sy tema te betrek nie, aangesien baie aspekte van die tema nie om die hoofkarakter sentreer nie.

Die inleiding is ietwat lank en soms vol onnodighede. Dit behels Mamello se studies en die eerste betrekking wat hy as onderwyser bekleed. Onnodighede in hierdie deel van die werk is die skrywer se mededeling van die rede waarom kinders nie st. 8 en 10 op skool behaal nie en hoe dit gekom het dat 'n omwenteling plaasgevind het.

Soms is Thakhisi didakties en sy verwysings na die godsdiens en aanhalings uit die Bybel werklik onnodig. Toevallighede kom nie voor nie maar situasies is swak geteken. Daar is egter uitsonderings soos op p. 60 en al Janaware se optredes. Thakhisi spreek die leser dikwels aan ten einde hom aan iets te herinner.

Karaktertekening is ook swak - trouens, bykarakters soos Janaware word baie meer realisties voorgestel as die

hoofkarakter, van wie die leser min te wete kom. Van karakterverandering of -ontwikkeling of -uitbouing is daar ook geen sprake nie. Die verskeie karakters verkeer wel in konflik en die eksterne konflik van Mamello en sommige onderwysers, veroorsaak deur die beheerbeamptes van die skool en hulle aanhangers, word goed uitgebeeld. Tog, hoewel Mamello moeilik onder hierdie omstandighede moes geleef het, ondervind hy, wat die hoofkarakter in die verhaal is, die minste stryd of konflik en dan is dit nie in die skoolaktiwiteite geleë nie, maar in sy voortsetting van sy studies. Thakhi-si se styl is nie uit en uit 'n sierstyl nie, maar tog ook nie algeheel eenvoudig nie. Hy maak baie van verdubbelings, ideofone en die passief gebruik. Een gedig en twee liedere word ingespan en eersgenoemde wek effens spanning op, terwyl laasgenoemde meer kleur aan die verhaal verleen.

In sy geheel gesien is hierdie werk swak en in geen enkele opsig is daar elemente wat bevredig nie (ten spyte van goeie temakeuse) en derhalwe is hierdie geen besondere bydrae tot die Suid-Sotho-letterkunde nie.

4.3.34 J.I.F. TJOKOSELA:

Tjokosela het drie werke in hierdie tydvak gelewer, nl. Mohale O Tsoa Maroleng (1956), Sarah (1956) en Mosonnqoa (1960). Die verhaal in eersgenoemde werk verloop as volg:

Leballo word gebore en sy lewe as veewagter geteken. Hierna vertrek hy na die myne in Johannesburg. Daar werk hy aanvanklik lekker maar die lewe in die Bantoedorpe geval hom dermate dat hy besluit om, nadat hy vals identiteitsdokumente bekom het, werk in die stad te soek. Hy word egter gevang weens hierdie oortreding en beland in die tronk. Hy besluit om by 'n tsotsibende aan te sluit en in 'n rooftog op 'n Indiërwinkel word die eienaar gedood en hy vertrek met sy gesteelde aandeel van die buit na Lesotho. Hier word die huweliksreëlings, wat hy pas voor die rooftog van stapel gestuur het, voortgesit maar hy word gevang. Vir sy aandeel in die rooftog ontvang hy een jaar tronkstraf. Hierna bedrieg hy 'n vriend, wat hom geld skuld, met R80,00 en vertrek na Lesotho waar hy trou, 'n nuwe blaadjie omslaan en

sy mense tot voorbeeld strek.

Sarah wat eerder as 'n goeie storie vir kinders dan 'n fyn uitgewerkte en afgeronde novelle beskou kan word, behels die geboorte van 'n donkie wat nie sy vader ken nie en later ingebreek word om vir die mens te werk. Die moeder gaan dood en die vul beland later as deel van 'n 'lobola' by ander mense waar dit swaar-kry, swaar werk en afgeskeep word en later selfs gesteel word. Ook die ander diere spot met die donkie en blyk die lewe van 'n donkie oor die algemeen nie van die lekkerste te wees nie.

In die geval van Mosongoa behels die intrige die lewens van Mosongoa en haar vader, wat 'n buite-egtelike verhouding met Nyepetsi aanknoop nadat die moeder tydens die geboorte van haar tweede kind oorlede is. Die vader, Solotsi, is 'n arm man en Mosongoa moet hom help om eers na die stiefmoeder se kalkoene en toe na sy skape, aangesien daar geen veewagter in die familie is nie, om te sien. Hierdie is onplesierige werk vir die meisietjie wat terselfdertyd van haar stiefmoeder geen liefde ontvang nie. Tog kwyd sy haar goed van haar taak. Terwyl sy en 'n vriendjie mielies in die veld wou braai, ontstaan daar 'n brand en hulle vlug na die O.V.S. waar die vader hulle later opspoor. Die vader besef sy dogter se ongelukkigheid, verkoop sy skape en laat haar 'n normale meisielewe voer. Toe die stiefmoeder verneem dat 'n seun op haar verlief is en met haar wil trou, sien sy 'n geleentheid om van Mosongoa ontslae te raak en wil dié onrype kind in 'n huwelik dwing. Hierdie gebeure is teenstrydig met die stiefmoeder se persoonlikheid, wat in haar luiheid eerder Mosongoa in die gesin wou behou ten einde haar dienste te kan hê. 'n Poging om haar te ontvoer misluk en die stiefmoeder verlaat die gesin. Hierop ontmoet Mosongoa 'n ryk jongman waarna hulle trou en Mosongoa tot bekering kom. Laasgenoemde gebeurtenis is, asof in 'n bygedagte, aan die verhaal gevoeg en is deel van die denouement wat met Mosongoa se huwelik begin. Na die sluiting van 'n gelukkige huwelik dink sy aan haar weeskindbestaan van vroeër en die besef dat sy tog nie te sleg van alles afgekóm het nie, is vir die skrywer genoeg motivering tot 'n bekering - 'n aspek waarvoor nooit vroeër in die werk voorsiening gemaak is nie en wat myns insiens maar kon gebly het.

Al Tjokosela se werke bevat geen werklike spanning of opwinding vir die leser nie, sodat daar van 'n klimaks met krisismomente ook geen sprake is nie. In Mohale o Tsoa Maroleng bestaan die denouement uit didaktiese mededelings waarby die hoofkarakter moet inpas, afgesien

daarvan dat hy geensins 'n illustrasie hiervan is nie. Vgl. die hoofkarakter wat skielik as goeie boer ontpop en op alle terreine van die samelewing as voorbeeld en leier moet optree. In Mosonnqoa verander die hoofkarakter se lewe ook as sy trou en onder gelukkige omstandighede tot bekering kom - motief hiervoor is haar gedagtes aan haar en ander weeskinders se swaarkry.

Tjokosela raak in beide werke, Mohale o Tsoa Maroleng en Mosonnqoa subjektief. (Vgl. sy besinning oor wat 'n held is in die eerste werk, asook sy bepeinsing oor die dood). In die geval van laasgenoemde werk trag die skrywer soms doelbewus om die leser se simpatie vir hierdie weeskind op te wek. Onnodighede is veral in Mohale o Tsoa Maroleng aan te tref. (Vgl. die dronkman en die treinreis). Karakteruitbeelding is in hierdie twee werke nie baie geslaagd nie, maar in Sarah leer die leser hierdie donkie goed ken. Relatief min dialoog in al drie werke lei tot 'n vermindering van dramatiese effek sodat Tjokosela se werke oor die algemeen vervelig is en aan interessantheid ontbreek.

Sy styl is soms 'n sierstyl en soms eenvoudig in Mohale o Tsoa Maroleng, terwyl 'n sierstyl oorheers in Mosonnqoa en eenvoudige taalgebruik in Sarah voorkom. Ontoepaslike en lang liedere en een gedig word in Mohale o Tsoa Maroleng aangewend, terwyl sy prysgedig ten behoewe van 'n perd, in Mosonnqoa, ook veel korter kon gewees het.

Oor die algemeen is sy taalgebruik keurig en spreek van 'n kennis van die Basotho se tradisionele gewoontes. Dialoog word soos in die drama aangebied in die geval van Mosonnqoa en Sarah. In die lig van bogenoemde vertoon Mosonnqoa 'n groter sukses as sy ander werke te wees maar is al die nouvelles steeds vol leemtes t.o.v. tema- en intrigeaanbieding sodat Tjokosela nog veel meer ervaring nodig het, eer hy werk van gehalte sal kan lewer.

---oOo---

HOOFSTUK V : DIE LAAT SESTIGERJARE (1965-):5.1 INLEIDING:

Hierdie periode kan baie duidelik van die voorafgaande tydvak afgeskei word vanweë die volgende oorwegings:

- (a) Hoewel kontak tussen blank en nie-blank reeds in voorafgaande twee periodes behandel is maar met klem op die veragting wat hierdie twee rasse-groepe teenoor mekaar het, word hierdie kontak vanaf 1964, met E.A.S. Lesoro se publikasie van Leshala le Tswala Molora, meer omsigtig en met groter realisme hanteer. Hierdie nuwe houding oor die rasseprobleme in S.A., kenmerk dan die Laat Sestigjarige en strek in werklikheid reeds vanaf 1964.
- (b) Hierdie tydperk verskil ook van die voorafgaande een deurdat meer volwasse temas uitgebeeld word soos in byvoorbeeld E.A.S. Lesoro, S.P. Lekeba of C.L.J. Mophethe se werke.
- (c) Hoewel die stadslewe weereens ook in hierdie periode aan te tref is, is die benadering daarom-trent geheel anders as in vroeëre werke.

5.2 'N ALGEMENE BESPREKING VAN DIE LAAT SESTIGERJARE:

In hierdie periode wat tot die huidige strek, is slegs sewe werke gepubliseer en ongelukkig is geen romans wat moontlik in die loop van 1972 of 1973 die lig kon gesien het, bekom nie, sodat groeperinge en kenmerke van hierdie periode dus nie volledig is nie. Tog kan die volgende temas wat in een of meer werke voorkom, duidelik as groep onderskei word:

- (a) C.L.J. Mophethe en E.A.S. Lesoro se werke wat die kontak tussen wit en swart en afsonderlike ontwikkeling in S.A. behandel;
- (b) S.P. Lekeba en C.L.J. Mophethe se benadering van

die stadstema;

- (c) J.J. Moilola en J.K. Thakhisi wat nogeens die verskille of kontras tussen die hedendaagse en tradisionele samelewingspatrone, asook tussen die aanhangers daarvan onderskeidelik, uitbeeld; K.E. Nstane wat as deel van 'n liefdestema, die ondergraving van mense onder mekaar in die Bantoe-gemeenskap uitbeeld; en
- (d) J. Setloboko wat teen 'n historiese agtergrond die Batlokwa se aanname van die christelike godsdiens, by name die Rooms-Katolisisme, uitbeeld.

5.2.1 DIE UITBEELDING VAN KONTAK TUSSEN BLANK EN BANTOE EN DIE S.A. RASSEBELEID:

Soos gesê beweeg C.L.J. Mophethe en E.A.S. Lesoro op hierdie terrein en is hul toon in geen opsig bitsig of veroordelend nie, maar word goeie verhoudinge tussen hierdie rasse-groepe as ideaal gestel en uitgebeeld terwyl die beleid van Afsonderlike Ontwikkeling erken en aanvaar word. Mophethe gee groter klem aan die saamwoon en saamwerk van blank en nie-blank waarin wedersydse respek, agting en liefde vir mekaar, onaangeraak deur die moderne humanistiese denke maar gewortel in die eerlike christelike beskouings, 'n natuurlike uitvloeisel is. Geen sentimentele uitgangspunte word deur Mophethe betrek nie en hy teken hierdie twee rasse-groepe se kontak as een waarin skeiding deur afhanklikheid en agting, maar ook deur hulp en aanvaarding op natuurlike en ongekompliseerde wyse, plaasvind. Lesoro weer doen subtiel op sy medemens, blank en nie-blank, 'n beroep om na hierdie vervloë tye, wat Mophethe skets m.b.t. die verhouding tussen blank en nie-blank, terug te keer en weg te doen met haat, nyd en wrywing, wat soms

al hoe meer op die voorgrond tree. Hy wys daarop dat hierdie rassegroepe wel in harmonie kan saamleef danksy Dr. H.F. Verwoerd se implementering van die beleid van Afsonderlike Ontwikkeling in S.A.

5.2.2 DIE UITBEELDING VAN DIE BANTOE SE VERHUISING NA DIE STAD:

Beide C.L.J. Mophethe en S.P. Lekeba teken die Bantoe se verhuising na die stad, maar die era waarin hierdie verhuising plaasvind, is nie dieselfde nie. Mophethe se novelle speel af net na die goud- en diamantstormlope aan die einde en begin van hierdie eeu. Lekeba se tema, prakties gesproke, word in 'n paar dekades later uitgebeeld toe verstedeliking in S.A. reeds 'n algemene verskynsel geword het. Mophethe toon aan hoe dat die nie-blanke reeds heel kort na sy kennismaking met die westerse beskawing, deel van verstedeliking geword het sonder dat enige noemenswaardige probleme ontstaan het. Die mens se aanpasbaarheid by nuwe situasies en eise word dus geteken en blyk dit ondubbelsinnig uit Mophethe se werk dat die onaanpasbaarheid van die Bantoe in die stad sporadies voorkom en nie t.o.v. hierdie ras as geheel nie. Ander faktore soos persoonlikheidstrekke en moderne neigings en beskouings wat wêreldwyd tref, word dan as hooforsaak uitgesonder waarom persone wat vanaf die platteland die stad bereik of aldaar groot word, nie hul beginsels kan handhaaf nie. Netso toon Lekeba aan dat die Bantoe vanaf die platteland steeds sy beginsels in die stad kan behou en t.o.v. arbeid en sosiale omgang steeds korrek en met sukses kan optree.

Dit is duidelik dat hierdie skrywers die Bantoe se verhuising na die stad in dieselfde lig sien, ten spyte van die feit dat die eras waarin dit

geskied en wat hulle behandel, ver uitmekaar gestrek lê.

5.2.3 DIE UITBEELDING VAN DIE KONTRAS TUSSEN DIE HEDENDAAGSE EN TRADISIONELE SAMELEWINGSPATRONE:

J.J. Moiloa met Mehla e a Fetoha en J.K. Thakhisi met Peleapele illustreer die skrilte kontras wat daar tussen genoemde samelewingspatrone en onderskeie aanhangers daarvan, aan te tref is. Moiloa teken hierdie situasie vergelykenderwys in 'n toon waarin die hedendaagse veroordeel word, terwyl die tradisionele aangeprys word. Tog bly hy objektief en verloor die voordele wat elke samelewingspatroon sy eie geslag bied nie uit die oog nie. Die bandeloosheid en ankerloosheid van die mens in die moderne samelewing kontrasteer hy met die harmonie en geluk wat daar eens in 'n ongekompliseerde tradisionele samelewing aan te tref was.

Hierby sluit Thakhisi hom aan maar met groter klem op die verskille tussen die aanhangers van die tradisionele en westerse kulture en gevolglike botsings wat ondervind word. Ook hy bly objektief en poog nie om sy leser doelbewus op die voordele van enige van hierdie kulture of benaderings te wys nie, maar spreek sy stof self tot die leser deurdat die besef tuisgebring word dat diegene wat sekere tradisionele gewoontes verwerp, by wyse van veralgemening, geen definitiewe beginsels het waarop hulle beskouings gebaseer kan word nie.

5.2.4. DIE UITBEELDING VAN DIE AANVAARDING VAN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS:

Hierdie tema, wat veral in die Aanvangsperiode deurdagte aandag geniet het, word deur J. Setloboko in sy werk, Monyaluo, betrek maar dan toege-

spits op die Batlokwestam se aanvaarding van die Rooms-Katolisisme. Die agtergrond is dus histories en in hoeverre die skrywer geskiedkundige feite met verdigsel vermeng, is moeilik te bepaal. Tog kom dit voor asof hy sy verbeelding vrye teuels gee as in aanmerking geneem word die wyse waarop die hoofkarakter die lewe laat. Afgesien hiervan egter, beeld hy onbetwisbaar die kerstening van die Batlokwa op interessante wyse uit.

5.2.5 DIE UITBEELDING VAN ONDERGRAWING EN JALOESIE IN DIE BANTOEGEMEENSAP:

K.E. Ntsane beeld hierdie tema in Bao Batho uit teen 'n agtergrond van verliefdheid en die ontwikkeling van 'n betrokke Bantoe-gemeenskap. Hierdie algemene agterdog, jaloesie, ondergrawing en die feit dat mense dikwels verkeerd opgesom word en vriende nie vriende is nie, is deel van enige gemeenskap. 'n Strewe na mag en erkenning of 'n gesogte posisie in die samelewing lei dan ook dikwels daartoe dat die ideaal waarvoor in almal se belang gewerk word, nie verwesenlik word nie en Ntsane wys daarop hoedat ontwikkeling of vooruitgang dikwels vanweë hiervan, gestrem of in die wiele gery word. Selfs verhoudinge tussen 'n kêrel en jongmeisie kan verongeluk word deur hierdie jaloesie en beswadding. Ntsane bied geen oplossing vir hierdie probleme nie, maar teken bloot 'n greep uit die alledaagse samelewing soos wat dit deur baie ondervind word. Dit is dan ook opmerklik dat waar ander werke hoofsaaklik enkele karakters en hulle probleme betrek, Ntsane hier verder gaan en sy leser ook 'n blik in die woelinge, konflik en wrywing wat in 'n gemeenskap aan te tref is, gee.

5.3 SKRYWERS IN DIE LAAT SESTIGERJARE:

5.3.1. S.P. LEKEBA:

Hierdie skrywer se enigste novelle, nl. Mehlolo ke Dinoha (1971), sien as volg daaruit:

Kgethollo bevind hom in die stad en vertel aan 'n vriend van sy jeugjare op die platteland. Dit blyk dat toe sy vader oorlede is, moes hy en sy moeder ooreenkomstig die 'kenela'-gebruik by sy oom gaan woon. Laasgenoemde se vrou en later hyself, skeep hul algaande af terwyl hy ook hul besittings inpalm. As sy moeder sterf en hierdie behandeling vererger, loop hy weg stad toe en is verbitterd maar word deur 'n ander vriend oorreed om nie haatdraend te wees nie maar liefde met liefde te wek. Hierop kom hy weer in kontak met sy familie en gaan kuier selfs vir hulle en blyk dit dat hulle berou het oor die wyse waarop hulle hom as kind behandel het.

As 'n vriend hom om die bos lei d.m.v. korrespondensie met 'n vriendin wat die vriend hanteer, omdat Kgethollo ongeletterd is, leer hy lees en skryf. Later raak hy verlief en ken sy oom in hierdie saak deurdat hy laasgenoemde versoek om namens hom die nodige reëlings vir 'n huwelik te tref. Na voltrekking van die huwelik teken die skrywer onnodige episodes t.o.v. 'n vriend van Kgethollo waarin hy onder die besef kom dat 'n florerende sakeman soos hy, nie intestaat kan sterf nie aangesien so 'n toestand oneindige probleme vir die weduwee oplewer. Dan kom die verhaal tot 'n einde.

Hierdie intrige is swak. Van spanning is daar weinig sprake en 'n klimaks kan skaars opgemerk word. Alleenlik in die eerste deel van die werk, voor Kgethollo stad toe verhuis het, word spanning met gevolglike afgagting aangetref. Origens verveel die werk en behou Lekeba nie sy lesers se aandag nie. Konflik kom ook veral in die eerste deel voor en daarna feitlik nie. Kgethollo se probleme in die stad is vir hom nie werklik 'n stryd nie en intensifiseer in elk geval nie. Sentiment, toevallighede, en onnodige episodes, behalwe die onnodighede in die denouement soos reeds genoem, ontbreek.

Die agtergrond van die verhaal is goed, hoewel Lekeba nie juis veel detail oor die stadslewe verskaf nie. Dit is duidelik dat hy oor geen kennis van die lewe van 'n soldaat of oor die Tweede wêreldoorlog beskik nie en bly hy in gebreke om enige feite of illustrasie hieromtrent in toepaslike episodes wat hy skets, te gee. Gebeure word soms ook geskets waarby die hoofkarakter nie betrokke is nie en nie na hom herlei kan word nie.

Lekeba spreek sy lesers nooit direk aan of herinner

hulle aan voorafgaande gebeure nie. 'n Enkele keer word 'n onnodige verduideliking gegee.¹

Karaktertekening is gangbaar, maar die hoofkarakter se handeling laat die leser koud, hoewel die leser hom tog leer ken t.o.v. bepaalde persoonlikheidstrekke, wat vir die verloop van die intrige van belang is.

Lekeba se styl is baie eenvoudig en enkele goeie spreekwoorde kom voor, maar dit dien nie om sy styl te verfraai nie. Hy skryf gemaklik. Die laaste paragraaf op p. 22 sluit nie by die voorafgaande een aan nie. Twee liedere kom in die werk voor en dien om bepaalde situasies aanskoulik te skets. Woorde van Afrikaanse en Engelse oorsprong kom ook in die werk voor en in sy geheel gesien, is die werk nie veel werd nie vanweë 'n onsuksesvolle intrige.

5.3.2. E.A.S. LESORO:

Hierdie skrywer het twee novelles tot sy krediet. Pere Ntsho Blackmore (1967) word in hierdie periode gepubliseer en die verhaal sien as volg daaruit:

Letebele is die eienaar van 'n merrie wat misterieus dragtig raak terwyl haar eienaar planne beraam om haar uit die blanke Radipere, se stalle te laat dek. As Blackmore gebore word, weet Letebele dat sy vader die hings, Poor Land, is. Hy rig hierdie perd as resiesperd af en wen alle kompetisies, dog as sy seun trou, gee hy die perd as 'lobola' weg aan Monyane. Blackmore verdwyn egter, maar m.b.v. 'n toordokter kom die hings terug. Hierna begin Blackmore sleg in kompetisies vaar en die toordokter se behandeling baat niks. Die blanke Ramosa wil graag die perd koop, merk op dat dit siek is en 'n veearts behandel dit suksesvol. As gevolg hiervan kry Ramosa die belofte dat hy die perd later kan koop. Dog Blackmore word gesteel en nadat 'n toordokter Monyane meedeel waar om die hings te vind, gaan hy dit in Lesotho haal. Hierna verkoop Monyane die perd

1. Vgl. Lekeba, S.P., Mehlolo ke Dinoha, p. 40.

aan Ramosa wat dit suksesvol as ploperd afrig. Tydens 'n wedstryd in S.W.A. sterf Blackmore en Ramosa begrawe die dier tuis op sy plaas.

Bogenoemde vorm die agtergrond in hierdie verhaal en verskaf daaraan 'n deurlopende lyn wat soms afwagting, nuuskierigheid en spanning opwek. Hierdie gebeure speel hulle in die Oos-Vrystaat op boereplase af en teen hierdie agtergrond skets Lesoro die gesprekke van die onderwyser Monaheng, Monyane, Hlaodi, Mmolotsi, Letebele en andere ten einde die Bantoe se posisie in S.A., hulle vooruitgang en ontwikkeling en ander politieke gebeure of prestasies, te skets.

Eerstens word selfregering vir die Transkei en verhogings aan Bantoeonderwysers bespreek. Dan die voordele van 'n eie Bantoe radiodiens terwyl afsonderlike ontwikkeling ook aandag geniet. Later word die voordele en nut van 'n skoolradiodiens vir die Bantoe bespreek terwyl daar in die algemeen oor skolastiese opleiding vir die Bantoe gesels word. Dr. H.F. Verwoerd se skenking van mielies aan Lesotho word ook bespreek. Hierna beskryf Lesoro die Republiekfeesvierings onder die Bantoe en bied Monaheng se gedigte in hierdie verband aan. Afsonderlike ontwikkeling word goedgekeur en integrasie verwerp. Dr. Verwoerd se afsterwe kom ook onder die soeklig en 'n prysgedig aan hom opgedra, kom voor. Die Bantoe se 'bewysboek' kom ook onder die soeklig terwyl sy vordering met die verkryging van universitêre opleiding aandag geniet. Dr. B.J. Vorster se belofte dat hy die aangeduide weg van Dr. Verwoerd sal volg en Dr. Verwoerd en kaptein Jonathan van Lesotho se ontmoeting word bespreek, terwyl selfs die wêreldmening nie ter syde gelaat is in 'n prysgedig aan Dr. Verwoerd opgedra nie.

Deurgaans is Lesoro se toon simpatiek, begrypend en goedkeurend teenoor die R.S.A. en sy beleid van afsonderlike ontwikkeling ingestel en trag hy om dit realis-

ties te verduidelik en die moontlikhede daarvan by sy lesers tuis te bring. Hierin is hy objektief. Sy hantering daarvan word met versigtigheid, keurigheid en eerlikheid benader sodat niemand aanstoot kan neem nie.

Sentimentaliteit, toevallighede en onnodige episodes ontbreek in die verhaal. Die inleiding en denouement geniet ook nie te veel klem nie en is ook nie te lank nie. Die klimaks kom egter sonder enige voorbereiding daarop en spanning of probleme intensifiseer nie algaande tot hierdie klimaks nie. Lesoro wend dikwels 'n verteltrant¹ aan wat natuurlik uit die werk spruit en waarin die leser nooit direk aangespreek word nie of aan voorafgaande gebeure herinner word nie.

Die hele werk het 'n didaktiese strekking maar Lesoro maak van geen direkte passassies in hierdie verband gebruik nie. Hoewel hy sekere elemente van die beleid van afsonderlike ontwikkeling bespreek, gaan hy nie in besonderhede in nie en trag hy ook nie om dit direk met enige ander beleid te vergelyk nie. Slegs een keer verdoem hy integrasie en origens wys hy alleenlik op die voordele wat die huidige beleid vir die Bantoe in S.A. meebring. As sulks het die werk in sigself 'n didaktiese strekking waarvan die enkele besonderhede wat hy verskaf, waardeer kan word.

Geen besondere karakter word uitgebeeld nie en selfs die perd Blackmore geniet in sigself geen besondere aandag of wye bespreking nie. Tog weet die leser beslissig dat hierdie perd 'n besondere dier met besondere vermoëns moes gewees het.

Lesoro se styl is eenvoudig, goed en met gepaste woordkeuses en goeie spreekwoorde aangebied. Hierin is hy nie oordoenerig nie. Die uitbeelding van situasies is ook nie in detail en besonder opwindend aangebied nie en geniet die ryke aanwending van gedigte en liedere in Suid-Sotho en Engels die meeste klem en word sy styl

1. Vgl. Lesoro, E.A.S., Pere Ntsho Blackmore, pp. 83, 92.

alleenlik hierdeur verfraai. In sy gedigte is Lesoro konsekwent in die mededeling van nuwe feite, samevatting van voorafgaande gebeure en feite en slaag hy daarin om sy styl en die intrige suksesvol te verfraai en te verlewendig. Sommige gedigte is egter ietwat lank en dit is jammer, veral aangesien enkele kort gedigte dikwels dieselfde trefkrag en klem verleen.

Oor die algemeen is Lesoro se werk geslaagd t.o.v. tema en intrige maar wat sy styl aanbetref kon hy beslis minder gedigte en liedere aangewend het. Hierdie werk is verfrissend en 'n welkome afwisseling in die aard van die Suid-Sotho-novelle.

5.3.3. J.J. MOILOA:

Hierdie skrywer se enigste werk in hierdie periode, Mehla e a Fetoha (1971), vind sy beslag in 'n intrige wat soms verveel vanweë die feit dat Moiloa dikwels slegs feite meedeel en soms interessant d.m.v. karaktertekening opgehelder word. In laasgenoemde geval dien bepaalde karakters as simbool van een faset van die bepaalde samelewing wat uitgebeeld word. Sodoende word stellings geïllustreer en 'n gemakliker en interessanter vloei van die verhaal bewerkstellig; vgl. bv. die verhaal van die stout seun wat weens swak tugmaatreëls hande uitruk.¹ Dit is werklik jammer dat hierdie tegniek nie meer dikwels aangewend is nie of dat enkele bepaalde karakters se lewens hierdie historiese en hedendaagse feite kon weerspieël nie. Sodoende sou spanninge en afgagting, wat feitlik totaal ontbreek, deel van die verhaal kon wees en daar van 'n werklike intrige sprake kon wees. Na my mening is die verhaal geen werklike novelle nie, maar eerder geskiedkundig-antropologiese prosa

1. Vgl. Moiloa, J.J., Mehla e a Fetoha, p. 73

wat soms deur karakters en episodes toegelig en opgehelder word. Die elemente waaruit die werk saamgestel is, vorm slegs 'n geheel vanweë die objek van die werk en geensins deur deurlopende karaktertekening, spanning of opeenvolgende gebeure nie. Opbouing en uitbouing van alle intrigevlakke ontbreek in die werk en is dit haas onbegryplik dat die uitgewers van hierdie werk dit as 'n kort roman klassifiseer.

Moilola se styl is besonder vloeiend en hy slaan dikwels die spyker op die kop met allesomvattende woordkeuses wat pragtig by die konteks pas. Die totale verandering in leefwyse word bv. as 'n "bollemakiesie" gesien.¹ Ideofone is dikwels gebruik terwyl verdubbelings en saamgestelde woorde ook nie uit bly nie en spreekwoorde en idiome volop voorkom. Sy styl is deurgaans 'n sierstyl en vanweë sy raak beskrywings en gepaste woordkeuses bly Moilola se grootste bate steeds sy besondere styl. Deur hierdie werk het Moilola getrag om op 'n ander wyse as die gewone manier van novelle-aanbieding, tot die Suid-Sotho-letterkunde by te dra. Ongelukkig het hy vir 'n novelle sy veld te wyd gekies en boet derhalwe aan sukses in. Toq bewaar hy vir die nageslag kennis van ou gebruke en lewensomstandighede wat nie altyd by die optekening van historiese feite pas nie en sodoende vir die nageslag verlore sou kon gaan.

5.3.4. C.L.J. MOPHETHE:

Mophethe het slegs een novelle gelewer, nl. Mofufutso wa Phatla (1966), en die intrige sien as volg daaruit:

Die Voortrekker, Landman, ontmoet die Suid-Sotho, Monaheng, as jong man en deur 'n slang gepik in die veld. Saam woon hulle op Gelooffontein, in die distrik Smithfield, en is ook goeie vriende. Hoofsaaklik op aandrang van hulle vroue verhuis hulle na Bloemfontein ten einde deel

1. Vgl. Moilola, J.J., Mehla e a Fetoha, p. 9.

aan die vooruitgang in S.A. te kan hê. Hier aangekom begin Landman 'n besigheid en Monaheng is sy assistent. Monaheng se tweede seun sterf maar 'n derde kind word vir hom gebore. Landman word ook siek en sterf en word op die familieplaas begrawe. Eendag op pad werk toe vind Monaheng 'n weggoobaba en hierdie vondeling, Mothoduwa, maak hy en sy vrou saam met hul seun, Takatso, groot. Hierdie seuns is presies teenoorge-steldes wat persoonlikhede aanbetref en Takatso, die eie kind, gee die ouers soveel hoofbrekens dat hulle hom eers deur 'n toordokter laat behandel vir sy streke en hom later voor 'n keuse stel om 'n nuwe blaadjie om te slaan of pad te gee. Takatso kies die laaste uitweg en lei weg van die huis 'n lewe wat sy ouers alleenlik tot skande strek en kom later te sterwe. Intussen droom Monaheng hy sien die vrugte van sy seuns se arbeid op aarde en dit blyk dat Mothoduwa in die sweet van sy aanskyn presteer terwyl Takatso alleenlik in skellery en vloekery gedy. Hy sien Takatso ook as iemand wat sonder vriende sterf. Hierdie droom hinder Monaheng en Takatso bly in sy gedagtes omdat dit vir hom belangrik is dat elke mens in die sweet van sy aanskyn sal presteer - 'n feit wat deur die predikant in die kerkdiens bevestig word. Hierna berig die polisie dat Takatso oorlede is en Monaheng begrawe hierdie seun behoorlik. Tog verneem hy dat hy die verkeerde lyk begrawe het en die werklike Takatso word dan sonder enige lyksrede soos 'n heiden en vreemdeling begrawe.

Mothoduwa daarenteen presteer soos wat Monaheng gedroom het en werk as onderwyser. Hy trou met hul predikant se dogter en die gesin het een seun. Na Monaheng se aftrede word 'n fees ter herdenking aan Bloemfontein se vyftigjarige bestaan, 1906, gereël en word Monaheng gekies as die oudste inwoner wat daadwerklik tot die vorming en uitbouing van die stad bygedra het. Hierna kom hy te sterwe en die skrywer sluit sy werk af met 'n prysgedig waarin hoofsaaklik die R.S.A. en Bloemfontein as stad, ook vermeld word.

Onlogiese gebeure kom in hierdie werk voor, soos bv. die feit dat Landman se lyk per ossewa na Smithfield vervoer word en dat die polisie 'n lyk vanaf Vereeniging na Bloemfontein sou stuur. Dit is ook onbegryplik dat Monaheng nie na hierdie lyk sou gekyk het nie. Mophethe se werk besorg die leser nie veel afwagting nie en veral na Takatso se afsterwe draal die skrywer voordat sy klimaks, Monaheng se dood, bereik word. Landman, Takatso en Monaheng se afsterwe is hoogtepunte in hierdie werk en veral eersgenoemde twee gebeure

is reg geplaas en gee aanleiding tot verdere verwickelinge. Hierdie gebeure is egter geen krisismomente in die sin dat oplossings bereik word nie, maar die voltooiing en begin van nuwe eras in Mophethe se temas of intrige. Hy beskryf dit baie gevoelvol sonder om enig-sins sentimenteel te raak.

Monaheng se konflik is bloot daarin geleë dat sy seun, Takatso, nie op sy goeie opvoeding reageer nie en 'n skandelse lewe voer. Interne konflik word mooi deur Mophethe geteken en ondervind Monaheng 'n hewige stryd en sielewroeging oor Takatso se optrede.

Die inleiding en slot is goed hoewel die denouement, soos gesê, ietwat lank is en die leser se belangstelling verflou. Karaktertekening is heeltemal geslaagd hoewel Mophethe geen klem daarop lê nie en eerder gebeure skets.

Die skrywer spreek nooit die leser direk aan nie en Mophethe is ook nooit direk didakties nie behalwe in een geval.¹ Tog het die werk in sy geheel 'n didaktiese strekking, nl. dat dit belangrik is om in die sweet van die eie aanskyn iets in die lewe te vermag. Sy styl is baie eenvoudig en gekenmerk deur die gebruik van goeie spreekwoorde en ideofone. Hy oordoen hierdie gebruik nie en is situasies en episodes altyd baie realisties beskryf. Klem word deur herhaling van bepaalde woorde bewerkstellig. Enkele gedigte en liedere kom in die werk voor en is nie onvanpas nie.

Die gebruik van woorde van Afrikaanse oorsprong terwyl ekwivalente in Suid-Sotho bestaan, is ongelukkig.

Mophethe se werk kan oor die algemeen as 'n sukses beskou word. Sy styl is interessant en sorg dat die leser met genot lees, terwyl sy tema ook die leser bevredig en die intrige, hoewel dit nie oor veel opwinding beskik nie, wel sy tema rugsteun en uitbou.

1. Vgl. Mophethe, C.L.J., Mofufutso wa Phatla, p. 71.

5.3.5. K.E. NTSANE:

Ntsane se enigste novelle in hierdie periode, Bao Batho (1967), verloop as volg:

Rasello ontmoet Lucie terwyl hy op pad na 'n vergadering van die statsinwoners is en hy raak dadelik op haar verlief, ten spyte van die feit dat hy ontsteld is vanweë die feit dat sommige lede van die gemeenskap hom nie op die bestuur van die komitee, wat hul doenig hou met reëlins i.v.m. die voortuitgang van die betrokke gemeenskap, wil hê nie. Hierna woon Rasello 'n verdere vergadering by waarin besluit word dat die inwoners van die kleiner statjies ingelig moet word m.b.t. die versorging van fonteine, die oprigting van windpompe, 'n kliniek, landbouaangeleenthede, 'n mediese praktisyn se hulpverlening, skoolastiese onderrig, gedinge, ens. Op pad terug vanaf hierdie vergadering ontmoet hy Lucie weer en verklaar sy liefde, maar haar vorige kêrel daag op en 'n twis ontstaan. Hierop ransel Raditaba, Lucie se vorige kêrel, Rasello se vriend af, omdat laasgenoemde Rasello behulpzaam was in die onderonsie wat Lucie se kêrels met mekaar gehad het. Hand aan hand hiermee stel Raditaba ook vir Hippo in 'n swak lig by sy vriendin deur hom dronk te maak en 'n skinderveldtog op tou te sit. Hierop probeer Rasello se vyande hom ook uit die pad kry sodat Raditaba al sy aandag aan Lucie kan gee, maar hulle word gevang as hulle planne misluk. Dan besef Lucie en Rasello hoe Raditaba hulle wou onderkruip en hulle verdere verhouding loop op 'n huwelik uit.

Ntsane gee in hierdie werk nie genoeg aandag aan Rasello se konflik met die ander raadslede nie en word in aansluiting hierby, die gemeenskap se verwerping van en beïnvloeding deur Raditaba se boosheid in die algemeen, geensins aangeraak nie. Die enkele karakters in hierdie verhaal se aktiwiteite vorm nie werklik deel van die gemeenskap nie en isoleer hy nie hierdie gemeenskap as groep met dieselfde belange of probleme nie. Hierdie probleem het

Ntsane probeer oorbrug deur die bespreking van 'n kapteinsvergadering en 'n kerkraadsvergadering, maar ongelukkig dra hierdie episodes nie genoeg klem om die gemeenskap direk by die gebeure, wat rondom 'Daardie Mense' gewef is, te betrek nie.

Die denouement verleng die verhaal onnodig en die ete wat Raditaba en Kobokobo net na hulle bekentenis buite die tronk ontvang, het geensins verband met die werklikheid nie en word spanning onnodig opgebou deur hulle te verbied om oor die betrokke saak te praat. Die klimaks is geen werklike krisismoment nie en bevat ook geen dramatiese verwickelinge nie.

Ntsane wend skrywerskommentaar dikwels aan en simpatie vir sy karakters word ook doelbewus opgewek. Karakteruitbeelding is nie baie goed nie, trouens 'n ondergeskikte karakter, Teduputswa, leer die lesers baie beter ken as die hoofkarakters, vanweë die feit dat Ntsane hom met definitiewe persoonlikheidstrekke en gewoontes teken. Die skrywer deel sy lesers soms mee wat die persoonlikhede van sy karakters is, maar beeld dit nie altyd uit nie.

Ntsane wend dikwels metafore, vergelykings, spreekwoorde en idioome aan, terwyl drie liedere ook in die werk voorkom. Sy styl bly egter eenvoudig. Dialoog word soos gebruiklik in die drama is, aangebied en woorde van Afrikaanse en Engelse oorsprong kom gereeld voor. Oor die algemeen gesien, verveel die verhaal, spanning bou nie goed op nie en is die werk nie van uitstaande gehalte nie.

5.3.6 J. SETLOBOKO:

Monyaluoe word in 1969 as Setloboko se enigste novelle gepubliseer en die intrige verloop as volg:

Monyaluoe is die enigste kind van die kaptein Mokotjo wat met 'n vrou uit 'n ander stam ge-

troud is. Hierdie vrou pas haar nie goed by die Batlokwa se leefwyse aan nie deurdat sy hulle vuilheid, heidense leefwyse en gewoontes vreemd vind. Monyaluoe aard na haar en weier om as kind met rooi-klip besmeer te word - 'n teken vir die Batlokwa dat sy 'n geskikte kandidaat as toordokter is. Tog word sy nie hiervoor behandel nie en besluit haar vader dat sy in die inisiasieskool behandeling sal ontvang. Sy word deur haar vader na 'n Rooms-Katolieke skool gestuur en voltooi haar skoolopleiding aldaar. Intussen tref haar vader voorbereidings dat sy met haar terugkoms gefinisieer sal word en met die heiden, 'Mota, sal trou. Hiervoor is Monyaluoe nie te vinde nie en reeds het sy die voorneme om haar volk tot ontwikkeling en die aanvaarding van die christelike godsdiens te lei op p. 22 uitgespreek. As sy verneem dat sy na die inisiasieskool toe gestuur gaan word, sweer sy en haar moeder saam. Sy word in die Rooms-Katolieke Kerk aangeneem en as sy terugkeer huis toe, ontmoet haar moeder haar langs die pad en hulle twee vlug en kruip by 'n tante, wat 'n geneesheer is, weg. Intussen is 'Mota getroud maar soek na Monyaluoe omdat hy met haar ook wil trou. As hy haar vind, besluit Monyaluoe, haar moeder en tante dat sy na haar ouerhuis sal terugkeer maar skryf dadelik aan Hlasoa, wat sy op skool ontmoet het en op wie sy verlief is, om haar te kom haal. Uit vrees dat Hlasoa te laat mag opdaag, reël hulle dat Monyaluoe medisyne sal drink wat die tante verskaf, sodat sy in 'n bewustelose slaap sal verval en Hlasoa betyds kan opdaag terwyl sy as dood gewaan word. Tuis word moeder en kind geskei en beswyk Monyaluoe se moeder aan koors a.g.v. die wonde wat sy opdoen in slae wat sy van haar man ontvang. Monyaluoe word eenkant opgesluit terwyl voorbereidings vir haar huwelik met 'Mota getref word. Toe Hlasoa nie, betyds opdaag nie, drink sy haar tante se medisyne en, in die waan dat sy dood is, kom 'Mota om die begrafnis by te woon. Hlasoa daag ook op maar besef nie dat Monyaluoe slegs slaap nie en skiet 'Mota dood waarna hy homself aan die polisie oorgee. As Monyaluoe wakker word en alles verneem, sterf sy aan skok. Haar vader is so verdrietig oor die gebeure dat hy spyt oor sy handeling is en laat 'n priester kom om Monyaluoe te begrawe. Hyself en vele van sy onderdane sluit dan by die Rooms-Katolieke Kerk aan en hiermee word Monyaluoe se begeertes en wens t.o.v. haar mense se aanvaarding van die christelike godsdiens, bewaarheid.

Hierdie werk is interessant en Setloboko skryf onderhoudend. Hy slaag daarin om sy leser se aandag op te wek en te behou en 'n goeie klimaks te bewerkstellig. Tog is hierdie klimaks nie heeltemal 'n verrassing vir die leser nie deurdat hy vooraf meegedeel word wat verwag kan word. Onnodige episodes en toevallighede ont-

breek maar die feit dat Monyaluoe aan skok sterf, is ietwat onwaarskynlik en 'n probleem wat die skrywer nie bevredigend oplos nie. Setloboko is nie oormatig sentimenteel nie en die leser se simpatie word natuurlik jeens Monyaluoe opgewek. Die agtergrond en inleiding en denouement vertoon geen leemtes nie behalwe die denouement t.o.v. genoemde element.

Karaktertekening is realisties, hoewel Setloboko nie daarin slaag om Monyaluoe werklik as imposante figuur met durf en 'n sterk persoonlikheid soos dié van haar naamgenoot, Mmantatise, voor te stel nie. Setloboko se styl is eenvoudig en bevat sy karaktertekening en uitbeelding van situasies geen diepte nie. Hy is nooit didakties nie en sy lesers word baie min direk aangespreek. Soms herinner hy aan voorafgaande gebeure en hoewel nie deurgaans nie, word 'n verteltrant ook aangewend.

Dialog word soos in die drama aangebied en sommige hoofstukke eindig baie stomp, soos byvoorbeeld hoofstuk 10. Een gedig kom in die werk voor en dit sluit nie baie goed by die konteks aan nie en kon eerder weggelaat gewees het.

In sy geheel gesien is Setloboko se tema interessant maar sy intrige swak beplan en sy styl nie gekenmerk deur enige elemente wat dit 'n bate in hierdie werk maak nie. Dat hierdie skrywer nog baie onervare is, is duidelik.

5.4. ONGEDATEERDE WERKE:

Drie ongedateerde werke ressorteer onder die Suid-Sotho-novelle en pogings om publikasiedatums by drukkers, uitgewers en elders op te spoor, het misluk. Hierdie werke is nie van veel belang nie en sluit in elk geval ook aan by ander werke wat temas aanbetref. Moiketsi h'a Lleloe deur E.M. Khabele handel oor die

te vroeë skoolverlating en is ook bespreek in paragrawe 6.2.3, 6.2.9 en 6.2.16. Die verhaal verloop as volg:

Thabo is die seun van ryk ouers, presteer aanvanklik goed op skool, maar raak later lui. Hy loop weg Durban toe en kry daar werk. As hy op 'n meisie verlief is, hanteer 'n vriend hulle korrespondensie want hy kan nie skryf nie. Hierdie vriend het self 'n oog op die betrokke meisie en as hy 'n liefdesverklaring namens Thabo aan haar moet skryf, doen hy die teenoor-gestelde en Thabo en die meisie se verhouding kom tot 'n einde. Hierop vertrek Thabo na Johannesburg en 'n ander vriend skryf en stuur namens hom geld aan sy ouers. As hy later huiswaarts keer, vind hy dat hierdie vriend hom ook om die bos gelei het, die geld gesteel het en sy ouers se briewe aan hom gefabriseer het, terwyl hy ook nooit Thabo se briewe aan sy ouers ge-pos het nie. Hierdie gebeure noop Thabo om oor die verspilling van sy kanse om skolastiese opleiding te bekom, te tob en spyt daaroor te hê. Dog gedane sake het geen keer nie en het hy as volwassene nie meer die geleentheid om die skool by te woon nie.

Hierdie werk is baie eenvoudig en kort en die intrige stel in alle opsigte teleur! Dit kan beswaarlik as 'n novelle bestempel word; eerder as 'n langerige opstel of hoogstens as 'n jeugverhaal. Khabele se taalgebruik is ook baie eenvoudig. As sulks is hierdie werk geen bydrae tot die Suid-Sotho-letterkunde nie.

P. Lehloenya se werk, Moiketsi oa Sehong-Hong, handel ook soos bogenoemde werk oor die feit dat lewenslesse soms te laat geleer word en illustreer die skrywer ook die feit dat die mens deur sy eie leefwyse, ongelukkigheid oor homself kan bring. Die werk is ook bespreek in paragrawe 6.2.16 en 6.3.3 en die verhaal wat daarin voorkom, verloop as volg:

Moiketsi is aanvanklik 'n lui en papbroekige seuntjie en sy vader tree hardhandig teenoor hom op ten einde hom sy taak as veewagter te laat besef. Aanvanklik onderdruk die ander veewagters hom, maar later begin hy sy eie man staan en neem deel aan die gewone streke en stoutighede van die veewagters. As hy sy vee in die kafferkoringland laat kom, kry hy pak. By 'n buitepos word die perde deur die gewone gesteel en een dief word gevang en gemartel. Hierna volg die veewagters se hofmakery, hulle liefde teenoor 'n bepaalde bees en onderlinge geveggies waarin Moiketsi altyd die voorbok is.

Hulle spel ontaard egter as hulle grootmense voorkeer, verneder en hulle daarin verlustig. Hoofstukke 14-18 behels die een na die ander hofsake waarin die perde-diewe voorkom. Dan begin Moiketsi totaal ontaard. Reeds tydens die hofsake het hy in aanraking met slegte gewoontes en swak gedrag gekom, maar in hoofstukke 19-22 leef hy hom uit in 'n ongewensde en afkeurenswaardige leefwyse wat hy later tuis voortsit. Hy is sy makkers se held en stel aan hulle 'n slegte voorbeeld wat hul gretig navolg.

Hierna maak Moiketsi vir Makhethe die hof en trou met haar. As hulle twee eendag by hul land aankom, vind Moiketsi dat een van die veewagters, saam met wie hy dikwels vee opgepas het, se vee in sy land wei. Dadelik begin hy met hierdie man te baklei en doen 'n noodlottige wond op. Hy laat 'n priester kom, spreek sy spyt oor al sy dae uit en kom te sterwe.

Lehloenya is langdraderig en pakkende gebeure wat die sentrale tema rugsteun, spanning laat opbou en tot 'n krisismoment lei, ontbreek. Karaktertekening word oorheers deur agtergrondtekening en groepshandelinge sodat Moiketsi in wese nie as hoofkarakter na wense op die voorgrond tree nie. Tog ondergaan hy 'n duidelike karakterverandering as kind - van 'n teruggetrokke lafhartige seuntjie tot 'n dapper, veglustige voorbok en later behamel.

Lehloenya maak van skrywerskommentaar gebruik en is soms didakties; vgl. hoe hy die keuse van 'n huweliksmat bespreek¹. Sy taalgebruik is goed maar hy is oordadig in die gebruik van veral spreekwoorde. Hy is ook lief om ideofone en verdubbelings aan te wend. Nege gedigte en vier liedere kom in die werk voor en dien ook tot stylverfraaiing.

In sy geheel gesien is Lehloenya se tema nie heeltemal dit wat hy in sy voorwoord beoog het nie en kan die werk ook as geen groot sukses bestempel word nie.

In E. Suping se werk Litholoana tsa Menate ea Lefatše, beeld sy as enigste vroueskryfster die verslegting,

1. Vgl. Lehloenya, P., Moiketsi oa Sehong-Hong, p. 108.

sedeloosheid en kerkafvalligheid wat by 'n vrou kan intree onder die slegte invloed van 'n ander sedelose vrou, uit. Hierdie werk is ook in paragraaf 6.2.1 bespreek en die baie kort intrige verloop as volg:

'Malitaba en Ralitaba gaan 'n huwelik aan, het een dogter en voer 'n christelike lewe as goeie Rooms-Katolieke. 'Malitaba raak hierop bevriend met die weduwee en hoer, Halifele, en onder laasgenoemde se invloed begin sy haar man en huis afskeep en staak haar kerklike aktiwiteite en kerkbesoek totaal. Sy raak moeg vir haar man waarop haar vriendin haar aanmoedig om hom, soos wat sy self met haar man en kind gedoen het, om die lewe te bring. Hiermee is 'Malitaba baie ingenome en sy vergiftig ook haar man. 'n Afvaardiging van die kerk se vrouevereniging besoek haar by twee geleenthede maar sy wil niks met hulle te doene hê nie en gaan voort met haar bierbrouery en -verkope asook buite-egtelikheid wat sy suksesvol bedryf. Hierop kry sy 'n huweliksaansoek en vertrek met hierdie man na Maseru. Op pad blyk hierdie man die Duiwel self te wees en 'Malitaba se selfverwyt begin.

Hierdie intrige bevat nie veel spanning nie en die benamings van hoofstukke doen ook afbreuk daaraan, deurdat die leser vooraf weet waarom bepaalde hoofstukke handel. Karakteruitbeelding is ook baie swak en karakters se handeling nie gemotiveer nie. Die ommeswaai in 'Malitaba se lewe is bv. nie baie logies nie en geskied sonder enige werklike konflik. Trouens, deur die hele werk is daar feitlik geen konflik nie. Al wat in die hele werk krediet verdien, is Suping se styl - 'n sierstyl met die aanwending van baie goeie spreekwoorde, vergelykings en metafore. Dialoog kom volop voor maar is egter soos in 'n drama aangebied. Die werk het 'n didaktiese strekking en word ook op hierdie noot afgesluit. As skryfster is sy dus nog baie onervare maar implementeer tog oorspronklike idees en behoort met meer ervaring suksesvoller werke te lewer.

---oOo---

HOOFSTUK VI: DIE AARD VAN DIE SUID-SOTHO NOVELLE6.1 INLEIDING:

Die novelle in Suid-Sotho vertoon, in sy geheel gesien, sekere karakteristieke kenmerke wat nadere ondersoek en bespreking regverdig. Prakties kan dit onder die volgende hoofde geskied:

6.2 DIE TEMA:

Die Suid-Sotho-skrywer beperk sy keuse van temas tot sy onmiddellike omgewing waarin uitsluitlik gebeure sy aandag geniet. Hetsy historiese gebeure, tradisionele gewoontes, die liefde of kontak tussen wit en swart en met 'n westerse beskawing uitgebeeld word, bly die Suid-Sotho-skrywer op die vlak van handeling en gebeure wat die meeste aandag in die maatskappy trek en hom moontlik tot verontrusting stem. Weens die feit dat skrywers novelles lewer met die oog op 'n mark in Bantoeskole en omdat die skrywer in opvoedkundige kringe beweeg en derhalwe finansieel en sosiaal bo die meeste van sy volksgenote uitgestyg het, is dit nie snaaks dat die novelle aangebied word met die hoofdoel om opvoedkundige leesstof te wees nie. Daar is nie sprake van ontspanningslektuur nie en is temas oor die algemeen didakties van aard. Die leser, en veral die skoolier word tot die daarstelling van ideale en sukses aangemoedig terwyl die voer van 'n Christelike leefwyse as deel hiervan gesien word en die verwerping van sekere tradisies as stremmend op geestelike groei en in botsing met die Christelike godsdiens geteken word.

Temas is meesal eenvoudig maar soms baie relevant in die uitbeelding van die Bantoeseprobleme in die aanvaarding van 'n westerse samelewingstruktuur. Ten einde 'n oorsig van die temas in geheel te verkry, kan 'n volgende indeling gemaak word:

6 2.1 DIE CHRISTELIKE GODSDIENS:

Die feit dat 13% van die Suid-Sotho-novelles die Christelike godsdiens as tema het, is genoeg bewys van die be-

langrike rol wat die godsdiens in die Basotho se volkslewe speel en die aandag wat dit geniet in 'n nuwe lewens- en wêreldbeskouing wat met die oorname van 'n westerse beskawingsleefwyse ontwikkel. Die christelike godsdiens word nie volledig of in sy geheel aan die oningewyde geteken nie maar al die werke spreek tot lesers wat reeds oor 'n begrip daarvan beskik. Dit geskied deur die beklemtoning van Christus se Soenverdienste en die rol wat hierdie genadedaad in die mens se aanpassing in 'n sondige en hoogs gekompliseerde samelewingstruktuur kan speel. Die behoefte aan 'n God as anker, beskermer en einddoel in die lewe word reeds in die heel eerste publikasie van 'n Suid-Sotho-novelle opgemerk; vgl. T. Mofolo se Moeti wa Botjhabela wat later opgevolg is deur E. Segoete se Monono en D. Matselotse se Ditaba tsa Tawana. Dat Christus die middelpunt van al die mens se handeling en strewes moet wees, kom duidelik uit Senyamo deur E.P. Lebone na vore, terwyl beide E. Segoete in Monono en A. Sekoli in Lekomo la Ralitoro, klem lê op die vrede wat die mens se deel word met die aanname van Christus as Verlosser. Die Satan as aktiewe vyand van die mens in sy verkryging van geluk, vrede en beërwing van 'n Ewige Lewe saam met Christus ontsnap ook nie die Suid-Sotho-skrywer se aandag nie as D.P. Lebakeng, die Bose en al sy trawante se werksaamhede in Sekoting sa Lihele uitbeeld.

Dit is duidelik dat die christelike godsdiens nie as verhaal geteken word nie, maar wel die toepassing daarvan in die mens se lewe met klem op enkele fasette van 'n nie-christelike leefwyse, sowel as 'n doelgerigte strewe om deur middel van die christelike godsdiens 'n beter aanpassing in die aardse sondigheid en onvolmaaktheid te kan hê - vgl. die ongelukkigheid weens byvoorbeeld moord, diefstal, buite-egtelikheid en armoede wat van die toneel af verdwyn na kennismaking met Christus as Verlosser en die mens motiveer om hom daarvan te distansieer of sy probleme en omgewingsfaktore, wat hom vroeër ongelukkig gestem het, te aanvaar en ondergeskik aan die leef van 'n christelike leefwyse te stel.

Die Suid-Sotho-skrywer teken die christelike godsdiens egter net in soverre as wat dit die mens se behoeftes raak en word

die belangrike aspek van diens aan God uit dankbaarheid geheel ter syde gelaat, behalwe in een werk waarin die hoofkarakter se lewe sterk aan die van 'n non herinner weens die toewyding en verwerping van die huwelik. (Vgl. Senyamo deur E.P. Lebone.) Tog blyk die hoofkarakter se motief vir haar optrede nie heeltemal duidelik nie, maar wil dit voorkom asof dit eerder hier om verdienste dan dankbaarheid gaan. Die temas is deurgaans eenvoudig en alleenlik in die Aanvangsperiode word daar getrag om diepgaande probleme met betrekking tot die mens se godsdienstige belewenisse te peil of te betrag. Vgl. byvoorbeeld hoe T. Mofolo die christelike ideaal en praktyk deurskou in Pitseng en tot die gevolgtrekking kom dat hierdie twee aspekte nie harmonieer nie. Dit is dan dat hy feitlik volmaakte karakters skep om sy lesers tot voorbeeld te strek en die hoedanighede van 'n huwelik, voorafgegaan deur hofmakery wat die christelike beginsels as basis het, beklemtoon.

In die geval van Litholoana tsa Menate ea Lefatše deur E. Sumping word 'n gekerstende vrou deur 'n vriendin verlei tot kerkafvalligheid en sedeloosheid en bring sy selfs haar man om die lewe. Die gevolg hiervan is dat sy simbolies deur Satan as sy eiendom opgeëis word en trag die skryfster bloot om die mens op te voed ten opsigte van die voer van 'n goddelose lewe.

Die toetrede van die Rooms-Katolieke Pers tot die verspreiding van Suid-Sotho-nouvelles het daartoe gelei dat hierdie letterkundige genre 'n spreekbuis geword het waardeur die Rooms-Katolisisme as enigste weg tot saligheid gepropageer kan word. Netso bied dit die veroordelende en kritiese Rooms-Katolieke skrywer die geleentheid om sy beskouings oor die Rooms-Katolisisme en Protestantisme aan sy lesers op te dring en hierdie twee uitgangspunte in die christelike godsdienst direk teenooreen te stel en die Protestantisme af te maak of in 'n swak lig te stel. (Vgl. byvoorbeeld A. Nqheku se werk Lilahloane en die kort novelle Tsielala deur F. Nqheku). Hierdie skrywers trag nie om objektief vergelykings te tref en tot 'n slotsom te kom nie, maar vooropgestelde idees lei tot 'n subjektiewe bespreking wat skewe beelde tot gevolg het. Verskille in Kerkgenootskappe se beskouings of 'n diepgaande benadering met

betrekking tot elk se beskouing ontbreek. In beide werke word bloot die ongelukkigheid van die heiden of sogenaamde gebrek aan sielevrede by die Protestant geteken, wat dan verdwyn met die aanname van die Rooms-Katolisisme. Die durf waarmee die Rooms-Katoliek sy godsdienstige oortuigings uitleef en die gebrek aan hierdie onverskrokkenheid by die Protestant lei dan daartoe dat die leser noodgedwonge moet toegee dat die Rooms-Katolieke Kerk en sy lidmate groter verdienste as die Protestantisme het - 'n gevolgtrekking waartoe 'n leser met gebrekkige kennis of ervaring van die Protestantisme, sonder veel moeite kan kom. Hierdie eensydige benadering, indoktrinasie en subjektiewe beskouing van die Protestantisme deur die Rooms-Katolieke skrywer en pers het geen verdienste in die letterkunde nie en moet as sulks afgekeur word.

Hierdie temas met 'n godsdienstige strekking sluit nou aan by alle temas waarin skrywers die Bantoe se aanpassing by 'n veranderde milieu teken, soos byvoorbeeld ook in die volgende indeling gesien sal word. Hoewel nie as hooftema nie, speel die christelike godsdiens 'n groot rol in baie ander werke, soos byvoorbeeld in S.N. Majara se 'Makotulo of B.T.N. Gugushe se 'Naleli ea Meso.

6.2.2 BEÏNVLOEDING DEUR DIE STAD OF WESTERSE GEMEENSAP:

Temas waarin die Bantoe se verhuising vanaf sy tradisionele omgewing, ervarings en aanpassingsprobleme in 'n vreemde milieu of gemeenskap geteken word, maak 'n groot deel, naamlik 17% van die Suid-Sotho-skrywer se werke uit. Dit is dus duidelik dat hierdie aspek wat, tesame met die oornam van 'n westerse samelewing, vir die Bantoe vreemd en vol aanloklikhede was en is, maar ook aanpassingsprobleme meegebring het, vir die Bantoeskrywer 'n riem onder die hart is en sy aandag regverdig. Die gevare wat die stadslewe vir die oningewyde se moraal, tradisionele gewoontes en beginsels, sedelike leefwyse, geluk en daaglikse bestaansbehoefte inhou, word beklem-

toon, terwyl die oplossing van hierdie probleme óf 'n terugkeer na die tradisionele omgewing óf 'n aanname van die Christelike godsdiens, is. Vgl. byvoorbeeld hoe die hoofkarakters Molahlehi in S. Matlosa se werk, Molahlehi, Abel in S.N. Majare se O sentse Linako en Kgunou in Kgunou le Maria deur H.B. Lethoba na al hul omswerwinge terugkeer Lesotho toe na die hegtheid, beskerming of groepsgebondenheid van die tradisionele stamverband. Nêrens slaag 'n hoofkarakter daarin om hom mettertyd suksesvol by die stadslewe aan te pas nie. Eerder ontwikkel die besef dat die tradisionele tuiste verreweg die meeste bevrediging, sielorus, vrede en rustigheid bied.

Hierdie temas het ook 'n opvoedkundige strekking en skrywers waarsku ondubbelsinnig, wetend of onwetend, hul lesers teen die gevare wat die stadslewe vir die mens se lewe, fisies sowel as geestelik inhou, met die implikasie dat die voordele aan gebondenheid in die stamverband nie gering geag moet word nie. Vgl. byvoorbeeld hoe E. Segoe in sy novelle dit ondubbelsinnig stel dat die mens in die ongereptheid van sy stamverband nie so blootgestel is aan allerlei verleidinge wat stremmend op die geesteslewe inwerk nie - die teenoorgestelde word juis as kenmerk van die komplekse samelewingstruktuur in die blanke stede geteken. In hoofsaak vind die Bantoeskrywer die kern van hierdie probleem in die feit dat die Bantoe as jong en onervare persoon, meesal tydens sy puberteitsjare, stad toe verhuis en weens gebrekkige skolastiese opleiding aldaar finansieel nie die mas kan opkom nie en aangewys is op onwettige pogings om aan die lewe te bly, of op onderhouding deur 'n vrou met wie 'n buite-egtelike verhouding aangeknoop word, vgl. byvoorbeeld Molahlehi deur S. Matlosa. Dit, tesame met beïnvloeding deur beginsellose, gewetenlose en sedelose stedelinge, lei daartoe dat tradisionele gewoontes verwaag en 'n nuut-ontdekte ongebondenheid tot gevolg het; dat reddeloosheid en sorgbehoewendheid intree, (Vgl. byvoorbeeld A.C.J. Ramathe se Tshepo). Dit gebeur selde dat swak vriende 'n karakter tot onwettighede verlei, soos in genoemde werk van S. Matlosa, en om beginsels oorboord te gooi, soos in Kgunou le Maria deur H.B. Lethoba. Eerder is dit die atmosfeer in die stad en 'n inherente swakheid om aan die eise wat dit stel, te voldoen, wat tot aanpassingsprobleme lei.

Die stadslewe word selde in al sy fasette geteken en is dit hoofsaaklik diefstal, moord, aanrandings, dronkenskap, buite-egtelikheid, wanbegrippe tussen blank en nie-blank, die harde werk in myne, behuising en die bevrediging van daaglikse behoeftes wat die aandag geniet. Verswelging deur die massa en gevolglike eensaamheid is hiervan deel, hoewel hierdie feit nie altyd benadruk word nie en hoofsaaklik botsings met die gereg en gevolglike tronkstraf tot die meeste ongelukkigheid aanleiding gee. Sien Molahlehi deur S. Matlosa en Monono deur E. Segoe byvoorbeeld. Teleurstelling en werklike onaanpasbaarheid by die stadslewe ontbreek egter weens die feit dat skrywers dit agterweë laat om karakters te skets wat doelbewus daarna streef om eie beginsels te behou en nie deur die stroom meegesleur te word nie, maar net eenvoudig nie die mas kan opkom nie. Deur die bank word skrywers se karakters net eenvoudig meegesleur sonder dat enige noemenswaardige pogings aangewend word om nie in die stad onder te gaan nie. Alleenlik in twee werke het die hoofkarakters geen probleme om hulle in die vreemde omgewing van die stad aan te pas nie; terwyl die invloed wat hierdie komplekse samelewingstruktuur het op diegene wat daar gebore is, nooit aan die hand van 'n hoofkarakter se lewe geteken word nie. (Vgl. Mofufutso wa Phatla deur C.L.J. Mophethe en Mehlolo ke Dinoha deur S.P. Lekeba.) Alleenlik in eersgenoemde werk het die stadslewe 'n invloed op 'n ondergeskikte karakter se lewe, maar die werklike aanleidende oorsake daartoe geniet nie die aandag nie. Mophethe illustreer bloot die feit dat twee kinders wat dieselfde opvoeding geniet het, nie albei eenders daarop reageer het nie.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat ook hierdie temas eenvoudig is, geen diepgaande aandag geniet nie en skrywers bloot die onmiddellik waarneembare uitwerking van die stadslewe op jongmense vanuit hulle ouerhuise elders, teken. Werklike geestelike aftakeling maak plek vir eksterne faktore of beïnvloeding, met ander woorde dit is eerder die faktore wat die individu beïnvloed wat die aandag geniet as die wyse waarop dit hom beïnvloed of raak en hoe hy daarop reageer. Hoewel bogenoemde saamhang met die wyse waarop die tema uitgebeeld word, kon en=

kele skrywers immers by die bepaling van hulle oogmerke ook meer aandag aan karakters se sienings of waarnemings van die stadslewe gegee het, as bloot die wyse waarop dit hom rondskommel asof hy oor geen potensiaal beskik om sake in hersiening te neem en handelend op te tree in 'n poging om bepaalde beginsels uit te leef nie. Dit is dus duidelik dat hoewel die stadstema 'n opvoedkundige strekking het, die volwasse leser nie veel pitkos uit die geskrewe werke kan haal nie. In baie ander werke word die ondervindings van hoofkarakters se besoeke aan die stad geteken, hoewel dit nie die sentrale tema is nie. (Vgl. byvoorbeeld 'Makotulo deur S.N. Majara en Tsielala deur F. Nqheku.)

6.2.3 DIE NUT EN WAARDE VAN SKOLASTIESE OPLEIDING:

Vele skrywers vind dit jammer dat baie kinders op 'n te vroeë ouderdom die skool verlaat en dan weens onvoldoende skolastiese opleiding nie in staat is om aan die eise van die moderne samelewing te voldoen nie. Gewoonlik word ouers se vermanings verontagsaam en word daar van die skool af weggeloop of lei die skolier weg van die huis op kosskool 'n ongedissiplineerde lewe as gevolg waarvan hy dan uit die skool geskors word. Gewoonlik lok die Goudstad of die leefwyse in geïndustrialiseerde gebiede hierdie skoliere en eers as daar na die verloop van jare tot die besef gekom is dat die lewe nie bloot maanskyn en rose is nie, word daar na die ouerhuis teruggekeer, dikwels met die begeerte om die lewe aldaar te hervat waar dit vroeër opgehou het, soos in die geval van S.N. Majara se O sentse Linako en Moiketsi h'a Lleloe deur E.M. Khabele. Dan tree die besef in dat verbeurde geleenthede moeilik, indien ooit weer, benut kan word en die ongelukkige persoon, wat homself vir niks bekwaam het nie, bloot op hande-arbeid toegewys is, soos in voorafgaande werk. Werke van hierdie aard het 'n didaktiese strekking en skoliere word doelbewus die aandag gevestig op die nut en voordele van skolastiese opleiding en die probleme wat ondervind word by

'n gebrek aan voldoende opleiding. Skoliere se stokkiesdraaiery geniet die aandag in Tshepo deur A.C.J. Ramathe en O sentse Linako deur S.N. Majara. In vier gevalle loop skoliere van die skool af weg om elders 'n heenkome te vind en op eie bene te staan. Vgl. byvoorbeeld Arola Naheng ea Maburu deur A. Nqheku, Moi=ketsi h'a Lleloe deur E.M. Khabele, Menyepetsi ya Maswabi deur A.T. Maboe en O sentse Linako deur S.N. Majara. Soms word skoliere geskors weens swak gedrag, soos byvoorbeeld in die geval van Mamello e Tsoala Katileho deur B.M. Masilo en Molahlehi deur S. Matlosa. In die geval van eersgenoemde werk vertoon die hoofkarakter later die begeerte om weer te studeer en maak dan 'n sukses van sy skoolloopbaan. In ander werke maak die skolier 'n sukses van sy skoolloopbaan en stel só 'n voorbeeld aan ander skoliere, vgl. byvoorbeeld Pitseng deur T. Mofolo, Leshala le Tswala Molora deur E.A.S. Lesoro en Masoabi deur K.E. Ntsane. Slegs in een geval teken die skrywer 'n skolier se probleem indien sy ouers weier dat hy verdere skolastiese opleiding ondergaan, vgl. Motwaitwai wa Lesotho deur J.T. Khalala. Hierdie verskillende variasies is almal relevant en lewensgetroue aanbiedings van alledaagse gebeurlikhede in Bantoeskole en in die Bantoesamelewing. Die feit dat 13% van die Suid-Sotho-nouvelles hieroor handel, is 'n bewys dat hierdie probleem, om Bantoe kinders die nut en voordele van skolastiese opleiding te laat besef, swaar op die Bantoeskrywer se gemoed rus.

6.2.4 DIE TEKENING VAN TRADISIËS:

Geen groot verskeidenheid van tradisies dien as tema van Suid-Sotho-nouvelles nie en dit kom voor asof bloot dié tradisies wat in botsing is met die uitlewing van die christelike godsdiens, die meeste aandag geniet en as sulks afgekeur word. Tog, ten spyte daarvan dat die tradisie met betrekking tot die 'lobola'-stelsel deur sommige skrywers, soos byvoorbeeld deur T. Mofolo in

Pitseng afgekeur word, word dit deur ander verdedig as versoenbaar met genoemde ideologie en in elk geval as 'n behoudende element in die huwelik beklemtoon. Vgl. byvoorbeeld Sebolelo deur A.T. Maboe. Oor die algemeen word die skerp kontras tussen aanhangers van sekere tradisionele gewoontes en diegene wat dit verwerp weens christelike beginsels, met gevolglike botsings tussen 'n jongere en ouere geslag, pertinent behandel. Die volgende tradisies dien as tema van bepaalde werke:

6.2.4.1 DIE SLUITING VAN HUWELIKE:

In hoofsaak teken skrywers hier die verskille in uitgangspunte tussen jongmense en hulle ouers oor wie die finale seggenskap moet hê in die keuse van huweliksmaats. Tradisioneel het die ouer en vader, as patriargale figuur, alleenseggenskap met betrekking tot die reëling van 'n huwelik vir sy kind gehad en is sy besluit eenvoudig afgedwing soos wat B.M. Khaketla dit teken in sy werk, Meokho ea Thabo, en E.P. Lebone in Senyamo. Vgl. hoe die wederstrewige dogter se vinger vasgebind word ten einde haar tot ander insigte te bring of te dwing. Hierteen kom die jeug in opstand. Weens die verkryging van skolastiese opleiding en gevolglike agtergrondverskille tussen ouer en kind en die feit dat die jeug selfversorgend is en dikwels ook nog ouers moet onderhou, ontwikkel die jeug 'n bepaalde selfstandigheid as gevolg waarvan hul dit moeilik vind om nie deur hul ouers in aanmerking geneem te word by die keuse van huweliksmaats nie. Hierbenewens het groter vryhede en kontak met die teenoorgestelde geslag met gevolglike hofmakery en ondervinding van die liefde, wat ook in die christelike godsdiens as kern van die huwelik onderstreep word, daartoe gelei dat die jeug liefdelose huwelike verwerp. Vgl. byvoorbeeld veral B.M. Khaketla se werk Meokho ea Thabo asook Lesiamo le Ema deur O. Mofolo.

Hierdie situasie noop skrywers om bepaalde standpunte in te neem en onderskeidelik te wys op die ongelukkigheid van kinders wat teen hulle sin in huwelike ingedwing word, soos byvoorbeeld in genoemde werke van Khaketla en Mofolo asook A.T. Maboe se werk Sebolelo. Tog word in sekere werke ook daarop gewys dat sodanige reëlings wat deur ouers getref is, dikwels ook goeie keuses is wat tot suksesvolle huwelike kan lei. Vgl. veral in hierdie verband Khaketla se werk asook Nqoana ha a botsa Telejane deur M.L. Maile.

Soms word hierdie tradisie vanuit 'n christelike oogpunt veroordeel, soos byvoorbeeld deur T. Mofolo in Pitseng en deur A. Nqheku in Lilahloane. In laasgenoemde werk word hierdie tradisie eers verwerp omdat die huwelik tussen Rooms-Katoliek en Protestant gereël word, maar later word hierdie situasie aangewend om die Protestantse bruidegom en sy ouers tot 'n aanname van die Rooms-Katolisisme te lei. Tog is die ongelukkigheid van die kinders, dié situasie waarteen die meeste kapsie gemaak word en sonder dat dit direk gestel word, word dit op die christelike grondslag van vryheid van die individu en die rol wat die liefde in hierdie godsdiens speel, afgekeur - hierdeur word ouers se pogings om tradisionele beginsels ten opsigte van die keuse van huweliksmaats vir hulle kinders, nie te laat vaar nie, verwerp as onprakties, geringskatting van die jeug se oordeel en gevoelens asook die christelike en westerse beskawingsbeginsel dat die liefde die basis van alle huwelike sal wees.

6.2.4.2 DIE ONTVOERING VAN 'N BRUID ("TJHOBEDISO") :

As uitvloeisel van en opstand teen bogenoemde dwangmaatreëls deur ouers op hulle kinders toegepas, ontwikkel die jeug 'n nuwe tradisie wat ewe-eens deur skrywers afgekeur word, naamlik dat jongmans hulle bruide eenvoudig ontvoer en sodoende ouers se reëlings met betrekking tot 'n huwelik pypkan, of onwillige

jong meisies in 'n huwelik, wat deur die jongman be= geer word, dwing. Veral in Sebolelo deur A.T. Maboe word hierdie verskynsel sterk afgekeur, terwyl B. Ma= lefane in Nqalong ya Lerato en A. Nqheku in Lila= hloane op die ongelukkigheid wat hierdie praktyk vir die jong meisie inhou, wys.

6.2.4.3 DIE 'LOBOLA'-STELSEL:

Hierdie stelsel wat deur aanhangers van die chris= like godsdiens verdoem word as synde 'n heidense in= stelling te wees waardeur bruide sogenaamd 'gekoop' word, word ook deur sommige skrywers verdoem maar dan op die grondslag dat dit soms saamhang met die reëling van gedwonge huwelike wat tot die jeug se ongelukkig= heid en frustrasie bydra, vgl. byvoorbeeld Nqalong ya Lerato deur B. Malefane. Hoewel nie as tema nie, word hierdie feit in ander werke ook illustreer. Tog is daar diegene soos byvoorbeeld A.T. Maboe in Sebolelo wat nie net op die leed van jongmense wys wat by hul ouers se huweliksreëlings moet berus nie, maar ook die onverbreekbaarheid van beloftes wat deur middel van die 'lobola' aangegaan is, beklemtoon. Hy wys daarop dat oneerlikheid of geringskatting van die 'lobola'-stelsel aan alle partye betrokke, verdriet kan meebring. Elemente soos eerlikheid, agting vir instellings en meerderes en die nakoming van beloftes wat hand aan hand met genoemde instelling gaan, is vir hom beginsels wat met 'n christelike siening te rym is en derhalwe teken hy die 'lobola'-gebruik as iets wat nie heeltemal so onaanvaarbaar in 'n westerse samelewingspatroon behoort te wees nie. Tog ontbreek daar by hom en alle ander skrywers 'n weldeurdagte en diepgaande bespreking van die 'lobola', waardeur die nut en waarde daarvan en die Bantoe se siening daaromtrent in perspektief gestel word. Immers, die 'lobola' is by alle huweliksluitings aan te tref, het= sy die huwelik onder dwang deur ouers gereël is, deur die jongmense in samewerking met hulle ouers gereël

is, of die bruidegom die bruid eenvoudig ontvoer het. Tradisioneel was hierdie gebruik funksioneel en kan dit moontlik steeds 'n rol vervul as behoudende element in die huwelik, waardeur man en vrou groter verantwoordelikheid teenoor mekaar en hul kinders kan hê. Weliswaar kan dit daartoe lei dat die vrou as besitting van die man gesien word en kan die grootouers se regte ten opsigte van eersgeborenes ter sprake kom, maar hierdie feite is daar vir die skrywer om te verwerk en toon die ondersoeker bloot aan dat die Suid-Sotho-skrywer hierdie braakveld ongereg laat lê het.

6:2.4.4 BIGAMIE:

Bigame huwelike is 'n verskynsel so oud soos die berge en die Basotho het tradisioneel ook aan hierdie gebruik, wat op christelike grondslae afgekeur word, deelgeneem. Deur die bank geniet hierdie instelling skrywers se afkeuring, maar snaaks genoeg word dit nie direk veroordeel as in stryd met die christelike ideologie nie. Eerder word dit verwerp as synde 'n praktyk te wees wat tot veel ongelukkigheid in die huwelik en vir kinders kan lei. Hierin is die man meesal die skuldige omdat sy voorliefde vir een bepaalde vrou daartoe lei dat die ander, tesame met haar kinders, afgeskeep word. Vgl. byvoorbeeld Chaka deur T. Mofolo, Sebolelo deur A.T. Maboe en Peleapele deur J.K. Thakhisi. Ook in Mopheme deur S. Matlosa lei bigamie tot ongelukkigheid maar wel vir die vader en sy lieflyngskind wat deur 'n jaloerse tweede vrou getreiter word. Weens die feit dat sy alles wil inpalm, word die vader dan ook vermoor, terwyl genoemde kind die dood naelskraap ontkom.

6.2.4.5 DIE 'KENELA'-GEBRUIK:

In aansluiting by bogenoemde vind ons in twee enkele werke, naamlik Mehlolo ke Dinoha deur S.P. Lekeba en Liretlo deur A.S. Mopeli-Paulus, die tradisionele ge-

bruik dat 'n vrou, wat haar man deur die dood verloor, deur een van haar man se broers opgeëis word en sy en haar kinders met hul besittings dan aan sy begeertes en versorging onderworpe is. 'n Soortge-lyke situasie as die bigame huwelik ontstaan en dit spreek vanself dat die weduwee en haar kinders, of die wettige eerste vrou, as gevolg van hierdie gebruik aan die kortste end gaan trek. Die sielkundige konflik wat in die bigame huwelik ontstaan, geniet geen diepgaande ondersoek deur skrywers nie en word bloot die handeling wat tot ongelukkigheid lei, geteken en dan meesal as onderdeel van 'n ander tema wat die uitvloeisel van hierdie praktyk behels. As sulks het die stremmende faktore, wat beide die bigame huwelik en die 'ho kenela'-stelsel in die huisgesin inbring, nog nie genoegsame aandag geniet nie.

6.2.4.6 INISIASIE:

Die inisiasie as instelling geniet geen skrywer se goedkeuring nie - nie eers die moontlikhede wat dit bied ten opsigte van die vorming van die jeug word ondersoek nie. Aan die hand van karakters wat weier om daaraan mee te doen op grond van christelike oortuigings of vanweë 'n hindernis in die verkryging van 'n hoër skolastiese opleiding word dit afgekeur en blyk dit ondubbelsinnig dat skrywers hierdie instelling koppel aan agterlikheid, heidensheid en deelname daaraan sien as benede diegene wat 'n westerse beskawingspeil nastreef. Motivering hiervoor ontbreek geheel en al, terwyl skrywers ook nie die inisiasieskool só teken dat die leser stelling daaromtrent kan inneem nie. In hoofsaak word dit aangewend om die botsings tussen die jeug en ouer geslag, elk met 'n eie sienswyse en as aanhangers van 'n andersoortige kultuur, te teken, vgl. byvoorbeeld Ngalong ya Lerato deur B. Malefane en Peleapele deur J.K. Thakhisi. Dit is jammer dat die inisiasieskool self nie as hoof-

tema vir 'n verhaal dien waarin logiese en diepgaande beredenerings 'n totaliteitsoorsig oor hierdie gebruik gee nie.

Al bogenoemde tradisionele gewoontes word deur J.J. Moilola betrek in beide sy twee novelles waarin hy die Suid-Sotho se afwyking daarvan teken en die skrilte kontras tussen die tradisionele en westerse omgewing teenoor mekaar stel. In Paka-Mahlomola beeld hy 'n tradisionele leefwyse uit, maar beïnvloed deur die aanvaarding van die westerse beskawing en gepaardgaande lossere norme en standaarde wat afwyk van die tradisionele gewoontes en beginsels. Soos E. Segoete wys hy daarop dat nie net die stad nie, maar ook die platteland, onderhewig is aan veranderinge in die Basotho se volkslewe wat sy tradisies nou raak. In sy tweede werk, Mehla e a Fetoha, geniet hierdie verskynsel groter aandag, sodat hy ook die hedendaagse leefwyse veroordeel en die tradisionele aanprys as vervloë, utopiese skoonheid, harmonie en geluk. Die ontwrigting wat die westerse beskawing vir die Bantoe tot gevolg gehad het, blyk duidelik, hoewel hy nie nalaat om die voor- en nadele aan elke beskawingspatroon objektief mee te deel nie. Moilola betrek veel meer tradisionele gewoontes as enige ander skrywer en vergelyk dit telkens met die huidige situasie, sodat sy werk eerder herinner aan geskiedkundig-antropologiese prosa, dan die roman waaronder die uitgewers dit klassifiseer. Sy bespreking dek haas elke denkbare veld van verskille tussen 'n hedendaagse leefwyse en tradisionele gebruike soos byvoorbeeld ten opsigte van kleredrag, siektes en die behandelings daarvoor, reise, diefstal, gehoorsaamheid, onderrig, huwelik, respek, ensovoorts. As sulks is sy werk waardevolle data, veral vir diegene wat meer in die Basotho se ou gewoontes en sosiaal-maatskaplike optredes belangstel.

6.2.4.7 MOORD:

Aan die hand van die oplossing van 'n moord in Sekhu=khuni se Bonoa ke Sebatalali deur M. Ntsala, skets die skrywer die verskille wat daar bestaan in die hantering van moordsake deur die westerse- en tradisionele gemeenskappe onderskeidelik. Tereg wys hy op die wyse waarop daar in die westerse beskawing reg en geregtigheid geskied, terwyl tradisionele metodes in hierdie verband oppervlakkig is, daar verkeerdlik op toordokters se oordeel gesteun word en, weens hulle onbetroubaarheid en oneerlikheid, onskuldiges soms ly en die lewe inboet. Ntsala benadruk die onveiligheid van die individu, omkoperij en skelmagtigheid van toordokters en diegene wat hul gebruik in die uitwissing van persone teen wie hul 'n grief het. Die gevolg is dat in sy werk, anders as in baie ander skrywers se werke, die leser onder die indruk kom dat die tradisionele leefwyse van die Bantoe wel deeglik ook sy tekortkominge het.

6.2.4.8 RITUELE MOORD:

Met die instelling van Bantoehowe in 1945 in Lesotho is baie ondergeskikte kapteins blootgestel aan uitbuiting en het selfs gevaar geloop om weens korrupsie hulle posisie in die samelewing te verloor. Ten einde hulself te probeer beveilig is die tradisionele toordokter se hulp ingeroep en is vele rituele moorde gepleeg. Hierdie praktyk het só toegeneem dat die grense van tradisionele gewoontes in hierdie verband oorskry is. Allerweë is hierdie gebruik deur die Bantoe veroordeel en 'n opflikkering daarvan kon alleenlik daartoe lei dat die volk se nuutverwerfde westerse uitkyk sterk aangetas word. In hierdie atmosfeer sien A.S. Mopeli-Paulus se werk, Liretlo, in 1950 die lig en sluit B.M. Khaketla in 1960 hom daarby aan met die verskyning van sy novelle, Mosali a Nkhola. In beide werke word die moordenaars en hulle helpers

aan dié man gebring en toon die skrywers baie duidelik die nutteloosheid van hierdie praktyk aan. As sulks is dit 'n waarskuwing tot mede-Basotho dat dié praktyk grusaam en ongewens is en ook geen werklike voordele bied nie, maar alleenlik vergelding of straf tot gevolg het.

6.2.4.9 DIE BEESRAS:

Die tradisionele gebruik en waarde van die beesras vir die Basotho in die algemeen, word op simboliese wyse deur J.J. Machobane in Mphatlalatsane geskets. Hoewel hy die leser nie direk meedeel in watter gebruike of instellings die bees van kardinale belang is nie, weet en besef die leser dat die Basotho die bees as 'n wonderlike geskenk van die voorvadergeeste beskou en beeld Machobane bloot die Basotho se gehegtheid daaraan en verlorendheid daarsonder uit. Hieroor en omdat die werk 'n tradisionele agtergrond het, sluit dit goed aan by werke met 'n tradisionele tema.

Uit bogenoemde blyk dit dan dat tradisies as sulks selde deur die Suid-Sotho-skrywer uitgebeeld word, maar dat dit aangewend word om dit op 'n didaktiese wyse af te keur, hoofsaaklik in vergelyking met westerse praktyke, waardeur laasgenoemde grootliks as ideaal gestel word. Hoewel die tradisionele staat soms as 'n heerlike utopia geteken word, trag geen skrywer om werklik 'n aanpassing tussen die tradisionele en westerse beginsels te soek nie en sodoende 'n eie kultuur voor te hou nie. Vir die geletterde is die tradisionele taboe en 'n oplossing vir die ontwrigtheid wat aan die orde van die dag is by diegene wat daagliks met beide hierdie kulture te doene het, dien bloot 'n sneller oorname van die westerse beskawing en algehele verwerping van dit wat as tradisioneel beskou kan word. Dit is jammer dat die Bantoeskrywer nie by magte is om dié tradisionele elemente wat nie

in botsing met die christelike beskawing is nie uit te lig en as eie volksgoed te waardeer nie.

6.2.5 HISTORIESE TEMAS:

16% Van die Suid-Sotho-nouvelles het 'n historiese agtergrond en word hierdie genre ingelei deur T. Mofolo met sy werk Chaka wat in 1926 verskyn het. Eers in 1946 word hierdie veld weer betree met J.J. Machobane se uitbeelding van kannibalisme tydens die Bantoe-oorloë van 1818 - 1834 in Mahaheng a Matsho. Oor die algemeen dek die historiese temas 'n wye veld maar is dit veral Moshweshwe I, opperhoof van die Basotho, wat die meeste aandag geniet. Die volgende karakters word in werke van hierdie aard uitgebeeld:

6.2.5.1 MOSHWESHWE I:

Hierdie figuur en/of totstandkoming van die Suid-Sotho-volk word in vier werke uitgebeeld, naamlik Senate, Shoeshoe 'a Moshoeshoe deur J.J. Machobane, Morena oa Thaba en Moroetsan'a Moshate deur S.N. Majara en Moshoeshoe Moshwaila deur A.S. Mopeli-Paulus. Weliswaar pas Majara se werk Morena oa Thaba nie uit en uit in hierdie kategorie in nie vanweë die feit dat geskiedkundige feite die grootste klem geniet en daar van karaktertekening, deurlopende spanning en verbeeldingryke toevoegsels of episodes, ten einde 'n novelle te skep, nie sprake is nie. Ook is die werk geen goeie biografie nie, maar allermens 'n novelle en eerder 'n relaas oor Moshweshwe I se lewe en nageslag. Dieselfde geld Mopeli-Paulus se werk waarin hy 'n tydperk, kort voor Moshweshwe se geboorte tot en met die Franse Senedeling se aankoms te Thaba-Bosiu in 1833, teken. Machobane se werk handel in wese oor Senate en hoewel Moshweshwe se pogings om 'n geskikte opvolger vir homself te vind, ook geteken word, val die soeklig op hierdie opvolger en gebeure na Moshweshwe se dood so-

dat hierdie opperhoof slegs 'n deel van die verhaal uitmaak. Tog teken Machobane genoeg van hierdie man en sy opperhoofskap sodat die werk wel deeglik ook met Moshweshwe I rekening hou.

In bogenoemde werk geniet Machobane se verbeelding vrye teuels en is hy en Majara in sy werk, Moroetsan'a Moshate, die enigste skrywers wat, benewens T. en T.T. Mofolo, historiese feite en verdigsel só aanwend dat hul verhale 'n deeglike, historiese agtergrond het, maar die kern daarvan goeie en oorspronklike verbeeldingryke fiksie is. Vgl. Moshweshwe I se set en die uiteinde daarvan in Senate, Shoeshoe 'A Moshoeshoe. Netso die simboliese wyse waarop Majara in Moroetsan'a Moshate die vroeë geskiedenis van die Suid-Sotho-volk en hul kontak met die Boeremagte en Engelse Regering teken.

6.2.5.2 DIE BATLOKWASTAM:

In Tshehlana tseo tsa Basia teken S.M. Guma die lewens van twee belangrike Basia-vrouefigure en die rol wat hulle in die Batlokwestam voor en tydens die "Difaqane", gedurende die vorige eeu, vervul. Op aangrypende wyse toon Guma aan hoe hierdie vroue, onderskeidelik Ntlokgolo en Mmantatise, onder moeilike omstandighede, die leiding van die Batlokwestam op hulleself neem en daardeur sorg dat die erflike kapteinskap op hul kinders - die wettige erfgename daarvan, oorgaan. Hierdie stukkie geskiedenis word realisties verwerk, sodat die leser ook 'n kykie in die leefwyse en gevoelslewens van hierdie vroue en hulle stamgenote ontvang. In hoeverre Guma historiese gebeure met verdigsel vermeng, is moeilik bepaalbaar, maar dit kan nie betwis word dat hy in sy aanbieding aan die leser 'n genotvolle verhaal bied nie.

J. Setloboko se werk, Monyaluoe, het ook die Batlokwestam as historiese agtergrond. Die skrywer teken die

karakter Monyaluoe, opvolger van haar vader en voor-
geslagte se kapteinskap, in 'n tydperk ná die koms
van die blanke en nadat die Batlokwa hulle reeds in
die noorde van Lesotho gevestig het. Die kern van
die verhaal is hoe hierdie meisie, naamgenoot van die
eens magtige en koppige Mmantatise, hierdie stam tot
die aanvaarding van die christelike godsdiens, aan die
hand van die Rooms-Katolisisme, lei. As sulks is
Setloboko se werk oorspronklik en interessant.

6.2.5.3 DIE AMABULANISTAM:

T.T. Mofolo bespreek in Phakoana Tšooana die wel en
wee van die Amabulani wat uit splintergroepe bestaan,
wat onder Chaka se regime van hierdie Zulu-opperhoof
weggebreek het en hulle-self oorkant die Sambezi, on-
der kaptein Bulani se beheer, gaan vestig het. Mofolo
beperk hom tot hierdie enkele historiese feite maar
brei dit in sy intrige op so 'n wyse uit dat die le-
ser 'n detailbeskrywing van hierdie stam het, terwyl
persoonlike elemente, soos byvoorbeeld die lewe van
die fiktiewe Tulani en Tandiwe, nie net 'n deurlopen-
de lyn in die verhaal bewerkstellig nie, maar ook tot
die tekening van heldedade en 'n mooi liefdeslewe, wat
die hele verhaal ophelder, lei. Historiese gebeure
word realisties geteken en 'n persoonlike kleur daar-
aan gegee sodat die werk geen blote relaas van geskied-
kundige feite is nie en die tragedie, waarmee dit af-
sluit, die leser aangryp.

6.2.5.4 CHAKA:

T. Mofolo se bekende werk, Chaka, is geen biografie
van hierdie Zulu-opperhoof se lewe nie, vanweë die
feit dat bekende historiese feite oor Chaka se lewe,
óf buite oorweging gelaat word, óf verdraai word om
die skrywer se besondere doel te pas. Die verhaal
kan eerder gesien word as 'n besondere soort histo-
riese roman, waar die historiese gebeure verwerk word

tot 'n nuwe ervaring daarvan en die eindresultaat die vorm van 'n tragedie inneem. Chaka ontplooi in 'n simboliese figuur wat, aangevuur deur aanvanklike haat, frustrasie, 'n moontlike minderwaardigheidskompleks, verwerping deur die stam en 'n begeerte tot selfhandhawing en later deur magiese besweringe, só vervuld met sy ideale is, dat hy verband met die uiterlike wêreld verloor en tot 'n val kom. Mofolo se oorspronklikheid en hantering van hierdie stukkie geskiedenis in die Zulu se volkslewe laat dit uitstaan as die beste werk met 'n historiese agtergrond en stel ook alle ander novelles in die skadu.

6.2.5.5 MOHLOMI:

Hierdie legendariese figuur en eens welbekende kruie-dokter en kaptein se lewe is die kern van S.M. Guma se werk, Morena Mohlomi, Mora Monyane. Hy trag om geskiedkundige feite so korrek en volledig as moontlik weer te gee, veral met betrekking tot Mohlomi se herkoms, maar sy karaktertekening en die kleur wat sommige besonderhede, soos byvoorbeeld die voortbestaan van die tweeling, aan die werk gee, maak van Guma se verhaal meer as 'n blote relaas of biografie. Sy lewendige en verbeeldingryke bespreking van Mohlomi se reise byvoorbeeld, getuig van die uitbouing van historiese gebeure tot interessante, fiksionele leesstof.

6.2.5.6 'N FAMILIELID VAN DIE SKRYWER:

Volgens F.R. Letlala se voorwoord beeld hy in die werkie, Makoa, die omstandighede waaronder sy eie oupa die lewe gelaat het, uit. Dit geskied teen die agtergrond van die Bantoe-oorloë ("Difaqane") en gevegte tussen die Boeremagte en Moshweshwe I. Hoeveel feite waarheid is en hoeveel verdigsel, is moeilik te bepaal. Tog beweeg Letlala met sy verhaal teen 'n groter agtergrond van historiese gebeure. Dit kan aangeneem word dat die skrywer oor enkele interessante feite

of gegewens rakende sy oupa beskik het en hierdie feite in 'n deurlopende verhaal te boek wou stel. Vandaar 'n historiese tema wat soms mank daaraan toe is, omdat gapings in Makoa se lewensverhaal voorkom en die skrywer soms groter klem aan gebeure gee, waar= in hierdie karakter geen prominente rol vervul nie.

6.2.5.7 KANNIBALISME TYDENS DIE "DIFAQANE"-OORLOë:

Met J.J. Machobane se werk, Mahaheng a Matsho, teken hy die wyse waarop kannibalisme in Lesotho gedurende 1818 - 1834 hoogty gevier het. Sy karakters en gebeure is oorspronklik en geniet die hoofklem. Bloot enkele historiese feite word betrek, maar dan as aanvulling en agtergrond en nie as hoofdoel nie, soos byvoorbeeld die feit dat Moshweshe I se oupa deur kannibale vermoor is en dat potensiële slagoffers van hierdie wreedhede by genoemde opperhoof skuiling gevind het. Machobane veroordeel hierdie neiging waartoe baie weens hongersnood gedryf is en hy sorg dat hul simbolies vir hul dade boet en is dit in elk geval duidelik dat dié praktyk bloot sporadies voorgekom het en nie eie aan die Suid-Sotho-volk was nie. Hierdie werkie is 'n verfrissende poging om gebeure in die vroeë geskiedenis van die Suid-Sotho-volk realisties en oorspronklik uit te beeld.

Uit bogenoemde kan opgemerk word dat die Suid-Sotho-skrywer nie poog om fiktiewe karakters se lewens, of grepe uit hulle lewens, teen 'n historiese agtergrond uit te beeld nie. Eerder is dit blote geskiedkundige figure en hulle lewens wat in novelles verwerk word. Dit is bloot T.T. Mofolo en J.J. Machobane wat eie karakters skep. In elk geval oorheers geskiedkundige feite meesal en slaag slegs T. en T.T. Mofolo met Chaka en Phakoana Tsoana daarin om verbeeldingryke toevoegings te maak en met hulle werke nie net bloot historiese gebeure in verhaalvorm aan te bied, of historiese figure, binne die raamwerk van geskiedkundige gebeure

waarin hul 'n rol speel, só te teken dat die skrywers wel 'n verhaal vorm, maar, in breë trekke, steeds met 'n biografie besig is nie.

6.2.6 OPHEFFING VAN LAND EN VOLK (LESOTHO) :

Vir drie skrywers is die opheffing van land en volk 'n teer saak wat doelbewus deur hulle nouvelles aandag geniet en die leser tot nadenke en handeling aangespoor word.

In Naleli ea Meso trag B.T.N. Gugushe om dit by sy leser tuis te bring dat een man, deur volharding, ywer en 'n goeie voorbeeld, die omgewing of statsgenote saam met wie hy hom bevind, tot voordeel kan strek en sodanig kan beïnvloed dat daar in sy voetspore gevolg word. Die ekonomiese onderontwikkeltheid van die land Lesotho in 1951, toe Gugushe se werk gepubliseer is en Lesotho onder Koloniale Bestuur was, was 'n probleem wat die inwoners daarvan tot kommer moes strek en die hoop laat koester het dat iemand - Gugushe sien so 'n persoon as 'n môrester - hierdie probleem daadwerklik sou aanpak. Die kern van hierdie probleem is in elke individu of statjie se vooruitgang geleë en Gugushe sien die beste geleentheid tot hervorming aldaar, met die aanvaarding en verkryging van skolastiese opleiding as 'n eerste positiewe stap.

J.T. Khalala vertoon dieselfde strewe in Motwaitwai wa Lesotho. Hy beeld patriotiese opoffering uit en die sukses wat weens volharding behaal word, maar ongelukkig oorheers die hoofkarakter se strewes en begeertes om sy naam te verewig sodat daar van 'n werklike grootse poging, om land en volk op te hef, nie sprake is nie. Eerder is dit die hoofkarakter alleen wat sukses behaal - en dan bloot met die stigting van 'n jongeliedevereniging waarin musiek die hoofdoel is. Khalala slaag nie daarin om sy veragting vir die blanke en Kolonialisme werklik deel van sy tema te maak nie en sy land en mense iets beters te bied as dit wat hul reeds onder Koloniale Bestuur het nie. Hoewel die skrywer dus goeie oogmerke met

sy tema het, bereik hy dit nooit nie en is sy vergesig=
te ietwat kortsigtig.

J.I.F. Tjokosela se werk, Mohale otsoa Maroleng, ver-
toon dieselfde gebreke. In sy voorwoord stel hy sy
tema, naamlik bewaar Lesotho se bodem en sit die erosie
wat aan land en volk vreet, stop. Hiervan kom min in
sy werk tereg want oor gronderosie handel dit nie, bloot
oor 'n boer wat ag slaan op landbouvoorligtingsbeampes
se raad en gevolglike sukses, sonder 'n voorafgaande
situasie waarin swak boerderymetodes geteken word. Ook
word die 'erosie' of reddeloosheid, bandeloosheid en
wetteloosheid weens beïnvloeding in die stad wat Lesotho
binnegedra word en aangevul word weens botsings tussen
twee kulture wat ook in Lesotho nagestreef word, geen=
sins geteken nie; sodat die leser nie weet watter
'erosie' die skrywer presies wil stopsit nie. Eerder
teken hy die sukses van sy hoofkarakter wat later 'n
verteenwoordiger in die parlement word en sodoende trag
om enkele voordele vir sy volk te bewerkstellig en ge=
leerde Basotho te maan om nie hul land en volk in die
steek te laat en 'n heenkome elders te soek nie. Hier=
die voordele wat die hoofkarakter vir land en volk pro=
beer bewerkstellig is egter gering en behels geen daad=
werklike poging in die bestryding van ekonomiese en pe=
dagogiese onderontwikkeltheid nie.

Dit is dus duidelik dat aldrie hierdie skrywers geen
werklike vergesigte ten opsigte van land en volk sien
nie en die pogings, wat hul hoofkarakters in opheffing
van Lesotho en die Basotho aanwend, uiters powere maat=
reëls is.

6.2.7 SUKSES WORD DEUR HARDE WERK VERKRY:

J.K. Thakhisi wil dit by sy leser tuisbring dat sukses
bereik word deur harde werk en om volgens die voorge=
skrewe norme van korrektheid en ordentlikheid te handel.
Die belang van hoër skolastiese opleiding en die stryd

wat dit dikwels verg as gevolg van 'n gebrek aan fondse, is 'n vraagstuk wat Thakhisi in die Bantoesamelewing waarneem en in sy werk betrek. Hiermee moedig hy skoliere aan om nie moed te verloor nie, maar te bly streef en verder te studeer ondanks enige teenkanting, gebrek aan fondse of ander probleme.

B.M. Masilo se hoofkarakter in Mamello e Tsoala Katleho bereik ook sukses in die lewe weens volharding, hardwerkendheid, moed en vasberadenheid. Ongelukkig wou die skrywer, soos die titel van die werk aandui, en hy dit ook in sy voorwoord stel, dat die beoefening van geduld tot sukses moet lei, maar in die intrige gebeur die teendeel.

6.2.8 'N STREWE NA GESAG:

In beide T. Mofolo se werk, Chaka, en P.M. Letsie se werk, Rabahlanka kapa Molele, streef die hoofkarakter na die verkryging van gesag en is die middel hiertoe bloedvergieting en die uitwissing van ander. In die geval van Chaka is die hoofkarakter se strewes en handeling duidelik gemotiveer, maar in die geval van Letsie se werk word dit eers teen die einde, asof in 'n bygedagte, verskaf, naamlik: "... seo a neng a se batla, ho laela bohle, ho nka tsohle ho se thibelo,"¹ Hierdie karakters se strewes en handeling is beide se ondergang en beklemtoon genoemde skrywers die feit dat 'n oordrewe magsug nie sonder vergelding is nie. Letsie se tema bevredig egter nie heeltemal nie. Volgens die skrywer is sy tema dieselfde as dié in Katiba deur S. Matlosa. Hierdie drama het egter rituele moord en 'n strewe na gesag as tema, vgl. byvoorbeeld: "Katiba eo e neng e le Morena oa Bafokeng, 'me sepheo sa hae e ne e le ho iphahamisa holim'a bohle, 'me seo a re o tla se fumana ka linama le mali a batho, ntho tse ileng tsa

1. Letsie, P.M., Rabahlanka kapa Molele, p.20.

mo tlišetsa phelo bo bobbe ho feta pele. Le eena Molele o bile le khopolo e joalo empa bakeng sa eona a kotula libabane feela Joale he, a tšoana le morena Ka=tiba...." ¹ Bukeng ena re balile tse ngata tsa bohlokoa 'me tseo takatsong ea ka, nka ratang ho babali ba ka fela ba tseba 'me ba utloisisa buka e bitsoang "Katiba" ea Monghadi S. Matlosa le eona ena. Bukeng eo ea hae Monghadi eo o bontsitse bophelo boo batho ba bang ba iphoqang ka bona ha ba hopotse ho fumana bophahamo le ho mameleha. Le ho eona ena ho joalo. Hobane moetsi oa ketso tseo tse hlokofalitseng sechaba o n'a hopola hore o tla ba mohlo 'me o tla mameleha ho fihlela mehla e shome. Empa ha hoa ka ha e-ba joalo ruri. Motho oa teng o fifaletsoe a e-s'o tsofale, leha e le ho khone=ha." ²

Uit bostaande is dit duidelik dat Letsie in navolging van S. Matlosa skryf, trouens hy sê dit self, vgl. by=voorbeeld "Buka ena e ngotsoe ka Sesotho le ka sepheo se le seng le seo buka e bitsoang "Katiba" e ngotsoeng ke Monghadi S. Matlosa e ngotsoeng ka sona." ³ Ten spyte van hierdie onnodige en selfs jammerlike verduideliking van sy tema en beklemtoning daarvan dat dit dieselfde as Matlosa s'n is, is dit nie heeltemal die geval nie. Geen rituele moord word byvoorbeeld in Letsie se werk gepleeg nie en is sy verwysings na Matlosa se drama dus onvanpas en onnodig. Die leser kon Letsie se hoofkarakter se op=trede en die gevolge daarvan byvoorbeeld baie maklik met Chaka, opperhoof van die Zulu, vergelyk het - 'n tema wat miskien baie beter by Letsie se intrige sou aanpas, as die een wat hý verskaf.

6.2.9 DIE UITBEELDING VAN INHERENTE GEESTESSWAKHEDE:

Skrywers trag om, in 'n mindere of meerdere mate, die wyse te teken waarop 'n gebrekkige geestessamestelling,

-
1. Letsie, P.M., Rabahlanka kapa Molele, pp. 20, 21.
 2. Letsie, P.M., a.w. p.23.
 3. Letsie, P.M., a.w. p.1

of sin vir waardes en oordeel, tot wanaanpassing in die mens se sosiale en maatskaplike lewe kan lei. Die mens se gees kom nie in soveel woorde onder bespreking nie maar wel sy daede wat tot sy geestessamestelling herlei kan word. Vgl. byvoorbeeld een van E.A.S. Lesoro se hoofkarakters in Leshala le Tswala Molora wat nie soos sy vader gunstig en positief reageer op voorregte wat hom toeval en derhalwe 'n sukses van sy lewe maak nie. Dit val Lesoro op dat ouers soms onder moeilike omstandighede presteer, terwyl hulle kinders, wat alle geleenthede tot prestasie het, as swakkelinge, wat die ouers tot skande en teleurstelling strek, uitdraai. Dit blyk dan dat oorbeskerming van die kind en 'n gebrek aan geleenthede om self op eie bene probleme onder die oë te sien, sonder om op ouers staat te maak, daartoe kan lei dat die kind geen durf ontwikkel nie en as swakkeling uitdraai - geestelik onryp is of ongebalanseerde strewes en sin vir waardes ontwikkel.

Dieselfde gebeur in Mofufutso wa Phatla deur C.L.J. Mophethe maar die skrywer beklemtoon hier die feit dat nie alle kinders op dieselfde wyse reageer op dieselfde opvoeding wat hul van hul ouers ontvang nie. Geen erflike swakhede is op die spel nie want dit is in genoemde werk juis die aangenome seun wat presteer, terwyl die eie kind nie in die voetspore van die ouers volg nie. Netso stel E.M. Khabele dit duidelik dat die ryk ouer se kind selde oor durf beskik, vgl. byvoorbeeld sy werk Moiketsi h'a Lleloe.

In die geval van Moiketsi deur M.L. Maile trag die skrywer om aangebore en oorerflike swakhede uit te beeld. Sonder om oor die oorsprong en aard van hierdie swakhede te bespiegel, stel Maile dit bloot as 'n feit dat die hoofkarakter se grootouers aan moederskant gebrekklike familiebetrekkings het. Vanhier sou Moiketsi, nie 'n gebrekklike liggaam nie, maar 'n gebrekkige geestessamestelling oorerf in soverre as wat hy in sy lewe hoofsaak=

lik tot die slegte geneig is, vgl. byvoorbeeld ".....le= lokong la bona ho na le batho bao ekang lihole.¹hore Moiketsi o futsitse babo moholo.... hore Moiketsi o futsitse." ² Die rede vir Moiketsi se persoonlikheids= samestelling blyk egter swak gemotiveer te wees aange= sien die leser eerder 'n gebrekklike Moiketsi sou verwag (na aanleiding van sodanige familiebetrekkings) en sy geaardheid hoegenaamd nie in verband met sy familie aan moederskant gebring kan word nie.

In die geval van Chaka deur T. Mofolo is dit geen oor= erflike swakhede nie, maar omgewingsfaktore wat tot 'n wanbalans in sy strewes en goeie oordeel lei. Die wyse waarop die karakter, Chaka, reageer op miskennings en ver= werping deur sy vader en stam en later op die moord op Noliwa, is 'n duidelike geestelike ontwrigting wat die skrywer baie realisties teken, maar die leser self moet ontdek.

S. Matlosa se tema in sy werk, Nna Sajene Kokobela, C.I.D., bied die leser 'n blik in die siel van die geestesver= steurde. Vgl. hoe die hoofkarakter in die Tweede Wêreld= oorlog bomskok opdoen en as gevolg daarvan geestelik ongebalanseerd raak en homself as die uitroeier van on= geregtigheid sien. Daarom pleeg hy 'n moord en begin sy selfopgelegde taak om diegene wat, na sy oordeel, deur die Sondeval die gemeenskap tot skade strek, uit te wis. Vgl. hierdie karakter se motief in die volgende woorde: ".... se neng se nketse hore ke bolaye Topisi; lonya, sehloho, ... Motho mang le mang lefatsheng ke mmolai; botebo ba pelo ya motho bo tletse ditshila, mano, bolo= tsana, bokgopo le tse ding kaofela." ³ Dat Matlosa die leser nie net 'n speurverhaal aanbied nie, maar ook rea= listiese en deurdagte motivering vir die moord wat opge= los word, aanbied, getuig van 'n volwasse benadering met pitkos.

1. Maile, M.L., Moiketsi, p.1.

2. Maile, M.L., a.w., p.93.

3. Ntsane, K.E., Nna Sajene Kokobela, C.I.D., pp.95, 103.

Dit is duidelik dat hierdie skrywers die oppervlak= kige en waarneembare handeling van karakters teken en innerlike geestelike stremminge, gevoelens, ba= lans, afwykings en konflik oor die hoof sien of in elk geval nie as uitgangspunt geestelike wanbalans het nie. Geestesgebreke word nie geteken nie, maar bloot handeling wat deur die leser vertolk word as die moontlike gevolg van geestesgebreke.

6.2.10 DIE VERHOUDING TUSSEN BLANK EN BANTOE:

Slegs in twee werke betrek skrywers karakters uit die blankeras om as hoof- of ondergeskikte karakter 'n feitlik deurlopende rol in 'n verhaal te speel. In meeste werke word verhoudings tussen blank en nie-blank by wyse van enkele episodes bespreek en dan meesal by wyse van afkeuring aan die blanke se gedrag en optrede teenoor die Bantoe.

In die geval van Arola Naheng ea Maburu deur A. Ngheku speel die blanke 'n groot rol waarin Ngheku hom voorhou as iemand wat die Bantoe haat en swak gedrag teenoor laasgenoemde aan die dag lê. Ongelukkig is sy karakters ekstreem ten opsigte van optrede sodat die verhouding tussen hierdie rasse geteken word as een van disharmonie en veragting jeens mekaar. Baie duidelik lê Ngheku nie gesonde oordeel aan die dag nie.

In die geval van Leshala le Tswala Molora deur E.A.S. Lesoro en Mofufutso wa Phatla deur C.L.J. Mophete vind die leser 'n waardering by die Bantoe vir die hulp, toegeneentheid en erkenning wat hy van die blanke ontvang, maar dan ook binne die raamwerk van Afsonderlike Ontwikkeling in laasgenoemde werk en met klem op agtergrondverskille in eersgenoemde novelle. Beide skrywers teken situasies waarin hierdie twee rasse harmonieus en gelukkig saamwoon, saamwerk en mekaar die hand reik as vriende, christene en inwo= ners van dieselfde land. Die ideaal wat met die be=

leid van Afsonderlike Ontwikkeling in Suid-Afrika gestel word, word hier prakties as moontlikheid en strewe geskets sodat hierdie werke wel deeglik 'n di=daktiese strekking het.

6.2.11 DIE R.S.A. EN AFSONDERLIKE ONTWIKKELING:

In aansluiting by bogenoemde teken E.A.S. Lesoro in Pere Ntsho Blackmore die totstandkoming van die R.S.A. en die vrugte van Afsonderlike Ontwikkeling ten opsigte van die Bantoe. Hierdie gebeurtenis en veral Dr. Verwoerd se rol in die S.A. politieke lewe sien Lesoro as die begin van die ontwaking van die S.A. Bantoevolkere op politieke terrein, maatskaplik, ekonomies en pedagogies terwyl die Bantoevolkere elk as 'n eie identiteit deur die blankes erken word. Integrasie word deur Lesoro verwerp maar samewerking en kontak tussen wit en swart beklemtoon. Vgl.: "Ntshetsopele ka merabe e kopaneng, ke taba ya molo=mo feela o jang bohobe; hase ntho e ka etsuwang ka katleho.¹ Letsoho la setswalle se tlotsitsweng ka mafura, leo Tonakgolo tsena tse pedi (Verwoerd en Jonathan) di ileng tsa neana ka hara meaho ya Mmuso mane Tshwane ... ke ketsahalo e ileng ya swabisa dira tse ngata tsa Riphabliki hammoho le mmamoqekele wa diphiri tse mathang ka matlalo a dikonyana, hobane e le ntho eo ba neng ba sa lore hore e ka etsahala."²

Hierbenewens beskryf Lesoro die wel en wee van 'n perd waarvan die naam, Blackmore, simbolies is van die swart bevolking in Suid-Afrika. Hierdie perd is 'n goeie resies- en poloperd - 'n feit wat die spoed waarmee die Bantoevolkere ontwikkel en 'n westerse beskawing najaag, goed simboliseer. Blackmore word by twee geleenthede gesteel en hiermee bring Lesoro dit by sy leser tuis dat die wolwe in skaapklere³

1. Lesoro, E.A.S., Pere Ntsho Blackmore, p.102.

2. Lesoro, E.A.S., a.w., p.113.

3. Vgl. Lesoro, E.A.S., a.w. p.113.

daarop uit is om die Bantoe in Suid-Afrika op dwaalweë te lei en dat die Bantoe dit goed en voorspoedig in Suid-Afrika het en as eie identiteite kan bestaan, vgl. hoe Blackmore in Lesotho van kleur verander en 'n bont voorkoms aanneem: "Ha e sa le ntsho feela jwale kaha a e tseba, empa e se e le tshumu e le manaila." ¹ Ramosa se opoffering om hierdie perd te genees, dit te besit en af te rig, spreek duidelik van goeie verhoudinge tussen blank en Bantoe. Hierdie perd se dood versinnebeeld die einde van die Bantoe se stryd om erkenning, sy minderwaardigheid en agterlikheid - die figuurlike swartheid, donkerte wat oor hierdie rasse gehang het is tot niet met Dr. Vorster se voortsetting van dit wat Dr. Verwoerd begin het. Hiermee betree die Bantoevolkere 'n voorspoedige en volgehoue weg op die pad van ontwikkeling - dit alles deurdat meer aandag en erkentlikheid aan die swartman (Blackmore) gegee is.

6.2.12 'N SOEKE NA GELUK:

In Pitso ea Makhulo trag J.D. Chaane om skynbaar sy eie soeke na geluk en vrede in die natuur te teken. Sy belewenisse alhier en begeertes om weer die natuur op te soek na 'n tydperk in die normale lewe, dui op 'n behoefte van die mens om soms weg te breek van die gekompliseerde, geïndustrialiseerde en saamgehoekte samelewingsverband na die vrye, tydlose en ongebonde atmosfeer van die natuur. Nie in 'n poging om nuwe waardes te ontdek nie maar ten einde perspektief te vind. As sulks word die natuur verhef tot 'n idilliese omgewing wat besig is om te verdwyn en die rustigheid daarvan die perfekte atmosfeer skep vir die mens om sy lewe in oënskou te neem en ná aan sy God te wees. Hiermee maak Chaane sy lesers attent op die feit dat die mens, ten spyte van sy strewes in 'n komplekse samelewingstruktuur, steeds behoefte het

1. Lesoro, E.A.S., Pere Ntsho Blackmore, p.75.

aan die ongereptheid van die natuur en 'n terugkeer na 'n vredevolle en rustige bestaanswyse wat die hedendaagse samelewing nie kan bied nie. Dat die mens benewens die materiële behoeftes ook immateriële behoeftes vertoon, word deur hom onderstreep.

Geluk word egter ook elders as in die natuur gesoek as die hoofkarakters in 'n hele paar werke van die huis en uit die stamverband wegloop om 'n heenkome daar buite te soek. Hierdie soeke na geluk is grootliks avontuurlustigheid en geskied vanweë onvolwassenheid, sodat 'n spyt oor sodanige handelinge wel later ontstaan met die besef dat geleenthede versmaai is en die tradisionele samelewingspatroon ook nie sonder voordele is nie. In hierdie verband is skrywers didakties en waarsku teen jeugdige voortvarendheid. Vgl. byvoorbeeld Menyepetsi ya Maswabi deur A.T. Maboee wat verteenwoordigend van werke in hierdie kategorie is.

6.2.13 DIEFSTAL, MOORD EN DIE GEVOLGE DAARVAN:

K.E. Ntsane (Nna Sajene Kokobela, C.I.D.) en V.S. Manaka (Lerole le Lefubedu) teken die gevolge van 'n wettelose lewe, waarin moord en diefstal gepleeg word in 'n hedendaagse samelewingsverband, sonder dat tradisies daarin enige rol vervul, soos byvoorbeeld in Chaka deur T. Mofolo of Mosali a Nkhola deur B.M. Khaketla. Ntsane se werk is in hoofsaak 'n speurverhaal, soos reeds gesê, waarin die moordenaar aan die man gebring word; terwyl Manaka weer die aktiwiteite van 'n bendegroep teken wat diefstalle pleeg en selfs nie vir moord stuit nie. A.T. Maboee teken ook die pleging van diefstalle deur 'n bende in Menyepetsi ya Maswabi maar gee klem aan hoe 'n jong seun van die ouerhuis wegloop en deur vriende verlei kan word om aan onwettige bedrywighede deel te neem. Ook hier benadruk die skrywer dit dat die pleeg van diefstal af te keur is en noodwendige ongeluk en vervolging deur

die polisie tot gevolg het. Ook S.N. Majara teken 'n stout seun wie se diefstalle, ongehoorsaamheid, agterbaksheid, skelmagtigheid, verneukery en selfs moord later ontaard in 'n hele leefwyse en hierdie karakter se handeling in skrilte kontras met 'n tweede hoofkarakter se lewenshouding staan, (vgl. byvoorbeeld die werk Mafofela le Mohau.)

6.2.14 VERGELDING:

S. Matlosa beeld in Mopheme die wyse uit waarop 'n onreg teenoor 'n kind gepleeg word en hy aanvanklik later as grootmens vergeldingsmaatreëls toepas, maar hierin besef dat liefde, liefde wek en dan vergewensgesindheid vertoon. Intussen het diegene wat hom uitgebuit en selfs sy vader vermoor het, begin besef dat geen onreg ongedaan bly nie en boet hul vir hul vroeëre afkeurenswaardige daade. Die oorsaak en gevolg in hierdie tema van Matlosa is logies, terwyl hy ook werklik verbeeldingryke en oorspronklike gedagtes openbaar.

6.2.15 DIE UITBEELDING VAN MODERNE VOLKSVERHALE:

Twee moderne volksverhale word in die Suid-Sotho-letterkunde aangetref. Eerstens beeld I.E. Mahloane in Tšoana-Makhulo 'n ondiër uit wat die mensdom bedreig en later vankant gemaak word. Die verhaal het geen simboliese waarde nie en dien bloot as vermaak. So ook J.I.F. Thokosela se Sarah waarin die donkieras gepersonifiseer word en hierdie diereras se swakhede tot deugde verhef word. Die wyse waarop die mens, as kroon van die Skepping, hierdie diereras soms mishandel, terwyl die teendeel eintlik verwag sou word, word baie goed deur Tjokosela in sy verhaal verweef.

6.2.16 DIE UITBEELDING VAN SPREEKWOORDE:

11% Van die gepubliseerde novelles het 'n spreekwoord as titel, terwyl die waarheid in 'n spreekwoord ver-

vat in enkele ander werke bewys word. Laasgenoemde herinner sterk aan die tradisionele fabel wat as oogmerk die verklaring of opheldering van spreekwoorde het, deur in verhaalvorm die sedelesse daarin opgesluit, uit te beeld. Die verskil is egter dat in die fabel, diere grootliks gepersonifieer word en die verhaal veel eenvoudiger is as die novelle. Vgl. byvoorbeeld die werk Moiketsi h'a Lleloe deur E.S. Khabele waarin die skrywer se tema handel oor die feit dat niemand 'n persoon bejammer wat uit eiesinnigheid sy kop stamp nie. Die titel is dus 'n samevatting van die sedeles wat Khabele by sy lesers wil tuisbring. Hoewel Moiketsi oa Sehong-Hong deur P. Lehloenya geen spreekwoord as titel het nie, bring die skrywer dieselfde gedagtes by die leser tuis. Sien ook Moiketsi deur M.L. Maile en Molahlehi deur S. Matlosa.

Die volgende werke het ook spreekwoorde as titels en dien die intrige tot die verklaring of uitbeelding daarvan. Mehlolo ke Dinoha deur S.P. Lekeba waarin hy die situasie teken dat diegene teenoor wie 'n onreg gepleeg word, wel daartoe in staat is om steeds liefde te gee aan diegene, wat dit eintlik nie verdien nie, en sodoende welwillendheid opwek. So 'n houding is dus, volgens Lekeba, 'n wonder maar ook 'n moontlikheid.

In Leshala le Tswala Molora deur E.A.S. Lesoro word 'n situasie geteken waarin 'n kind nie in sy ouer se voetspore volg nie maar die pad byster raak en sodoende die skande oor sy ouerhuis bring.

M.L. Maile teken praktyke rondom huweliksluitings en het sy werk tereg die titel Ngoana ha a botsa Telejane - 'n spreekwoord waarmee aangedui word dat 'n meisie advies vra voor sy in die huwelik tree. In Mamello e Tsoala Katleho deur B. Masilo trag hy om

hierdie spreekwoord te illustreer, naamlik dat geduld tot die bereiking van sukses lei. Soos elders gesê, slaag hy egter nie daarin nie, omdat sukses in sy intrige nie weens die beoefening van geduld bereik word nie, maar wel deur volharding.

M. Ntsala beeld met sy werk, Sekhukhuni se Bonoa ke Sebatalali, die waarheid uit van die les in die spreekwoord vervat wat as titel dien, naamlik dat die aap tog uit die mou kom al word daar ook gepoog om dit te verhoed. Hy gebruik die oplossing van 'n moord hiervoor.

In die geval van Tsha ha se Mele Poya deur J.K. Thakhsisi, het die titel nie veel verband met die intrige nie, aangesien die skrywer geen doellose swerwery of koersloosheid in 'n karakter se handel en wandel teken nie. Trouens, die hoofkarakter weet wat hy wil hê en al sy handeling is gemik op die verkryging daarvan. Tog dui die talle struikelblokke wat hy in sy weg tot sukses vind daarop dat hy wel 'n verandering van omgewing moes maak, eer hy sy ideale kon verwesenlik. Die titel is dus nie heeltemal so ver van die kol af nie.

J.I.F. Tjokosela teken in Mohale o Tsoa Maroleng die sukses wat 'n seun van sy lewe maak deur op eie stoom sy ideale te verwesenlik en wil daarmee die waarheid in bostaande spreekwoord bewys, naamlik dat 'n mens van onderaf ook die boonste sport van sukses kan bereik. In enkele werke, wat geen spreekwoord as titel het nie, trag skrywers om die waarheid van die volgende spreekwoord te bewys: "Bitso-lebe ke seromo"; 'Soos jou naam is, so is jy' of 'n slegtenaam is 'n slegte voorteken'. Vgl. byvoorbeeld Mafofela le Mohau deur S.N. Majara, Molahlehi deur S. Matlosa, Paka-Mahlomola deur J.J. Moilola, Masoabi deur K.E. Ntsane en Lilahloane deur A. Nqheku.

6.2.17 OPMERKING:

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die Suid-Sotho-skrywer 'n wye reeks van onderwerpe in sy werke behandel, maar veral konsentreer op die tradisionele en opvoedkundige. Laasgenoemde handel weer veral oor die huwelik, liefde, skolastiese opleiding, godsdiens en die invloed wat die stadslewe op die Bantoe se tradisies en sedelike norme het, asook kontak tussen wit en swart in Suid-Afrika. Hieruit is dit duidelik dat, hoewel enkele vraagstukke in die moderne en gekompliseerde samelewingstruktuur aangeraak word, skrywers nog geen diepgaande aandag aan sosiale, ekonomiese en politieke probleme en die uitwerking daarvan, op die enkeling of die volk as geheel, teken nie. Alleenlik die godsdiens word met T. Mofolo en E. Segoe se bydraes meer krities ondersoek, maar die mens se gesetelike belewenisse in hierdie verband, minder beklemtoon. In hoofsaak spreek die Suid-Sotho-novelle tot die jeug, maar swyg in sake wat die volwasse diep raak, behalwe in soverre as wat rituele moorde deur B.M. Khaketla en A.S. Mopeli-Paulus bespreek word. As sulks is hierdie skrywers nog geen mondstuk van die Suid-Sotho-volk of kampvegters van bepaalde strewes of begeertes nie en is hul bydraes steeds oppervlakkige ondersoeke of besprekings van sosiale, ekonomiese en maatskaplike probleme, wat in die lewe van die Suid-Sotho-volk en sy aanpassing by 'n geïndustrialiseerde en westerse samelewingsverband, voorkom. Nêrens delf die Suid-Sotho-skrywer in die mens se geesteslewe, hetsy versteurd of normaal, maar onder druk weens bepaalde omgewingsfaktore nie. Alleenlik skrywers in die Aanvangsperiode het 'n neiging hiertoe vertoon, maar dan ook bloot bolangs en was dit nie die primêre doel nie, vgl. T. Mofolo se werke, Moeiti wa Botjhabela en Chaka. Netso is die spanningsverhaal en liefdesverhaal ook steeds onontgin ten spyte van enkele pogings in hierdie rigtings omdat ander faktore

in sodanige werke die meeste klem geniet. Vgl. byvoorbeeld Mosonnqoa deur J.I.F. Tjokosela en Lesiamo le Ema deur O. Mofolo waarin die wyse waarop tradisies, die liefde en huweliksluitings raak, meer klem geniet, as bloot die uitbeelding van 'n liefdessituasie, met die komplikasie en probleme wat die moderne samelewing daarin speel. Weliswaar is S. Matlo=sa se Nna Sajene Kokobela, C.I.D. 'n eerste poging om 'n speurverhaal in Suid-Sotho te lewer, maar ontbreek die verhaal aan ware speurelemente of -aktiwiteite.

Die uitbeelding van die Mosotho of enige ander ras, as eie identiteit met karakteristieke kenmerke, leefwyse, kultuur, omgewingsgebondenheid, doen sigself ook nie voor nie en word klem alleenlik gegee aan die ontredderheid van die Bantoe weens die invloed van 'n tradisionele en westerse kultuur. Netso onderneem skrywers ook nie oorspronklike verbeeldingsvlugte in die aanbieding van toekomsfiksie nie. Ook word die Bantoe se suksesse in die hedendaagse samelewing agterweë gelaat en word die ryk Bantoesakeman of professionele mens net=so min as die lewe van 'n daggaroker of smokkelaar, soldaat in die Tweede Wêreldoorlog of mynwerker byvoorbeeld, betrek.

In hierdie lig gesien, kan geen ander gevolgtrekking gemaak word as dat die Suid-Sotho-skrywer, uitgesonderd dié in die Aan=vangsperiode, binne sy eie wêreld "onryp" is nie - nog nie die mens met sy ryke verskeidenheid van persoonlikheidsfasette en optrede, binne 'n vergange maar ook komplekse samelewingstruktuur, vir sy lesers uitgebeeld het nie. Pogings hiertoe kom wel voor, maar insig ontbreek.

Die oorsaak van hierdie gevolgtrekking kan gevind word in die feit dat skrywers se werke hoogstens as populêre werke beskou kan word, ten spyte van die sosiale en maatskaplike probleme wat wel soms uitgebeeld word - dit vanweë die ligtelike oorsig, wat sodanige probleme geniet en die doel of leserskring waarvoor geskryf word, nie van uitstaande gehalte kan wees nie.

6.3 DIE INTRIGE:6.3.1 INLEIDING:

Uit 'n ondersoek van die intrige blyk die vaardigheid wat die Suid-Sotho-skrywer aan die dag lê in die aanbieding van die novelle duidelik, asook die omvang van sy kennis en ondervinding met betrekking tot die mens se persoonlikheid, leefwyse en milieu waarin hy hom bevind. Die intrige weerspieël ook sy begeertes, voorkeure en afkeure, want hoewel daar na objektiwiteit gestreef word, is 'n skrywer se toon 'n wesenlike teenwoordigheid in elke werk waaruit die leser kan aflei, tesame met situasies wat geskep word, wat vir die Suid-Sotho-skrywer van belang is en in watter milieu hy hom bevind; vgl. byvoorbeeld die alomteenwoordige moontlikheid om in die tronk te beland, van die toordokter gebruik te maak en 'n strewe om los te kom van die bindende faktore in die stamverband wat alles deel van die moderne Bantoesamelewingspatroon is. Van nader betrag, sien die intriges as volg daaruit:

6.3.2 DIE INTRIGE IS EENVOUDIG:

In die oorgrote meerderheid van werke bied skrywers hul verhale vir kinders of die jeug aan en vertoon die intriges dus geen komplekse patroon nie. Die oorsaak en gevolg is gewoonlik duidelik en die verloop van die verhaal elementêr, sodat die volwasse leser feitlik deurgaans die verloop en einde van die verhaal kan voorspel. (Vgl. byvoorbeeld Molahlehi deur S. Matlosa en Mosali a Nkhola deur B.M. Khaketla.) Dit is selde dat die denouement 'n verrassingselement bevat, soos byvoorbeeld in Mopheme deur S. Matlosa en Chaka deur T. Mofolo. Bepaalde situasies word altyd onmiddellik begryp en vorm gesamentlik 'n eenvoudige toeloop van omstandighede waaruit die hoofkarakter baie maklik kan ontsnap, mits hy die begeerte daartoe het, behalwe in enkele werke soos Chaka deur T. Mofolo. Hoewel intriges verskeie gevarieerde gebeure insluit, is hierdie

gebeure afsonderlik en gesamentlik geen ingewikkelde samestelling waarin die leser telkens alle feite voor oë moet hou ten einde die strekking en die verloop van die verhaal te volg nie. Ewemin is die geheel dikwels geensins 'n komplekse lewensverloop en krisismomente nie.

6.3.3 DIE INLEIDING:

In sommige werke is die inleiding kort en draal die skrywer nie om by probleemstelling of die kern van die verhaal uit te kom nie, soos byvoorbeeld in Senyamo deur E.P. Lebone en Pere Ntsho Blackmore deur E.A.S. Lesoro. In baie ander werke is dit egter nie die geval nie en is die inleiding soms baie vervelig, vgl. byvoorbeeld Meokho ea Thabo deur B.M. Khaketla. Netso is die inleiding in Molahlehi deur S. Matlosa lank maar nie altyd vervelig nie, vgl. die hoofkarakter se vader se jeugjare en ervarings in Bloemfontein. Tog is die opsomming van die Suid-Afrikaanse geskiedenis vanaf 1652 waarna die hoofkarakter se vertrek vanaf sy ouerhuis en die werklike verhaal 'n aanvang neem, oorbodig.

Dikwels behels 'n inleiding die tekening van die omgewing waarin die verhaal afspeel en hierin word soms te veel gegewens verskaf deurdat skrywers hulle nie altyd beperk tot 'n sentrale plek nie, maar in die algemeen oor 'n landstreek besin. Vgl. byvoorbeeld Nqalong ya Lerato deur B. Malefane, Moiketsi oa Sehong-Hong deur P. Lehloenya en Sebolelo deur A.T. Maboee. Dikwels word niksseggende plekname verskaf sonder dat die leser 'n duidelike beeld van die omgewing self verkry, vgl. byvoorbeeld Mafofela le Mohau deur S.N. Majara.

In baie gevalle behels die inleiding die geboorte van die hoofkarakter of word selfs situasies voor hierdie gebeurtenis geteken, vgl. byvoorbeeld Naleli ea Meso deur B.T.N. Gugushe, en Meokho ea Thabo deur B.M. Khaketla. Die uitbeelding van 'n hoofkarakter se kinder=

jare en aktiwiteite as veewagter kom vry algemeen voor. Vgl. byvoorbeeld Naleli ea Meso deur B.T.N. Gugushe, Moiketsi deur M.L. Maile, Lillo tsa Mokhotlong deur L.T. Nyesemane en Mohale o tsoa Maroleng deur J.I.F. Tjokosela.

Dit gebeur selde dat die inleiding van verhale boei vanweë die feit dat skrywers min in die inleiding situasies skep wat die leser se belangstelling prikkel, soos wat S.M. Guma byvoorbeeld doen in Tshehlana tseo tsa Basia.

Skrywers se voorwoord is net so selde 'n bydrae hiertoe en blyk dit soms dat die intrige geensins verantwoord aan die begeertes of doelstellings van die skrywer soos in die voorwoord genoem nie; vgl. byvoorbeeld Molahle=hi deur S. Matlosa, Mamello e Tsoala Katleho deur B.M. Masilo en Rabahlanka kapa Molele deur P.M. Letsie. Skrywers se versoeke in hulle voorwoord dat die leser hulle tekortkominge moet verskoon, is ewe onvanpas en hinderlik, vgl. byvoorbeeld Monono deur E. Segote en Tsha ha se Mele Poya deur J.K. Thakhisi.

Oor die algemeen dan blyk skrywers nie baie suksesvol te wees in die skepping van 'n inleiding in hulle werke nie.

6.3.4 DIE DENOUEMENT:

Net soos in die geval van die inleiding merk die ondersoeker ook hier veel tekortkominge op. Dikwels is die verhaal reeds afgesluit, maar word steeds laaste addisionele gegewens verskaf, sodat die leser 'n volledige blik op die verdere verloop van die verhaal, nadat die klimaks bereik is, kan verkry; vgl. byvoorbeeld Molahle=hi deur S. Matlosa in welke geval die laaste twee hoofstukke eintlik onnodig is. Net so hierdie skrywer se ander werk, Mopheme, waarin die laaste afsluitings-episodes veels te langdraderig is. Ook die laaste twee

hoofstukke in Bao Batho deur K.E. Ntsane. In die geval van Paka-Mahlomola deur J.J. Moilola rond die skrywer ook die verhaal volledig af en laat niks aan die leser se verbeelding oor nie. Sien ook Masoabi deur K.E. Ntsane waarin die hoofkarakter se sukses en westerse leefwyse as denouement dien en baie duidelik deur die skrywer voorgehou word as iets om na te streef en ook aangewend word om die feit te beklemtoon dat die Bantoe ook sukses kan bereik en soos die blanke kan leef. Die bekroning van sukses is vir hom baie duidelik daar-in geleë om in alle opsigte soos die blanke te woon en te eet en hierdie siening word op subjektiewe wyse in die denouement aangebied.

In een geval egter behels die denouement 'n ontknoping, soos byvoorbeeld in Nna Sajene Kokobela, C.I.D. deur K.E. Ntsane waarin die hoofkarakter se motiewe vir die moord wat hy gepleeg het, verstrekkend word. Hierdie element verras, maar is funksioneel, soos ook die geval is in Chaka deur T. Mofolo, Liate oa Mafika-Lisiu deur S.N. Majara en Tsoana-Makhulo deur J.J. Moilola, Kgunou le Maria deur H.B. Lethoba, Sekhukhuni se Bonoa ke Sebatalali deur M. Ntsala. Hoewel Moilola se werk baie detail in die denouement insluit as afsluiting van bepaalde karakters se lewensverloop, gun hy die leser tog die geleentheid om te wonder of een van sy karakters die ander sal navolg of 'n ander rigting sal inslaan.

In sommige werke is die afsluiting heel gepas en kort, soos byvoorbeeld in Liretlo deur A.P. Mopeli-Paulus, Naleli ea Meso deur B.T.N. Gugushe en Meokho ea Thabo deur B.M. Khaketla, maar in ander werke is die denouement soms geen afsluiting van die verhaal nie. In die geval van Mehlolo ke Dinoha deur S.P. Lekeba kon die intrige netsowel voortgegaan het.

Soms sluit werke af met 'n didaktiese versugting, soos byvoorbeeld in Senyamo deur E.P. Lebone in welke geval die skrywer die hoop uitspreek dat die christelike godsdiens deur meer aanvaar sal word, vgl. ook Mohale o Tsoa Maroleng deur J.I.F. Thokosela of Tsielala deur F. Ngheku.

Drie werke sluit af met allegoriese visies nadat dit voorafgegaan is deur 'n blote beskrywing van gebeure, vgl. byvoorbeeld Chaka deur T. Mofolo asook Moeti wa Botjhabela deur dieselfde skrywer en Ditaba tsa Tawana deur D. Matseletsele. Laasgenoemde twee werke betrek hierin die christelike godsdiens en die mens se vereniging met God, terwyl in eersgenoemde werk die hoofkarakter sinspeel op die blanke se koms na Afrika en die verloop van die geskiedenis met betrekking tot die Bantoe in hierdie verband. In hierdie werke is die klimaks en denouement wat daarop volg 'n goeie afronding van die verhale. Dat die Suid-Sotho-skrywer dus dikwels nie veel vaardigheid aan die dag lê met die tekening van 'n gepaste afsluiting vir hulle verhale nie, is duidelik.

6.3.5 DIE AGTERGROND:

Die agtergrond in Suid-Sotho-skrywers se verhale is óf 'n tradisionele omgewing, óf 'n blanke stad, óf die platteland en boereplaas, en die leefwyse in hierdie onderskeie omgewings, vgl. byvoorbeeld onderskeidelik Mopheme deur S. Matlosa, Mehlolo ke Dinoha deur S.P. Lekeba en Arola Naheng ea Maburu deur A. Nqheku. Tradisionele omgewings strek bloot sover terug as die 'Difaqane' (1818 - 1834) en kort voor hierdie Bantoeoorloë. Alleenlik T. Mofolo in Moeti wa Botjhabela het enigszins getrag om verder terug in die Bantoe se geskiedenis te delf, hoewel hierdie werk ook steeds afspeel in 'n periode na die Bantoe se trek na die suide van Afrika en nie veel verbeelding met die agtergrondtekening gebruik is nie. Trouens, Fekisi kon netsowel in die 18de as in die 19de eeu geleef het. Soms word ook 'n Bantoe-gemeenskap waarin die westerse beskawing reeds inslag gevind het, geteken; vgl. byvoorbeeld Mohale o Tsoa Maroleng deur J.I.F. Tjokosela en Moitshepi le Moeletsi deur R.L. Motsatse. Origens vervul die skool 'n belangrike rol as agtergrond vir skry-

wers se temas, soos dit byvoorbeeld in Tsha ha se Mele Poya deur J.K. Thakhisi na vore kom. Hoewel die kerk self nie as agtergrond van enige verhaal na vore tree nie, dien die godsdiens, soos reeds bespreek, as agtergrond van enkele werke, onder andere in Pitseng deur T. Mofolo en Tsielala deur F.Nqheku.

Omgewings vreemd aan die Suid-Sotho word selde by agtergrondtekening betrek. T. Mofolo en A.C.J. Ramathe het onderskeidelik bepaalde episodes in hulle werke in Europa laat afspeel maar dit is duidelik dat hul ervaring van hierdie vasteland uiters beperk is aangesien omgewingsbeskrywings, die Europeane en hulle gewoontes afgeskeep is. Vgl. byvoorbeeld Moeti wa Botjhabela en Tshepo onderskeidelik. In laasgenoemde werk, asook in Phakoana Tsooana deur T.T. Mofolo en O Sentse Linako deur S.N. Majara, trag skrywers om hul verhale buite die Republiek en oorkant die Sambezi te laat afspeel. Dit is egter duidelik dat uit besonderhede wat verskaf word, hierdie landstreke en die mense wat hul daar bevind, nie goed aan skrywers bekend is nie. Majara trag egter om die voorkoms van die Barotse te teken, maar in sy geheel ontbreek hierdie skrywers aan realistiese tekening van hierdie gebiede en die inwoners aldaar en is dit ook duidelik dat bitter min verbeelding aan die dag gelê word. Selfs S.M. Guma met Mohlomi, Mora Monyane, gee min aandag aan 'n beskrywing van die gebiede en mense wat hierdie kruiedokter besoek het. Dit is bloot T. Mofolo met sy werk, Chaka, wat 'n ander ras en deels ook landstreek in detail weergee. Vergelyk byvoorbeeld die Zulu-toordokter en sy praktyke, asook die Zulu se geskiedenis en algemene optredes wat veral met behulp van argaiëse woorde, Zulu-woorde en woorde van Zulu-oorsprong, realisties uitgebeeld word.

Wat die omgewing betref, blyk dit dan dat die Suid-Sotho-skrywer hom tot die bekende Suid-Afrikaanse toneel beperk en as hy buite hierdie sfeer beweeg, hy 'n gebrek

aan kennis vertoon en traag is om sy verbeelding in te span. Ook dien dié sosiale en maatskaplike instellings in die samelewing waarmee alle lesers en veral die skrywers self, vertrouwd is, as agtergrond vir die meeste werke. (Vgl. byvoorbeeld die skool en die stad.) Dit is trouens duidelik dat skrywers onwillig is om onbekende situasies, soos byvoorbeeld die verpleegsters=beroep, te bestudeer en as agtergrond van verhale aan te wend.

6.3.6 DIE KLIMAKS:

Die Suid-Sotho-skrywer slaag oor die algemeen daarin om in sy novelle funksionele en verbandhoudende elemente in te span wat na die sentrale tema heenwys en tot 'n klimaks opbou. Soos elders gesê, kan hierdie klimaks meesal voorspel word en dikwels is dit nie die bereiking van 'n krisismoment waarna die verhaal ten einde kan loop nie. In enkele werke skets skrywers situasies wat 'n ontknoping aan die einde benodig en dan word dit ook so gedoen, soos byvoorbeeld in Mopheme deur S. Matlosa en Nna Sajene Kokobela, C.I.D. deur K.E. Ntsane of Sekhukhuni se Bonoa ke Sebatalali deur M. Ntsala, maar meesal slaag skrywers nie daarin om omstandighede en gebeure te skeep wat vir die leser tot en met die ontknoping duister bly nie. Vgl. byvoorbeeld Nqalong ya Lerato deur B. Malefane of Rabahlanka kapa Molele deur P.M. Letsie en die identiteit van die moordenaar in Nna Sajene Kokobela, C.I.D. deur K.E. Ntsane. Die rede hiervoor is dat die Suid-Sotho-skrywer selde daartoe in staat blyk te wees om 'n gekompliseerde netwerk van omstandighede te skeep waarin alles nie meteens verduidelik word nie, maar die kombes slegs effens gelig word om die leser in twyfel te laat en dit eers in die klimaks duidelik te maak wat eintlik die ware toedrag van sake was, soos byvoorbeeld in Liate oa Mafika-Lisiu deur S.N. Majara.

Wat krisismomente in die klimaks behoort te wees, is nie altyd die geval nie omdat voorafgaande gebeure nie

altyd so intensifiseer dat 'n krisismoment logies volg nie. Hierdie aspek word dikwels deur karakters se passiewe handlings in die wiele gery en is voorafgaande gebeure nie werklik gekompliseerde en ernstige probleme nie, maar probleme wat omseil kon word of opgelos kon word, indien karakters die verstand of wil aan die dag wou lê; vgl. byvoorbeeld Molahlehi deur S. Matlosa of Tsha ha se Mele Poya deur J.K. Thakhi=si of Tshepo deur A.C.J. Ramathe. Bloot in Chaka deur T. Mofolo breek definitiewe krisismomente in die hoofkarakter se lewe aan as hy byvoorbeeld moet kies tussen mag en die lewe van sy beminde, of weens siekte nie meer in staat is om hom te verdedig en soos vroeër te laat geld nie.

Dit is selde dat die klimaks oor verrassingsmomente beskik, soos byvoorbeeld in Liate oa Mafika-Lisiu deur S.N. Majara of Chaka deur T. Mofolo en Meokho ea Thabo deur B.M. Khaketla. Meesal eindig werke met die dood, soos in byvoorbeeld Chaka deur T. Mofolo of Lilahloane deur N. Nqheku of Monyaluoe deur J. Setloboko. Gewoonlik sterf die hoofkarakter nadat dié sy, of haar, beginsels ten alle koste uitgeleef het en die afsterwe en blymoedigheid waarmee dit afgewag word, dien om aan die naasbestaandes 'n les te leer en tot die aanname van die christelike godsdiens te beweeg; vgl. byvoorbeeld Monyaluoe deur J. Setloboko of Lilahloane deur A. Nqheku en Monono deur E. Segoete. Dikwels tree die dood ook in net nadat die christelike godsdiens aanvaar is, soos byvoorbeeld in Molahlehi deur S. Matlosa of Lekomo la Ralitoro deur A. Sekoli. In die geval van Ditaba tsa Tawana deur D. Matselsetsele en Moeti wa Botjha= bela deur T. Mofolo tree die dood in na 'n soeke na God en tydens 'n misterieuse, direkte, kontak met God. Omdat skrywers geneig is om die hele lewe van 'n karakter, of dan 'n groot gedeelte daarvan, te teken, en slegs in een werk, naamlik Moitshepi le Moeletsi deur R.L. Motsatse, enkele ure uit 'n karakter se lewe uitgebeeld word, kan dit verwag word dat 'n hoofkarakter se lewensverloop tot en met sy dood beskryf sal word. Trouens, in 35% van die Suid-Sotho-nouvelles kom die hoofkarakter te sterwe.

Die klimaks is in baie gevalle 'n besef dat ouers se vermanings en skolastiese opleiding versmaai is en dat 'n nuwe blaadjie

omgeslaan moet word; vgl. byvoorbeeld Molahlehi deur S. Matlosa of Arola Naheng ea Maburu deur A. Nqheku en O sentse Linako deur S.N. Majara. In sy geheel gesien blyk dit dan dat krisismomente wat in hoofkarakters se lewens ontstaan, meesal nie deur hulself hanteer kan word nie en in elk geval dikwels deur hul eie lewensomstandighede of handelingse veroorsaak is en selde deur 'n blote sameloop van omstandighede, waaraan die hoofkarakter self niks kan doen nie, soos byvoorbeeld in Chaka deur T. Mofolo.

6.3.7 KONFLIK:

Die Suid-Sotho-skrywer gee min aandag aan interne konflik en hoe bepaalde omstandighede karakters werklik raak, bly uitgesluit as die ondersoeker sentimentele tranes buite rekening laat. T. Mofolo teken weliswaar in Moeti wa Botjhabela, Fekisi se gevoelens en innerlike skok as reaksie op wat hy waarneem maar, meesal kom skrywers bloot sover as om te sê, dat bepaalde omstandighede hul hoofkarakters ontstel en beeld hierdie ontsteltenis nie uit soos wat T. Mofolo byvoorbeeld in Pitseng doen, as hy Alfred Phakoe se reaksie uitbeeld op die nuus dat sy skoolmeester siek is nie. In Meokho ea Thabo trag B.M. Khaketla om sy hoofkarakter se ontsteltenis uit te beeld deur 'n kinderagtige selfmoordpoging, maar origins bly hoofkarakters se innerlike wroeginge, hartseer, leed, beskouinge en begeertes vir die leser duister. Die sigbare, wat ook veel makliker uit te beeld is, geniet die meeste aandag maar, hoewel dit relevant is, is dit onafskeidbaar van die onsigbare konflik wat deur handelingse of gedagtes uitgedruk word.

Eksterne konflik geniet dan die meeste aandag en word daargestel deur die omgewing en ander karakters se handelingse, maar meesal weens 'n gebrek aan stamina en durf, sodat hoofkarakters feitlik letterlik rondgeskommel word weens 'n passiewe houding en 'n gebrek aan teenmaatreëls om probleme die hoof te bied of op te los. As sulks is dit duidelik dat hoofkarakters feitlik nooit

in konflik verkeer weens omstandighede buite hulself, of beheer, of wat nie aan eie toedoen toegeskryf kan word nie, soos byvoorbeeld in die werk Chaka deur T. Mofolo. Hierdie konflik is gewoonlik daarin geleë dat hoofkarakters weens onwettighede, sedeloosheid of 'n gebrek aan voldoende skolastiese opleiding en 'n vaste inkomste, nie die mas kan opkom nie, soos byvoorbeeld in Lisebo deur S.P. Masiea, O sentse Linako deur S.N. Majara en Tshepo deur A.C.J. Ramathe. Waar voldoende skolastiese opleiding ontbreek, ontstaan konflik egter nie weens 'n noodgedwonge geringe inkomste of die noodgedwonge aanvaarding van 'n tipe werk wat die betrokke karakter nie wil doen nie, of 'n spyt oor te vroeë skoolverlating nie, maar bloot uit onstandvastigheid en werkskuheid weens luiheid en/of 'n begeerte om leeg te lê: vgl. byvoorbeeld onder andere Molahlehi deur S. Matlosa en O sentse Linako deur S.N. Majara.

In Mosali a Nkhola deur B.M. Khaketla en Liretlo deur A.S. Mopeli-Paulus asook in Chaka deur T. Mofolo, verkeer die hoofkarakters in konflik weens omstandighede wat deur ander geskep word en veral in eersgenoemde werk word die hoofkarakter realisties ooreed om, teen sy beterwete en beginsels, te handel. Konflik só geskep, is lewensgetrou en oortuigend, aangesien dit ook met beredenering gepaard gaan, soos in Mosali a Nkhola deur B.M. Khaketla en nie net eenvoudig weens willoosheid ontstaan nie.

Oor die algemeen trag skrywers om konflik te bewerkstellig deur 'n reeks gebeure wat die hoofkarakter in ongelukkigheid dompel, maar nie in intensiteit toeneem nie. Die gevolg is dat baie karakters feitlik as ongeluksvoëls bestempel kan word, soos wat dit die geval is in Molahlehi deur S. Matlosa, Paka-Mahlomola deur J.J. Moloa en Makotulo deur S.N. Majara. Dit wil soms voorkom asof skrywers van mening is dat enkele gebeure nie sal oortuig of genoeg konflik sal skep nie en hul derhalwe oordryf en juis hierin nie altyd oortuig nie en

verveling in die hand werk. Die grootste enkele faktor as stremming op die realistiese en oortuigende uitbeelding van konflik, bly egter karakters se passiewe reaksie op bepaalde gebeure.

6.3.8 SPANNING:

Weens konflik wat nie altyd realisties is en oortuig nie, asook vanweë die feit dat skrywers dikwels nie subtiel sekere elemente van hulle verhale verswyg om eers in die klimaks of ontknoping te berde te kom of vir die leser duidelik te word nie, ontbreek baie werke aan volgehoue spanning of afgagting. Min skrywers slaag werklik daarin om die leser se belangstelling op te wek en te behou. Vgl. hoe K.E. Ntsane in Nna Sajene Kokobela, C.I.D. nie lank talm eer hy die kat uit die mou laat oor wie die werklike moordenaar is nie. Dat diegene wat die skool te vroeg verlaat, spyt daaroor gaan kry of dat diegene wat niks van die stad af weet nie, daar moeilik 'n aanpassing gaan maak, is nie moeilik om te raai nie. Dieselfde geld Meokho ea Thabo deur B.M. Khaketla in welke geval dit gou duidelik is wie met wie op die ou end gaan trou. Netso kan Mopheme, Metsi en Tshitso baie gou deur die leser met mekaar geïdentifiseer word in Mopheme deur S. Matlosa.

Werke se titels, die voorwoord deur die skrywer, opskrifte van hoofstukke en sinspelings op komende gebeure dra alles daartoe by dat die intrige vooruitgeloop word en die leser se aandag afneem. Vgl. byvoorbeeld hoe T.Mofolo in Moeiti wa Botjhabela dit onomwonde stel dat Fekisi sy tuiste gaan verlaat nog voor hy definitief hierdie besluit geneem het en 'n bepaalde episode finaal daartoe aanleiding gee. Netso loop A. Nqheku ook sy verhaal soms vooruit in Lilahloane. In die geval van Liretlo deur A.S. Mopeli-Paulus en Mosali a Nkhola deur B.M. Khaketla asook Menyepetsi ya Maswabi deur A.T. Maboe, is die titels van hierdie werke 'n opsomming van die inhoud daarvan en weet die leser reeds

voor hy begin lees, waaroor die betrokke werk handel en wat die eindverloop gaan wees. Vgl. ook die benamings van hoofstukke in Senyamo deur E.P. Lebone, Lesiamo le Ema deur O.Mofolo en Lilahloane deur A. Nqheku wat op dieselfde wyse met alle verrassings- en spanningsmomente vir die leser wegdoen.

Voorts dra langdraderigheid, onnodige episodes en episodes oor kinderspel en -aktiwiteite waarin volwasse lesers vanweë die wyse waarop dit uitgebeeld word, nie belangstel nie, ook daartoe by dat spanning nie altyd gou opgewek en volgehou word nie; Vgl. byvoorbeeld die detail in Motwaitwai wa Lesotho deur J.T. Khalala, Mopheme deur S. Matlosa en Tshepo deur A.C.J. Ramathe. Onnodige episodes wat dieselfde effek het, is byvoorbeeld aan te tref in onder andere Chaka deur T. Mofolo, Molahlehi deur S. Matlosa en Lillo tsa Mokhotlong deur L.T. Nyesemane. Trouens, in 55% gevalle is onnodige episodes aangeteken. In baie werke word die hoofkarakter se lewens as kind en as volwassene geteken terwyl skrywers se temas in hoofsaak te vinde is in die volwasse hoofkarakter se lewensomstandighede. As sulks is die beskrywing van 'n hoofkarakter se jeugjare nie altyd relevant, soos dit byvoorbeeld in Chaka deur T. Mofolo is nie en is hierdie gegewens wat dikwels ook geen klimaks of krisismomente insluit nie, onnodig en vervelig sodat spanning noodwendig nie opgewek kan word nie; vgl. byvoorbeeld Mamello e Tsoala Katleho deur B.M. Masilo, Masoabi deur K.E. Ntsane, Naleli ea Meso deur B.T.N. Gugushe, Liate oa Mafika-Lisiu en Mafofela le Mohau deur S.N. Majara. As skrywers toeval aanwend ter oplossing van sekere probleme, breek spanning natuurlik dadelik af en verloor die leser ook belangstelling; vgl. byvoorbeeld Maokho ea Thabo deur B.M. Khaketla of Molahlehi deur S. Matlosa.

Hoewel die Suid-Sotho-skrywer selde daarin slaag om werklike spanning op te wek en dit deurgaans as 'n deurlopende lyn te behou soos wat T. Mofolo dit feitlik regkry, beteken dit nie dat spanning geheel en al ontbreek nie. Trouens, dit flikker dikwels op vanweë pakkende beskrywings en interessante wendinge, terwyl sommige skrywers baie goed daarin slaag om met sinspelings sekere hoofstukke korrek af te sluit en die leser

se belangstelling opwek om verder te lees, vgl. byvoorbeeld Leshala le Tswala Molora deur E.A.S. Lesoro hoofstukke I en III. S.M. Guma se beredenering van 'n saak by wyse van 'n vergadering in Tshehlana tseo tsa Basia, lei ook baie geslaagd tot die opwekking van spanning. Netso in dieselfde werk die wyse waarop sy hoofkarakters op 'n bepaalde manier optree en die leser in twyfel verkeer oor die ander karakters se reaksie daarop. Die Suid-Sotho-skrywer kan dus wel boeiend skryf en met beter tegniese versorging van die intrige behoort 'n deurlopende spanningslyn ook geskep te kan word.

6.3.9 SENTIMENT:

Oor die algemeen blyk skrywers nie die leser die geleentheid te gee om self te oordeel oor die uitwerking van bepaalde gebeure op sekere karakters nie en word simpatie jeens hierdie karakters doelbewus opgewek deur skrywerskommentaar, soos byvoorbeeld in Lilahloane deur A. Nqheku¹, Lillo tsa Mokhotlong deur L.T. Nyesemane², Mosonngoa deur J.I.F. Tjokosela³. Hierbenewens neem karakters dikwels hul toevlug tot trane in plaas van handelend en met durf op te tree, of hul smart of teleurstellings steeds met trots en waardigheid te dra en sodoende die leser of ander karakters se respek af te dwing, vgl. byvoorbeeld Nqalong ya Lerato deur B. Malefane.⁴ Lamsakkigheid word dus nie altyd doelbewus geteken nie en is dikwels in botsing met die bepaalde persoonlikheid wat 'n skrywer aan 'n karakter gee. Soms is trane in elk geval nie werklik geregverdig nie soos wat dit blyk uit Arola Naheng ea Maburu deur A. Nqheku⁵, Pitso ea Makhulo deur J.D. Chaane⁶, Meokho ea Thabo

-
1. Vgl. Nqheku, A., Lilahloane, p.60.
 2. Vgl. Nyesemane, L.T., Lillo tsa Mokhotlong, pp. 27, 40.
 3. Vgl. Tjokosela, J.I.F., Mosonngoa, p.47.
 4. Vgl. Malefane, B., Nqalong ye Lerato, p.60.
 5. Vgl. Nqheku, A., Arola Naheng ea Maburu, pp. 20, 33.
 6. Vgl. Chaane, J.D., Pitso ea Makhulo, pp. 11, 23, 35, 45.

deur B.M. Khaketla¹ en Motwaitwai wa Lesotho deur J.T. Khalala². Vgl. byvoorbeeld ook hoe R.L. Motsatse in Moitshepi le Moeletsi³ dit stel dat hyself tot trane gedwing word. Vgl. ook die sentimentele en melanko= lieuse toon van skrywers by die tekening van berou en 'n besef dat dit nodig is om 'n nuwe blaadjie om te slaan in Menyepetsi ya Maswabi deur A.T. Maboe⁴ en in Molahle= hi; deur S. Matlosa; die hoofkarakter se gebed en brief wat hy skryf. In dieselfde werk maak die skrywer die pap net te dik aan as sy hoofkarakter, wat reeds 'n patetiese figuur is, ook nog om die bos gelei word in die hoofstuk Lekula. Netso word in sommige werke uiters sentimentele briewe deur karakters geskryf, soos reeds genoem ten opsigte van Molahlehi deur S. Matlosa asook in Meokho ea Thabo deur B.M. Khaketla en Liate oa Ma= fika-Lisiu deur S.N. Majara.

Die dood van karakters word dikwels ook oordrewe senti= menteel deur skrywers aangebied. Vgl. byvoorbeeld ver= al Mafofela le Mohau deur S.N. Majara in welke geval die hoofkarakter droom haar oorlede eggenoot kom haar haal en sy dan haarself was en haar huweliksklere aantrek en op wit lakens gaan lê om die lewe te laat, vgl. ook Lesiamo le Ema deur O. Mofolo.

Dit is duidelik dat sentimentele passasies of episodes grootliks weens oordrywing bewerkstellig word.

6.3.10 DIE ORDE:

Meeste werke word deur skrywers in chronologiese orde aangebied en volg die beskrywing van gebeure mekaar chronologies in tyd op. H.B. Lethoba in Kgunou le Maria beskryf soms 'n episode en onderbreek dit dan om voor= afgaande gebeure te skets.⁵ Sodoende weerhou hy se=

-
1. Vgl. Khaketla, B.M., Meokho ea Thabo, p.20.
 2. Vgl. Khalala, J.T., Motwaitwai wa Lesotho, pp. 19, 29, 33, 37, 39, 49, 62, 64, 66, 68, 79, 84.
 3. Vgl. Motsatse, R.L., Moitshepi le Moletsi, p.92.
 4. Vgl. Maboe, A.T., Menyepetsi ya Maswabi, pp. 52, 64, 75, 81, 92, 98.
 5. Vgl. Lethoba, H.B., Kgunou le Maria, pp. 1, 46 - 50.

kere feite vir die leser en kom dit later as verras= singselement en word spanning opgewek. S.M. Guma se verhaal, Tshehlana tseo tsa Basia, vang in werklikheid op p. 6 aan en word in die eerste vyf bladsye van die werk 'n episode geteken wat op p. 27 voltooi word. Hierdeur trag hy suksesvol om dadelik die leser se be= langstelling op te wek deur hom midde in 'n situasie wat prikkel, te plaas. Bogenoemde twee werke is die enigste novelles waarin skrywers nie deurgaans 'n chro= nologiese orde in die verloop van hulle verhale hand= haaf nie. In die geval van Mehlolo ke Dinoha deur S.P. Lekeba word die hoofkarakter se jeugjare by wyse van 'n gesprek tussen die hoofkarakter en 'n vriend aangebied, sodat hierdie gaping in die leser se kennis van sy omstandighede as kind, kort en op interessante wyse aangebied word. In enkele ander werke word die hede ook met die verlede afgewissel, wanneer die hoof= karakter sy of haar verhaal of verlede aan iemand an= ders vertel; vgl. byvoorbeeld Monono deur E. Segoete, 'Makotulo deur S.N. Majara en Menyepetsi ya Maswabi deur A.T. Maboe.

6.3.11 AANBIEDING:

Meeste werke word aangebied deur 'n alwetende vertel= ler in die derde persoon waarin dialoog in die eerste persoon natuurlik voorkom. Slegs in een geval is die skrywer self die verteller van sy verhaal in die eerste persoon, vgl. byvoorbeeld Pitso ea Makhulo deur J.D. Chaane. In die geval van Mahaheng a Matsho deur J.J. Machobane, Monono deur E. Segoete en Sarah deur J.I.F. Tjokosela, vertel die hoofkarakter self sy eie verhaal in die eerste persoon maar tree die skrywer as vertel= ler in die derde persoon ook na vore. Bogenoemde geld ook Lillo tsa Mokhotlong deur L.T. Nyese mane in welke geval 'n karakter slegs op pp. 42 - 59 in die eerste persoon die verhaal verder voer om vanaf p.60 deur die skrywer voortgesit te word. Vgl. ook Menyepetsi ya Maswabi deur A.T. Maboe of 'Makotulo deur S.N. Majara.

6.3.12 VERTELTRANT:

Die wyse waarop die Suid-Sotho-skrywer sy verhaal aanbied is meesal 'n verteltrant asof 'n gehoor teenwoordig is soos wat die tradisionele letterkunde mondeling oorgedra is. Skrywerskommentaar is volop in feitlik alle werke en heel dikwels word die leser direk aangespreek as "Mmadi" ten einde hom te herinner aan voorafgaande gebeure, op te som, 'n karakter se gevoelens of bepaalde situasies te verduidelik. Vgl. byvoorbeeld hoe daar opgesom word in 'Makotulo deur S.N. Majara ¹, Tshepo deur A.C.J. Ramathe ². Die volgende is enkele voorbeelde van werke waarin die leser herinner word aan voorafgaande gebeure: Ditaba tsa Tawana deur D. Matseletsele ³ en Phakoana Tšooana deur T.T. Mofolo ⁴. 'n Karakter se gevoelens of bepaalde situasies word byvoorbeeld verduidelik in Moitshepi le Moeletsi deur R.L. Motsatse ⁵ en Tshepo deur A.C.J. Ramathe ⁶. Hierdie metode is eie aan die Suid-Sotho-novelle en nie altyd steurend nie behalwe as die skrywer sy leser se vermoë om self gevolgtrekkings te maak, onderskat en sy tussenwerpsels of opmerkings dus onnodig is. Vgl. byvoorbeeld hoe R.L. Motsatse in Moitshapi le Moeletsi wil seker maak dat die leser beseft dat die werksoeker ook Elsie se vader is. ⁷ So-ook in die werk Meokho ea Thabo deur B.M. Khaketla. ⁸

Sinsnedes soos die volgende kom vry algemeen voor:

"Mobadi a ka bona.....: Re se re boletse; Le tla utlwisisa.....: Mmadi o tla utlwisisa hore: Ke itse: Mobadi a ka itekanyetsa.....: Kamoo re tsebang kateng.....: Mmadi a ka inahanela.....: Kamoo re tlang ho bona...."

-
1. Vgl. Majara, S.N., 'Makotulo, pp. 7 - 10.
 2. Vgl. Ramathe, A.C.J., Tshepo, pp. 48, 69, 85.
 3. Vgl. Matseletsele, D., Ditaba tsa Tawana, pp. 5, 6, 23.
 4. Vgl. Mofolo, T.T., Phakoana Tšooana, p.176.
 5. Vgl. Motsatse, R.L., Moitshepi le Moeletsi, pp.40, 67.
 6. Vgl. Ramathe, A.C.J., a.w. pp. 21, 30.
 7. Vgl. Motsatse, R.L., a.w. pp. 30, 32, 67.
 8. Vgl. Khaketla, B.M., Meokho ea Thabo, p.7.

6.3.13 DIDAKTIESE MEDEDELINGS EN PASSASIES:

Meeste novelles het 'n didaktiese strekking maar afgesien daarvan, gaan skrywers soms sover as om die leser doelbewus op te voed deur middel van toesprake, gesondheidsleerlesse, aanhalings uit die Bybel en die aanwending van gelykenisse, of deur hom direk aan te spreek en mee te deel dat 'n bepaalde optrede afkeurenswaardig is. Aanhalinge uit die Bybel kom byvoorbeeld in 11% van die Suid-Sotho-nouvelles voor. Vgl. byvoorbeeld Monono deur E. Segoeete ¹, Ditaba tsa Tawana deur D. Matseletsele ², Mehla e a Fetoha deur J.J. Moilola ³ en Tshepo deur A.C.J. Ramathe. ⁴ Vgl. hoe B. Malefane byvoorbeeld die hele Psalm 23 aanhaal in sy werk Nqalong ya Lerato. ⁵ Gelykenisse kom onder andere voor in die volgende werke: Monono deur E. Segoeete ⁶ en Liate oa Mafika-Lisiu deur S.N. Majara ⁷, terwyl godsdienstige preke in Pitseng deur T. Mofolo ⁸ voorkom asook in Meokho ea Thabo deur B.M. Khaketla ⁹. Vgl. ook die gesondheidsleerlesse in Liate oa Mafika-Lisiu deur S.N. Majara ¹⁰ en veral Nqalong ya Lerato waarin B. Malefane besin oor die liefde ¹¹ hofmakery en die rookgewoonte ¹² en die nut van skolastiese opleiding ¹³. Net so dra die prinsipaal se toespraak in Molahlehi deur S. Matlosa as sedeles ook tot die opvoeding van die leser by.

Uit bogenoemde blyk dit veral dat die Christelike goddiens en kinders se gedrag op skool, veral met betrekking tot hofmakery en swak prestasies, aangewend word om die leser doelbewus op te voed. In Nqalong ya Lerato spreek B. Malefane egter ook die ouers aan wat hul

-
1. Vgl. Segoeete, E., Monono, p.2.
 2. Vgl. Matseletsele, D., Ditaba tsa Tawana, p.66.
 3. Vgl. Moilola, J.J., Mehla e a Fetoha, p.90.
 4. Vgl. Ramathe, A.C.J., Tshepo, pp. 13, 23, 48, 64.
 5. Vgl. Malefane, B., Nqalong ya Lerato, pp. 25 - 26.
 6. Vgl. Segoeete, E., a.w., pp. 70-76, 78-80, 81-82.
 7. Vgl. Majara, S.N., Liate oa Mafika-Lisiu, pp.75-76.
 8. Vgl. Mofolo, T., Pitseng, pp.29 - 32.
 9. Vgl. Khaketla, B.M., Meokho ea Thabo, p. 174.
 10. Vgl. Majara, S.N., a.w. pp. 32-35, 49-52.
 11. Vgl. Malefane, B., a.w., pp. 58, 66.
 12. Vgl. Malefane, B., a.w., p.33.
 13. Vgl. Malefane, B., a.w., pp. 52, 82.

kinders, teen laasgenoemde se wil, in huwelike wil indwing. A. Sekoli rig weer 'n woordjie tot onderwysers en ouers met betrekking tot die opvoeding van kinders in sy werk Lekomo la Ralitoro.¹ B.M. Khaketla in Meokho ea Thabo laat sy jong lesers beseef dat hulle die volksbouers van die toekoms is en derhalwe dienooreenkomstig moet leef.² In Sebolelo deur A.T. Maboee word byvoorbeeld 'n hele paar didaktiese passasies gevind waarin die leser toegespreek word oor geleerdheid, nederigheid en hoogmoedigheid³; die huwelik⁴; skelmagtigheid⁵; en die nut en waarde van die polisie diens⁶. Ander sosiale ewels word deur die werke in geheel veroordeel en die leser as sulks tot die goeie en die erkenning van behoudende elemente in die gemeenskap gelei.

6.3.14 SKRYWERS SE TOON:

Uit voorafgaande is dit dan ook duidelik dat meeste skrywers se toon veroordelend is ten opsigte van bepaalde praktyke en goedkeurend is ten opsigte van sekere handeling en beginsels, terwyl hul toon oor die algemeen meer kere gewigtig is as lig en grappig.

Terwyl A. Nqheku in Arola Naheng ea Maburu baie duidelik geen agting vir die blanke het nie en hom feitlik dwarsdeur die werk as bespotlik, haatdraend en as iemand met 'n meerderwaardigheidskompleks teenoor die Bantoe voorstel, laat enkele skrywers ook nie die geleentheid verbygaan om die blanke op astrante wyse deur die Bantoe te verneder of op te dons nie. In alle gevalle is sodanige episodes waardeur die skrywer se toon ook na vore kom, ongeregverdig, onlogies en onnodig. Vgl. byvoorbeeld hoe die hoofkarakter in Lekomo la

-
1. Vgl. Sekoli, A., Lekomo la Ralitoro, p.38.
 2. Vgl. Khaketla, B.M., Meokho ea Thabo, p.38.
 3. Vgl. Maboee, A.T., Sebolelo, pp. 27, 59, 104.
 4. Vgl. Maboee, A.T., a.w., pp. 99, 104.
 5. Vgl. Maboee, A.T., a.w., p.98.
 6. Vgl. Maboee, A.T., a.w., p.30.

Ralitoro deur A. Sekoli homself tydens 'n ete aan 'n blanke se tafel tuismaak in die waan dat hy onsigbaar is.¹ Vgl. ook waar 'n Afrikaner tydens die hoofkarakter se droom, weier dat 'n "kaffer" 'n vergadering sal toespreek voordat die blankes 'n beurt gehad het.² Sien in dieselfde verband ook Motwaitwai wa Lesotho deur J.T. Khalala in welke geval die talle verwysings na rassedisharmonie nie funksioneel is nie en die geveg tussen die blanke-kondukteur en Bantoe-reisiger,³ hoegenaamd geen doel dien nie. Hierdie kondukteur beledig die Bantoe-passasiers deur hul "kaffers" te noem waarop die hoofkarakter, op astrante wyse, 'n rusie aan die gang sit en die kondukteur in 'n geveg oorwin - maar nie voordat die kondukteur uitgeskel is as 'n verpesting en hater van die Bantoe nie. Vgl. hoe die hoofkarakter die blanke haat, in dieselfde werk⁴ en wens dat die Bantoevolkere selfregering kan hê.⁵ Die blanke se beskouing van die Bantoe blyk een te wees waarin die Bantoe as sonder verstand⁶ en as 'n slaaf van die blanke⁷ gesien word. Die Bantoe word uitgebuit⁸, onnodiglik geslaan en geskop⁹ en deur die Suid-Afrikaanse blanke sleg behandel.¹⁰ Vgl. ook Rabahlanka kapa Molelele deur P.M. Letsie in welke geval die hoofkarakter blankes rondbeveel en laasgenoemde spring om hom te bedien.¹¹ Bloot in enkele werke is skrywers se toon lig en grappig ten opsigte van sekere dele in hierdie werke en dan word altyd episodes waarin taalverskille, kinders se insoutery en die twee geslagte se spoggerig=

-
1. Vgl. Sekoli, A., Lekomo la Ralitoro, p.9.
 2. Vgl. Sekoli, A., a.w., p.31.
 3. Vgl. Khalala, J.T., Motwaitwai wa Lesotho, p.30.
 4. Vgl. Khalala, J.T., a.w. pp. 10, 39, 60.
 5. Vgl. Khalala, J.T., a.w., p.52.
 6. Vgl. Khalala, J.T., a.w., p.45.
 7. Vgl. Khalala, J.T., a.w., p.52.
 8. Vgl. Khalala, J.T., a.w., p.39.
 9. Vgl. Khalala, J.T., a.w., pp. 52, 53.
 10. Vgl. Khalala, J.T., a.w., p.68.
 11. Vgl. Letsie, P.M., Rabahlanka kapa Molelele, p.7.

heid teenoor mekaar, daarvoor ingespan. Origens kan die toon ook baie somber en wreed wees, soos byvoorbeeld in Chaka deur T. Mofolo, Mosali a Nkhola deur B.M. Khaketla of Mahaheng a Matsho deur J.J. Machobane.

6.3.15 TOEVALLIGHEDE:

Baie skrywers maak van toeval in hulle werke gebruik en in meeste gevalle dien hierdie toeval om fiksionele probleme op te los en nie om spanning op te wek of om karakters se probleme te kompliseer en te intensifiseer nie. As sulks is sodanige toeval ongewens en 'n teken van swak beplanning en voorbereiding. Vgl. byvoorbeeld hoe Isanusi en Chaka, in Chaka, se ontmoeting wel toevallig geskied maar by nadere ondersoek dit blyk dat Isanusi heel moontlik vanweë sy kwaliteite as toordokter, geweet het waar om Chaka raak te loop. In die geval van Molahlehi deur S. Matlosa speel toeval 'n groot rol in die oplossing van die probleem waarin die skrywer homself bevind, naamlik om die hoofkarakter, wat onskuldig in die tronk beland, weer daar uit te kry. Dit is net te goed om waar te wees dat die werklike moordenaar, Sobende, wat Molahlehi self eens probeer vermoor het, in dieselfde sel as Molahlehi sal beland en dan gewillig is om sy wandaad te erken sodat Molahlehi, wat vir hierdie moord in hegtenis geneem is, skotvry kan gaan. In 16% van die Suid-Sotho-nouvelles is toeval-lighede aangetref wat hoegenaamd nie funksioneel is nie en vermy kon gewees het deur beter hantering van die skrywer se stof. Vgl. byvoorbeeld onder andere Motwaitwai wa Lesotho deur J.T. Khalala,¹ Sebolelo deur A.T. Maboe² en 'Makotulo deur S.N. Majara³.

-
1. Vgl. Khalala, J.T., Motwaitwai wa Lesotho, p.77.
 2. Vgl. Maboe, A.T., Sebolelo, pp. 24, 25, 52.
 3. Vgl. Majara, S.N., 'Makotulo, pp. 127, 129 - 133.

6.3.16 ONLOGIESE FEITE EN TEENSTRYDIGHEDE:

In enkele werke speel onlogiese gebeure af wat geen= sins met die werklikheid verband het nie. Vgl. by= voorbeeld hoe Landman se lyk in die werk Mofufutso wa Phatla deur C.L.J. Mophethe, vanaf Bloemfontein per ossewa na Smithfield geneem word om daar begrawe te word. Om 'n lyk op so 'n wyse te vervoer oor 'n tydse= bestek van dae, is net nie moontlik sonder dat dit in 'n staalkis verseël is nie en hierdie moontlikheid word nie genoem nie. Vgl. byvoorbeeld ook hoe diegene wat Molahlehi wil vermoor, in Molahlehi deur S. Matlosa hom vasbind en gif ingee maar die indruk wil skep dat hy homself vergiftig het. 'n Persoon wat selfmoord pleeg, is immers nie vasgebind nie. In Sekhukhuni se Bonoa ke Sebatalali deur M. Ntsala is dit onlogies dat polisie uit 'n blanke gebied en deur 'n magistraat gestuur ¹, 'n moordsaak in 'n Bantoegebied, waar die kaptein self ondersoek waarnaem, sou ondersoek. Eer= der sou 'n kaptein in 'n Bantoegebied onder blanke be= heer nie toegelaat gewees het om moordsake te hanteer nie en aan die ander kant sou die S.A.P. hulle nie be= moei het met moordsake in gebiede wat nie onder die be= heer van die S.A. Regering ressorteer nie.

In Monono deur E. Segoeete word die doodstraf opgelê ter= wyl die slagoffer nie die lewe gelaat het nie. Hierdie vonnis is onvanpas en teenstrydig met die gebruik in die S.A. reg. Wanneer 'n geregsdienaer aangerand word, kan hoogstens manslag 'n meer realistiese vonnis wees. Vgl. op watter vergesogte wyse J.I.F. Tjokosela in Mohale o Tsoa Maroleng, 'n moordsaak oplos: Die S.A. Polisie neem in hierdie geval 'n lyk se oë af ten ein= de daarin 'n beeld van die moordenaar te vind. In die= selfde skrywer se ander werk, Mosongoa, trag 'n stief= moeder om haar stiefkind in 'n huwelik te dwing ten einde van haar ontslae te raak, terwyl sy, weens lui=

1. Vgl. Ntsala, M., Sekhukhuni se Bonoa ke Sebatalali, p.48.

heid afhanklik is van die arbeid wat deur hierdie meisie verrig word. As sulks is die stiefmoeder se optrede in stryd met haar persoonlikheid.

'n Groot flater en teenstrydigheid word in Peleapele deur J.K. Thakhisi aangetref. Dimakatso onderbreek haar skoolloopbaan vir 15 jaar, behaal later 'n B.Sc.-graad in 3 jaar, voltooi haar mediese studies oor 7 jaar, werk 'n tydjie en gaan dan spesialiseer. As sy hierna trou, is sy slegs 32 jaar oud terwyl as die skrywer die tydfaktor beter bekyk het, sou sy ten minste 45 jaar oud met haar huwelik moes gewees het.

Onlogiese feite, beredenerings en teenstrydighede en handeling kom in 22% van die Suid-Sotho-novelles voor.

6.3.17 ONNODIGHEDE:

In 55% van die Suid-Sotho-novelles word onnodige episodes aangetref wat niks met die uitbeelding van die tema of die uitbouing van die intrige te make het nie. Sodanige episodes is steurend en strem die ontwikkeling van 'n deurlopende spanningslyn in die verhaal. Dikwels word dit aangewend om skrywers se houding of menings oor bepaalde sake, wat in 'n mindere of meerdere mate aansluit by dele van die intrige, weer te gee. Vgl. hoe J.T. Khalala se houding teenoor die blanke in die werk Motwaitwai wa Lesotho onnodiglik uitgebeeld word in wrywingsituasies, wat tussen blank en nie-blank ontstaan maar niks met die tema te make het nie. Vgl. ook hoe A. Ngheku in Arola Naheng ea Maburu, Kommunisme aanval as bloot 'n terloopse verwysing maar nie as deel van die tema of intrige nie.

A.S. Mopeli-Paulus se laaste hoofstuk in Moshweshwe Moshwaila handel byvoorbeeld oor Mohlomi en nie oor Moshweshwe oor wie hy primêr skryf nie. In Lekomo la Ralitoro deur A. Sekoli is die inleiding byvoorbeeld totaal oorbodig en vang die verhaal in werklikheid eers

op p.16 aan. Net so het Fannereke se dogter se verlo-wingsparty, in Tsha ha se Mele Poya deur J.K. Thakhisi, byvoorbeeld geen aansluiting by die res van die intrige nie.

Dit is opmerklik dat die Suid-Sotho-novelle dikwels baie kort is en dan ook nog vele onnodighede insluit waar-deur ander belangrike elemente van die intriges, soos byvoorbeeld spanning en karakteruitbeelding, afgeskeep word.

6.3.18 EPISODE-TIPES:

Wanneer die verskeie episodes wat in intriges voorkom nagegaan word, blyk dit dat die Suid-Sotho-skrywers voorkeur aan sekere tipes van episodes gee. Die mees algemene episodes wat in meer as 10% van die novelles voorkom, handel oor die volgende:

6.3.18.1 DIE TOORDOKTER:

In 45% van die Suid-Sotho-novelles speel die toor-dokter 'n groot rol in die oplossing van karakters se probleme maar in meeste gevalle trag skrywers om hierdie praktyk te veroordeel en op die nutteloosheid daarvan te wys, vgl. byvoorbeeld Molahlehi deur S. Matlosa. Hy word ingespan om siekes te behandel soos in Liate oa Mafika-Lisiu deur S.N. Majara of om verdwene karakters te laat terugkeer huis toe soos in Molahlehi deur S. Matlosa of om kapteins se po-sisies te verstewig soos in Mosali a Nkhola deur B.M. Khaketla. Vgl. hoe daar met hierdie praktyk gespot word in onder andere Peleapele deur J.K. Thakhi-si.

6.3.18.2 DIE BONATUURLIKE:

Bonatuurlike verskynsels is in 10% van die Suid-Sotho-novelles aan te tref. In die geval van Chaka deur T. Mofolo, Makoa deur F.R. Letlala en Liretlo deur A.S. Mopeli-Paulus, kom die hoofkarakter in kontak

met die bonatuurlike waterslang. In Ditaba tsa Tawana deur D. Matseletsele sien die hoofkarakter 'n spook en origins is dit slegs T. Mofolo met Chaka en J.K. Thakhisi in Peleapele wat bonatuurlike verskynsels deur toordokters bewerkstellig, uitbeeld. In die geval van Mopheme deur S. Matlosa sorg die skrywer dat die leser self besluit of die hoofkarakter se handelinge aan bonatuurlike of verklaarbare verskynsels gewyt moet word. T. Mofolo in Moeti wa Botjhabela en Chaka teken 'n bonatuurlike verandering wat lyke ondergaan en in eersgenoemde werk beeld hy ook 'n sonsverduistering uit wat prakties gesproke, 'n donkerte tot gevolg het wat nie as normaal beskou kan word nie. God se bemoeiing met die mens waardeur sekere karakters, bepaalde omstandighede of probleme, nie op normale wyse nie, voorkom, is aan te tref in Ditaba tsa Tawana deur D. Matseletsele, Moeti wa Botjhabela deur T. Mofolo en Tsielala deur F. Nqheku.

6.3.18.3 DIE SKOOL:

Episodes op skool waarin óf kinders óf onderwysers deel het, kom ook dikwels voor, naamlik in 23% van die Suid-Sotho-novelles. Vgl. byvoorbeeld onder andere Molahlehi deur S. Matlosa en Tsha ha se Mele Poya deur J.K. Thakhisi. Die belang wat die skool vir beide die Suid-Sotho-leser en -skrywer het, in die bepaalde milieu waarin hy hom bevind en die noodigheid dat hierdie opvoedkundige stelsel beskryf en gepropageer sal word, is dus duidelik. Vgl. byvoorbeeld hoe ongeletterde skoolkomitees in bogenoemde werk van Thakhisi tot korrupsie in Bantoeskole kan aanleiding gee.

6.3.18.4 DISHARMONIE TUSSEN MAN EN VROU:

Episodes waarin 'n ongelukkige verbintenis tussen man en vrou geteken word, kom ook dikwels voor, naam-

lik in 11% van die Suid-Sotho-novelle, vgl. byvoorbeeld Lillo tsa Mokhotlong deur L.T. Nyesemane. Krisismomente in hierdie instelling is duidelik 'n verskynsel wat die Suid-Sotho-skrywer betreur en waaroor hy hom sal uitspreek in die novelle veral as in gedagte gehou word dat die novelle tans grootliks tot jongmense gerig word en hulle as sulks opgevoed kan word.

6.3.18.5 DISHARMONIE TUSSEN OUER EN KIND:

Episodes van hierdie aard is ook dikwels aan te tref, naamlik in 12% van die novelles. Vgl. byvoorbeeld Meokho ea Thabo deur B.M. Khaketla. Gewoonlik is dit daarin geleë dat kinders nie ouers se vermaninge of leiding in die sluiting van 'n huwelik aanvaar nie en die ouer en jonger geslag dan verskillende uitgangspunte met betrekking tot bepaalde sake huldig en onafwendbare botsings volg.

6.3.18.6 MOORD:

Moord word in 'n hele aantal werke, naamlik 30% van die Suid-Sotho-novelle, gepleeg. Vgl. byvoorbeeld paragraaf 4.2.1, 6.2.4.7 en 6.2.4.8, asook Matlosa se werke.

6.3.18.7 AANRANDING:

Karakters is dikwels in gevegte betrokke waarin aanrandings plaasvind; vgl. byvoorbeeld Motwaitwai wa Lesotho deur J.T. Khalala. Die rol wat geweld in die alledaagse lewe van die Bantoe speel, kan dus nouliks misgekyk word by die tekening van die volle omvang van die Bantoe se leefwyse oor die algemeen. Aanrandings kom in 12% van die Suid-Sotho-novelles voor.

6.3.18.8 DIEFSTAL:

Diefstal word in 28% van die Suid-Sotho-novelles gepleeg. In Moiketsi oa Sehong-Hong deur P. Lehloenya

is dit duidelik dat hierdie sosiale euwel nie deur die Bantoe-skrywer misgekyk word nie.

6.3.18.9 TRONKSTRAF:

Tronkstraf is 'n wesenlike probleem vir die Bantoe en baie karakters beland soms in die gevangenis, soos byvoorbeeld in Monono deur E. Segoe. Die omstandighede in die gevangenis word egter geignoreer of 'n skewe beeld daarvan geteken soos byvoorbeeld in 'Makotulo deur S.N. Majara waarin die hoofkarakter, wat 'n vrou is, lyfstraf ontvang en gemartel word.¹ Hoewel geen werk gevangenisstraf as tema het nie, word episodes waarin karakters in die tronk beland in 23% van die Suid-Sotho-novelle aangetref.

6.3.18.10 DRONKENSAP:

Feesvierings, bierbrouery en gevolglike dronkenskap kom ook in etlike werke voor, naamlik 22% van die Suid-Sotho-novelles; vgl. byvoorbeeld Moeti wa Botjha-bela deur T. Mofolo. Ook hierdie euwel is duidelik nie te skei van 'n lewe sonder christelike beginsels of norme van ordentlikheid en 'n goeie opvoeding in die algemeen nie. Dit bly 'n versoeking in enige samelewing en in die Bantoe se milieu 'n wesenlike probleem wat tereg in die tekening van die werklikheid, nie ter syde gelaat kan word nie.

6.3.18.11 HUWELIKE:

Die voltrekking van huwelike, die reëling daarvan, 'lobola' en onsuksesvolle huwelike word in baie werke beskryf; vgl. byvoorbeeld Ngalong ya Lerato deur B. Malefane, asook paragraaf 4.2.2, 4.2.9.2 en 6.2.4.1. Die huwelik is die eindtoneel in 'n liefdestema en skrywers se strewes is duidelik 'n huweliksbevestiging in die kerk, geskool op christelike grondslag.

1. Vgl. Majara, S.N., 'Makotulo, pp. 47, 48.

Dikwels word dit egter aangewend om verskille in godsdiensoortuiging, opvoedkundige kwalifikasies en algemene beginsels, te kontrasteer deur wrywing wat natuurlikerwys volg. In 19% van die Suid-Sotho-novelles word huwelike beskryf.

6.3.18.12 KAPTEINS:

In 'n aantal werke word kapteins as karakters uitgebeeld of vervul kapteins 'n ondergeskikte rol in kleiner episodes. In 22% van die Suid-Sotho-novelle word een of meer karakters deur 'n kaptein vervul; vgl. byvoorbeeld Mosali a Nkhola deur B.M. Khaketla, en Rabahlanka kapa Molele deur P.M. Letsie. Die belang van die kaptein in die Bantoe se sosiale en maatskaplike orde op hierdie stadium van sy beskawingsontwikkeling, is dus duidelik.

6.3.18.13 WERK IN MYNE:

Slegs in enkele gevalle, naamlik 12% van die Suid-Sotho-novelles, speel episodes in 'n myn af, vgl. byvoorbeeld O sentse Linako deur S.N. Majara, maar, soos elders gesê, blyk skrywers se kennis van hierdie tipe arbeid beperk te wees en is agtergrondtekening in dié verband vaag.

6.3.18.14 WEGLOOP VAN DIE OUERHUIS/SKOOL:

In die geval van 'n hele aantal werke, naamlik 20% van die Suid-Sotho-novelle, loop karakters van die ouerhuis af weg; vgl. byvoorbeeld paragraaf 3.2.2 asook Menyepetsi ya Maswabi deur A.T. Maboee. Die rede hiervoor soos elders genoem, is hoofsaaklik om avontuur te soek of dissipline en gereelde skoolbywoning vry te spring.

6.3.18.15 KINDERSPEL EN -ARBEID:

'n Groot aantal skrywers beeld hoofkarakters se jeugjare ter inleiding van hulle werke uit en gee daarin

aandag aan kinderspel en -arbeid wat in 22% van die Suid-Sotho-novelle voorkom; vgl. byvoorbeeld Moi-ketsi oa Sehong-Hong deur P. Lehloenya en Paka-Mahlo-mola deur J.J. Moiloa. Die benadering hiervan is nie uit die gesigsveld van die volwassene nie maar primêr vir jeugdige aangebied sodat die volwasse leser dit geensins geniet nie, maar dit vervelig vind. Dit is baie selde dat komiese kinderaktiwiteite voorkom of ironie in 'n kind se omstandighede só geteken word dat die ouer geslag aangegryp of sy belangstelling geprikkel word. Deurgaans word verbeeldinglose en alledaagse gebeure geteken sonder diepgaande of skerpe insig en oordeel waardeur die leser 'n dieper insig in 'n bepaalde milieu of die kind se geesteswoelinge kan hê; met ander woorde kleurloos.

6.3.18.16 DIE GEBOORTE VAN KARAKTERS:

In 32% van die Suid-Sotho-novelles word die hoofkarakter gebore; vgl. byvoorbeeld Mopheme deur S. Matloisa. Dikwels vang verhale voor so 'n geboorte aan en dit blyk dat hierdie gebeurtenis deur baie skrywers as 'n goeie aanknopingspunt gesien word, waarvandaan 'n hoofkarakter se lewensverloop tot 'n krisismoment, wat meesal eers as volwassene ontstaan, geteken kan word.

6.3.18.17 DIE AFSTERWE VAN KARAKTERS:

35% Van die Suid-sotho-novelles sluit episodes in waarin die hoofkarakter te sterwe kom; vgl. byvoorbeeld Monono deur E. Segoete. In baie werke is die dood die voltooiing van 'n lewe vol ongelukkigheid en konflik, maar soms is dit bloot 'n afsluiting van 'n karakter se handel en wandel nadat 'n keerpunt bereik is. Omdat skrywers nie bloot krisismomente in karakters se lewens uitbeeld nie, maar karakters se lewens self oor die algemeen, is dit dus niks

snaaks dat verhale ten einde loop of afgesluit word met sodanige gebeure nie.

6.3.18.18 DIE HELE LEWE VAN KARAKTERS:

Slegs een werk, naamlik Moitshepi le Moeletsi deur R.L. Motsatse, speel in die bestek van een nag en die daaropvolgende oggend af. Meesal beeld die Suid-Sotho-skrywer nie 'n enkele greep in die lewe van 'n bepaalde karakter uit nie, maar teken 'n groot deel van 'n karakter se lewe en dikwels 'n karakter se hele lewensverloop. In die geval van 10% van die Suid-Sotho-novelle word die hoofkarakter se hele lewe vanaf geboorte tot en met die dood geteken. Dit blyk dus dat skrywers talryke episodes aanwend om 'n toeloop van omstandighede te vorm wat tot die uitbouing van 'n krisismoment moet bydra. Dikwels is baie van hierdie episodes onbenullig en geensins van belang nie, soos byvoorbeeld in baie gevalle waar kinderaktiwiteite beskryf word.

Uit bogenoemde blyk dit dat die Suid-Sotho-skrywer se verhaal, soos elders gesê, die bekende en alledaagse verskynsels wat hom as persoon raak, uitmaak, terwyl die tradisionele gewoontes 'n aspek is wat steeds in die huidige samelewingspatroon vir hom wesenlik van belang is en nie totaal vergete is of verdwyn nie.

6.3.19 SLOTOPMERKING:

Uit voorafgaande blyk dit duidelik dat die intrige van die Suid-Sotho-novelle oor vele tekortkominge beskik met betrekking tot die patroon daarvan asook karakteruitbeelding soos hieronder sal blyk, aangesien skrywers nie altyd 'n gekompliseerde en delikate vermenging van emosies en konflik, waaroor later kontrole verkry word, uitbeeld nie. Tog is daar skrywers wat belofte inhou soos byvoorbeeld K.E. Ntsane wat verfrissende karakter=

tekening in die geval van die hoofkarakter Mafethe in Nna Sajene Kokobela, C.I.D. bereik. Vgl. in dieselfde verband ook B.M. Khaketla met Mosali a Nkhola en Meokho ea Thabo asook Ngalong ya Lerato deur B. Malefane.

S.N. Majara verdien ook vermelding met die uitstekende wyse waarop hy in sy werk, 'Makotulo, die lyding van 'n vrou wat besef dat sy haar huisgesin in die steek ge= laat het, uitbeeld en haar volharding aantoon om weer deel van hierdie huisgesin uit te maak. A Sekoli se interessante wyse waarop hy aantoon dat Kommunisme geen oplossing vir wrywingsvraagstukke is nie in sy werk, Lekomo la Ralitoro, verdien ook vermelding. T.T. Mofolo met Phakona Tšooana en S.M. Guma met Tshehlana tseo tsa Basia en Morena Mohlomi, Mora Monyane, lewer bewys dat 'n historiese agtergrond in 'n novelle ook só met ver= digsel vermeng kan word dat 'n interessante geheel, waarin karakteruitbeelding so geteken word dat die le= ser ook die betrokke karakter kan ken ten opsigte van hulle innerlike belewenisse, verkry kan word. As sulks kan hierdie skrywers ook nie buite rekening gelaat word nie. S. Matlosa se bydrae met Mopheme om 'n interes= sante spanningsverhaal te skep is ook 'n goeie poging wat nie uit die oog verloor kan word nie. Net so is E.A.S. Lesoro se Leshala le Tswala Molora en C.L.J. Mophethe se Mofufutso wa Phatla, goeie pogings tot die tekening van die ongelukkigheid wat te weeg gebring word deur die feit dat 'n seun, ten spyte van die goeie voorbeeld van sy ouers, nie in hulle voetspore volg nie maar die hele huisgesin tot skande en verdriet kan strek. Vgl. ook J.J. Moilola se Paka-Mahlomola waarin die skrywer se styl en sy poging om daarop te wys dat die ouer wat sy kind goed opgevoed het, alleenlik maar kan hoop dat hierdie opvoeding vrugte sal afwerp en self niks aan sy volwasse kind se lewensuitkyk kan ver= ander nie, tot die sukses van sy werke bydra. Die sim= boliek in S.N. Majara se Moroetsan'a Moshate en E.A.S. Lesoro se Pere Ntsho Blackmore dra ook baie tot die suk= ses van hierdie skrywers se werke by en hou hul as skry=

wers ook belofte tot groter prestasies in. Ook R.L. Motsatse kan nie nagelaat word om met die besliste krisisuitbeelding in Moitshepi le Moeletsi genoem te word nie. Ten opsigte van ouer skrywers, soos T. Mofolo en E. Segote, kan die feit betreur word dat meer werke nie uit hulle pen verskyn het nie vanweë hul onsig in en hantering van sosiale probleme en die Christelike godsdiens asook die uitstekende karaktertekening in veral Chaka deur T. Mofolo.

6.4 KARAKTERUITBEELDING:

Sommige skrywers gee hul karakters se voorkoms in enkele paragrawe aan die begin van hulle werke of waar bykarakters tot die toneel toetree weer, en hierdie beskrywings, wat gewoonlik baie detail ten opsigte van lengte, bouvorm, kleur, oë en gesigvorm bevat, teken vir die leser 'n realistiese prentjie, vgl. byvoorbeeld Molahleli deur S. Matlosa. Tog is sodanige beskrywings meestal losstaande en ook nie funksioneel nie. Selde word weer daarna verwys, sodat die leser kwalik 'n geheuebeeld van karakters se voorkoms opbou of behou. S.M. Guma in Tshehlana tseo tsa Basia behandel egter nie sy karakters se voorkoms in een asem nie, maar vul dit metertyd aan. Tog gebeur dit byna nooit dat die voorkoms van 'n bepaalde liggaamsdeel funksioneel is en meer as een keer te berde kom en beklemtoon word sodat die leser onthou en weet waaraan 'n betrokke karakter uitteken kan word, of wat eie aan so 'n persoon is nie. Hier breek B.M. Khaketla die ys in Mosali a Nkhola deur Sebotsa se gewoonte om sy oë toe te knyp as hy verleë is.¹

Karakters se voorkoms word gewoonlik deur middel van 'n sierstyl geteken, vgl. byvoorbeeld Chaka deur T. Mofolo, Phakoana Tšooana deur T.T. Mofolo en Molahlehi deur S. Matlosa. Waar omstandighede dit regverdig,

1. Vgl. Khaketla, B.M., Mosali a Nkhola, pp. 25, 30, 46, 51, 52, 55.

word 'n windmakervoorkoms verkry deur karakters in westerse kleredrag uit te dos, soos byvoorbeeld in Mehlolo ke Dinoha deur S.P. Lekeba. Dit gebeur egter baie selde dat karakters se persoonlikhede ook deur hulle kleredrag weerspieël word. Modebewustheid word gewoonlik gekoppel aan sukses, en 'n deelname aan 'n westerse lewenswyse waarin alle tradisionele gewoontes ook ten opsigte van kleredrag, afgeskud word. Blote netheid, verslonsdheid of gehegtheid aan tradisionele kleredrag, vanweë 'n bepaalde eie lewensbeskouing by karakters, ontbreek egter.

By die uitbeelding van karakters se persoonlikhede is dit hoofsaaklik beskrywings of mededelings van skrywers en in 'n mindere mate of meerdere mate handeling en dialoog, waardeur persoonlikheidstrekke uitgebeeld word; vgl. byvoorbeeld Moeti wa Botjhabela waarin T. Mofolo, besonderhede oor die hoofkarakter se persoonlikheid verstrek maar dit dan ook tereg illustreer aan die hand van episodes of gebeure. Vgl. ook Liretlo deur A.S. Mopeli-Paulus waarin die leser bepaalde persoonlikheidstrekke van die hoofkarakter meegedeel word,¹ asook in Lilahloane deur A. Ngheku². Handeling en dialoog openbaar sekere persoonlikheidstrekke van karakters byvoorbeeld in Chaka deur T. Mofolo, Moitshepi le Moeletsi deur R.L. Motsatse en Lesiamo le Ema deur O. Mofolo, terwyl handeling en gedagtes in Ditaba tsa Tawana deur T. Matselotse daartoe bydra dat die leser die hoofkarakter beter leer ken. Ook in Nqalong ya Lerato deur B. Malefane dien die hoofkarakter se gedagtes om meer van sy persoonlikheid te openbaar. Ten spyte hiervan egter bly meeste karakters vaag en konsentreer die Suid-Sotho-skrywer meer op die verhaal self of dan die gebeure, as wat karakters se persoonlikhede so oopgevlek word dat die leser hulle duidelik leer ken, 'n natuurlike simpatie jeens hulle omstandighede ontwikkel en met hulle meeleeft in hulle probleme, strewes of geluk. Dit gebeur nooit dat die leser weet

1. Vgl. Mopeli-Paulus, A.S., Liretlo, pp. 49, 66.

2. Vgl. Ngheku, A., Lilahloane, pp. 8, 12.

hoe diep 'n bepaalde situasie 'n bepaalde karakter gaar, raak nie. Alhoewel die leser dus bepaalde persoonlikheidstrekke van karakters by wyse van dialoogvoering, handeling en deur mededelings van die skrywer leer ken, bly hierdie kennis oppervlakkig. Die renons wat die leser in die skurkekarakter het, ontstaan byvoorbeeld gewoonlik vanweë sy handeling en selde vanweë 'n kennis van sy persoonlikheid. Om hierdie redes is karaktertekening nie altyd geslaagd nie en is karakters dikwels vaag uitgebeeld en staan nie uit as individue met eie bepaalde en unieke persoonlikheidstrekke, strewes en probleme nie; vgl. byvoorbeeld Tshepo deur A.C.J. Ramathe of Tsha ha se Mele Poya deur J.K. Thakhi si en Sekhukhuni se Bonoa ke Sebatalali deur M. Ntsala. Vgl. ook hoe vervelig die hoofkarakter in Naleli ea Meso deur B.T.N. Gugushe is.

Die durf wat die hoofkarakter in Ngalong ya Lerato deur B. Malefane openbaar, word in baie min ander werke aangetref en is karakters meesal passief voorgestel soos byvoorbeeld in Molahlehi deur S. Matlosa of Paka-Mahlomola deur J.J. Moilola. Dit is opmerklik hoe baie hoofkarakters eenvoudig net deur hulle bepaalde omstandighede oorweldig word en as swakkellinge net nie trag om hulle bepaalde omstandighede te verander nie - dit ten spyte van die feit dat hul wel teen die prikkels kan skop as ouers hul dwing om huwelike aan te gaan of die skool by te woon, teen hulle begeertes in.

Karakterverandering geskied in baie min werke, maar word tog aangetref in onder andere Paka-Mahlomola deur J.J. Moilola en Lillo tsa Mokhotlong deur L.T. Nyese mane en Chaka deur T. Mofolo. Soms egter is karakterverandering nie gemotiveer nie en is bepaalde handeling van karakters byvoorbeeld nie vir die leser duidelik of te rym met die betrokke karakter se persoonlikheid nie; vgl. byvoorbeeld Mohale o Tsoa Maroleng deur J.I.F. Tjokosela of Rabahlanka kapa Molele deur P.M. Letsie. Alleenlik in Chaka deur T. Mofolo, Moitshepi le Moletsi deur R.L. Motsatse en Mosali a Nkhola

deur B.M. Khaketla ondergaan die hoofkarakters 'n baie duidelike en gemotiveerde karakterverandering. Dit geskied nie eensklaps nie maar bepaalde invloede werk sodanig met verloop van tyd op hierdie karakters in dat hul later die slagoffer daarvan word en noodgedwonge tot ander insigte kom en 'n persoonlikheidsverandering ondergaan. In laasgenoemde werk poog die hoofkarakter om ten alle koste sy beginsels te behou maar sy bepaalde omstandighede sleur hom mee sodat die verandering wat hy ondergaan, oortuigend geskets is - veral vanweë die feit dat hy nie sommer daardeur oorrumpel is nie, maar geleidelik nie opgewasse bly teen die invloede wat tot sy verandering lei nie.

In meeste werke is die hoofkarakters 'plat' en is dit die gewone of tipologiese karakters wat die eerste plek, in plaas van 'n ondergeskikte posisie, in die verhaal inneem. Dit, tesame met die feit dat karakters min reaksie op konflik wat ontstaan, openbaar, lei daartoe dat karakteruitbeelding oor die algemeen swak is en min skrywers dieselfde hoogtes kan behaal as T. Mofolo in al drie sy werke, in welke geval die hoofkarakters uitgebou word tot imposante individue. Trouens, dit gebeur baie selde dat 'n hoofkarakter uitgebeeld word as iemand met goeie sowel as slegte eienskappe. Karakters is óf goed soos in Pitseng deur T. Mofolo, óf sleg soos in 'Makotulo' deur S.N. Majara. Gesien in hierdie lig, is skrywers se karakters onaanvaarbaar, as mense met bepaalde gebreke en bepaalde deugde, geteken en derhalwe blyk karaktertekening oor die algemeen swak, onvolledig en onrealisties te wees. Skrywers kies hulle karakters feitlik altyd uit diegene wat bo die massa uitstyg, ten opsigte van strewes, sukses, skolastiese opleiding en beroep, asook die werping van die tradisionele, of uit aanhangers van tradisionele gewoontes. Die rede hiervoor is miskien die bewustheid van hierdie twee uiterstes wat in die Bantoesamelewing 'n skrilte kontras vorm. Die deursnee Mosothiso wat nie meer so tradisievas is nie en ook nie by die geletterde Bantoe inpas nie, word geheel en al oor

die hoof gesien. As sulks word die Bantoe se strewes en ideale met betrekking tot geletterdheid en verwertering, met alle implikasies wat dit inhou, en sy afkeur aan sekere aspekte van 'n tradisionele leefwyse en invloede van 'n westerse beskawing, deur skrywers se karakters weerspieël. Die fokuspunt is hierdie twee uiterstes in die samelewing en die deursnee Mosotho wat miskien nie meer so tradisievas is nie en vanweë een of ander rede min of geen skolastiese opleiding het nie en ekonomies nie presteer nie, met ander woorde die proletariaat, word by die keuse van karakters buite rekening gelaat behalwe in soverre as wat bykarakters uit hierdie massa, die hoofkarakter se lewe kan versuur, soos wat dit uit werke blyk waarin die stad as agtergrond dien. Uit hierdie breë massa word hoofkarakters selde gekies en die gevolg is dat die deursnee Mosotho se leefwyse, strewes, begeertes en afkeure of probleme nie vir die leser uitgebeeld word nie. Trouens, die Mosotho as mens met bepaalde voor- en afkeure, selftrots, swakhede of beginsels wat nie noodwendig in die tradisionele gesetel is nie maar ook eie aan hierdie volk is, word net nie uitgebeeld nie, behalwe deur K.E. Ntsane wat in Bao Batho probeer om die jaloesie en ondergraving in 'n Bantoe-gemeenskap te skets. Tog gee T. Mofolo in Pitseng aandag aan sterk godsdienstige beginsels en keur R.L. Motsatse in Moitshepi le Moeletsi juis die ontstaan van hierdie verskillende lae in die samelewing af.

Deur geen karakters word 'n eie nasietrots en sterk beginsels, ten spyte van armoede of ongeletterdheid geteken nie en die deursnee Mosotho se lief en leed word selde uitgebeeld. C.L.J. Mophethe het wel deels hierin geslaag met Mofufutso wa Phatla maar oor die algemeen word die breë massa nie deur die Suid-Sotho-skrywer se karakters verteenwoordig nie.

Uit bostaande is dit dus duidelik dat daar in die Suid-Sotho-letterkunde geen werke aangetref word waarin karakteruitbeelding die grootste klem geniet of hoofdoel

is nie. Verhale is aksiegevol en, soos gesê, moet daar= uit, asook uit die skrywer se mededelings, die karakters se persoonlikhede afgelei word. Geen werklike ontle= ding of tekening van karakters se persoonlikhede, son= der om enigsins 'n wetenskaplike studie te wil doen, word deur skrywers gemaak nie. E.A.S. Lesoro met Lesha= la . le Tswala Molora en C.L.J. Mophethe met Mofufutso wa Phatla beweeg egter in hierdie rigting maar gee nie genoeg aandag aan innerlike belewenisse of die siel= kundige uitwerking wat bepaalde gebeure op bepaalde ka= racters het nie.

In drie werke, naamlik Monono deur E. Segoete, 'Makotulo deur S.N. Majara en Menyepetsi ya Maswabi deur A.T. Maboee, tref ons vertellerkarakters aan. In hierdie ge= valle deel die hoofkarakter sy ervarings van die ver= lede in die hede aan ander karakters mee met die doel om reaksie uit te lok en die luisteraars tot ander in= sigte te bring. In al drie hierdie werke oorheers die verteller se verhaal die situasie in die huidige, met ander woorde verhoudings tussen die verteller en sy luisteraar, asook die luisteraar se reaksie daarop. Dog in Segoete se werk verdwyn die verteller in die laaste gedeelte van die werk van die toneel af en is die luis= teraar se reaksie en handeling dan die fokuspunt. Hierdie vertellerkarakters raak gou vir die leser ver= vreem veral in Maboee se werk deurdat skrywers hoof= saaklike aandag toespits op die objektiewe, of die ver= teller se vertelling en die interaksie wat daar tussen verteller en luisteraar bestaan, grootliks afgeskeep word. Segoete en Majara trag egter om hierdie verhou= ding realisties te hou deur telkens die vertelling te onderbreek en na die huidige terug te keer. Hierin slaag Segoete die meeste en is die leser in Majara se werk geneig om te vergeet dat daar steeds luisteraars op die toneel bly en die werk in die eerste instansie 'n vertelling is en nie gebeure wat besig is om af te speel nie. In die geval van Maboee se werk vervul die

luisteraar egter 'n onbeduidende rol en verdwyn trouens later van die toneel af sodat die leser hom nie eers mis nie. Ten spyte daarvan dat vertellers hulle relaas onderbreek, hervat hulle dit egter presies waar die onderbrekings plaasgevind het, sodat die orde van die verteller se verhaal steeds in chronologiese opeenvolging verloop.

Alles in ag genome, bereik meeste skrywers nie sukses met karaktertekening nie. Slegs enkele skrywers wat in 'n mindere of meerdere mate redelik suksesvol hierin skyn te wees, kan vermeld word sonder om enigsins 'n volledige lys te probeer opstel: T. Mofolo, E. Segoete, B.M. Khaketla, E.A.S. Lesoro en K.E. Ntsane.

6.5 STYL:

6.5.1 INLEIDING:

Omdat skrywers oor die algemeen min werke publiseer, is hul dus nie in staat om altyd 'n bepaalde karakteristieke styl te ontwikkel of uit te bou nie en die vermoë om kompak of ekonomies te skryf, waar nodig, en uit te brei waar die situasie dit regverdig, aan te kweek nie. Oor die algemeen is skrywers se styl direk en vertoon 'n armoede aan gedagte sodat die skrywer as verteller oorheers en karakters min geleentheid het om hulself deur dialoog of handeling te openbaar. Objekbeskrywings is dan gewoonlik ook meer realisties as die beskrywing van handeling of omstandighede, wat meer subjektief gekleur is en dikwels 'n verskoning is om eie of persoonlike konflikte mee te deel; vgl. byvoorbeeld Masoabi deur K.E. Ntsane en Tsha ha se Mele Poya deur J.K. Thakhisi.

Hierbenewens is skrywers se styl soms baie eenvoudig, terwyl dit ook duidelik is dat dit aangebied word om 'n kind of die jeug se begrip nie te bowe te gaan nie, vgl. byvoorbeeld Liate oa Mafika-Lisiu deur S.N. Majara. Dan weer verfraai sommige skrywers hul taal doelbewus

en is dit ook duidelik dat die taalgebruik só aange= wend word dat dit geskik is vir die skoling van die Ban= toeskolier in sy eie taal; vgl. byvoorbeeld Paka-Mahlo= mola deur J.J. Moiloa.

Die mees algemene variasies ten opsigte van styl is dan 'n sierstyl of 'n eenvoudige styl, terwyl etlike skry= wers soms net nie met 'n sierstyl kan volhou nie en vermenging van hierdie twee tipes van styl dan plaas= vind.

6.5.2 SIERSTYL:

Skrywers se sierstyl word gewoonlik gekenmerk deur die aanwending van gedigte en liedere, wat later bespreek word, asook die doelbewuste en vrylike aanwending van adjektiewe, relatiewe, ideofone, verdubbelings, verge= lykings, metafore en saamgestelde woorde, vgl. byvoor= beeld T. Mofolo se werke. In 25% van die Suid-Sotho= nouvelles trag skrywers om hul styl te verfraai terwyl in 12% gevalle, skrywers tot 'n sierstyl neig maar dit nie volhou nie, soos byvoorbeeld A.T. Maboeë of A.S. Mopeli-Paulus. In die verkryging van 'n sierstyl speel die gebruik van sinonieme of woorde waarvan die beteke= nisse slegs in 'n geringe mate van mekaar verskil, 'n groot rol en word hierdie tipe van woorde meesal kort na mekaar gebruik om 'n intensiteitstoename te bewerk= stellig soos wat T. Mofolo in Moeti wa Botjhabela ten opsigte van werkwoorde doen. Vgl. byvoorbeeld: "Mango= le a hae a fokola, a tsherema, a tetema, a sitwa ho mo jara. ¹ a kula, a fokotse, a kgathetse, a la= pile, a nyorilwe, a tswile ditlhabela, a sehlafetse... ² A re a sa dula, a sa dule, a putlama a akgeha a ya le maidiidi ..." ³ Vgl. ook hoe herhaling dieselfde rol vervul in bogenoemde werk: "... a ya batla, a ya batla ho loka, a ya batla Modimo. Ba esa a baleha, a bale=

-
1. Mofolo, T., Moeti wa Botjhabela, p.58.
 2. Mofolo, T., a.w., p.63.
 3. Ibid.

hela bokgopo bo atileng, a balehela lefatsheng leo..."¹
 Vier daaropvolgende sinne vang in hierdie paragraaf met
 "Ba esa" aan. Vgl. hoe T. Mofolo 'n karakter in Chaka
 beskryf: "... a le mokgunong, a le mosootho, a le
 borethe,² ... a raohile, a eme ka dithako
 mme a rotolohile...."³ Hierdie wyse van stylverfraai=
 ing is verteenwoordigend van alle skrywers wat hulle
 werke in 'n sierstyl aanbied.

Onder skrywers wat hierdie tipe styl aanwend, moet J.J.
 Moiloa egter ook uitgesonder word as iemand wat by uit=
 stek daartoe in staat is om episodes en karakters in
 detail en met fyn nuanses te beskryf. Sy taalgebruik
 is besonder goed, terwyl sy kennis en aanwending van 'n
 ryke verskeidenheid van spreekwoorde en idiome, opval=
 lend is. Tog is dit jammer dat hy soms doelbewus daarop
 konsentreer om sy styl te verfraai en sy werke sodoende
 minder gemaklik lees en aan natuurlikheid inboet. Sy
 raak beskrywings kan egter nie betwis word nie.

S. Matlosa slaag veral in Mopheme daarin om 'n langdra=
 derige manier waarop die Bantoe soms 'n saak aanvoer,
 realisties aan bepaalde karakters se optredes te knoop,
 terwyl S.M. Guma weer hierdie wyse van dialoog en rede=
 nering doelbewus en suksesvol vermy in Tshehlana tseo
tša Basia. Dit is selde dat 'n skrywer se styl van
 humor spreek en daarom moet S. Matlosa in hierdie ver=
 band uitgesonder word. Vgl. byvoorbeeld Mopheme: "A
 fihla a palame la mohlomi, a tasola⁴, Ke rata ho mo
 ruta motlwang wa pula⁵, ke ntja ya selahlwaleboya⁶.
 O motle o tseba hore tsatsi le leng tjotjo e tla hloma
 sesela mme ke tla buetsa molamu sefateng."⁷

-
1. Mofolo, T., Moeti wa Botjhabela, p.39.
 2. Mofolo, T., Chaka, p.80.
 3. Mofolo, T., a.w., p.4.
 4. Matlosa, T., Mopheme, p.7.
 5. Matlosa, T., a.w., p.62.
 6. Matlosa, T., a.w., p.51.
 7. Lesoro, E.A.S., Pere Ntsho Blackmore, p.15.

Sommige skrywers, waaronder veral J.K. Thakhisi, is byvoorbeeld baie lief vir die aanwending van die passief terwyl F. Ngheku geneig is om die infinitief baie dikwels aan te wend.

6.5.3 EENVOUDIGE STYL:

In 55% van die Suid-Sotho-novelle is skrywers se styl oorwegend eenvoudig en lees hulle werke gemaklik en is die taalgebruik, hoewel nie altyd swak nie, geskik vir die jonger leser. In sodanige werke word vergelykings, metafore, verdubbelings, ideofone, spreekwoorde en saamgestelde woorde ook aangetref maar nie so dikwels, of oordryf, soos in die werke wat deur en deur in 'n sierstyl aangebied is nie. (Vgl. byvoorbeeld B.T.N. Gugushe, B.M. Khaketla of E.A.S. Lesoro, onder andere).

6.5.4 BESKRYWINGS:

Dit kom voor asof skrywers met groter gemak objekte en handeling in detail en met skakerings kan beskryf, as wat dit die geval met belewenisse of abstrakte denke is. (Vgl. byvoorbeeld K.E. Ntsane of J.J. Moiloa onder andere). Karakters se voorkoms, die natuur en aksiege vulde handeling word gewoonlik lewendig en getrou uitgebeeld, terwyl emosie byvoorbeeld swak en hoofsaaklik deur middel van trane of melodramatiese gedagtes en skrywes geteken word. Gevoelvolle handeling, gebare of gesigsuitdrukkings bly uit en dit wil voorkom asof die Bantoe-skrywer sodanige woelinge oorbeklemtoon en fyn nuanses óf nie kan teken nie, óf as ongenoegsaam beskou.

6.5.5 VERTELTRANT:

In feitlik alle werke kenmerk 'n verteltrant, in 'n mindere of meerdere mate, meeste skrywers se styl - vgl. paragraaf 6.3.11. In 32% van die Suid-Sotho-novelle, spreek die skrywer die leser direk aan, terwyl skrywers in 9% gevalle opsommings van bepaalde episodes maak.

Die skrywer herinner sy leser ook aan voorafgaande gebeure in 40% van die Suid-Sotho-nouvelles terwyl die leser in 35% van hulle werke onderskat word.

6.5.6 GEDIGTE EN LIEDERE:

'n Kenmerk van die Suid-Sotho-skrywer se styl is dat een of meer liedere en/of gedigte in hulle werke aan te tref is. In 63% en 52% van die Suid-Sotho-nouvelles word gedigte en liedere onderskeidelik aangetref. Die aantal gedigte wat per novelle aan te tref is, kan wissel van een tot twintig, terwyl vyf of meer die meeste liedere is wat in een enkele werk aangetref word.¹

Die grootste aantal gedigte en liedere gesamentlik in dieselfde werk aangetref is 25² en dan volg J.T. Khalala met 18 in Motwaitwai wa Lesotho. Prysgedigte en liedere vorm 'n integrale deel van die Bantoe se leefwyse en is dus in die tekening van sy lewensomstandighede nie onvanpas nie. Deur die aanwending daarvan in die novelle gee skrywers dikwels klem aan bepaalde gebeure of situasies, soos byvoorbeeld in Mopheme deur S. Matlosa waarin die perd wat Tshitso veilig uit sy vyande se bereik kon dra, geprys en hierdie dier se kwaliteite besing word. Vgl. in dieselfde werk hoe die leser uit die gedig wat Metsi³ voordra, kan aflei dat hy en Tshitso een en dieselfde persoon is.

Tog gebeur dit ook dikwels dat sommige liedere en gedigte onvanpas is en wesenlik geen funksie het nie en bloot vir verfraaiingsdoeleindes ingevoeg is. Vgl. byvoorbeeld veral J.T. Khalala in Motwaitwai wa Lesotho in welke geval hierdie element nie altyd by voorafgaande gebeure inpas of aanpas nie. Net so is sommige liedere en gedigte soms heeltemal te lank om werklik funksioneel te wees en die leser se aandag word onnodiglik afgelei

-
1. Vgl. Majara, S.N., Mafofela le Mohau.
 2. Vgl. Lesoro, E.A.S., Pere Ntsho Blackmore
 3. Vgl. Matlosa, S., Mopheme, p.81.

en die spanningslyn verbreek. Vgl. ook bogenoemde werk in hierdie verband asook J.J. Machobane se Senate, Shoeshoe 'a Moshoeshoe in welke geval sommige gedigte oor 4 - 7 bladsye strek. Dieselfde meld Machobane se ander werk, Mphatlalatsane.

In enkele gevalle word Engelse liedere in novelles ingesluit soos byvoorbeeld in Meokho ea Thabo deur B.M. Khaketla. Dit is jammer dat meer skrywers nie hulle liedere en gedigte op dieselfde wyse as A.T. Maboe byvoorbeeld in Menyepetsi ya Maswabi by die konteks laat aansluit nie. Vgl. byvoorbeeld sy metode van aanbieding: "A di tadima a thotse, a nto di rokela a re:"¹ waarna die gedig volg. E.A.S. Lesoro sluit paragrawe op dieselfde wyse af eer h, 'n gedig weergee maar ander skrywers, onder andere A. Ngheku en S.N. Majara, se gedigte en liedere vang stomp, as losstaande eenhede, aan.

Terwyl hierdie element in die Suid-Sotho-novelle dus funksioneel, treffend en nuttig kan wees, word dit dus nie altyd korrek aangewend of gebruik nie.

6.5.7 SUBJEKTIEWE EN OBJEKTIEWE SKRYWE:

Vanweë die feit dat skrywerskommentaar oor die algemeen in baie werke voorkom en objekbeskrywings dikwels in 'n sierstyl aangebied word, is meeste skrywers se styl subjektief. Vgl. byvoorbeeld hoe B.M. Khaketla² in Meokho ea Thabo die leser attent maak op watter emosies die mens in die algemeen op bepaalde situasies openbaar. Verduidelikings van bepaalde gebeure, wat die leser in elk geval snap, dra ook hiertoe by. Vgl. byvoorbeeld Moitshepi le Moeletsi deur R.L. Motsatse.

6.5.8 WOORDKEUSES:

Soos reeds gesien is baie skrywers se woordkeuses soms baie gepas, gevoelvol en omskrywend. Argaiëse woorde

-
1. Maboe, A.T., Menyepetsi ya Maswabi, p.61.
 2. Vgl. Khaketla, B.M., Meokho ea Thabo, p.75.

en woorde van Zulu- of Nguni-oorsprong dra dikwels daartoe by dat bepaalde situasies realisties beskryf word en die korrekte agtergrond bewerkstellig kan word. Vgl. byvoorbeeld Molahlehi in die Kaapkolonie in Molahlehi deur S. Matlosa, in welke geval Nguni-woorde kleur aan die betrokke situasie verleen. Netso Chaka deur T. Mofolo in welke geval woorde van Zulu-oorsprong, Zulu-woorde en argaïse woorde bydra tot agtergrondtekening. Woorde van Afrikaanse en Engelse oorsprong, tewel Suid-Sotho-woorde of ekwivalente bestaan, is 'n teken van swak taalgebruik en afwerking. Hierdie verskynsel kom volop voor en dien baie selde om kleur aan 'n bepaalde karakter te verleen deur in dialoog so 'n karakter se persoonlike taalgebruik weer te gee. Dieselfde geld Engelse of Afrikaanse woorde wat sonder, of in aanhangstekens, verskyn. Vgl. byvoorbeeld Lesiamo le Ema deur O. Mofolo, Mofufutso wa Phatla deur C.L.J. Mophethe en K.E. Ntsane se werk, Nna Sajene Kokobela, C.I.D. onder andere. Waar karakters se spoggerigheid en verwersing geteken word, is hierdie verskynsel nie hinderlik nie. Vgl. byvoorbeeld Mr. Katse in Pitseng deur T. Mofolo of die aanspreekvorm Mr. en Miss asook die gesprek in gemengde Engels en Zulu in Meokho ea Thabo deur B.M. Khaketla.

6.5.9 DIALOOG:

Dialoog waarin karakters met hulleself redeneer en 'n saak uitmaak is besonder min aan te tref en skrywers as vertellers skets gewoonlik sodanige elemente waarin karakters in twyfel verkeer en besluite neem. Wat egter die meeste met betrekking tot dialoog opval, is dat dit dikwels op onbeholpe en stokkerige wyse aangebied word, soos wat dit gebruikelik in die drama is, deur die spreker se naam te noem waarna 'n dubbelpunt en sy eie woorde volg. In 20% van die Suid-Sotho-nouvelles word dialoog op hierdie steurende wyse aangebied en getuig dit van die onbeholpenheid waarmee baie skrywers dialoog aanpak. Vgl. byvoorbeeld A.S. Mopeli-Paulus, A. Nqheku, E. Se-goete of K.E. Ntsane onder andere.

Lewendige besprekings en redenerings of beredenerings wat kleur aan intriges kan gee en meer aksiegevalde episodes en spanning tot gevolg kan hê, ontbreek meesal en word dialoog hoofsaaklik aangewend in gevalle waar dit onvermydelik is. Die feit dat dialoog dikwels vermy word of voorkeur aan vertelling gegee word, is moontlik ook daaraan toe te skryf dat skrywers kort novelles hanteer en selde tot langer en meer komplekse werke, wat samestelling betref, vorder.

6.5.10 STRUKTUUR:

Hoewel paragrawe en hoofstukke oor die algemeen goed bymekaar aansluit, gebeur dit in enkele werke dat skrywers hulle pogings in hierdie verband nie goed afrond nie. Vgl. byvoorbeeld Peleapele deur J.K. Thakhisi ten opsigte van paragrawe: p.24 die voorafgaande dialoog en die paragraaf wat met "Ofisiri" aanvang, p.29 die eerste en tweede paragrawe en p.35 die paragraaf wat met "Ho na le motho" aanvang en die voorafgaande een. Ten opsigte van hoofstukke vgl. hoofstuk XIX en XX, XX en XXI, XXIV en XXV in dieselfde werk.

6.6 OPMERKING:

Uit bogenoemde is dit af te lei dat die Suid-Sotho-skrywer dikwels nie die ervaring het om sy tema met smaak, trefkrag en na wense in sy intrige in te klee nie. Oor die algemeen vertoon intriges veel tekortkominge ten opsigte van die bepaalde fasette wat daarvan 'n geheel maak, te hê. Hierbenewens blyk dit dat skrywers by die keuse van episodes nie altyd sorg dra dat dit spanningsvol sal wees, nie die spanningslyn sal verbreek nie en altyd met die volwasse tema wat uitgebeeld word, sal verband hou en ewe-eens vir die volwassene aangebied sal word. Karaktertekening, dialoog en motiverings, asook die funksie van bepaalde episodes of gebeure, dui ook ondubbelsinnig daarop dat skrywers hulle stof nie goed afwerk of deurdink nie. Tog be-

teken dit nie dat alle werke deurgaans van minderwaardige gehalte is nie. Trouens, genoeg werke waarin die intriges tot 'n groot mate suksesvol blyk te wees, word aangetref, soos byvoorbeeld Moitshepi le Moeletsi deur R.L. Motsatse of Pere Ntsho Blackmore deur E.A.S. Lesoro onder andere.

---oOo---

HOOFSTUK VII : GEVOLGTREKKINGS, SAMEVATTING EN OORSIG:7.1 Tydvakke:

Word die novelle in Suid-Sotho as 'n geheel benader, blyk dit dat dit in vier ontwikkelingstadia of tydvakke, ooreenkomstig die literêr-historiese aard daarvan, ingedeel kan word. Hierdie afbakenings wat gemaak is, is die volgende:

7.1.1 Die Aanvangsperiode:

Hierdie tydvak strek vanaf die publikasie van die eerste novelle in 1907 tot en met 1926 waarna daar vir meer as 'n dekade geen novelles verskyn het nie. Slegs vier werke, almal van goeie gehalte, word hiertydens gepubliseer en dit blyk dat T. Mofolo se Chaka die belangrikste enkele uitstaande werk is wat deur geen ander werk in enige ander periode, oortref is nie. Hoofsaaklik word daar in hierdie tydperk aan die uitbeelding van die christelike godsdiens deur drie uit die vier publikasies wat in die Aanvangsperiode verskyn het, aandag gegee.

7.1.2 Die Veertigerjare:

Vanaf 1942 tot 1949 word heelwat meer nuwe temas in die Suid-Sotho-novelle aangetref en ondervind hierdie genre 'n nuwe opbloei in die hoeveelheid van werke wat gepubliseer word en in die Vyftigerjare 'n hoogtepunt bereik. Tydens die Veertigerjare publiseer skrywers egter steeds periodiek en kan alleenlik J.J. Machobane met sy novelles Mphatlalatsane en Mahaheng a Matsho en D. Matseletsele met sy werk Ditaba tsa Tawana as verdienstelike skrywers uitgesonder word. Tog is die gehalte van ook hulle werke steeds nie op dieselfde peil as T. Mofolo en E. Segoete se werke in die Aanvangsperiode nie. Vir die eerste keer word in hierdie periode aandag gegee aan die Bantoe se verhuising na

die stad en die uitbeelding van tradisies in S. Matlosa se werk Molahlehi en bogenoemde werke van Machobane onderskeidelik. Hierdie temas word egter nie in die beste werke in hierdie tydvak aangetref nie. Ook die christelike godsdiens geniet weer die aandag in die werk van D. Matseletsele en sy novelle, asook J.J. Machobane se novelles met 'n historiese agtergrond, blyk die mees bevredigende werke in die Veertigerjare te wees.

7.1.3. Die Vyftigerjare en Begin Sestigerjare:

Hierdie periode strek vanaf 1950 tot 1965 en word hoofsaaklik gekenmerk deur 'n stroom van publikasies wat na 1965 weer begin afneem het. Aansienlik meer en nuwe temas geniet in hierdie periode die aandag, soos byvoorbeeld die uitbeelding van rituele- en ander moorde, kinders se reaksie op hul ouers se opvoeding, die nut en waarde van skolastiese opleiding, vergelding, hoogmoed en 'n soeke na geluk. Die christelike godsdiens kom weer ter sprake maar die gehalte van die werke waarin dit voorkom, oortref nie D. Matseletsele, T. Mofolo en E. Segoete se werke in die voorafgaande periodes nie. Historiese karakters geniet in sewe werke die aandag en blyk ook die mees verteenwoordigende en suksesvolle publikasies in hierdie periode met die uitsondering van S.N. Majara se Morena oa Thaba en F.R. Letlala se Makoa en in 'n mindere mate J.J. Machobane se Senate, Shoeshoe 'A Moshoeshoe, te wees. Tog blyk ook hierdie werke nie T. Mofolo se Chaka, wat in die Aanvangsperiode gepubliseer is, te oortref nie.

Oor die algemeen is die meeste werke wat in hierdie periode verskyn het van swak gehalte en kan benewens S.M. Guma, (Tshehlana tseo tsa Basia en Mohlomi, Mora Monyane), T.T. Mofolo

(Phakoana Tsooana) en S.N.Majara (Moroetsan'a Moshate) wat bo t.o.v. die uitbeelding van historiese karakters genoem is, ook melding gemaak word van B.M. Khaketla (Mosali a Nkhola) met sy bespreking van 'n rituele moord en die uitbeelding van die verhouding tussen 'n jongman en jongmeisie en hulle probleme met Bantoetradisie in hierdie verband. E.A.S. Lesoro (Leshala le Tswala Molora) se uitbeelding van kinders se reaksie op hul ouers se opvoeding is ewe-eens van goeie gehalte, terwyl A.T. Maboe se werk (Menyepetsi ya Maswabi) verteenwoordigend is van die uitbeelding van die nut en waarde van skolastiese opleiding. S.N. Majara se simboliese tema in Moroetsan'a Moshate blyk ook van baie goeie gehalte te wees, terwyl R.L. Motsatse se uitbeelding van hoogmoed d.m.v. 'n pakkende en baie suksesvolle intrige in Moitshepi le Moeletsi ook uitstaan as een van die beste werke wat in hierdie periode die lig gesien het. Majara se 'Makotulo is ewe-eens ook suksesvol in die uitbeelding van 'n vrou wat haar huisgesin verlaat se spyt oor hierdie stap. Laastens is S. Matlosa se Mopheme 'n redelik suksesvolle werk en 'n goeie eerste poging om spanningslektuur daar te stel, terwyl K.E. Ntsane se Nna Sajene Kokobela, C.I.D. verdienste het vanweë die tema wat uit sy speurverhaal spruit.

7.1.4 Die Laat Sestigerjare:

Vanaf 1965 tot die huidige het slegs ses skrywers hulle op die skryf van nouvelles toegelê en blyk daar weer 'n afname in die publikasie van nouvelles in te tree. Ten spyte hiervan egter word meer nuwe temas in die Suid-Sotho-novelle ingelei soos byvoorbeeld die uitbeelding van kontak tussen blank en Bantoe en die Suid-Afrikaanse rasseleëid, die kontras tussen die hedendaagse en tradisionele samelewingspatrone en die uitbeelding van die ondergrawing en jaloesie in die Bantoesamelewing. Die uitbeelding van die aanvaarding van die christelike

godsdien geniet in een werk weer eens die aandag maar met minder vaardigheid as in werke in die Aanvangsperiode en die Veertigerjare. Netso dien die Bantoe se verhuising na die stad ook weer as tema van twee werke en blyk dit vir die eerste keer dat hierdie tema suksesvol in 'n novelle uitgebeeld word. In hierdie werke word aangetoon dat die Bantoe wel ook 'n suksesvolle aanpassing in die stad kan maak en word hierdie verhuising na die stad uitgebeeld in twee eras wat radikaal van mekaar verskil; naamlik tydens die begin van hierdie eeu en in die huidige geïndustrialiseerde verstedelikingspatroon wat in S.A. aan te tref is. Ten spyte hiervan word dieselfde gedagte van invloed in die stad en aanpassing daarby, heeltemal suksesvol uitgebeeld.

E.A.S. Lesoro met sy novelle (Pere Ntsho Blackmore) waarin hy 'n simboliese tema hanteer, C.L.J. Mophethe met sy simpatieke en realistiese weergawe van blank en nie-blank se kontak in S.A. en verhuising na die stad (Mofufutso wa Phatla) asook J.J. Moilola met sy gevoelvolle, netjiese en kleurryke styl waarin hy die kontras tussen die hedendaagse en tradisionele samelewingspatrone skets (Mehla e a Fetoha), resorteer onder die beste werke in hierdie periode. Hoewel geen een van hierdie skrywers dieselfde hoogtes as T. Mofolo in die Aanvangsperiode behaal nie, is hulle werke egter ook van noemenswaardige gehalte.

7.2. DIE AARD VAN DIE SUID-SOTHO-NOVELLE:

7.2.1 Die Tema:

Die Suid-Sotho-skrywer beperk sy tema tot die uitbeelding van hoofsaaklik die uitwerking van, of botsings tussen, tradisionele en Christelike of westerse beskawingsbeginsels en teken hoofsaaklik daarmee die voorkoms van rituele moorde en gebruike m.b.t. die reëling van huwelike. Die invloed wat die stad en 'n strewe na ekonomiese selfstandigheid in die oorname van die westerse beskawing op die Bantoe

het en die rol wat skolastiese opleiding hierin vervul, geniet dieselfde klem. Die aanvaarding van die christelike godsdiens en verwerping van tradisies wat in stryd daarmee is en 'n leefwyse in die stad sonder enige christelike beginsels word netso sterk afgekeur. Trouens, in meeste werke word 'n losbandige leefwyse in die stad geteken waardeur daar dan gewys word op dié bepaalde voordele wat die Bantoe in sy tradisionele omgewing geniet wat nie opgeweeg kan word teen die finansiële voorspoed wat die stadslewe in vergelyking daarmee, oplewer nie. Trouens, reeds E. Segoete het in die Aanvangsperiode daarop gewys dat die tradisionele stamverband dié tuiste is waar die Bantoe meer tuis voel, die veiligste is en die maklikste sy christelike beginsels kan uitleef.

Inherente geestesswakhede en verhoudinge tussen blank en nie-blank begin later ook al hoe meer aandag geniet, maar nie in 'n baie diepgaande mate nie. Die werklike implikasies van Afsonderlike Ontwikkeling op die Bantoe byvoorbeeld, die Bantoe as volk se eie karakteristieke kenmerke en gedragspatrone, afgesien van die strewe tot die verkryging van skolastiese opleiding, die aanvaarding van die christelike godsdiens en die aanname van die westerse beskawing bly onontgin. Hoewel sosiale en maatskaplike implikasies van bepaalde probleme in die Bantoesamelewing aandag geniet, word veel minder aandag aan die sielkundige uitwerking wat dit op die individu kan hê, geskenk. As sulks is die oorgrote meerderheid van nouvelles didakties van aard en word min spanningslektuur gepubliseer. Reeds van vroeg af geniet die uitbeelding van hoofsaaklik die Suid-Sotho se geskiedenis ook aandag en hierdie neiging bly voortduur tot in 1964.

7.2.2 Die Episodes en Karakters waarmee die Tema uitgebeeld word:

Skrywers teken hulle verhale deurgaans teen die agtergrond van die bekende Suid-Afrikaanse omgewing waarin die toordokter, kaptein, bo-

natuurlike, skool, wangedrag en wetteloosheid, kinderspel- en aktiwiteite asook die huwelik en -sluitings die mees prominente plek vervul. Ook hier is baie sfere in die samelewing nie ingespan nie en word die Bantoe as professionele mens of geskoolde arbeider selde uitgebeeld, sodat die skrywer ook nie hiermee meer besonderhede van bepaalde beroepe gee wat die leser mag interesseer nie. Verhale wat in 'n myn of hospitaal afspeel, kom byvoorbeeld nie voor nie en dit is opmerklik dat veral die onderwysprofessie of episodes op skool, dikwels die aandag geniet. Die rede daarvoor is miskien die feit dat baie werke gepubliseer word met die oog daarop dat dit as voorgeskrewe werke in skole gebruik sal word en dat 'n groot gedeelte van die Suid-Sotho-skrywers in die onderwys staan.

7.2.3 Die Gehalte van die Intrige:

Meesal is intriges vol leemtes en is skrywers se grootste swakhede in 'n mindere of meerder mate hierin geleë. Dikwels beeld intriges nie altyd die temas wat skrywers in hulle voorwoorde vermeld, goed of geheel en al uit nie. Meeste skrywers vertoon nie besondere vaardigheid m.b.t. die aandag en klem wat die onderskeie elemente, wat die intrige uitmaak, geniet nie. Dikwels is, óf die inleiding, óf denouement oorbeklemtoon of langdraderig en lei onnodighede daartoe dat spanning afgebreek word en 'n deurlopende lyn nie gehandhaaf word nie. Probleme of konflik intensifiseer ook nie altyd geleidelik tot die opbouing van 'n klimaks nie en bestaan dikwels uit 'n gevarieerde herhaling van gebeure sonder dat krisismomente daaruit spruit. Baie dikwels vertoon karakters ook in geen realistiese konflik te verkeer nie en is die tipologiese of 'plat' karakter wat skrywers uitbeeld baie dikwels

grootliks passief. Hieruit blyk dit dan ook dat karaktertekening in baie werke onsuksesvol is en die Suid-Sotho-skrywer net nie daarin slaag om 'n karakter se persoonlikheid te deurgrond en realisties en duidelik aan die leser oor te dra nie.

Hierbenewens is skrywers geneig om té groot grepe uit karakters se lewens uit te beeld en dit het tot gevolg dat die sentrale gedagte te min aandag geniet. Versnippering ontstaan ook as gevolg hiervan en dit werk ook verveling in die hand.

Oor die algemeen trag skrywers om hulle werke in 'n sierstyl aan te bied maar dikwels gebeur dit dat stylverfraaiing geforseerd voorkom en sodoende ook afbreuk aan die gehalte van die werk doen. Skrywers is ook geneig om eie menings in hulle werke te lug of die leser direk aan te spreek t.o.v. die mededeling van feite of om hom aan bepaalde gebeure of die effek daarvan te herinner. Hierdie neiging, wat deel van vertellings uitmaak, is egter kenmerkend van die beginstadia in die ontwikkeling van die novelle ook in ander tale en is vermoedelik 'n oorgangsfase.

'n Unieke verskynsel in die Suid-Sotho-novelle is die gereelde aanwending van gedigte en liedere in skrywers se werke en hierdie element is dikwels 'n bate waardeur addisionele gegewens of 'n opsomming van gegewens verskaf word. Soms is hierdie gebruik egter oordryf deur van te veel of te lang gedigte en liedere gebruik te maak, waardeur die aandag van die verhaal afgetrek word en 'n spanningslyn onderbreek word.

7.2.4 Opmerking:

Alles in ag genome, word genoeg verdienstelike werke in die Suid-Sotho-novelle aangetref sodat die geheel, hoewel dit nie as uitstaande

bestempel kan word nie, ook nie noodwendig geen lof verdien nie. Baie tekortkominge in die Suid-Sotho-novelle kan toegeskryf word aan 'n gebrek aan ervaring by skrywers. Geen skrywer bedryf hierdie kunsvorm as beroep of bykomende bestaanswyse soos wat dit onder skrywers in ander volkere die geval is nie. Die gevolg is dat skrywers soms slegs een en hoogstens sewe, in 'n uitsonderlike geval, novelles publiseer. Hierbenewens beweeg baie skrywers op die terrein van meer as een genre in die Suid-Sotho-letterkunde sodat daar deur baie steeds gepoog word om vas te stel watter genre hulle die meeste bevredig, of die meeste sukses aan hulle besorg. As gevolg hiervan het min skrywers rigting gevind en bepaal hulle, hulle nie uitsluitlik by die novelle nie. Hierbenewens word die grootste mark vir Suid-Sotho-novelles op skool aangetref sodat daar selde vir die volwasse leser geskryf word en dus uit die aard van die saak gepoog word om werke van hoogstaande gehalte te lewer. Dit beteken nie dat die ondersoeker bedoel dat werke vir die jeug geskryf noodwendig van swakker gehalte moet wees as werke vir die volwasse leser bedoel nie. Alleenlik maar dat in die volwasse lektuur baie hoër vereistes t.o.v. die uitbeelding van komplekse gedagtes gestel word.

Hierbenewens blyk dit ook duidelik uit hierdie studie dat die Suid-Sotho-skrywer meesal nie op hoogte is van die basiese beginsels, grondslae, vorm of inhoud van die novelle in die algemeen nie. Bepaalde elemente van die roman soos byvoorbeeld die dekking van 'n karakter se hele lewensgeskiedenis, word dikwels in kort werke aangetref terwyl karaktertekening - uitbouing en verandering - dikwels in werke wat as romans beskou sou kon word, nie genoegsame aandag geniet nie; vgl. bv. B.M. Khaketla se werke Mosali a Nkhola en Meokho ea Thabo asook Molahlehi deur S. Matlosa onder andere. Die afleiding kan dan gemaak word dat die Suid-Sotho-skrywer oor die algemeen onbewus is van die onderskeid tussen die roman en die novelle onderskeidelik en derhalwe in sy

werk meesal 'n tipe novelle daarstel wat letterkundig beoordeel, nóg novelle nóg roman genoem kan word. Genoemde probleme in die genre onder bespreking kan verwag word as in aanmerking geneem word dat die Suid-Sotho-novelle steeds in die beginstadium van ontwikkeling verkeer. Dat hierdie probleme egter ook mettertyd oorbrug sal word, is 'n besliste moontlikheid as gedink word aan wat skrywers uit ander volkere in die letterkunde bereik het, terwyl die student dit ook nie uit die oog moet verloor dat in die bestek van enkele dekades, die Suid-Sotho-skrywer wel deeglik ook verdienstelike werke gelewer het nie.

Sedert 1907, toe die eerste Suid-Sotho-skrywer 'n novelle gepubliseer het, het daar 'n hele paar skrywers na vore getree met werke waarin 'n goeie begrip van die Bantoesamelewing vertoon word en die milieu waarin hy hom bevind, ten spyte van soms min of gebrekkige ervaring in die skryfkuns, baie realisties en dikwels verrassend suksesvol geteken word. B.M. Khaketla se werk Mosali a Nkhola, E.A.S. Lesoro met Pere Ntsho Blackmore, S.N. Majara met Moroetsan'a Moshate en R.L. Motsatse se Moitshepi le Moeletsi is voorbeelde van uitstaande werke en verteenwoordigend van ander werke met dieselfde strekking wat binne die bepaalde tydvak, waarin die temas behandel word, goed met die werklikheid verband het deurdat die betrokke milieu korrek en aanskoulik uitgebeeld word. T. Mofolo se werke, wat in die Aanvangsperiode verskyn het, het egter die meeste aandag en belangstelling geniet, soveel so dat sy Chaka in Duits¹, Engels² en Frans³ vertaal is, terwyl Moeti wa Botjhabela ook in Engels⁴ en Pitseng

-
1. Vgl. Gerard, A.S., *Four African Literatures*, p. 396.
 2. Vgl. Gerard, A.S., a.w., pp. 397-398.
 3. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 398.
 4. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 396.

in Duits¹ verskyn het. As sulks is dit duidelik dat die Suid-Sotho-skrywer se pogings dikwels verdienstelik genoeg is om vertaal te word en tot die wêreld-letterkunde by te dra.² Gesien in hierdie lig is dit duidelik dat die Suid-Sotho-novelle ook sy hoogtepunte in bepaalde skrywers en werke het.

-
1. Vgl. Gerard, A.S., *Four African Literatures*, p. 397.
 2. Vgl. Gerard, A.S., a.w., p. 5.

B I B L I O G R A F I E

1. Beuchat, P.D., Do the Bantu have a Literature?, Johannesburg, 1963.
2. Botha, E., en Grové, A.P., Handleiding by die Studie van die Letterkunde, Nasou, Kaapstad, 1961.
3. Brooks, C., and Warren, R.P., Understanding Fiction, Appleton-Century-Crofts, V.S.A., 2de Druk, 1959.
4. Drinkwater, J., The Outline of Literature, Londen, 1962.
5. Franz, G.H., "The Literature of Lesotho", Bantu Studies, IV, 1930.
6. Gerard, A.S., Four African Literatures, University of California Press, V.S.A., 1971.
7. Funk and Wagnalls, Standard Dictionary of the English Language, Funk & Wagnalls, New York, Vol. II, 1964.
8. Grové, A.P., Letterkundige Sakwoordeboek vir Afrikaans, Nasou, Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, Port Elizabeth, Pietermaritzburg, 1963.
9. Groenewald, P.S., "'n Voorstudie tot O.K. Matsépe se Mekokgo ya Bjoko (1969): die vervreemding van die vertellerkarakter", Limi, 1.2, 1973.
10. Harvey, C.J.D., Language, Literature and Criticism, University of South Africa, Pretoria, 1961.
11. Jahn, J., Approaches to African Literature, Ibadan, 1959.
12. Lenake, J.M., "The More Common Themes and their Development in Modern Southern Sotho Literature", Limi, 4, 1967.
13. Lenake, J.M., "A brief survey of Modern Literature in the South African Bantu Languages", Limi, 6, 1968.
14. Lenake, J.M., "Boekbespreking", Limi, 14, 1972.
15. Letele, G.L., "Some recent Literary Publications in Languages of the Sotho Group", African Studies, III, 1944.
16. Luitingh, M., en Nienaber, C.J., Woordkuns. Inleiding tot die Letterkunde, Van Schaik, Pretoria, 2de Uitgawe, 1962.
17. Moena, S., "Book Review", African Studies, XXIX, 1970.
18. Mofokeng, S.M., "Book Review", African Studies, XII, 1953.

19. Mofokeng, S.M., "Book Review", African Studies, XIV, 1955,
20. Mofokeng, S.M., "Book Review", African Studies, XV, 1956.
21. Mohapi, M.M., "Qapollo ya Dibuka", Die Bantoe-
onderwysblad, Oktober 1960.
22. Mohapi, M.M., "Qapollo ya Dibuka", Die Bantoe-
onderwysblad, Februarie 1963.
23. Mohapi, M.M., "Qapollo ya Dibuka", Die Bantoe-
onderwysblad, 1965.
24. Mokgokong, P.C., "The Adaptation of Christianity to
traditional Bantu religion as re-
vealed in Sotho literature", Limi,
2, 1966.
25. Muir, E., Structure of the Novel, Londen, 1963.
26. Putsoa, A.K., "Qapollo ya Dibuka", Die Bantoe-
onderwysblad, Oktober 1960.
27. Scott, P.W., Five Approaches of Literary Criticism,
Oxford, 1965.
28. Van Heerden, E., Die Ander Werklikheid - Letterkundige
Beskouings, Nasionale Boekhandel,
Bloemfontein, Johannesburg, Kaapstad
1969.
29. Ziervogel, D., "Linguistic and Literary Achieve-
ment in the Bantu Languages",
Communications of the University
of South Africa, A4, 1956.
30. Van Rouendal, F.J., Nuwe Afrikaanse Stylleer met Styl-
oefeninge, Juta, Kaapstad, Johannes-
burg. (Geen publikasie datum).

---oOo---

